

1907-2007

Psalm 16:6

*Die meetsnoere het vir
my in lieflike plekke geval,
ja, my erfenis is vir my mooi.*





MEISIESKOOLO RANJE

Meetsnoere

ISBN: 978-0-620-46600-4 MEETSNOERE


© 2010

Uitleg: Melissa Lingenfelder - Xposure Strategic Communication, Bloemfontein

Inleiding		2
1907 - 1910	Mej. E. S. le Roux	16
1910 - 1912	Mej. P. J. Hauptfleisch	20
1913 - 1916	Mej. C. Walter	60
1916 - 1919	Adv. G. E. Steyn	80
1919 - 1924	Mej. E. Maartens	90
1924 - 1927	Mej. L. H. de Bruyn	120
1929 - 1930	Mej. E. Ferreira	130
1931 - 1940	Mev. R. M. Steyn	150
1941 - 1961	Mej. C. M. Jooste	190
1962 - 1982	Mej. M. L. Spies	201
1983 - 1983	Mej. E. Steyn	184
1984 - 1992	Mej. I. M. Pellissier	220
1993 -	Mej. M. Matthee	260
Oranje word 'n Eeu		360
Redaksie		370
Bronne		380

Die ontstaan van Oranje is gekenmerk deur president M.T. Steyn se onwrikbare geloof in die vrou en sy ywer om die Afrikanervolk op te hef. M.T. Steyn, die geliefde, die onkreukbare en standvastige laaste president van die Oranje-Vrystaat, was die derde seun van Marthinus Steyn en Cecilia Wessels. Hy was nie baie lief vir skoolgaan nie, maar matrikuleer tog aan Grey-Kollege. Hy wil boer – sy hart is in die Vrystaatse grond, want sy geboortedorp is Winburg. Regter Buchanan slaag daarin om M.T. Steyn oor te haal om op twintigjarige ouderdom na Nederland en Engeland te vertrek om hom in die regte te bekwaam. By sy terugkeer word hy as advokaat tot die balie toegelaat. In 1896 word hy met ’n oorweldigende meerderheid verkies tot die president van die Oranje-Vrystaat!

Na die mislukte Jameson-inval in 1896 was dit duidelik dat oorlog tussen die ZAR en Brittanje onvermydelik is. Tot op die laaste nippertjie het die president probeer om die vrede tussen die ZAR en Brittanje te bewaar. Toe dit duidelik blyk dat die oorlog onafwendbaar was, het hy nie geaarsel om die burgers van die Vrystaat op te roep nie. Hy trek vir drie jaar saam met die burgers oor die vlaktes van die Vrystaat. Self moes hy te perd voor die vyand vlug. Danksy die getroue lyfwag, Ruiter, en Cornelis du Preez het hy meermale gevangenskap vrygespring. Die spanning en uitputting van die oorlog knak sy gesondheid sodanig dat hy nie deel is van die vredesluiting nie.



President Marthinus Theunis Steyn
2 Oktober 1857 – 28 November 1916
Rachel Isabella (Tibbie) Fraser
5 Maart 1865 – 3 Januarie 1955

WAAROM ORANJE?

Na die Vrede van Vereeniging in 1902 is die “Vrijstaat” ’n troostelose vlakte. Plaashuise is afgebrande murasies. Selfs die kerk in Lindley is nie gespaar nie. Daar is geen oeste of plaasdiere nie. Die £3 miljoen wat Engeland as kompensasië by die Vrede van Vereeniging belowe het, is nie uitbetaal nie. Dit is ’n uitsiglose toekoms wat óf pa, óf ma, óf die kinders op die plase terugverwelkom. In enkele gevalle kon ’n gesin saam teruggaan, want in die konsentrasiekampe alleen het meer as 26 300 vroue en kinders gesterf.

Die saamstaan met die ander Boererepubliek, die opstand teen onregmatige toe-eiening en die “strijd voor het bestaansrecht van het Afrikaner volk” (Van Schoor: 15) het dié dapper gesinne duur te staan gekom. Die Afrikaner se brandende ywer vir die Oranjerivierkolonie is deur die knetterende vure van die vyand geblus.

Na die oorlog heers daar armoede. Die plase is huis- en huisgoedloos, daar is nie rygoed nie. Om die valse kroon oor hierdie armsalige omstandighede te bevestig, het die veroweraar deur sy verengelsingsbeleid met mag en mening ingeklim om die verslane gees verder te vertrap.

Pres. Steyn het die gevaar gesien: “De taal is het volk, en indien wij onze taal verwaarlozen dan moeten wij ook verwachten dat ons volksbestaan langzamerhand zal kwijnen, en uiteindelik ten gronde gaan. Onze taal is ’n erfstuk dat wij van onze vaderen gekregen hebben: laten wij die getrouw bewaren. Wij moeten zoveel talen leren als wij kunnen, maar onze moedertaal lief hebben boven alle.” (Van Schoor: 53)

Uit Londen kom die opdrag om die Afrikaner deur die onderwyswet te denasionaliseer. Dit was nie vreemd nie, want reeds in die konsentrasiekampe is die kampskole gebruik om die Afrikanerkinders van hulle moedertaal te vervreem. Slegs Engelse onderwysers wat uit Engeland en Skotland ingevoer is, is gebruik.

Lord Alfred Milner, die Engelse bevelvoerder in Suid-Afrika, sou alles in sy vermoë doen om die verengelsingsbeleid deur te voer. E.B. Sargent word aangestel as die waarnemende direkteur van onderwys – hy is ewe begeesterd om die onderwysordonnansie van 1903 uit te voer. Dié het slegs een doel voor oë gehad: die verengelsing van die Afrikanerkinders.

Die Hollandse skole moes volgens wet ’n besliste nuwe baadjie aantrek:
- Alles wat Hollands is, moes uit die stelsel verwyder word.
- Skooldommisies, met ouerseggenskap, word afgeskaf.
- Die Engelse regering neem alle skole en hulle eiendom oor.
- Bybelonderrig binne skoolure word verbied.
Hollandse, volkseie skole word nou Engelse staatskole!

Die ontevrede Boere-ouers stig oral in die Oranjerivierkolonie Christelik-nasionale skole. Met die afgebrande plase kon dié skole nie onderhou word nie. Daarom moes die Boere met die Afrikanerharte in 1905 dié skole amalgameer met die volksvreemde staatskole, of die kinders moes sonder skoolopleiding bly – só kortsigtig was die ouers nie...die kinders moes geleerdheid hê!

Dit is dié onwennigheid in die volk se hart waarmee pres. Steyn te doen kry as hy na sy siekte uit Europa terugkeer. Hy wou op Onze Rust kom boer. Hy het geen salaris ontvang nie; sy plaas was óók leeg – sonder vee – en die meubels deur die Engelse verniel wat die Presidensie en Onze Rust beset het. Sy dogters moes ook skoolgaan.

Die veroweraars het egter die moed en durf van die leiers van die Boerevolk onderskat. Dr. J.D. Kestell sê van sy vriend, pres. Steyn: “Hy was ’n soon van sy volk – ’n Afrikaner van die Afrikaners. En hy was ’n Afrikaner van die suiwerste allooi. ... Hy had kennis van die letterkunde en kuns van die vernaamste volke van Europa. Hy was op die hoogte van sy vak als regstgeleerde. Maar hy het nog werklik Afrikaans bly den en leef. ...Swaar het die lot van die vrou op sy hart geweeg. Dat van die moeders en dogters van sy volk sulke sware offers in die oorlog geëis werd, het hem met ontsetting, maar ook met eerbied vervul. ... Die verlede van die vrou kon hy uit sy gedagte nie uitwis nie. ...So het hy dan ook na die stryd verby was, geen rus gevind, vóórdat hulde aan die heldinne geslag gebring was.” (Toespraak: J.D. Kestell voor Z.A. Akademie 1909)

Baie jare later, om ’n heel ander rede, verwoord Uys Krige die President en die Boerevolk se gemoed in sy gedig *Plaashek*:

*“Ná al die jare maak ek weer
in plaashek oop.
Waar het my paaië tog nie geloop
om my hier by ’n hek te bring
van al my waan gestroop,
maar my denke helder,
en in my hart die hoop?”*

(Groot Verseboek: 177)



Onze Rust 1906

Die vlam van hoop op ’n verenigde Suid-Afrika en die ideaal om vir die Afrikanervolk ’n toekoms te skep, het bly brand! Pres. Steyn het letterlik die hek van hoop vir sy volksgenote kom oopmaak.

Hy is in hierdie taak bygestaan deur onder andere adv. A. Fischer en dr. J.D. Kestell. Kestell het op 26 Augustus 1905 die President se steun in die oprigting van ’n meisieskool gevra. Kestell het gevoel: “hebben wy de vrouwen aan onze kant dan is de zaak gewonnen.” (Die rol van dr. J.D. Kestell: 211)

Pres. Steyn glo die onderwys is die enigste hoop om die volk geestelik, kultureel en op ekonomiese gebied sterk te maak, daarom verklaar hy: “Opvoeding en onderwys sal my lewenstaak wees, want daarvan hang ons volksbestaan af”. (Oberholster, J.J. e.a.: 36) Hierin kom Steyn nou lynreg teenoor Milner te staan. Milner wou deur die onderwys die verowerdes verder knak, terwyl die President hierdeur die redding wou bewerkstellig.



Pres. Steyn en sy gesin.

Die stigters - manne met visie!

Pres. Steyn se ideaal moes verwesenlik word in die stigting van ’n normaal- (onderwysersopleiding) en meisieskool in Bloemfontein waar die Afrikaanse dogters ’n Christelik-nasionale opvoeding kon kry. Hier moes ook onderwyseresse met ’n Afrikaanse hart opgelei word.

“Terwyl Theunis die dryfkrag en stuurman in die stigting van die Meisieskool Oranje was, was mev. Steyn die hefboom en sekretaresse, want sonder haar getroue ondersteuning kon Theunis die taak nie aanpak of voltooi nie.” (Truter: 93)

Die akte van ooreenkoms om die skool te stig word op 29 Augustus 1906 deur die volgende manne onderteken:




Met die hulp van sy vrou, Rachel Isabella, ook genoem Tibbie, wat as sekretaresse opgetree het, het pres. Steyn £30 000 vir die stigting van die skool ingesamel.

In die akte word die volgende skenkers genoem:

- Die Russiese fonds
- Die Generale Boeren Hulpfonds
- Die Nederlandse Suid-Afrikaanse Verenigingfonds
 - Den Haag
 - Amsterdam
- Die Centrale Onderwys Commissie Fonds
- Die Nederduits Gereformeerde Kerk in die Oranjerivierkolonie - skenk £4 000 wat die ORK-regering uitbetaal het vir die kerk se regte op die Dames-instituut, (Eunice).
- Ander weldoeners het die bedrag van £14 500 geskenk.

Die voorwaardes vir die akte (ook dié van die skenkers) was dat die skool nie onder die beheer van die regering mag wees nie. Die skool moes so ver as moontlik voorkeur gee aan die weeskinders van die Anglo-Boereoorlog. Die kinders moet, waar moontlik, gratis skoolgaan of beurse ontvang.


Die onderrig moes Christelik-nasionaal wees. “Die Damesinstituut (Eunice) het in 1874 tot stand gekom, so ook die St Michael’s School vir dogters en Greenhill Convent. Hierdie meisieskole is Engels-georiënteerd en daar is geen sprake van ’n Christelik-nasionale inslag nie.” (Onthou: 8) Dr. Kestell het “hom openlik ten gunste van Afrikaans as medium uitgespreek”, (Jordaan: 268) Hy pleit by die volk vir die ondersteuning van die C.N.O.-skole, want die staat kom nie sy verpligtinge teenoor die kinders na nie. “Diegene wat dit erns was met sy godsdienst en geskiedenis, kon nie gekant wees teen die C.N.O.-beginsel nie.” (Jordaan: 270)



Op 14 Maart 1898 lê pres. M.T. Steyn, as President van die Vrystaat, die hoeksteen van die St. Andrew’s-skoolgebou.

Dit was pres. Steyn se wens dat die skool langamerhand moes oorgaan onder die beheer van die NG Kerk, wat dan ook gebeur het. Die kerk het sedert die Vrystaatse Sinode in 1893 voelers begin uitsteek oor ’n Christelike meisieskool. ’n Gebrek aan fondse het egter die weg daartoe belemmer. Die kerk sien kans om saam met pres. Steyn die skool te stig. Die kerk se toetrede is voorwaardelik: eiendomsreg lê by die kerk, die Sinode moet die meerderheid kuratore benoem en indien kommissies ophou om te bestaan, moet alle regte na die Sinode van die Oranje-Vrystaat oorgedra word.

Die stigterslede moes die skool op die been bring. Hulle vra hulp by die Kuratorium van die NG Kerk wat op sy beurt, met die insette van dr. Kestell, die pragtige stuk grond, vyf morge groot, aankoop. Die geskikte terrein is dié van die St. Andrew’s-skool. Dit is geleë in die Poort, noord van Bloemfontein. ’n Bloemfonteiner sou die kar en perde moes inspan om die terrein te bereik. Die skool was so ver uit die dorp geleë, dat die Kuratorium aansoek doen om ’n eie posbus wat sommer nog in 1907 in Aliwalstraat aangebring word.



Dr. J.D. Kestell



Maandag 18 Maart 1899: The Daily Express
Bouwerk aan St. Andrew's College van die Anglikaanse
Kerk vorder fluks.



Na 100 jaar het Oranje en St.
Andrew's nog goeie buurskap.

Aan die begin van die Anglo-Boereoorlog verlaat die leerlinge van St. Andrew's die skool om te gaan veg, hetsy vir die Boere of die Britte. Gedurende die oorlog word die gebou deur die Engelse magte as 'n hospitaal gebruik. Na die oorlog staan dit leeg, want St. Andrew's het weens die oorlog verdeeldheid beleef wat nie maklik opgelos kon word nie. Daarom verkoop die Anglikaanse kerk die gebou op aandrang van dr. Kestell.



Dié meisieskool moes 'n naam kry...

Pres. Steyn het dit self só uitgedruk: "Zij draagt de naam Oranje. Hoewel klein en arm zijn wij nochtans een dankbaar volkje. Daarom hebben wij deze school die naam van Oranje gegeven als een eerbiedige huldeblyk aan die jonge Vorstin van Oranje, die niet gearzeld heeft om in donkere dagen van ons volk haar sympathie met haar stamgenoten te tonen, en als blyk van onze dankbaarheid jegens het Nederlandse volk voor hetgeen ze toen en sedert dien voor ons heeft gedaan." (De Vriend)



Koningin Wilhelmina, die jonge vorstin van die Nederlande



'n Silwerterekan – Koninklike E.P.N.S.silwer – 'n skenking uit
Nederland saam met eetgerei en handgemaakte lakens en slope

Mev. pres. Steyn het deur die regte diplomatieke kanale aan haar Majesteit, koningin Wilhelmina, 'n versoek gerig om die Huis van Oranje se wapen vir die skool te gebruik - "In zake verzoekschrifte van die Oranje Meisjeschool te Bloemfontein, O.V.S. Zuid-Afrika, aan Hare Majesteit, die koningin der Nederlanden gericht, ten einde aan gemelde school vergunning te verlenen, het Oranje Wapen te voeren." (Onthou: 9)

Hierdie vergunning kon die jonge vorstin nie toestaan nie. Baie beleefd en vriendelik is die trant van haar brief, waarin sy daarop wys dat, indien sy een keer sou toestem, sy dit aan geen ander openbare liggaam kon weier nie.

Nou tree die president en sy gade na vore en toon hul daadwerklike belangstelling in die skool, deur die familiewapen van die Steyns, afkomstig uit Haarlem, Holland, vir skoolgebruik te oorhandig. Met die leuse "Vooruit" waarvan die drie eendjies die simboliese betekenis dra, het Oranje die afgelope eeu steeds voortbeweeg, getrou aan die hoë ideale wat hul geliefde stigter beoog het. (Onthou: 9)



Pres. Steyn sit die doelstellings van die skool so uiteen: "Hy wou dat dit 'n skool moet wees die noch Engels noch Hollands zal zijn, maar die in die zuiverste zin Afrikaans zal zijn... waar onze kinderen niet alleen zullen leren hun moedertaal te spreken en lief te hebben, maar waar de geschiedenis sal worden onderwezen zoals het is en niet zoals men het gaarne zou willen hebben. Een school waar onze kinderen niet afvallig zullen worden gemaakt van huis en volk, maar veeleer hun volk met zijn zeden en gewoonten zal leren liefhebben. Maar bovenal 'n school waarin de Bijbel een ereplaats zal innemen als de eeuwige gids des levens." (Kruger: 84)

Die Steynwapen uit Haarlem het ranne gehad, maar in Suid-Afrika word dit eende met voete en die leuse: Vooruit!

"Gee die vrou godsdien, eerbied en geloof in die goeie, die edele en die heilige, en sy staan so vas soos 'n rots. Sy sal, as die geleentheid hom voordoën, 'n heldin word."

Pres. Steyn se geloof in die vrou het deur die loop van die eeu kinders en vroue op elke vlak van die samelewing geïnspireer.

Op 2 Februarie 1913 skryf J.D. Kestell weer aan die president:
 “De Oranje school is mooi begonnen. Het is alsof mev. Walter goed slagen zal. Ik heb by de open van de school aan u gedacht, en aan de leerlinge geze dat zy u in hunne gebeden niet vergeten moeten.” (Brief: Vrystaatse argief)

Pres. Steyn was tot sy dood voorsitter van die Kuratorium. Hy het die skool met sy hele hart gedien. Toe pres. Steyn in 1916 oorlede is, het mev. Steyn nog sterker gevoel dat sy die skool met die ideale van haar man moet bly besiel

Terug in die Vrystaat het die Steyn-egpaar dadelik weer erkenning gekry vir hulle insig, meeleving en wyse raad. Pres. Steyn is as geestelike vader uitgesonder en mev. Steyn het die geëerde volksmoeder geword.



Mej. Emily Hobhouse was 'n gesamentlike vriendin van die presidentspaar. Haar ywer om die nood in die konsentrasiekampe te verlig het nie ligtelik by die volk verbygegaan nie. Daar was 'n weeklikse briewewisseling tussen mev. Steyn en mej. Hobhouse. So kon hulle hartsake teenoor mekaar uitstort. Mev. Steyn het selfs met die spin- en weefskole van mej. Hobhouse raad gegee.



Mej. Emily Hobhouse

'n Uitstalling van die spin- en weefskole in die Groenewaldsaal



Saam met die President het mev. Steyn die Oranje-Vrouevereniging in 1908 gestig en tot haar dood die erevoorsitter gebly. Saam het hulle hul beywer vir die oprigting van die Vrouemonument in 1913.

Die President kon weens swak gesondheid nie die Rebelle van 1914 meemaak nie. Na sy afsterwe in 1916 sê mev. Steyn: "My droefheid is te groot dat trane daaraan uiting kan gee. Ek sal my altyd geseënd onder vroue beskou dat ek die voorreg had die vrou van die President te wees." (Onthou: 15)

As weduwee het mev. Steyn haar nie op Onze Rust teruggetrek nie. Sy het deel van die volkslewe gebly. Ná die Eerste Wêreldoorlog, toe mej. Hobhouse uit Leipzig aan haar skrywe hoe groot die ellende is, het mev. Steyn besluit dat Suid-Afrika sy ereskul moet betaal aan die volke wat die Boerevolk in nood bygestaan het. Sy het £15 000 ingesamel vir mej. Hobhouse se barmhartigheidswerk

in Europa. Later het sy weer 'n fondsinsameling geloods – hierdie keer om vir mej. Emily Hobhouse 'n aftreehuis in St Ives in die suide van Engeland, te koop uit dankbaarheid vir wat sy vir die vroue en kinders in die konsentrasiekampe gedoen het.

Nog 'n groot eer val mev. Steyn in 1948 te beurt – dit op 83-jarige ouderdom! Sy moet Suid-Afrika by oudkoningin Wilhelmina se Jubileumfees gaan verteenwoordig. Sy aanvaar die uitdaging en ervaar haar eerste vliegtuigrit na Amsterdam.

By haar terugkeer word sy in die Bloemfonteinse Stadsaal ontvang waar dr. J.D. du Toit (Totius) namens die volk aan haar hulde bring: "Ons voel die verlede aan as 'n hede, omdat u, die lewende verbindingskakel, nou in ons midde is... Ons as 'n Afrikaanse volk sê u dank dat ons by wyse van voorbeeld laat sien wat 'n Afrikanerhart is en voel... Ons wil, mevrou, ook die dank van die volk aan u oorbring vir alles wat u saam met die President en, na sy oorlyde, alleen vir die Vrystaat en die Afrikanervolk gedoen het... Stil maar geseënd was die werk van die geloof, die arbeid van die liefde en die lydsaamheid van die hoop ... Ons sal u lewe en u arbeid wat so ryk en geseënd was in die Here, in lewende gedagtenis bewaar..." (Onthou: 15)

Mev. Steyn antwoord hierop:

"Ek kan maar net sê dat die genade van God vir my baie oorvloedig was. My loopbaan mag nie meer lank duur nie, maar so lank as ek leef, sal dit gedurig my bede wees dat Gods rykste seëninge op ons dierbare volk mag rus en dat Suid-Afrika nog in die toekoms 'n land sal wees van groot voorspoed, geluk en vrede."

(Onthou: 15)

Sy sterf op 3 Januarie 1955 en word by haar eggenoot aan die voet van die Vrouemonument begrawe. In die Tweetoringkerk is pres. Steyn se kis in 1916 toegedek onder die vierkleur. Op dieselfde plek het haar kis gestaan met 'n enkele krans daarop en aan die krans 'n oranje strik." (Oranje: 15)

Sedert 1955, na mev. R.I. Steyn se dood, lê Oranje twee krans as die skool verjaar. (Jaarblad 2003: 1)

Een vir die President en een vir sy vrou wat Oranje tot aan die einde van haar lewe gedien het. "Haar lewe was haar boodskap"!



Rensia Odendaal, Onderhoofmeisie - Bloemfontein
Frieda Bender, Hoofmeisie - Clocolan



1907-1910



In 1906 begin die soektog na ’n “directrice” – dit is ’n prinsipale. Nodeloos om te sê dat dit ’n lang proses van briewewisseling geverg het... eers aan mej. De Vos, daarna aan mej. Cillie van La Rochelle in die Paarl en toe aan mej. E.S. le Roux van die “Goewerment Skool” te Winburg. Sy kom eintlik ook van Stellenbosch af waar sy bevriend was met Eugène Marais en die bekende skryfster, M.E.R. Saam met die kuratore moes sy voorbereidings tref vir die nuwe skool en die eerste prospektus in Engels en Nederlands uitgee. (1957:12)

Mej. Le Roux vertel van haar eerste aand in Le Rouxhuis

voordat die eerste leerlinge aangekom het: “Ten spyte van die eensaamheid en die feit dat daar nog nie slotte aan al die deure was nie, meen ek nie dat ons bang was nie. Daarby het ek ’n rewolwer by my gehad vir geval van nood. Dit het die groot verwondering van juf. Korteweg gewek en dit was byna vir haar noodlottig toe ek haar gewys het hoe dit werk. Ek was onbewus van die feit dat daar nog een koeël in die loop was wat, toe ek die sneller vir die laaste keer trek, afgegaan het, kort by mej. Korteweg se neus verby, deur ’n ruit! Ons het stil en bedruk bed toe gegaan.” Die ander personeellede sou tydens die opening die volgende dag by die skool aansluit. (1957:32-33)

Mej. Elizabeth S. le Roux 1907-1910 Augustus

*The demand upon us is not
that we succeed, but only
that we try; and that I try
manfully every day and all
day long – is inevitable to
attain supreme success.*

Die meeste leerlinge is afkomstig van Eunice, Brebner en die “Government Schools” van die platteland. Enkele leerlinge is deur ’n goewernante onderrig. Die dogters dra bloeses met lang moue en ’n hoë hals, oral versier met kant. Die rompe was ’n ‘behoorlike’ lengte!

Gladys Steyn, die dogter van pres. Steyn, onthou die eerste aand in die koshuiskamer onder die heerlike lakens wat spesiaal deur koningin Wilhelmina aan die skool geskenk is. Van die eetkamer onthou sy die Hollandse silwer waarmee hulle geëet het en dat die eetsaal so klein was dat hulle nie tydens huisgodsdienste voor hulle stoele kon kniel nie.

Op 11 April 1907 het die eerste 35 leerlinge aangekom (wat gedurende die jaar tot 45 gegroei het) en die personeel was gereed om “beide talen – Hollandsch, zynde beschaafd Afrikaansch en Engelsch - als medium van onderwys te gebruiken in de volgende vakken: Godsdienst, Bijbelse Geschiedenis en Kaapsche Geschiedenis.

Na die Septembervakansie in 1907 breek maagkoors uit. Mej. Murray en een van die dogters word na die St. Michael’s Cottage Hospitaal geneem. Mej. Murray beswyk hier aan die siekte. Mej. Le Roux was erg ontsteld oor die higiëne van die skool. Het daar dalk kieme van die oorlog agtergebly? Gelukkig het dit geblyk dat die siekte sy oorsprong op Brandfort gehad het. Uit dié hartseer groei die tradisie... of is dit bygeloof dat mej. Murray, of dan nou die bekende “Felicity”, steeds in Le Rouxhuis rondswerv. Sy sien glo om na hartseer kinders, maar sien ook toe dat lui personeellede aan die pen ry!!



Eerste onderwyseresse, 1907

L. n. r.: Meij. F. Murray, E.S. le Roux (Prinsipale), Korteweg, Meij. M. van der Merwe, J. van Selm, H. van Niekerk, Pienaar

Eerste skoolregister									
No.	Dag	Maand	Naam	Geb.	Dag	Maand	Dag	Maand	Naam
1	Apr 4	"	Grobelaar, Lehtia Elizabeth		Apr 12	21			Mr Grobelaar
2		"	Boshoff, Anna		Apr 4	19			Boshoff, R.
3		"	Kolbe, Anneline		Apr 10	26			Kolbe, J.H.
4		"	Steyn, Magdalena Maria		Apr 11	20			Steyn, J.P.
5		"	Koender, Lena Maria		Apr 13	23			Koender, P.
6		"	Boshoff, Janina Maria		Apr 14	27			Boshoff, J.
7		"	Koender, Maria		Apr 15	29			Koender, C.
8		"	Koender, Isabella		Apr 16	17			Koender, C.
9		"	Koender, Wilhelmina Maria		Apr 17	10			Koender, W.
10		"	Koender, Maria Theresia		Apr 18	27			Koender, M.



Cecilia Wessels

“In Standarden 1, 2 en 3 zal als medium gebruik word die taal waarin het kind zich ‘t meest thuisvindt. Overigens zal Engelsch en Hollandsch op gelijken voet word gestelt.” (1957:13)

Onder hierdie leerlinge was drie van pres. Steyn se dogters: Gladys, in matriek en die eerste hoofmeisie, Emmie en Tibbie. Hulle het die skoolbanke gedeel met C.H. Wessels (nog ‘n stigterslid) se dogter – Cecilia Wessels. Cecilia was ook een van die eerste kosgangers. Op Oranje moes Cecilia dikwels voorsing om ander koorleerlinge touwys te maak.

So begin sy haar roemryke sangloopbaan op Oranje by die musiekonderwyseres, Nina Reinecke. Een van haar eerste optredes was dan ook by die onthulling van die Vrouemonument voor ‘n skare van sowat 20 000 mense - sekerlik in die skoolkoor, want haar stem was nog nie só ontwikkel nie! Na haar sangstudie in Londen, sou sy roem verwerf in die konsertsale van Europa. (Stem en vreugde)

Die oorspronklike gebou – St. Andrew’s College se skool en koshuis, gebou in 1889, - was te klein om die skool en die koshuis te huisves. Die argitek en boumeester, ‘n Skot, “de Heer William”, is genader om die veranderinge aan te bring. ‘n Linkervleuel is dadelik aangebou.

Die eenverdiepinggebou het ‘n tweede vloer gekry en daar is ‘n eetsaal aan die noordwestelike kant aangebou. Toe die kuratore weer eendag vergader om die verslag van vordering aan te hoor, was die tyding:

*“Onze contracteuren
zijn verdwenen.”*

President Steyn was die eerste voorsitter van die Kuratorium wat die skool gelei het. Sedert die eerste vergadering, 23 Junie 1906, oor die moontlike stigting van die skool, verskyn sy handtekening op al die notules. Sy passie vir die dogters en in die besonder vir hulle opleiding, is deur die ander kuratore gedeel en hulle erken sy leierskap. Op 11 Desember 1916 vergader die Kuratorium sonder die President – “Deze vergadering stelt hier te boek haar diepe smart over het heengaan van haar Voorzitter, die Hoogedeelde Heer M.T. Steyn die op 28 November 1916 plotseling overleed. Hy is steeds de ziel van deze inrichting geweest en aan zyn inspiratie is veel te danken, dat tot haar vooruitgang en bloei heeft bygedragen.” So verdwyn die kenmerkende handskrif van M.T. Steyn uit die notuleboek. (Onthou:23)



1911



1913





Hokkie het voorwaar vir'n eeu lank harte en bene geroer!



Korfbal is later vervang deur netbal.



Tennis was van die begin af belangrik by Oranje.




Die skool het op 11 April 1907 die eerste leerlinge ontvang, maar die amptelike opening was eers op 2 Augustus 1907.

Die lied, "Driewerf gegroet", op die program, is deur mej. E. le Roux se suster, Hanna le Roux, in Engels geskryf. Ds. W. Boshoff het dit in Nederlands vertaal en dit is steeds Oranje se amptelike skoollied.

Vier van die stigterslede tree tydens die opening op, nl. ds. P.J.J. Boshoff, ds. Willem Postma (ook 'n stigterslid van die Hoërskool Sentraal en na wie die Primêre Skool Willem Postma genoem is), pres. M.T. Steyn en ds. C.D. Bam. Die jonge skoolhoof kry nie 'n spreekbeurt nie... miskien omdat sy nog nie vertrouwd is met die President se ideaal nie?

In sy amptelike rede tydens die opening sit die President die redes uiteen waarom Oranje gestig moet word, dit terwyl daar reeds drie meisieskole in Bloemfontein is, nl. Eunice, St. Michael's en Greenhill Convent.

Die program vir die "Offisieele Opening".



Dis nie net die akademie wat dadelik ernstige aandag geniet het nie, maar ook die sport. Die grond het afdraand geloop van die skool na die grondpad wat nou Aliwalstraatheet. Die kuratore het gou begin met die gelyksleep van die terrein om sodoende 'n korfbal-, hokkie- en tennisbaan daar te stel.

Sport

By die “*officiële*” opening van die skool op 2 Augustus 1907
verduidelik president M.T. Steyn die stigting so:

Daar was algemene ontevredenheid met die onderwysstelsel. Die regering van die Oranjerivier-kolonie het deur middel van die Departement van Onderwys volle beheer oor die bestuur en finansiering van die onderwys op hom geneem. Op dié wyse kon die uitvoering van die beleid van verengelsing gewaarborg word.

In hierdie skool moes die Afrikanerdogters ook opgelei word as onderwyseresse sodat hulle die kinders van die volk, waarvan daar baie verarm en ongeletterd was, kon gaan onderrig. Die regering het slegs voorsiening gemaak vir die opleiding van onderwyseresse deur die medium van Engels en Engels-opgeleide onderwyseresse is aangestel.

Die skool is bedoel vir die dogters van ons volk. “Pres. Steyn se geloof in die krag van die vrou in die volkslewe het nie net uiting gevind in die oprigting van die Oranje Meisieskool en die Nasionale Vrouemonument nie, maar ook in sy ondersteuning van die Oranjevrouevereniging.” Volgens hom was dit nie die taak van die vrou om tuis te bly nie – intendeel, sy moes ’n aktiewe rol in die samelewing speel.

As die moeders van die volk Christelik-nasionale opvoeding kon geniet, sou die volk gered wees.

Die leerlinge moes geleer word om hulle moedertaal te praat en lief te hê – volgens hom was dit Afrikaans. Die meeste leerlinge in die Vrystaat het teen hierdie tyd ’n Hollandse



President M.T. Steyn –
Voorsitter van die Kuratorium, 1907 – 1916

Afrikaans gepraat en tog was die skole oorheersend Engels. Reeds voor 1900 was dit al moeilik om Hollands as skooltaal te handhaaf omdat dit nie meer die spreektaal was nie. Pres. Steyn verklaar onomwonde: “Die taal is die volk en indien ons, ons taal verwaarloos, dan moet ons verwag dat ons volksbestaan langamerhand sal kwyn om uiteindelik ten gronde te gaan.”

Sy versiene oog het besef watter waarde die Engelse taal het. Daarom het hy hom beywer vir gelyke onderrig in beide landstale.

Dit was sy begeerte dat die Bybel ’n ereplek in die skool sal hê. As ’n vrou se godsdienssin van haar weggeneem word, word sy soos ’n kurk op die water. Godsdiensonderrig moes ook in die moedertaal aangebied word.

Die geskiedenis van die Afrikanervolk moes aan die dogters oorgedra word soos dit werklik gebeur het. Die staatskole kon nie hieraan reg laat geskied nie omdat die leerkragte van Engeland ingevoer is en dus ons geskiedenis verdraaid aangebied het.

Die skool maak vanaf die stigting voorsiening vir kosgangers. Dit was nodig omdat baie min leerlinge op die platteland die geleentheid gehad het om ’n skool by te woon. Skole was nie maklik bereikbaar nie en die bywoning was dus ongereeld.

Uit: Oranje onthou 75 jaar

Die groepie leerlinge, die personeel en die hoogwaardigheidsbeksleërs wat tydens die opening teenwoordig was, kon seker met oorgawe die verrigtinge afsluit toe hulle Psalm 100 sing:

*Juig al wat leef, juig voor die Heer,
Dien God met blydskap gee Hom eer.
Kom nader voor sy aangesig
En prys Hom met 'n lofgedig!*



Mev. Janetta Botha (née Van Vrede) was een van die leerlinge wat in 1907 uit volle bors saamgesing het. Sy was ’n weeskind uit die Bethuliekamp wat deur die President na Oranje gebring is. Sy het in 1991 101 jaar oud geword en weet te vertel dat daar in die vroeë jare op Oranje ’n reël was om drie dae Afrikaans en drie dae Engels te praat. Op Sondag kon jy die taal van jou keuse praat. Die drie Engelse dae was dit glo doodstil in die klasse en op die speelterrein. Leerlinge is in dié tyd verplig om die koerant te lees, want

hulle kennis is deur die personeel getoets. Sy vertel van die vrolike Sondagaande as hulle almal saam gesing het en daarna met koek bederf is voordat hulle moes gaan slaap.

Mej. Le Roux glo in die President se ideale en leef dit uit in haar leierskap. Hoewel sy in Wiskunde gestudeer het, het sy haar liefde vir die letterkunde aan die dogters oorgedra. Sy was op Stellenbosch die tydgenoot van M.E.R. en Eugène Marais. Daar is soms teen sonsondergang gedigte en stories voorgelees om die dogters bewus te maak van Afrikaans en natuurlik was Shakespeare ook ’n gunsteling. Sy verlaat

Oranje in 1910 om in die huwelik te tree met ds. Eybers. Uit dié huwelik is die bekroonde Afrikaanse digter, Elisabeth Eybers, gebore.

Tydens haar besoek aan die skool in 1946 bring mev. E. Eybers (née Le Roux) steeds hulde aan die stigters. “Dit was groot manne wat die skool gestig het: Abraham Fischer, Jack Brebner, pres. M.T. Steyn! Bewoë vertel sy van die President se moed, sy opgeruimdheid, sy gawe om te inspireer, sy menslikheid en sy humor. Almal het hom liefgehad.” (1946)

1910-1912



Nelly Hauptfleisch en haar suster Maria het in 1902 as vrywilligers van Stellenbosch na Port Elizabeth se konsentrasiekamp gegaan. Daar het hul grootliks hulle Vrystaatse volksgenote versorg. Hier het sy die inwoners gehelp om koers, moed en geloof te behou. Vroue en kinders is ingespan om te kook, klere vir die stad se inwoners te maak en daarmee iets ekstra te verdien. Sy het onderwys gegee en die kampdissipline gehandhaaf.

In hierdie kamp is gereeld Bybelstudie gehou. "Nelly se Bybel is vol persoonlike onderstrepings wat van 'n diep, persoonlike geloofsin getuig. Sy was voorts met die klassieke vertrouwd en in besit van talle geskrifte oor Europese musea en wêreldbekende kunstenaars." (Die Voorligter: 6)

Met haar fyn opvoeding het mej. P.J. Hauptfleisch as prinsipale by "finishing schools for young ladies" opgetree, bv. Oranjezicht in Kaapstad, by Arcadia en by Harmonie op Stellenbosch.

Onder haar vriende het mev. Marie Koopmans-De Wet, Emily Hobhouse, pres. M.T. Steyn en sy vrou getel. Dit was seker daarom nie moeilik vir die President om mej. Hauptfleisch oor te haal om in 1910 as prinsipale na Oranje te kom nie. Sy het in 1911 'n reis oorsee onderneem – baie merkwaardig vir 'n vrou in dié tyd. Nelly het 'n slag met die opvoeding van jong dames gehad en kon aan hulle musiek, skilderkuns, fyn naaldwerk en goeie (Engelse!) maniere oordra.

"Mej. Hauptfleisch was 'n besondere en 'n diep Christen. Sy het 'n sterk persoonlikheid gehad, het jong dames sterk positief beïnvloed, was eerlik, reguit, 'n ware leier, streng, baie regverdig en hoogs lojaal aan haar God en volk." (Die Voorligter: 6,7)

Die ongunstige geldelike toestand na die Anglo-Boereoorlog het veral op die platteland voortgeduur. Oranje se strewende om aan die dogters van die volk 'n egte "Kristelike Nasionale Volkskarakter" (Onthou:11) te gee, wat so uiters noodsaaklik is veral in hierdie tyd van storm en drang, is bevorder toe die Kuratorium in 1911 besluit het om vyf persent afslag toe te staan op die losiesgeld. "De logiesgelden bedragen £45 per jaar of £11 5s per kwartaal. Voor twee of meer uit één huisgezin £40 per jaar." (Prospektus 1911:4)

Mej. P. J. (Nelly) Hauptfleisch

September

1910-1912



Uitgaven

Schoolgelden voor Kostleerlingen	Per Kwartaal		
Kindergarten tot St. 1	£0	15	0
Stds. II tot IV	1	0	0
Stds. V tot VII	1	5	0
School Hoger en Matrikulatie	1	10	0


Schoolgelden voor Dagscholieren	Per Kwartaal		
Kindergarten tot St. 1	£1	0	0
Stds. II tot IV	1	5	0
Stds. V tot VII	1	10	0
School Hoger en Matrikulatie	2	0	0

Ten spyte van dié karige oerbydrae kon die Groenewaldsaal op 1 September 1911 ingewy word. Tydens die inwyding erken pres. Steyn “dat wij deze prachtige zaal hebben te danken aan die vaderlander en vriend van zijn volk, de heer Jacobus H. Groenewald van Heilbron, die £500 geschonken heeft om ons met het bouwen van deze zaal te helpen.” (Onthou:11) Dit sou later gesloop word om plek te maak vir die huidige hoërskool en biblioteek.



Dit is die silwer troffel en stamper wat mnre. J.H. Groenewald van die skool ontvang vir sy groot skenking aan die skool om die saal te bou.

Jacobus H. Groenewald – die weldoener wat blind was weens sy ontberinge as penkop gedurende die Anglo-Boereoorlog.



Die hoeksteen is deur J.H. Groenewald onthul. Nadat die Groenewaldsaal in die sewentigerjare gesloop is, is die hoeksteen in die administrasieblok van die hoërskool ingebou waar dit in 1978 deur ds. D.S. Snyman onthul is.



Die Groenewaldsaal met klaskamers en ’n biblioteek met ’n opelug-gimsaal, d.w.s. een muur was bokseile om af te rol as die weer dit sou vereis.



Klein Tibbie skryf uit Le Rouxhuis aan haar ma:

*Please notice, Ma vraa, ver pa om Bakker
Zaterdag instuur ons beschuit is al op met
lekker goed als u lieve blief Mamie.*

In 'n ander brief van Tibbie:

*Mijn kombination pas mij extra mooie.
Stuur als u blief kliene koekies, lamoen
stroop sal heelemaal welkom wees.*

(Tibbie:95)



Tuck Box - Mandjie, toesluitblik of koekblik...

Die Groenewaldsaal was ook baie bekend vir sy kelder! Dit was die toesluitplek van elke kosganger se kosbaarste besitting – haar “Tuck Box”. Die koshuis het smiddae koffie bedien, maar elke kosganger moes 'n eie soetigheidjie uit die kelder te voorskyn haal. Natuurlik het die vye- en waatlemoenkonfyt die langste gehou...maar o wee, die miere het dit ook uitgevind en dan is daar maar saam met die miere aan die lekkernye gesmul.

M. Weideman skryf in 1928: “Die voorkoms van die deur, met vetkolle en hier en daar 'n krydstreep maak nie juis 'n aangename indruk op die vreemdeling nie. Kom 'n mens vir die eerste keer in die deur te staan en werp jy 'n blik in die kamer, wat skemerdonker en spookagtig lyk, bespeur jy in een hoek alleen 'n klein venstertjie met stewige tralies daarvoor, wat skraal loer en niks anders sien nie as blikke, kaste, mandjies en nogmaals blikke, kaste en mandjies. Dan staan jy half oorbluf en vol bevreemding die spul en aankyk, maar hier is dit net 'n kwessie van ondersoek alle dinge en behou die goeie! Elkeen is koning in die kelder!” (1928:69)

Mnr. Groenewald het nie net geld aan Oranje geskenk nie, maar hy stuur ook sy drie stiefdogters hierheen. Bess van der Hoven, een van mnr. Groenewald se dogters, skryf hulle was van die ondeundes in die twintigerjare. Sy skryf self: “Ons het ons vergaap aan Mister Pieterse (die faktotum) se vrou wat 'n baba verwag het. Ons was totaal oningelig insake die soort 'body language'.

“Ons was bedrewe in die gaps van geelperskes wat aan bome agter mister Pieterse se huis gestaan het. Praat van 'artful dodgers! Ons het die man die diekens ingejaag en by die Direktriese in die gevreesde kantoor beland.

“Ons het ook nog die Ghaaifoks behoorlik gevier met vroteiers en sandkoeke. Ons het gehoor die Greyskool se sportskêrels kom ons verras. Die Oranjemeisies was reg met die gooigoed! Dit word naderhand 9 nm. en geen Greykêrels nie! Bitterteleurgesteld gooi ons toe maar die missiele na drie mense wat met 'n syspanmotorfiets verbykom na die middestad. Die motorfiets draai om en ry koshuis toe. Ons laat spat na die koshuisbalkon.

Twee mans met properse aandpakke klim af. Die een sê aan die onderwyseres aan diens:

‘I got one fish here (toe val 'n vroteier af van onder die lapel) and a fish flew past my ear!’

“Ons giggel, want 'here and ear' rym nogal.

Dis toe dat miss Wananda Wessels ons betrap en toeslaan met haar heerlike brystem:

‘Van wanneeg af het julle Van der Hovens ook baggage gewogd?’

‘Ons moes gesê het, ‘Vanaand, Miss!’

“Miss de Bruyn, met die hulp van nog 'n onderwyseres het ons met 'n Angel Brush, van silwer, en 'n stofborsel gelooi. Albei het gebreek. Ons moes daarna vir veertien dae al ons vrytyd in 'n leë kamer deurbring sonder om met mekaar te praat of kamer-te-verlaat! Ons het geld bymekaar geskraap om aan die mense te gee om hul klere na 'n droogskoonmaker te stuur. Ons is toe onthef.”

(Brief: Oranje argief)



Die Van der Hovens kon nie uit die moeilikheid bly nie. Bess vertel in 'n brief aan Oranje sy was by ds. Louw se katkisasie in die nuwe skoolgebou. “My ousus, Eléne, het gebunk en kruip toe in die dak van die nuwe skoolgebou weg. Meteens is daar 'n gekraak en twee swart bene, sonder skoene, hang bokant Dominee se kop. Hy het net opgekyk en gesê: ‘Dit lyk dit spook hier op 'n Sondagmiddag’ en voortgegaan met die les. Ek was styf geskrik en het gebid: ‘Vader gee genade’, want as Dominee die saak by die prinsipale gaan aanmeld, is ons Van der Hovens met Groenewaldsaal en al verwyder van die skoolgronde.” Bess van der Hoven was Oranje se heel eerste Springbok in hokkie.

In 1912 is die biblioteek ingewy. “Dr. en mev. Bidwell word hier met waardering onthou vir die pragtige tuin wat hulle om dié gebou aangelê het en met behulp van die dogters tot 'n spogtuin ontwikkel het.” (Onthou:26) Adv. en mev. A. Fischer het dit moontlik gemaak

om deftige gordyne, mooi meubels en boeke vir die biblioteek aan te skaf. Mejj. Herbst en Schoon verdien die eer vir die totstandkoming van die biblioteek.

Tydens 'n kuratoriumvergadering op 5 Augustus 1911 word dit duidelik dat senator Brebner hom beywer vir die aanlê van warmwaterpype na die badkamers in die koshuis. Daar is toe reeds “water en elektries licht aangelegd.” (Prospektus 1911:3)

Voordat die skool gestig is, is besluit om nie net leerlinge op te lei nie, maar ook voornemende onderwyseresse in die “Normaal Klassen”. Die minimum vereiste vir toelating was St. VI. Van die eerste dogters wat tot die kursus toegelaat is, was weeskinders uit die konsentrasiekampe. Die eerste onderwyseresse het in 1911 gekwalifiseer. Dié ekstra verpligting, naas die onderrig van die leerlinge sonder 'n vasgestelde leerplan, het die kuratore genoop om die Normaalkollege aan die Departement van Onderwys oor te dra en wel op die volgende voorwaardes:

- Oranjemeisies sou toelating verkry tot die Normaalkollege.
- Oranje sou in die geldelike voorregte van ander studente deel.
- Oranje sou steeds kindertuinonderwyseresse oplei.
- Oranjemeisies kon spesiale vakke by die Normaalkollege neem.

Die standaard van Oranje ('n privaat skool) moes bo verdenking wees. Daarom het die kuratore inspekteurs van die goewermentskole gevra om 'n wakende oog oor die akademie te hou.



Groenewaldsaal 1912

Mnr. Albert van Jaarsveld het in 1990 die tas wat as afskeidsgeskenk aan mej. Hauptfleisch oorhandig is, in 'n pandjieswinkel raakgeloop en aan die skool geskenk. Op die bruin leertas met koper knippe is 'n silwer plaatjie met die volgende inskripsie:




AAN
MEJ NELLY HAUPTFLEISCH
DIRECTRICE MEISJES SMOOL ORANJE
ALS EEN KLEIN BLYK VAN HOOGACHTING
EN WAARDEERING VAN DE CURATOREN
DEC. 1912.

N a 'n kort verblyf verlaat mej. Nelly Hauptfleisch Oranje. Tydens haar termyn as skoolhoof is die terrein ontwikkel en is dit nie net meer die Elizabeth le Rouxhuis "aan de kant van een kopje, in de Poort van Bloemfontein, aan het einde van Aliwal Straat, in het noordwestelike gedeelte van de stad" nie.



1913-1916



Mej. Walter het reeds by Oranje skoolgehou toe die hoofpos vakant geraak het. Naas die akademiese werk was musiekopvoeding vir haar en die kuratore baie belangrik. So is die heer P.K. de Villiers as direkteur van musiek aangestel. Hy moes toesien dat die vyf klaviere wat vir die opening van die skool aangekoop is, behoorlik benut word. Musieklasse is vir kostgangers aangebied teen £1 5 0 per kwartaal. Dagskoliere moes £1 15 0 opdok, terwyl lesse by die direkteur van musiek teen £2 10 0 geneem kon word. Daar is ook viool- en sanglesse aangebied.

Die dogters is verder opgelei om hul vrye tyd te benut deur skilderwerk, fyn handwerk, kleremakery, hoedemakery en kookkuns. Hierdie kursusse is teen ekstra vergoeding aangebied, maar sou aan die dogter 'n breër agtergrond bied as bloot skoolwerk. Pres. Steyn se drie dogters was ook op Oranje; daarom was hy ook maar nog 'n pa wat moes opdok vir sy dogters se opvoeding!

Die tjek is uitgemaak aan Meisjes School Oranje, gedateer 22:2:1914 vir 'n bedrag van £19 01 09 en onderteken deur M.T. Steyn.


Meisjes School Oranje.	
Konsert, 12 Desember, 1913.	
PROGRAMMA.	
Deel I.	Deel II.
1.—Piano Trio ... "Humoresque" H. Schumann, A. Paganini, H. v. B.	1.—Viool Solo ... "Melody" Tourn.
2.—Recitatie ... "Fairies on the Lawn" H. v. B.	2.—Recitatie "Christmas Carol" Dickens A. Smith.
3.—Zangstuk (a) In all the lovely Gardens (b) American-Lullaby. Betty Smith.	3.—Piano Solo "Mazurka" Godard A. Smith.
4.—Piano Solo "Pas des Amphores" Chaminade A. Smith.	4.—Recitatie ... (a) To a Mourner (b) Kleine Ouderling H. M. en H.
5.—Koorstuk (a) Beautiful Rainbow (b) Meisje Kuisheid —M. G.	5.—Piano Duo "A Country Dance" E. Heine A. Lategan en A. Smith.
6.—Viool Solo "Italiana Aria" by Böhm A. Smith.	6.—Recitatie ... "Goede Nacht" Paul Smith.
7.—Recitatie "The Legend of Rabbi Ben Levi" H. Schumann.	7.—Piano Solo "Les Sylphes" Chaminade A. Smith.
8.—Piano Duo "Humoresque" Spindler A. Smith en H. van B.	8.—Recitatie ... "Lifegate op Coney" H. A.
9.—Recitatie (a) Incident of French Camp (b) Standing of Amphores-alabaster H. M.	9.—Dubbel Kwartet ... Paul Smith.
10.—Piano Solo (a) Drei Fantastische Schwanen (b) Butterfly Etude Chopin Betty Smith.	10.—Edele Poëzie ... Betty Smith.
11.—Recitatie "Eden's Vloot" Ter Haar A. Smith.	11.—Trio "Les Trois Sœurs" Brahms A. Smith, A. Schumann, H. Smith.
12.—Pinafore Drill H. M. Smith.	12.—Recitatie ... "Past and Present" —H. M. en H. A.
— PAUSE —	13.—Koor Stuk "Song of the Scythe" Add Stukke tot H. M. en H. A.
	— SCHOOLIED. —



1913 was vir pres. en mev. M.T. Steyn 'n besondere jaar toe die Vrouemonument op 16 Desember 1913 onthul is. Die nagedagtenis van die duisende vroue en kinders wat hul lewe in die konsentrasiekampe gegee het, is vereer! Emily Hobhouse is versoek om die onthulling waar te neem, maar op pad na Bloemfontein het sy siek geword en sy moes haar reis onderbreek. Mev. pres. Steyn was toe die plaasvervanger. Sy het in haar lang, swart tabberd (Altyd swart nadat die twee Republieke hul vryheid verloor het) 'n koord getrek en die seildoek van die vrouebeeld afgetrek.

Die jaar se voorbereiding in die kunste het telkens uitgeloop op 'n konsert waartydens die talent vertoon is.

Die Vrouemonument word onthul.



Die President kon nie die Rebelle van 1914 meemaak nie. Sy gesondheid was na die oorlog geknak. Drie jaar ná die onthulling van die Vrouemonument is hy oorlede en kon mev. pres. Steyn sê: "My droefheid is te groot dat trane daaraan uiting kan gee. Ek sal my altyd geseënd onder vroue beskou dat ek die voorreg had die vrou van die President te wees." (Onthou:15)

By die skool vat mej. Walter die leiers behoorlik vas. Soos vandag nog, is 'n ernstige beroep op die ouers gedoen om die leerlinge by te staan: "Ouders word verzocht: (1) Kwartaalrapporten te bewaar en te vergelyk. (2) Toepassing en sorgzaamheid in 't voorbereiden van Huiswerk by kinders aan te moedigen." (Prospektus, 1913:13)

16 Desember 1913

Algemene regelingen voor de Kostgangers

"Alle Kostgangers moeten zich aan die huisregels onderwerpen:

Orde, stiptheid, gehoorzaamheid, en vlijt worden steeds verwacht.

Het is onze begeerte een hoog zedelijk gevoel bij de leerlingen aan te kweken, en de geest van oprechtheid en waarheidlievendheid, eerbaarheid, en een gevoel voor hun school en voor elkander als leden daarvan aan te moedigen."

(Prospektus, 1913:12)

Schoolregels

"Daar 't geregeld en stipt bijwonen van de schooltijden uiterst nodig is tot de ordebewaring en algemene vooruitgang, wordt 't van alle leerlingen verwacht dat zij geregeld en op tijd zullen zijn en zich bij de algemene regels der school zullen houden.

In geval van afwezigheid wordt er een schriftelijke verklaring van de oorzaak van zulke afwesigheid verwacht, getekend door ouders of voogd en aan die directrice gericht."

(Prospektus, 1913:11)



Die dogters swem steeds hier, maar die bome is nou groot!

In 1914 ontstaan die gebruik reeds om op 'n spesiale manier van die matrieks afskeid te neem. Geld was maar skaars en daarom het die leerlinge per trein na Kaalspruitstasie, naby Onze Rust, gereis. Vandaar het hulle na die President se plaas gestap om piekniek te hou.



Gepantser teen die Vrystaatse son is die matrieks gereed vir die piekniek!

Getrou aan die tradisie van briefskryf en in opdrag van die koshuisowerheid skryf Annette Carshagen aan haar broers 'n poskaart oor haar wel en wee in die koshuis:



Annette Carshagen (1916) is die eerste van vier geslagte op Oranje:

- 1947 – 1948 Daphne Carshagen
- Sewentigs Henriette en Elize Carshagen
- 2005 Helene Carshagen
- 2006 Pauli Carshagen
- 2008 Riali Roos

My dearest brothers

Only sending you this PC to let you know that I am still well. Hope to hear the same from you. I am really satisfied with this school, it is very nice. We are about 90 girls, so you can imagine yourself that we have a fine time. We went to the bioscope the first evening. Well dear Brothers, I must stop because my time is scarce. If you go down to the Colony, you must surely come and see me. I must close with best love from your longing sister.

Give my best love to all. Annette Carshagen

Mev. Marie Malherbe, skryfster van die Innis-boeke wat glo maar 'n weergawe van Oranje in 1915-1916 was, skryf oor haar koshuiservaring: "Onder die bediendes was Petrus die wonderlikste, want hy kon met sy linkerhand met 'n broodmes 21 groot brode in iets meer as vyf minute sny."

"Ontbyt was koffie of tee, growwe brood met stroop OF botter, nooit albei nie. Sondag was daar kaas ook, dan kon jy TWEE uit die drie kies! "Die hele staf het by die koshuis ingewoon en was hulle streng!" (Onthou:69)



Mev. Marie Malherbe, die skryfster wat teen alle vorme van sport gekant was, se klasmaat - Josephine de Villiers - blom oor Oranje se netbalprestasie van 1916.



My Goue Naam Peter Krooman Louis Pelissier
 My Goue Naam die Oranje Netbal 1916 die P.K. wat ek ingesluit is was van die jaar se oorwinning netbal 1916. die name daarby gesit ek is die een wat met die bal sit. was Josephine de Villiers is Koon en was die 5^{de} Jan 96. Die net bal slag en ek was nog so graag na die reunis gaan, ek dink Lizzie en Emme Steyn sal my nog onthou. Gladwin was Eric toe ek daar was ek was twee lief vir haar en het in paar jare terug nog aan haar geboek. 1914 was Meneer Walters nog daar.
 In die boek "Ons Onthou 74 jaar" is in Kiekie op Bladely 95. waarna die jaar 1916 se matriek op Oranje Kruis gaan prekerich kon het. op daer Kiekie sit ek by Eric Steyn se regter voet. Judith Kroukensma was ook saam met my op oranje. Die twee groete aan Lizzie en Emme ek hoop u sal daarom na om die ke wu ek is. Die twee groete Josephine Kroom.

Overwinning Netbal 1916.

Meester J. Steyn

Reis St. 47.
 Vrede.
 15 Maat 90.
 Juf. Pellissier
 Kiekie Juf.
 Ek sal my maar self aan jou moet vertel en ek weet nie eendde houe. want ek is in en Oranje Musi van 1914. 15 en 16. dan in matriek 1916. die P.K. wat ek ingesluit is was van die jaar se oorwinning netbal 1916. die name daarby gesit ek is die een wat met die bal sit. was Josephine de Villiers is Koon en was die 5^{de} Jan 96. Die net bal slag en ek was nog so graag na die reunis gaan, ek dink Lizzie en Emme Steyn sal my nog onthou. Gladwin was Eric toe ek daar was ek was twee lief vir haar en het in paar jare terug nog aan haar geboek. 1914 was Meneer Walters nog daar.
 In die boek "Ons Onthou 74 jaar" is in Kiekie op Bladely 95. waarna die jaar 1916 se matriek op Oranje Kruis gaan prekerich kon het. op daer Kiekie sit ek by Eric Steyn se regter voet. Judith Kroukensma was ook saam met my op oranje. Die twee groete aan Lizzie en Emme ek hoop u sal daarom na om die ke wu ek is. Die twee groete Josephine Kroom.

Josephine de Villiers (later Kroom) se handskrif getuig nog na 64 jaar van die soet oorwinning!

Daar is altyd geleentheid by Oranje vir elke dogter om haar talent te ontwikkel. Naas die kultuur- en sportprestasies pryk dié akademiese presteerder in die heldegalerie van Oranjeniete: Judith Raubenheimer is 'n begaafde leerling wat in 1915 matrikuleer. Sy is die wenner van die Alan Gouldmedalje vir die hoogste punte behaal in Botanie in die Unie van Suid-Afrika. Sy is die eerste Oranjeleerling wat 'n eerste klas in matriek behaal het en was eerste in die matriek eksamen in die Vrystaat. Hierdie prestasie besorg aan haar die Bloemfonteinse Munisipale Beurs om aan die Grey- Universiteitskollege te gaan studeer. Vir haar puik prestasie tydens die matriek eksamen pryk haar naam op die erebord in die Fanie Naudésaal.

Vanaf 1919 doseer sy Plantkunde deur medium van Afrikaans aan Oranje teen 'n salaris van dertien pond en tien sjelings per maand. Die skrande Judith sou mooi



Judith Raubenheimer (Getroud met S.H. Pellissier), die briljante leerling en ouma van die latere skoolhoof, mej. I.M. Pellissier.

hoogtepunte in haar lewe bereik toe sy die Carnegiebeurs wen om in Amerika te studeer. Sy word die voorsitter van die Oranje-Vrouevereniging in die Vrystaat. Sy dien in die Kuratorium van Oranje en in die Raad en Senaat van die Vrystaatse Universiteit. Sy is betrokke by die beplanning van die Voortrekkermonument. Sy is teenwoordig by die stigting van die Voortrekkerbeweging en staan later bekend as die moeder van die Volksang- en Volkspelebeweging van Suid-Afrika.

1916-1919



*Wees soos die voëltjie wat sit op 'n tak
en voel hoe dit wil meegee, maar hy sing steeds,
want hy weet, hy het mos vlerke om mee te vlieg!*

G. Steyn

Adv. Gladys E. Steyn

Mei 1916-1919 Maart

*"A pure & holy state of anything is that in which
all its parts are helpful and consistent. The highest
and first law of the universe, and the other name
of life; is therefore, "help."*

G. Steyn

Orange Free State School.

26-9-12

Bogenoemde kosbaarhede kom uit Hendrina van Vrede,
'n leerling in 1907, se "autograph".

Adv. Gladys E. Steyn ... dogter van pres. M.T. Steyn ... leerling by Oranje in 1907... die eerste matriekleerling...eerste hoofmeisie! In 1916 word sy op 25-jarige ouderdom die jongste skoolhoof van Oranje!

Die Sinode van die NG Kerk "verblijdt zich over het mededeeling dat een dochter van President Steyn aan het hoofd staat van de inrichting – dat soo vele kandidaten geslaagd zijn in de voorgeschrevenen examens – en dat de geest der school steeds Christelijk Nationaal blijft." (Handelinge: Sinode OVS 1916:38)

"In 1927 is Gladys die eerste vroulike advokaat in die appèlhof in Bloemfontein, slegs die tweede vrou in Suid-Afrika wat 'n LLB-kwalifikasie behaal." (Rachel:135) Sy bly as kuratoriumlid deel van Oranje tot in 1942. Sy kry erkenning buite die wêreld van Oranje as sy die eerste vroue-advokaat in Suid-Afrika word, asook die eerste vrou wat in die Provinsiale Raad dien. Sy verlaat die onderwys omdat sy glo dat sy die vrou op 'n wyer vlak in die regswêreld kan dien.

Sy het in 1911 by Oranje begin skoolhou en wiskunde en plantkunde gedoseer.

WEL BEKENDE PERSONE SE NAME.

Middernacht Feest

4-50.

27-9-16.

Mette de Veltius

Melie van der Schaaf

Melriede Klerk

Marla de Wet

Margorie Heerteligt

Alice van Staden

Sarah van Heerden

Gohanna Plessis

Uinnie Lindeque

Betty Beyers

Susan van Zijl

Jacoba de Ruyn

Elise Hattings

Dora Störnemann

Marie Toubert

Sebeth Haman

Marie Reliveld

{1230P-M-2PM}

Volg hier na

27-9-16

Daar is gereeld tiekie-aande gereël waarheen die seuns van Grey Kollege uitgenooi is en dan is daar Sweedse spele (volkspele) gespeel. Saans ná studie het die jonge juffrou Steyn die meisies die Sweedse spele geleer. (Volksblad, 9 Sept. 1977: 9)

Die vrolikheid rondom die Sweedse spele kon nog diep in die nag herkou word tydens ‘n “Middernacht Feest”, veral wanneer welbekende persone soos die volgende byeengekom het...

Daar was nie net “beroemde” dogters in Oranje nie. Soos dit uit die register van 1916 blyk, was hier ook ‘n klompie seuns in Sub A...

Die inskrywingsnommers loop 10 jaar nadat die skool geopen is, só: 697 Steyn Steyl; 698 Kenneth Ham; 699 Theunis Fichardt; 700 Brahm Fischer (Sy politieke sienswyse sou hom later van sy gesin en van Bloemfontein vervreem.)

698	Ham Kenneth	19 6 08	
699	Fichardt Theunis	28 12 08	E.
700	Fischer Brahm	23 4 08	P.
701	Goringe Verryl	10 4 06	A.
702	Nowcyst. Kathlum	13 11 09	M.
703	Schneker Franco	6 4 07	S.
704	Dario Doris	8 1 07	R.
705	Mannion Adam	21 6 08	M.

Die vreugdevure het hoog gebrand toe genl. Christiaan de Wet ‘n £100 bygedra het om die Hennenmangebou op te rig. Daar was al weer ‘n nypende tekort aan klaskamers en geld moes daarvoor ingesamel word.

Pres. Steyn het deel van die skool se hartklop gebly. Hy het nie eens die matriekpiekniek op Onze Rust misgeloop nie. Vóór die matrieks se vertrek ná so ‘n piekniek, het mev. pres. Steyn vir die dogters iets van haar mooi lewe en dié van pres. Steyn laat sien en aanvoel. Dit was altyd ‘n hoogtepunt vir die matrieks.

“On Saturday we had the yearly picnic for the Oranje School girls who are in the matric class. We have two tents put up for them near our reservoirs. You remember the place it is near the ‘boom van sameswering’. We have a very large cement dam. This is cleaned and filled and the girls swim in it. They always look forward to this outing. We had 37 out this year. I prepare most of the food. At 4:50 they all come down to the house. I then show them all the historical things. This year I had everything put out on the dining room table and other tables, had each labeled, and after telling the girls all about the different things left them to examine them at leisure. The teachers went in after the girls as it is the girls’ day. I wore my best black frock because I wanted to wear my cameo (Borsspeld wat deur Emily Hobhouse aan haar gegee is uit dankbaarheid vir die fondse wat sy vir die Duitse weeskinders van die Eerste Wêreldoorlog geëin het.) for them to see and how it was admired. The girls enjoyed the day and before leaving they gave three cheers and sang ‘Lank sal sy lewe...’” (Tibbie:103)



Na 90 jaar swem Oranje se gr. 8-leerders nog elke jaar in hierdie dam waarin die matrieks vroeër baljaar het.



25 November 1916 – Matriekpiekniek

28 November 1916

Skaars het die jillende, gillende stemme van die matrieks op Onze Rust stil geword na die Matriekpiekniek...toe ‘n groter stilte oor die plaas kom lê het.

Onvergeetlik die dag toe, gedurende skooltyd, die berig gekom het dat pres. Steyn nie meer daar is nie, dat hy geval het “aan die voete van wie hy gedien het”. Pres. Steyn het die kongres van die Oranje- Vrouevereniging toegesprek. “The President was looking remarkably well” en het met ‘n sterk stem sy toespraak gelewer. Sonder dat die President enige blyke van nood getoon het, het hy sy hand na sy hoof gelig en in die arms van adv. Charlie Fichardt, wat agter hom gestaan het, neergesak. In haar hart het Tibbie geweet dat Theunis dood is.” (Rachel:93)

Die skool is gesluit. Met liefde en eerbied het die leerlinge gewerk aan die Vierkleur wat sy stoflike oorskot sou bedek. (1957:51) In die Gedenksaal in Bloemfontein het die President se gebalsemdel yk in staatsie gelê, die kis gedrapeer met die Vrystaatse vlag wat deur die dogters van die Meisieskool Oranje gemaak is. (Rachel:94)

Ons grootste Held

1 Die laatste woorde die ons held aan onze vrouwen heeft verteld, zal hulle nooit vergeet. Dit deed ons vreeslik leed toen hij neerzank om niet zij ogen weer te open. Geef hem eer, ja eer.

2 Hij leeft niet meer. Dit maak ons hart zo zeer. O Afrika, Gij vrije land Gij het nie meer een trouwe hoeder, die gelijk een liewe moeder hare kinders leid aan eigen hand. Vergeet hem nimmer, O, land!

3 Daar is geen hart die vrolik is Daar is geen oog waaruit geen traan ontwelt, Want onze bron waaruit ons vreugde welt, Sal nimmer weer zijn ogen open. Ja, nimmer meer zijn mond weer open om een woord uit te spreek. Maar nimmer zal ons hem vergeet.

4 Nooit zal ons land een trouwer zoon ooit krijgen als onze President, want ieder die aan hem gewend en die hem als zijn vriend steeds kent zal zê: Gij volk vergeet hem nooit, Ja, nooit, ja nooit.



Pres. Steyn se begrafnis

By die Vrouemonument, waar hy ter ruste gelê is, het vier Oranje-dogters die Bidwells se Vrystaatse Vierkleur oor die kis gedrapeer; daár is afskeid geneem van die groot staatsman. Die eerste van die “sonderlinge Afrikaner-driemanskap wat hier begrawe sou word: M.T. Steyn, die vernuftige staatsman, Christiaan Rudolph de Wet, die geniale krygsman, en John Daniël Kestell, die begenadigde Godsmán”. (Toespraak NG Sinode:1) Met die wegsak van die kis het die kanonne op die koppie die laaste saluut afgevuur.

’n Dag nadat die President oorlede is, het mej. May le Roux, die geskiedenisonderwyseres, vir haar klas gevra om gedigte te

soek wat oor die President handel. Vir die kosgangers was dit haas onmoontlik. Daarom het Talitha Ammerman (née Schulz) self ’n gedig geskryf. Mej. Le Roux is getref en het dit na “The Friend” gestuur vir publikasie.

Die Sinode van die N.G. Kerk OVS notuleer na die President se afsterwe: “Hij is steeds de ziel van deze inrichting geweest en aan zijn inspiratie is veel te danken, dat tot haar voortgang en bloei heft bijgedragen. Het Kuratorium drukt de wens uit dat onder Gods leiding, het werk van deze school voortgezet moge worden in dezelfde goede Geest, waarin onze Voorzitter (pres. Steyn) hier leefde en werkte.” (Handelinge: Sinode OVS 1919:135)

Mej. Mabel Raubenheimer onthou: “Die van ons wat met president Steyn as Vader van Oranje gewerk het, bewaar nie alleen die herinnering aan die geruste, vertroulike gevoel wat ’n mens het wanneer jy gelei word deur iemand groots; maar ons sal ook altyd die invloed wat ons geïnspireer het toe ons jong beginners in Oranje was, as erfstuk in die toekoms hê.

“Sal ek ooit vergeet wat die President in my oor gefluister het, toe hy eendag die skool besoek gebring het? ‘Kind, vra vir jou Pa om vir my nog so ’n pakos te stuur.’ Dit was genoeg vir my. Ek kon nooit genoeg vir Oranje doen na dit nie.” (1923:33)

Op 11 Desember 1916 vergader die Kuratorium sonder die President – onder voorsitterskap van dr. J.D. Kestell wat hom opvolg as voorsitter.

Dr. J.D. Kestell wat aanvanklik die terrein vir die skool moes gaan soek, is nou die voorsitter. Hy is die Godsmán wat sy volk en dan veral die Vrystaat, in die oorlogsjare geestelik gelei het. Hy was begeesterd met die ideale van pres. Steyn, want hy het die pad van Oranje saam met hom geloop. Groter as pres. Steyn se ideale was sy geloof in God dat Hy Oranje moes lei, daarom word die volgende besluit geneem:

“Met betrekking tot het voorstel van ds. W. Postma dat by het open van elke vergadering van de kuratoren een gebed gedaan zal worden, wordt het besloten dat in de toekomst also gehandeld zal worden.”

(Notule 2|8|1917)

Ds. Postma het reeds op 10/2/1914 só ’n voorstel gemaak, maar aangesien die voorsitter nie teenwoordig was nie, is die bespreking daarvan uitgestel “tot een volle vergadering”. (Onthou : 56)




Dr. J.D. Kestell – Voorsitter van die Kuratorium 1916 – 1919

“Tot 6 Junie 1918 is die notules van die Kuratorium in suiwer Nederlands opgeteken. Dan vind ons op 6 Junie dat die sekretaris in die volgende woorde oorslaan na Afrikaans: ‘De Directrice rapporteerd verder dat Mev. D. nie nou kan kom nie, maar dat Mev. S. tevrede is om tot die einde van het jaar te blyven.’ (Onthou: 56)

“Op die vergadering van 1 Augustus 1918 rapporteer die voorsitter, ds. J.D. Kestell, dat ’n ouer met hom die wenslikheid bespreek het om ’de Hollandsche taal te doen vervangen door Afrikaans als voertaal’. Die direktrise het gesê dat Afrikaans reeds tot by St. 2 die voertaal is.

“Hierin is die reglement van die Provinsiale Raad gevolg om dit geleidelik in te voer totdat dit as voertaal gebruik sal word in die hele ‘Lagere School’.



Kon hierdie kennisgewing van D.F. Malherbe by die Grey-universiteitskollege so vinnig die skole bereik?



“Op voorstel van ds. Postma besluit ‘het Kuratorium om in die Hogere standaards Afrikaans te introduseren als taal zo spoedig mogelijk nadat goede boeken daarvoor te vinden zyn.” A. E. Rossouw (Onthou: 56)

By ‘n meisieskool bestaan daar nog altyd die behoefte om die dogters woordvaardig te maak. Hulle moet ‘n standpunt kan inneem en logies daaroor kan redeneer. Die eerste debatsvereniging is in 1917 gestig. Daar is om die beurt in Engels en Afrikaans gedebatteer. Reeds in 1922 is die eerste interdebat met Grey, Eunice en St. Michael’s gehou. Later is debatte ook met Sentraal en Jim Fouché gehou. Om die belangstelling te behou is daar dikwels volkspele aan die einde van so ‘n debatsaand gespeel.

Debatkompetisies het ook ruimte gelaat vir redenaarskompetisies. Deur die jare kon die dogters die medium van mededinging kies. Gelukkig skryf verskeie nasionale instansies soos die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond (ATKB), die Rapportryers, die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging (ATKV), die Kankervereniging van Suid-Afrika (KANSA) en die Onderwysdepartement kompetisies uit. Selfs tydens interskool sportnaweke word daar op die woordfront meegeding. Daar is nog altyd ruim geleentheid vir dogters om aan hierdie intellektuele kompetisie deel te neem.

Die Bybel speel altyd ‘n groot rol by Oranje, maar dit het ‘n onbekende skryfster tot nuwe insigte laat kom oor die praktiese toepassing van die 10 gebooi:

Tien Gebooi van Oranje

- I Jy mag geen ander skool buiten Oranje as u ideaal hê nie.
- II Jy mag geen sykouse dra nie, geen poeier aan jou bakkies smeer nie en jy mag geen skoene met hoë hakke en skerp punte dra nie.
- III Jy mag geen poging aanwend om in die skool te dans nie.
- IV Jy moet jou onderwyseresse en seniors gehoorsaam en eer.
- V Jy mag nie steel nie.
- VI Jy mag geen goue juwele of enige gekleurde linte dra nie.
- VII Jy mag nie agterafpraat (skinder) nie.
- VIII Jy moet jou tafelmaniere onthou.
- IX Jy mag nie ‘n onderrok by jou skootrok dra nie.
- X Jy mag nie jou kamerraat se syrok, of haar poeier, of haar skoene, of haar sybroek, of enigiets wat van jou kamerraat is, begeer nie.

(Brief in Oranje argief)



Die Groot Griep van 1918 tref Oranje ook - die leerlinge word siek en een leerling, ‘n Hefer-dogter, sterf. Toe van die kinders vir die vakansie huis toe gaan, is daar niemand tuis nie, want hulle huismense het in sekere gevalle ook van die griep omgekom. Mej. Nuss vertel dat die koshuiskinders bymekaargeroep is. Hulle moes hoesmedisyne aanmaak van

suurlemoensap, bloekomolie en heuning wat dan aan die huis-en plaasmense uitgedeel moes word. Op die Hefer-dogter se grafsteen in die Memorium begraaftplaas, Bloemfontein, staan geskrywe: “Blom waar jy geplant is” - bewys die goeie daad waar jy jou ook al mag bevind.

Die skoolhoof is die direktrise en sy is verantwoordelik vir die

algemene beheer van die skool. Daarby word ‘n prinsipale aangestel hoofsaaklik vir die organisatoriese verpligtinge, natuurlik in oorleg met die direktrise en die lede van die personeel. Die direktrise en die prinsipale kry sittingsreg in die Kuratorium, met ‘n adviserende stem en ook gelyke salarisse. Teen die einde van 1923 word die pos van direktrise afgeskaf veral met die oog op groter doeltreffendheid en besuiniging. (Onthou:19)

1919-1924

Dit was altyd my verlange dat die kinders nie alleen in hulle skoolwerk en eksamens suksesvol moes wees nie, maar dat hulle ook moes leer lief hê...al wat waarachtig is, al wat eerlijk is, al wat rechtvaardig is, al wat rein is, al wat liefelijk is, al wat wél lui dt....! " (1923)

Mej. E. Maartens

April 1919-1924 Jan.

Mej. Maartens het graag vroeg opgestaan en krag geput uit die sang van die leerlinge:

***"Heer hoe vele blijde dagen
Vloeiden zonder tegenheer,
Zonder kommer, zonder klagen
Als een klare beek daarheen!"***

Sy onthou hoe die paar liewe seuns sing om gehoor te word tussen al die meisies. "Na die inspirasie van so 'n lieflike gesang is daar nog die inspirerende gesig van omtrent twee honderd gelukkige, gesonde, lewenslustige kinders wat op die vloer voor my in die Groenewaldsaal sit en luister na 'n deel van Gods Woord. Ek weet dit is nie altyd prettig om so plat op die vloer te sit nie, veral as 'n mens se bene 'n bietjie lang is, maar dit het vir my altyd so 'n gevoel van huislikheid in ons môregodsdiens gebring." (1923:37)

E. E. Maartens



FOR ORANJE SCHOOL GIRLS. :- GIRLS. -:

All Wool Serge Gymnasium Costumes.

Tunic and Knickers complete.

21 inch	...	...	18/11 set
27 inch	...	...	18/6 set
30 inch	...	...	18/6 set
33 inch	...	...	18/6 set
36 inch	...	...	18/6 set
39 inch	...	...	18/6 set
42 inch	...	...	18/6 set

The measurements quoted are from top of shoulder to bottom of skirt.

Thick Winter Coats, Navy Blue Cloth, with Belt.

27 in.	30 in.	33 in.	36 in.	39 in.	42 in.	45 in.
17/6	18/6	19/6	20/6	21/6	22/6	23/6

WRITE TO **ABERDEIN & BUTT,**
The O.F.S. Mail Order House **BLOEMFONTEIN.**



“H et ons gordels werklik so laag om ons heupe gespan?”

“Ja, ons het dit eers in die middel gedra toe dit ’n oranje-streep daarin gekry het.”

Die springjurke is gestryk deur ’n laag koerantpapier op die bed se mat te plaas, dan die springjurk met die plooië netjies ingevou, dan weer koerantpapier en dan die matras – dan slaap jy jou rok in ’n japtrap netjies! – mej. M.L. Spies

Bessie van der Wath onthou die springjurke van donkerblou Serge. Daarby het hulle wit hemde, ’n das, lang, swart kouse en swart skoene vir skool gedra. Vir sport is die swart skoene met wit “têkkies” vervang! In die winter is daar donkerblou baadjies met Oranje se wapen op die sak gedra – nog geen omboersel nie.

Uitgaandrag was “navy Serge” rompe met plooië, ’n wit hemp en Oranjedas daarby. Kerkdrag was ’n wit rokkie in die somer en ’n donkerblou pakkie in die winter. Dit maak nie saak watter seisoen of dag dit was nie, die wit panama-hoed is altyd gedra.

Die nuwelinge is ontgroen – deeglik, maar altyd op ’n beskaafde en grapperige manier. Hier was dit ’n sopie – die voorloper tot sottepap – bestaande uit ’n mengsel van asyn, mosterd, peper en kasterolie!!! ’n Drankie om tot in jou tone van te grill! (Onthou:71)

Dis ’n groot hoogtepunt vir dié klein skooltjie as hulle die nuweling groet:

“Heil, leser van ons eersteling! Behandel haar met liefde en heet haar welkom, want dis met skroom wat sy haar verskyning in die wêreld maak, die klein ou blaadjie, wat moet getuig van ons lewe op ‘Oranje’” So word Oranje se eerste jaarblad in 1920 deur die redaksie bekend gestel!

Dié jaarblad vertel die verhaal van die eerste “Re-unie” wat in 1918 gehou is!

“Eenmaal Oranje, altyd Oranje! Dit is die omskrywing van die woord Re-unie”. Elke drie jaar sou die reünie plaasvind. Tydens die eerste vergadering is daar ’n beroep op die lede gedoen om in hulle omgewing fondse in te samel vir die “Oranje Fonds”. Bettie en Maggie Beyers en Hettie en Max Meyer van Ventersburg het £50 gestuur wat hulle met ’n konsert gein het. “Kranig hoor, julle vier! Lang sal julle lewe in die Gloria!” Die oudleerlinge het verder bydraes vir die biblioteek belowe en verskeie beurse beskikbaar gestel. (1921:27)

In 1924 het die aanvanklike vyf oud-Oranjes darem deur die loop van die Reünienaweek al meer geword. Saterdagmiddag is daar tee gedrink en tennis gespeel. Ander het gekom om die “ou huis weer te deursnuffel ‘waar die gange paadjies getrap is’. Die aand was eenvoudig heerlik. Daar was ook vier ou Oranje seuns.” (1924:46) Tydens die vergadering na ete word besluit dat mej. Gladys Steyn die presidente sal bly. Die besluit dat daar elke drie jaar ’n reünie gehou moet word, word herroep. Daar sal nou jaarliks ’n byeenkoms wees om die oudleerlinge saam te trek. Die ledegeld word vasgestel op 5/- per jaar.

Mej. Linde Schoon skryf dat dr. J.D. Kestell Sondagaand die reünie kom afsluit met die besielende boodskap: “Ek kan! Oranje Reünie, sê dit saam! Ons kan, ons kan, ons kan ’n Reünie wees, ’n groeiende skare wat – anders vreemdelinge miskien – saam werk as lede van die Oranje Reünie om tot bloei te bring, en in sy edele tradisie te behou, ’n enige skool!”

Voor Oranje, Oranje
Dat, nooit zal verdwijnen
Werk elk nu z’n hardest in ‘t rond.” (1924:46)



Advertensie uit die jaarblad

Mag Oranje en haar dogters altyd leef op so ’n manier, dat hulle die Oranje motto: “Ons sal die goede vir u soek” mag waar maak.

Redaksie: Jaarblad 1920



MEISIES SKOOL

∴ „ORANJE.” ∴



1920.




Die jaarblad is maandeliks gemaak deur die Sinode van die NG Kerk se toekenning van £760 per jaar aan Oranje vir drie jaar.

J.D. Kestell tree in 1919 uit as voorsitter van die Kuratorium. Adv. P.U. Fischer word die nuwe voorsitter. Dwarsdeur die oorlog is hy President Steyn se getrouste ondersteuner. Terwyl hy nog in Holland was, kort na die Anglo-Boereoorlog, werk hy en senator Brebner by die sg. Boerehulpfonds in Den Haag. Die geld wat hier ingesamel is, is aan die twee Boererepublieke gegee en sowat £4 000 is bewillig vir die stigting van Oranje. Daarom dien adv. P.U. Fischer in die Kuratorium om die Boerehulpfonds te verteenwoordig. In die Kuratorium is dit onder andere sy plig om die regte vakke vir Oranje te kies en hy is ook verantwoordelik vir die aanstelling van onderwysers.

Hy en senator Brebner doen oneindig baie moeite om fondse in te samel vir die skool. Deur hulle samewerking met H. Otto word geld ingesamel om die Hennenmangebou op te rig. In 1928 kom daar finansiële uitkoms toe die administrasie die skool sou huur. Regter Fischer veg egter tot die bittereinde vir die skool se onafhanklikheid. Na tien jaar tree adv. P.U. Fischer uit as voorsitter van die Kuratorium. (1948:22)

Die Sinode van die NG Kerk beveel in 1919 aan dat twee dames met adviserende stem, verkieslik moeders met skoolgaande kinders, in die Kuratorium moet dien. Die vroue is mev. P. Elffers en H. Scrivenor. Hulle begin dan onder die leierskap van adv. P.U. Fischer in 1920 (Handelinge: Sinode OVS 1922:262). Tydens dieselfde sinodesitting van 1922 word reeds verslag gedoen: "Sondagskool en Katkisasie Klasse word aan die Inrigting gehou en so dikwels molik Sondagaand diens waargeneem deur die Predikant van Bloemfontein Noord."

Onder ds. Boshoff se leiding is daar by die Onderwysdepartement aansoek gedoen om finansiële hulp. Oranje, as privaat-skool, kon nie die finansies bybring nie. Daarom word dié hulp in 1928 toegestaan.



Ds. P.J.J. Boshoff: Voorsitter van die Kuratorium 1928 - 1930

Die skool was so ver uit die stad geleë dat hier selfs plek was vir twee perde, Swartland en Present. Hulle was nie baie mooi nie, maar "deugsaam". Present is as geskenk aan mej. Mabel Raubenheimer gegee en Swartland het aan mnr. Pieterse behoort. Teen ses pennies kon die leerlinge vir 'n uur lank gaan ry en vir 'n trippens kon hulle na die hospitaal ry wat daardie tyd aan die ander kant van Naval Hill was.



Outa Josef – 'n geliefde kok by Oranje



'n Geliefde personeellid word in die 1921-jaarblad onthou – Outa Josef: "Heel dag het die kinders om ou Josef gedraai om stories van hom te hoor. Gewoonlik is dit van Wolf en Jakhals, maar partyslae ook hoe gevaarlik dit op ou Witpan kan spook.

"Maar eendag begin hy somer: 'Outa het nie vandag mooi stories nie, maar ek sal julle vertel wat ek gemaak het toe my jare nog middelslag was.'

"Die kinders kom toe nog nader. 'Julle sien ek word nou oud en kan nie meer swaar werk nie, maar ek was vanmelewe 'n fluks klein jong. Toe ek moeg geword het om los werk te doen, het ek na 'n skool gegaan. Daar het hulle my kok gemaak want ek kon al goed kos kook.

"Maar, my nonnie, ek het vir hulle lekker kos gemaak! En as ek so na my wit keps en voorskoot kyk, ai, dan voel ek tog te groots. Ek hoor hulle het net oor my rys gekla, maar jy weet dis 'n baie swaar ding om te kook, en die mielies het ook party dae bietjie gebrand.

"Ek was baie lief vir al die klein nonnies en hulle was so baie. Ek was bang vir die baas van die skool, want sy was kwaai. Ek het baie lang daar gebly, toe begin my bene my pla. Die nonnies het vir my 'n mooi present gegee toe ek weggegaan het, glo vir my!" G. Theron, J.S. II (1921:27)

Nog 'n nuutjie van 1920 word 'n vaste instelling tot in die nuwe millennium: "Aan die einde van die jaar is hier 'n heerlike instelling in Oranje gemaak, nl. dat 'n afskeidsdinee, aan die einde van elke jaar, gegee word vir al die meisies wat die skool vir goed verlaat.

"Dit eetkamer het daar nie soos gewoonlik uitgesien nie, maar in die middel was daar 'n heel lange tafel, mooi versier. Daar was weemoed in ons hart, toe ons dink dat ons ons Alma Mater vir goed gaan verlaat.

"Kort, kort hoor ons 'Spiets, Spiets!' en soos gewoonlik kon 'n mens weer die stemme van die Matrieks hoor. Nadat ons ons almaal te goed gedoen het aan die lekkere eetmaal, het ons verder 'n gesellige aand in die sitkamer deurgebring, waar ons allerlei grappe saam gehad het, totdat ons na bed moes gaan.

"Dit was 'n eer om so deur mej. Raubenheimer en mej. Maartens onthaal te word." M. van Niekerk (1921:38)

"Een keer in die jaar kon ons die matrikseuns van Grey Kollege en studente van die universiteitskollege vir 'n volkspeleaand uitnoodi. Ek en my suster het gewoonlik ons broers genooi. Die oudste was 'n student, die ander 'n matriekleerling. Die oudste was bevriend met Doempies Swart.

"Doempies het sy beswaar teen die funksie teenoor my broer uitgespreek: 'Ek gaan heel ongraag na hierdie affères. Gewoonlik sit ek die hele aand opgeskeep met een van die klein meisietjies.' Dit het so gekom: Die genooies moes by die deur 'n kaartjie neem waarop 'n halwe woord gedruk is. Die meisie wat die bypassende helfte voor op haar bors aangesteek had, was dan sy gesellin vir die aand. En werklik! Dié bewuste aand kry hy vir Nellie de Klerk. Sy was 'n hokkiespeelster wat 'right inner' gespeel het. Sy was nog jonk – skaars 14 – en klein van gestalte. Doempies was oor die ses voet! As hy met haar moes dans, het hy gaan hurk en soos 'n padda gehop. 'Ek sal nie weer 'n uitnodiging aanneem nie,' het hy op pad terug universiteit toe vir my broer gesê. 'Jy het nou gesien met wie ek die hele aand opgeskeep gesit het! Dit is darem te veel verwag.'

"'n Paar jaar later het Doempies met dieselfde nooientjie getrou en baie jare met haar geslyt. Van opgeskeep sit, was daar nooit meer sprake nie. Dit was die eerste Staatspresidentpaar van die Republiek van Suid-Afrika!" Talitha Schulz (Brief uit Oranje se argief)



Universiteitslied deur C.R. Swart in 'n "autograph"

Die statige man het 'n besliste verbintenis met Oranje




Staatspresident C.R. Swart en sy Nellie de Klerk



Helena le Roux Voigt is getroud met sir De Villiers Graaf

Nellie de Klerk deel Oranje se skoolbanke met Helena le Roux Voigt. Later sou hulle ook die politieke arena deel: Nellie trou met C.R. Swart wat staatspresident sou word en Helena trou met sir De Villiers Graaf, die leier van die opposisie in dieselfde parlement!



In 1920 het die meisies van kamer 5, Lena en Dora Hörneman, Margaret en Martha Salzmänn, Bettie du Toit, Kitty van Zijl, Hester Krogh en die leier Talitha Schulz, besluit om Oranje se verjaardag spesiaal te maak.

Voordat die opstaanklok kon lui, het hulle voor die koshuis aangetree en 'Prys den Heer met blijde galmen' gesing soos dit gebruiklik was. Daarna is 'Driewerf gegroet, onze hulde Oranje' gesing. Oral het meisies en onderwyseresse in kamerjasse op die stoep en die balkon verskyn.

Dora het om sesuur die klok onder die mimosaboom gelui, want reëls is reëls! Toe het die meisies drie kringe gevorm: die binneste nie te groot nie en twee daaromheen (Is dit die begin van ons kreetformasie?). Die binneste en buitenste kring het regsom gestap, die middelste linksom en toe is daar passies uitgehaal en gesing... 'Aai, aai, die witbors-kraai'... 'Daar kom tant Alie'... 'So ry die trein'... 'Pollie ons gaan Pêrel toe'...

Kortpouse is al die leerlinge saal toe geroep. Mej. Maartens was aan die woord: "Ons het met die skoolkommissie in aanraking gekom en vir hulle van die gebeure hier vertel. Hulle deel in jul vreugde en na ons hier klaar is, kan almal huis toe gaan. Dit is hul geskenk aan julle. Dit is besluit dat van nou af elke verjaardag 'n vakansiedag sal wees."

Aan die begin van 1921 het mej. Raubenheimer aan Talitha Schulz (later Ammerman) gevra om 'n verjaardag lied vir die skool te dig. Juis sy omdat sy reeds vantevore in Duits, Engels en Afrikaans gedig het. Prof. P.K. de Villiers, wat by Oranje musiek onderrig het, het die gedig getoonset. Op 11 April 1921 is dit die eerste keer gesing tot groot vreugde en trots van Talitha en prof. De Villiers! Dit is later in die FAK opgeneem.

Oranje verjaardag lied

Talitha Schulz 1921 Getoonset: P.K. de Villiers

*"Oranje! Oranje! Oranjeskool! Oranjeskool wat ons bemin,
Hoe bly is ons vandag! Jy het maar in die klein begin,
Ook goed daarin geslaag. 'n Jaar het weer verbygegaan,
En jy het ook nie stil gestaan. En jy het ook nie stil gestaan,
Maar steeds vooruitgegaan. Vooruit! Was altyd maar jou leus
Laat kom wat wil of mag, Vooruit! Dit sal ons leus ook bly,
Tot in die nageslag!"*



Talitha Schultz

Mev. pres. Steyn woon die skool se sestiende verjaardag by en skryf dan aan Emily Hobhouse: "The girls rocketed me. I don't know if you know how it is done. They have a cry and then make a sound imitating a rocket and then call out your name and three hoera's were given. They seemed delighted I was able to come in." (Tibbie:99)

'n Legende kom in Maart 1920 by Oranje aan: mnr. en mev. J.L. Pieterse! Meneer Pieterse se taak was om Oranje in stand te hou en om die juffrouens se regterhand te wees – 'n taak wat hy met entoesiasme aanpak en volhou tot in November 1959.

Hy moes klaskamers “prakseer” toe daar nie meer ruimte was nie – selfs in sy eie huis is skoolgegaan. Hy moes die verhoog bou as 'n konsert opgevoer word. Hy moes die dogters se veiligheid in gedagte hou as die ysterklip op ons terrein met dinamiet geskiet word om fondasies te grawe. Hy moes die tuine versorg en in stand hou – gelukkig het hy groen vingers en kon mildelik raad uitdeel in dié verband.

“'n Juffrou Koeks moes een aand 'n sanguitvoering gee. Terwyl sy op haar bed lê en rus, bars 'n storm los en die onderste vloer van die koshuis word oorstrom. Mnr. Pieterse en sy helpers moes vir Koeks op haar bed uit haar kamer dra, tot ontsteltenis van die kinders wat die rustende juffrou met die oliekolonie lappies op haar oë, vir dood aangesien het. Nog groter was hul verbasing later die aand toe sy in die eetsaal ingestap kom, fleurig aangetrek en uitgerus vir haar sanguitvoering.” (Onthou:74)

Mnr. en mev. Pieterse het wandelende ensiklopedieë oor Oranje geword. Hulle het die geskiedenis, die mense en ondeunde leerlinge geken en gewaardeer.




Mnr. en mev. J.L. Pieterse: Terreinman 1920-1959

Voorat genl. C.R. de Wet die Hennenmansaal, waarvoor hy ook 'n groot som geld gegee het, kon sien, sterf hy in Februarie 1922. Hy was een van pres. Steyn se groot ondersteuners; daarom was hy ook 'n spesiale vriend van Oranje. Hy, die krygsman, word by die staatsman (pres. Steyn) aan die voet van die Vrouemonument begrawe.

Die Oranjeleerlinge woon die begrafnis by en vorm die belyning aan die linkerkant van Kerkstraat. Daarna ry die dogters per trein na die Vrouemonument waar hy by pres. Steyn begrawe is. Hier het vier leerlinge 'n krans op sy graf geplaas.


Genl. C.R. de Wet



Groot was die vreugde op 27 April 1922 toe die Hennenmansaal, langs die Groenewaldsaal, ingewy is! Daar was nou agt nuwe klaskamers, 'n laboratorium, 'n kunsamer en 'n tweede saal! Dit was 'n groot verligting, want vanaf 1916 was daar so 'n ernstige tekort aan klaskamers dat sommige klasse somer in die buitelug plaasgevind het.

“The 27th of April was a memorable day for Oranje...it was a holiday celebrating the Anniversary of Oranje, it was the principal's birthday ...

Mej. Maartens se verjaardag word met blomme gevier!



Tot eer van God gewy aan die wetenskaplike, kulturele en geestelike ontwikkeling van die jonge dogters van Suid-Afrika. Gelê op 11 April 1921 deur die edele heer P.F. Hennenman.



.....and it was the opening of the Hennenman building:

"The excitement commenced in the morning when the school sports took place. In this everyone took part 'for the sole purpose of making a fool of herself'.

"All this was nothing compared with the afternoon's excitement. As the dining room had to be arranged for the afternoon the girls had a somewhat hasty but enjoyable meal – picnic fashion – in the open air.

"There was no thought of rest after dinner but a wild rush was made to get dressed as quickly as possible as – or did I hear wrongly? – the boys from the different colleges were sure to be among the august visitors.

"Again and again hair was arranged and rearranged, but it would not fall just as it was wanted. However, as the 2:30 bell resounded through the school, the occupants took a last tender look at the mirror and after a great deal of puffing they hurried out prepared to meet the inevitable.

"There was a crowd waiting outside the hall which was to be opened. The girls in their fresh white frocks formed a pretty picture, while a gasp of admiration followed the arrival of the staff who, if they but knew it, looked wonderful.

Die leerlinge in wit getooi en opgewonde omdat die Hennenmansaal ingewy word.




"The girls were beginning to tire of standing outside when at last the long line of soberly dressed ministers from the Dutch Reformed Church arrived, and, as if by magic each minister was soon surrounded by a group of girls all eager to speak to 'their minister'. Then in deep and thrilling tones one minister commenced the ceremony of opening the school. Eventually the ministers entered the hall by the top door while the girls after a wild scuffle to be first entered by the lower door.

"It was remarkable that the smaller persons were still alive after the stampede.

"In the hall silence reigned supreme. After the speeches the girls, conducted by prof. P.K. de Villiers, rendered a song.

"Then the guests streamed out to partake of some light refreshments. A terrible massacre took place in the kitchen. Petcorns were not at all appreciated but were trodden on heavily. It was of minor consequence that steaming tea was poured on to the hands, faces and dresses of the girls. Alas! what evil befell the girls who acted as waitresses in that kitchen! Happily their suffering were somewhat modified on being told to help themselves to the cake! Y. Lovius, S.M. I (1922:41)



Petrus Ferdinand Hennenman
Gebore in Holland.
Troue burger en edele weldoener van sy aangenome vaderland. Skenker van £500 aan die Meisieskool Oranje, Bloemfontein.



In Die Huisgenoot van 5 Desember 1921 verskyn daar 'n artikel oor Oranje - meer nog, op die voorblad is 'n foto van Petrus F. Hennenman.

Die Huisgenoot rapporteer: "Op Oranje word gestrewe om sover moontlik die nuutste en beste leermetodes te volg, en om die leerlinge dieselfde keuse van vakke te gee soos in die Staatskole, 'n breëre, indien moontlik!"

Oor die koshuis berig Die Huisgenoot "dis die gees wat onder staf en dogters heers; die aangename familiegevoel, veral gedurende etenstye wanneer die lewendige gesprek van die kinders die eetsaal met 'n vriendelike gesuis vervul."

Na die lees van die artikel besef jy dat dit nie sommer deur 'n joernalis geskryf is nie. Nee, dit is deur mej. H. Postma, die geliefde kindertuinonderwyseres, geskryf en sy kon net met oë vol liefde en 'n omgeehart na Oranje kyk.

Oranje se eetsaal in 1920.

Mej. H. Postma skryf met oorgawe oor Oranje se akademie, want die 1921-uitslae lyk baie goed:

Eksamen Resultate, 1921

Musiekeksamens

	Ingestuur	Geslaag	
Teorie.....	17	17	
Laer Harmonie.....	3	3	(lof)
Hoër Harmonie.....	1	1	
Interm. Harmonie.....	7	7	
Laer Piano.....	5	5	
Hoër Piano.....	5	4	
Interm. Piano.....	1	1	(lof)
Gevorderde Piano.....	4	3	
Gevorderde Viool	1	1	(lof)
	—	—	
Totaal	44	42	

Matrikulasie

Ingestuur: 6 Geslaag: 6 (2 Twedeklas, 3 Derdeklas, 1 Nuwe Regulasies

Privaat ingestuur: 1 Geslaag: 1

Senior Sertifikaat

Ingestuur: 6 Geslaag: 6 (1 Twedeklas, 5 Derdeklas)

Privaat ingestuur: 3 Geslaag: 3

Junior Sertifikaat

Ingestuur: 21 Geslaag: 21 (7 Eersteklas, 10 Twedeklas, 4 Derdeklas)

Privaat ingestuur: 19 Geslaag: 9

Laer Taalbond

Ingestuur: 27 Geslaag: 24 (5 Eersteklas, 19 Twedeklas)

Hoër Taalbond

Ingestuur: 17 Geslaag: 15 (2 Eersteklas, 13 Twedeklas)

Geskiedenis Taalbond

Ingestuur: 13 Geslaag: 10"

(1922)

Mejuffrou Postma se “familiegevoel” loop oor in die leerlinge se optrede as hulle dankie sê vir die “gifte” wat Oranje ontvang:

- Die Senior Matrieks van 1923 vir twee groot, elektriese waaiers vir die eetkamer. Heeljaar het hulle gewerk en omtrent £30 bymekaar gekry om die afskeidspresent aan die skool te gee.
- Mnr. Henning van Zastron en mnr. Odendaal van Bethlehem vir bekers wat die belangstelling in sport sal aanwakker.
- Ds. Louw vir twee heerlike “skoppermaaiers”.



- Die Ambagskool vir drie riempie-opvoustoeltjies vir die Kindertuin.
- Mnr. Van der Spuy vir die mooi boekprys vir die beste Afrikaanse leerling in Oranje in 1923. (Talitha Schulz het dit gewen.)
- "Last but not least" Mev. Fischer! Uit piëteit vir die nagedagtenis van pres. Steyn, span sy haar uiterste kragte in en stry sy met 'n energie en begaafdheid wat iedereen se bewondering afdwing vir die voortbestaan van Oranje. Vir haar en almal wat haar help, kan ons nie dankbaar genoeg wees nie. (1924:44)

Sedert Oranje se ontstaan was die "Direktriese" in beheer van die koshuis en die skoolhoof in beheer van die akademiese werk. Na mej. Mabel Raubenheimer se vertrek aan die einde van 1923 verval die "direktriese"-pos. Die skoolhoof moes nou albei funksies vervul.

Mabel groet Oranje in haar eie woorde: “Wat ’n voorreg om hier te kon wees. My dertien jare in Oranje is verby en ek voel of ek soos Abraham geseën was met kinders en kindskinders 'als de sterren des hemels, en als het zand dat aan de oever der zee is.' En gepaard met die seën het ek nog die poorte van Oranje vir 'n lang tyd 'erfelijk mag besit'.

“Een ding het ek op Oranje geleer en dit is dat dit ’n heerlike werk is om opvoeder te wees. My lewe hier tussen so veel andere wat dieselfde doel beoog het, het ’n wonderlik ontwikkeling vir my beteken. Ek het van die gedagte deurdring geraak: Die grootste bate van ’n volk is sy dogters en seuns. Ons moet hulle die toerusting gee wat hulle die beste vir die lewe sal voorberei. Dit is nie ’n kwessie van uitgawe of besuiniging nie, maar ’n lewensvereiste. Wat ons uitgee aan geld of kragte, vir die opvoeding van ons kinders, kry ons volk viervoudig weer.” (1923:45)

Mabel Raubenheimer: Assistent 1911-1918 Direktrise 1919 - 1923



’n Besondere oudleerling is tannie Engeltjie – die skulpievrou van Jeffreysbaai – of dan Engeltjie Maritz soos sy in 1924 bekend was toe sy hier gematrikuleer het. Sy is die dogter van genl. Manie Maritz. Na die Rebelle is sy saam met haar ouers na Duitsland en nog later immigrer hulle na Namibië. Aangesien haar vader geïnterneer is, kon hulle nie terugkom na Suid-Afrika nie. Haar ma het ’n plan gemaak om haar dogter geleerd te kry. Eindelik het die Suid-Afrikaanse regering toegestem dat sy in die destydse Unie kon kom leer, op voorwaarde dat sy na Oranje moes kom.

Tannie Engeltjie vertel van haar swakheid vir kondensmelk – sy het gou uitgevind dat sy die skoolrok se plooië kon kleiner maak. Dan pas die rok steeds.

Net na haar troue word sy ’n sakevrou in Jeffreysbaai wat ’n eie boot besit en vissermanne huur om te gaan visvang. Sy het ook ’n klompie mense in diens geneem om haar te help met die skulpskeppings. Sy het borsspelde vir die OK Basaars gemaak en dit verkoop teen 2/6 (dit was 25c). Die borsspelde was baie gewild en sy het groot bestellings afgelewer.



Engeltjie Maritz en haar skulpskeppings.



Mev. Edeling, waarnemende skoolhoof, en die kuratore het in 1924 ’n baie spesiale aanstelling vir die Kindertuin gemaak. Mej. Hilda Postma bly tot in 1949 by Oranje. Sy kon met kleinmensies werk en omtoor hul wêreld in ’n sprokie! Sy onthou selfs haar kleintjies se grappies: Die seuntjie wat vir die eerste keer op sy ouma se plaas ’n kalkoen sien en toe die kombuis instorm: “Ouma, Ouma, kom kyk gou. Ouma se hoenderhaan blom!”

Sy vertel hoe die Kindertuinklas in dié jare moes trek: “Die Kindertuin is in 1924 op die Groenewaldsaal se verhoog gehuisves. Die geskiedenis van die seniors het begin kla en toe skuif die kleintjies na die ander kant van die saal wat later as die biblioteek sou dien. Tóé skuif hulle na ’n klaskamer langs die Groenewaldsaal – ’n ruim vertrek. Daar eet die kleintjies die groen appelkose en word siek – die bome moes boet... hulle moes uit! Die karees is toe langs die hokkiebaan geplant.

“Van hierdie kamer het die kleintjies weer die rus van die Kookkunsjuffrou verloor. Eindelik in hierdie klas is die lang sangbankies vervang met eikehout tafeltjies en stoeltjies vir elke leerling.

“Mej. Schoon kom met die voorstel dat daar ’n spesiale klas vir die Kindertuin gebou moet word omdat hulle speelydpret steurnis veroorsaak veral gedurende eksamentye.

“So word die hospitaalgeboutjie die volgende klaskamer. Heerlik was dit daar in die rantjie. Die mooi struik en bosse in die warm somer met genoeg grillerige gerugte van slange om die lewe interessant te maak. Om nie te praat van

die lang, steil afdraand vóór die geboutjie wat ’n ware oefenveld vir allerhande kaskenades was!

“In 1942 trek ons weer van daardie ideale koninkryk na die nuwe dubbelverdiepinglaerskoolgebou. Tot die kinders se teleurstelling het ons nie ‘bo’ ’n kamer gekry nie. Die Kindertuinklavier en die speelyd-lawaaï dwing die hoof om in 1944 te beplan aan ’n spesiale gebou wat in 1945 betrek is. Dis die smaakvolle, doeltreffende kindertuingebou anderkant die terrasse met hul groen kareebome wat volop skaduwee en volop kloutergenot verskaf. Wie onthou nog die ‘Brolloks en Bittergalboom’? Hier wou klein Zaza Fichardt nie skoolgaan

nie. Haar Dadda moes eers elke oggend buite op ’n klip sit en wag. Totdat Zaza eendag dansend aankondig: Dadda kan maar loop, maar hy moet my 12 uur weer kom haal. Dié lieflike, interessante, mededeelsame kindjie sou in matriek (1958) die hoofmeisie word.

“Dit was deur die jare, ’n voorreg om daardie kindertjies te leer en te help ontwikkel. Van menigeen van hulle kon die Juffrou ook ’n lesjie leer.

“Mag die oggendliedere waarmee elke skooldag begin is, deur die jare in hul harte weerklank vind.” (1957:52)

Mej. Hilda Postma: Die kinders word groot, maar die herinnering aan hulle prettige lewenslus, spontane begrip en meegevoel met hul juffrou bly kosbare herinneringe.



Regter Fischer het sommer op eie rekening die stoeltjies aangevul wanneer die klasgetalle groei!

“Onderwysers in twintigerjare

- Juf. L. Schoon gee Afrikaans – sonder haar was Oranje ondenkbaar.
- Juf. Spratt gee somme – sy was fyn en klein en ons was lief vir haar.
- Juf. De Villiers het Matesis gegee.
- Juf. Herbst, Engelssprekend en gee Engels – ons kleintjies was vir haar bang.
- Juf. E. van der Spuy gee Engels en laat ons “She stoops to conquer” opvoer.
- Juf. Emmie van der Spuy gee na 27 April 1922 eerste in die nuwe klas Kuns.
- Juf. Chrissie Steyn gee Geskiedenis.
- Juf. Van der Westhuizen se glimlag onthou ons.
- Juf. Postma van die Kindertuin – almal was lief vir die klein mensie met die groot hart en groot idees.
- Miss Aitken en Lena Hörneman vir sport.”

Bessie Hugo, Matriek 1927



Mev. pres. Steyn

Saam met mej. Maartens maak die matrone, mej. Bessie Naudé, geskiedenis toe sy begin met die instelling van “oggendgodsdienste met al die naturellebediendes: wassery-, eetkamer- en slaapkamerbediendes. Dit was ’n voorreg om dit by te woon, want hulle kón sing – veral die spesiale lied ‘Sweeping through the gates of Jerusalem’.” (1957:33)

Mev. pres. Steyn besoek steeds gereeld die skool. Sy neem die plek van haar man in wat rigtinggewing, krag en morele ondersteuning beteken. Sy beïndruk die leerlinge en die personeel en vuur hulle aan tot vaderlandsliefde en die geloof in die goeie en edele. Enkele uittreksels:

Stadig en regop, met ’n vriendelike laggie, kom sy deur die eetkamer gestap. Haar oë glinster van liefde...Alhoewel sy nie meer so jonk is nie, praat sy vol van vuur en liefde van die verlede, sowel as van die hede. Haar lag, so opgeruimd en vrolik, wat telkens tussen haar woorde opklink, laat ieder haar meer liefkry, en wens dat sy maar altyd by ons kon wees.

Dora Snoek

Hoe lief het ons ons Ouma nie! Al is ons uit Oranje, sal ons haar altyd hou as ’n voorbeeld van wat ’n vrou kan wees.

Dina de Jager

Wie anders as ’n edele moeder, wat die welstand en vooruitgang van haar nasie altyd so op haar hart gedra het as mevrou President Steyn, kon, trots liggaamlike swaakteit, die klompie lewendige Meisies so deur haar stille invloed boei, en hulle so vertroulik toespreek! Wie van die Meisies het nie gevoel dat dit iemand was om op trots te wees, wat daar so lief en vol grappies een en ander uit haar skooldae en jonglewe meegedeel het!

Toe ons haar hand druk, en daarop nog ’n woordjie van aanmoediging van haar ontvang, was ons algar besiel met ’n begeerte om te lewe en te sterwe vir die vooruitgang van Oranje, waarvan so ’n edele en dierbare ouma is, en so ’n groot en edele man die stigter.

Helena Lindeque

Vier geslagte op Meisieskool Oranje

Wie sal weet? Dalk het mev. R.I. Steyn vir Toitjie de Jager (later Swanepoel) ook beïndruk? Sy matriculeer in 1924 aan Oranje. Haar nageslag – tot in die vierde geslag – gaan op Oranje skool.

Soos grootjie Toitjie de Jager, het haar hele nageslag deel geword van Oranje se verwelkoming. M. Dry, ’n matriculant in 1921, beskryf dit so:

Insout

“Wie kan die angs van ’n groene beskryf as sy nog ingesout word? Om vir die eerste keer na ’n kosskool te gaan is al ’n bittere iets en die nagmerrie: ‘Ek moet ingesout word,’ maak dit onuithoudelik. En tog, as ons later daar aan terug dink, dan is dit nie met bitterheid nie, maar met genot.

“As ons net ’n paar keer ingesout het in plaas van om ingesout te word, dan begin ons die eigenlike betekenis van die hele insoutery te sien. Deur insout maak ons die groenes ware lede van die skool; en voor hulle dit kan wees moet hulle as ’t ware deur ’n smeltkroes gaan; hulle moet toon dat hulle waardig is om lede van die skool te wees. Die insoutingsproses is dus ingestel om hulle te doop as lede van die skool.

“Waar oues en groenes bymekaar kom om laasgenoemde in te sout moet daar dan ook nie ’n gevoel van haat of nyd wees nie. Iedereen moet voel: Ek wil saam werk om vir my skool ’n goeie naam te verwerf. Dit moet die tyd wees wanneer ons mekaar die hand gee met ’n doel om steeds in alle dinge die beste vir ons skool te soek.” (1921:55)

Mej. Maartens, later mev. Van Schouwenburg, woon Oranje se halfeeufties by. Die Oranje-omgewing het verander, maar sy ervaar steeds die hartlikheid en warmte. Sy groet in die volgende woorde:

“Dankie, Oranje, vir jou liefde in lief en leed, vir die verryking van my lewe, vir lieflike herinneringe, vir dierbare vriende wat my gedra het in moeilike tye, vir die liewe dogters wat jy aan ons land gegee het en nog gee. Driewerf gegroet onze hulde, Oranje!” (1957:51)

Vier Geslagte op Oranje Meisieskool

"24 eendjies in 'n ry."

1907 - 2007

Toitjie de Jager ± 1923 / 24 (2jaar).
Sy was van Wepener en is later
getroud met Hans Swanepoel.

Toitjie de Jager
(Swanepoel)
1923 - 1924 (2 jaar)

Rita Swanepoel
(van den Berg)
1943 - 1949 (7 jaar)

Johanna Swanepoel
(Snyman)
1943 - 1951 (7 jaar)

Eselle Swanepoel
(Smith)
1945 - 1953 (6 jaar)

Rosa-Marie Swanepoel
(Potgieter)
1950 - 1961 (7 jaar)

Toitjie van den Berg
(van Deventer)
1959 - 1977 (8 jaar)

Helena van den Berg
(du Preez)
1970 - 1978 (8 jaar)

Toitjie Snyman
(Muller)
1973 - 1977 (13 jaar)

Toitjie Smith
(Vorster)
1971 - 1976 (6 jaar)

Annatjie Smith
(Schlünz)
1975 - 1980 (6 jaar)

Lettie Snyman
(Prinsloo)
1975 - 1979 (5 jaar)

Elsie Swanepoel
(Schutte)
1980 - 1984 (5 jaar)

Hannatjie Snyman
1980 (13 jaar)

Aatla Swanepoel
(Myburgh)
1983 - 1987 (15 jaar)

Toitjie Swanepoel
(van der Berg)
1984 - 1988 (5 jaar)

Margarita du Preez
(Datum) (±7 jaar)

Marcia van den Berg
1994 - 1997 (4 jaar)

Jonita van den Berg
1994 - 2001 (9 jaar)

Juhlette Prinsloo
1998 - 2004 (7 jaar)

Nelmarie Swanepoel
2005 -

Carlie Smith
2000 -

Marguerite Smith
2006 -

Ferreira Swanepoel
Oranje Speelgroep
2005 -

Hymie van der Berg
Oranje Speelgroep
2006 -

“’n PAAR NUTTIGE RESEPPE
(OORLEWERING)

As meisies die volgende reseppe goed
onthou kan hulle hulle self help, as
hulle dalk siek word, en hoef dan nie vir
Suster te gaan lastig val nie:

VIR TANDPYN
Tinktinkiebloed en kraai se aptyt,
Vier lepels hondeblaf,
Jakhals se huid en wolf se buit,
En ’n ystervark se draf.

VIR HOOF PYN
’n Emmer sonskyn in ’n sak gevang,
Van leeubrul sowat,
Die sleepsels van ’n waterslang
En die skadeweë van ’n kat.

VIR KOLIEK
’n Houtekis, goed vol met wind,
Met ’n pond verslaande wasem,
Die ouderdom van maer Gert se kind
En ’n bobbejaan se asem.”

Jaarblad 1922

Junior Matriek II
Dis die saal,
dis die gang,
dis die ope lug,
daarin sit ’n klas
wat hevig sug,
dis al.

Dis ’n balling gekom
van die J.M. I
dis ’n klas gedwee,
met hul lot tevrede,
dis al.
Christa Coetzee, J.M. II 1921

TWEDE STUDIEUUR
(Aan Lena v. Niekerk S.M. II Klas, 21 Okt 1927)

Te verleid’lik deur die ruite
Gloei die skemerlig daar buite,
Ver oor bossierand!
Ag, vir woorde wat kan skrywe
Hoe die wondervolkies drywe;
Skepies aan die brand!
Kyk, so sag daal nou die donker,
Skaam begin die sterre flonker,
Iewers roep ’n kriek.....
Nee, kom terug, Verleide Sinne,
T’rug hier na die boeke binne,
Plig roep hard – Matriek!
Juf. Hilda Postma

Brokkies

TOEKOMS DROME

Iedereen het drome van die toekoms as sy
jonk is, kastele wat ons in die lug van die
toekoms oprig. Daarom moet dit so akelig
wees om stokoud te word, om nie meer na die
toekomende jare te verlang nie, maar om net
terug te kyk na die vergange jare, en kastele
wat geval het te beskou.

As jy twaalf of dertien is, kom daar tot iedereen
’n droom om ’n onderwyseres te word, ’n
regte kwaaië een; die rede van die droom, is
waarskynlik dat die jare van twaalf en dertien
die stoutste jare van jou lewe is, sodat die
onderwyseres verplig is om jou meer straf te
gee dat wat jy dink jy verdien.

’n Paar jaar later, en jou drome verander weer.
Dit word meer idealisties; tegelyk meer prakties.
Jy droom daarvan om in die toekomende jare
’n skool te regeer, of ’n plaas te besit, waarop
blomme gekweek en hoenders aangeteel
word; of jy vlieg nog hoër en wil ’n skrywer, ’n
digter, ’n skilder of ’n dokter wees. Idealisties
hierdie, omdat jy onder die bekende mense
van die wêreld wil wees, praktiese drome
omdat dit deur ywerheid moontlik is om hulle
te verwesenlik.

Toekomsdrome van ouere mense ken ek nie,
want ek is nog nie self baie oud nie, maar as
hulle daaroor droom om opregte manne en
vroue te wees, hul land te verbeter en hul
kinders as ware Afrikaners op te voed, dan
hoop ek dat hul drome sal vervul word.

Joyce Scrivenor 1922

TO A PHOTOGRAPH

Why are you so high up there?
When I ask, you only stare.
When I ask you, “Going to bed?”
You do not even shake your head.
You have great, big, staring eyes,
And look, oh, so very wise!
You have hair as well as a nose.
Don’t you ever want to doze?
Don’t you ever laugh and talk,
And can’t you ever try to walk?
Oh, I’m tired of asking you
Who you are and what you do.
Y.L. 1923

KOMAAN (’n Parodie)

Daar’s ’n span te lei,
Daar’s ’n wedstryd te stry.
Daar’s werk!
Daar’s nie na guns of eer te kyk
daar’s nie na links of regs te wyk,
daar’s net te swyg en aan te stryk,
Komaan.

Speel hard!
Daar’s ’n bal te keer
vir die skool se eer,
Komaan!
Laat goals alleen jul mikpunt wees
Aan skool en span getrou te wees.
Gesond en vlug van hand en gees
Komaan!
D. Hörneman 1922



1924-1927



*Leef só dat jy ander se
lewens makliker maak.*

Mej. L.H. de Bruyn

Jul. 1924 - Jun. 1927

As mej. Maartens in Januarie vertrek, staan die skool herderloos. Mev. C. Edeling word as waarnemende hoof aangestel. Die kuratore begin dadelik na 'n opvolger soek.

*“Geduld en goeie lesse
laat jou die leer klim.”*

Mev. C. Edeling

Feb. 1924 - Jun. 1924



Daar is nou elke oggend tydens die oggendgodsdien in die Groenewaldsaal 'n ander atmosfeer – daar is stoele! Niemand hoef meer op die grond te sit nie, al het dit mej. Maartens so bekoor!



Drie stoele is vir die verhoog van die Groenewaldsaal geskenk.

Dis nie net die stoele wat nuut is in die Groenewaldsaal nie - in 1925 kry die verhoog gordyne. Drie van die onderwyseresse het die toneelstuk “Lenie” aangebied en met behulp van drie here van die stad 'n groot sukses daarvan gemaak. Dié geld kon vir die gordyne betaal!!




Die groepie akteurs "koop" die Groenewaldsaal se gordyne.

Na die Julievakansie kom die nuwe hoof - mej. De Bruyn is nie 'n vreemdeling by die skool nie. Sy het tot in 1922 Plantkunde hier gedoseer. Die pos is vir haar 'n nuwe uitdaging. Sy is hartlik terugverwelkom deur oudkollegas en die leerlinge. As hoof kry mej. De Bruyn somer in Augustus al die wind van voor toe Mimmie Botha, 'n leerling, aan griep en inflammasie sterf.

Die biblioteek bly 'n bron van kennis en vreugde. Mnr. Hennenman het Oranje nie vergeet nie. Hy skenk £10 vir nuwe Afrikaanse boeke. Met die onderwyers en leerlinge se subskripsiegeld aan die biblioteek word nog nuwe boeke aangekoop. In hierdie jare is die biblioteek 'n wonderlike gemeenskapsprojek, want uit alle oorde teken vriende en ondersteuners vir die skool in op tydskrifte. Die Volksblad skenk die dagblad en ook die 'Landbou Weekblad'. Dan bly die Bidwells nog die grootste ondersteuner wat die tuin aanlê en in stand hou – daarom praat die biblioteekkomitee van hulle in Shakespearetaal: "I am wealthy in my friends". (1924:51)

Maria Senekal laat naweke in die koshuis idillies klink. Daar is selfs saans lig in die biblioteek as jy "jou woordeskaf wil verryk of as die leeslus jou pak". Eintlik is Saterdag die luilekkerdag sonder klokke en dan kan jy rondsit en rondloop op die terrein sonder dat die horlosie jou bewegings regeer. Sondae word Bybelkringe voor ontbyt in Hamiltonpark gehou waar die voëltjies die rusdag onderstreep. Dan tree die koshuis in gelid aan en stap na die Tweetoringkerk. Gelukkig is Grey ook daar. Daar is dus 'n moontlikheid dat jy jou broer of vriend kan raakloop! Sondagmiddag is katkisasie en as dit donker word, stap die ry dogters in wit weer na die Tweetoringkerk. (1924)



Die koshuisleerlinge stap in gelid en in stilte na die Tweetoringkerk - twee keer op 'n Sondag.

Al is die naweke hóé idillies, daar bly 'n vlieg in die self... al moet "ek" dit self erken:

*Hoewel 'n lelike klok,
Bestaan ek vir 'n goeie doel.
Ek doen my werk al val kapok,
En vroeg laat ek die meisies woel.*

*Vroeg-vroeg, in die oggend vaal,
As baie mense nog wil slaap,
Sing en roep ek van my paal;
Dan mag die meisies nie meer gaap.*

*"Ag, ek wens die klok was waar!"
Hoor jy die luie slapers sê,
"Want dag, nog week, nog maand nog jaar,
Laat hy ons toe om laat te lê."*

*Maar, hoe dat hul my ook verwens,
So op die tyd lui ek maar weer.
Dis nie hul agting wat ek wens,
Gehoorzaamheid vereer my meer.*

Andrée Joubert 1924



Die ou klok wat voor die koshuis gestaan het, is later na die Laerskool verskuif.

Hoewel daar vroeg reeds sprake is van mej. Wessels, die naaldwerkjuffrou, wat bloese vir die dogters ontwerp het, is die “Klere Uitrusting” eers in die 1925-Prospektus aangedui:

- Klere Uitrusting.**
Vir beste Drag:-
1 Donkerblou Mantelpak (Coat and Skirt) met wit rol boordjie vir winter.
1 Wit Rok vir Somer.
1 Donkerblou Skirt met Wit Bloese of Jumpers en Donkerbou Matroseboordjie en Mansjette vir wandeling.
1 Haarlint Swart vir dag.
1 Haarlint Wit vir aand.
2 Paar Skoene (Swart met lae hakke).



Die sport is verpligtend, die skoolklere is voorskriftelik, maar die sportklere bestaan nie. Was dit om geld te bespaar?

- 3 Paar Kouse (Eenvoudige Swart katoen kouse).
2 Handdoeke.
3 Lakens.
2 Slope.
1 Donkerblou Serge Gimnastiek Kostuum, na die vereiste styl gemaak.
’n Skoolkleur Baadjie (Blazer).

Al die klere moet duidelik met die volle naam van die eienares gemerk wees.” (1925:8)

Liggaamlike Ontwikkeling:

Opelug spelle is verpligtend. Hulle word georganiseer en gespeel onder behoorlike toesig. Dit word verwag dat elke meisie lid sal word van die Sports Klub en aan vier spelle sal meedoen: Hokkie, Tennis, Korfbal en Krieket.

(1925:7)

YOUR SCHOOL REQUISITES!

THE LARGEST SELECTION TO CHOOSE FROM IN THE O.P.S.
SET BOOKS FOR ALL EXAMINATIONS
IN AFRIKAANS, ENGLISH, DUTCH, GERMAN AND FRENCH.

School Stationery and School Material of all Descriptions.

Special Offer in Examination and Exercise Books.

Our New Gramophone Saloon.

Sole Agents:

For the World Famous Edison and Columbia Grafonola.

COME IN! and hear these Beautiful Instruments.
It is always a pleasure to play them for you.

We have upwards of 3,000 Records to select from.
of all the New Popular Numbers.

YOUR INSPECTION CORDIALLY INVITED.

Deale Bros., Limited.

'Phones 67 and 103. Box 251.
INCORPORATING ANDERSON & CO.

Die Oranje Skool Meisjes Weet hoe om aan te trek.

Dit is ’n bekende Feit

en

Ons is hier om hulle te voorsien van die mooiste klere. Ons Draperie en Dames Vertoonkamer het alles wat die jong dames nodig het.

Damekies ons nooi julle uit om ons ’n besoek te bring; julle sal dit geniet om al die mooi goed te sien.

Besoek, skryf of foon seker julle winkel.

A. Fichardt, Bpk.

BLOEMFONTEIN.

on 696.

Bus 242.

**VIR AL U DRAPERIE
BENODIGHEDE
VRA EERS en ALTYD
BY
ABERDEIN EN BUTT,
DIE
POPULERE HANDELS-
HUIS.**

Aberdein & Butt at all seasons of the year keep the finest selection of Ladies' and Children's Drapery in the Free State, and we especially cater for clients in the country. We send samples free. Pay postage or postage, and goods can be had on approval if desired.

Girls' Alwetha Raincoats ... 30/- to 45/-
Girls' Alwetha Rain Capes, 21/- to 24/-
The Hurricane Raincoat, only ... 36/-
Ladies' Open Top Vests, from ... 1/9
Maid Marion Vests, only ... 8/11
Children's Gym. Costumes, from 11/6 to 20/6
Smart Chubby Umbrellas, at 8/6 & 10/6
Children's Panama Hats, from ... 10/6
Ladies' Ready-to-Wear Hats, from 10/6
Charming Underwear at lowest prices.
Bathing Costumes, from ... 6/11
Bathing Caps, from ... 1/6
Dress Material of every description.
Write for Our Catalogue.

ABERDEIN & BUTT.
Maitland Straat, BLOEMFONTEIN.

Two Very Useful Articles for Teachers.
A Handsome Bookcase for Your Books, and a very Serviceable Trunk for Your Clothes.
We carry large stocks of Hat Boxes, Suit Cases, Cabin Trunks and Portmanteaux.

Made of thoroughly seasoned Oak or Teak.
Size 4ft. wide. Exact to design. Price £14.
In various sizes. Price from £9/10/-.

BRADLOWS, The Furniture Specialists,
BLOEMFONTEIN.

Fondsinsameling in 1925: SENIOR VREUGDE

“Ons wou ook graag, soos al die ander Seniors, vir onse Alma Mater ’n present gee as ons haar verlaat, en dus moes ons ’n poging aanwend om geld by mekaar te kry. Ons besluit toe om hard te werk te gaan, en een Saterdag regtig interessant te maak.

“Reeds lang voor die tyd het die Klaskaptein haar kop begin breek oor die saak, want sy moes alles reël. ’n Lysie is opgetrek, en elke meisie moes daar iets op gee. Meel, suiker, boter, eiers, melk, vrugte en alles wat nodig was, is gou belowe.

“Sekere Meisies moes lekkers gemaak het, en hulle het al hulle kragte ingespan om dit so heerlik moontlik te maak, en om dit in aantreklike dosies te sit. Ander het weer hard gewerk om die koek te bak, en hulle kom ook alle lof toe, want dit was heerlik, en baie ou Tantes sal moet agteruit staan vir ons Oranje Huishoudkunde Meisies.

“Alles was naderhand min of meer klaar, en op die môre van die 25ste Julie kruip die son stadig oor die koppie uit om die slapende wêreld te wek, en om die Matrieks ’n heerlike sonnige dag te belowe. Daar was nog lus vir slaap, maar plig knyp hulle dat hulle een, twee, drie almal penoent staan en klaar aantrek om te gaan werk.

“Party gaan pannekoek bak, en dit was ’n aardigheid om te sien hoe handig hulle is om die pannekoek in die lug op te gooi, en dan weer netjies op te vang in die pannetjie. Een van die Meisies wat die ding seker nie te wagte was nie, het amper op haar neus te lande gekom soos sy geskrik het en weggebuk het

vir die pannekoek wat na haar mening haar kop sou tref.

“Almal se moue is hoog opgerol, en daar heers ’n groot drukte, want net nou kom die mense om by ons koffie, tee en pannekoek te geniet.

“Die Groenewaldsaal was mooi reggemaak met klein tafeltjies waarop daar koperpote met palms was, en daarby nog ’n nette kaartjie waarop staan wat jy alles kan kry. Die musiek speel, die mense lag en gesels, en in die kombuis is almal ernstig, want dit is die geklink van koppies wat gewas word, die gesis van pannekoek in die panne, en die geskink van koffie en tee. Die heerlike koek bly totaal vergeet!

“Na alles verby was, was almal weer hard besig om skottelgoed te was, potte te skuur en tafels te skrop, en daarna was daar vir ’n rukkie stilstand.

“Om kwart voor ag die aand was die saal amper vol van ons eie Meisies en onse Kollege vriende wat so goed ondersteun het.

“Na ’n heerlike aand met ’n goeie program, het die verrigtinge gesluit met die besielende woorde van: ‘Driewerf gegroet, onze hulde Oranje.’

“Die Seniors was almal baie opgewonde, want hulle het ’n mooi sommetjie geld bymekaar gekry, en glo nou nog meer as ooit te vore aan die spreuk wat sê: ‘Eendrag maak mag!’”

Anna van Aswegen 1925

O ranje se dogters het nog altyd na die munisipale swembad gestap. Nou is daar ’n behoefte om ’n eie swembad te bou. In 1926 het die “kleintjies van die Oranje”

£15 bymekaar gemaak, ’n vriend het ons £100 belowe, terwyl die ou leerlinge van die skool hulle ook vir die saak beywer.



“The games club of Oranje flourished. We have been able to hand over £35 to the Swimming Bath Fund.” (1926:53)

Die eetsaalstoele bly ook te min. In 1926 skenk die matrieks nie minder nie as “2 dosyn” kaaatstoele. Die Junior matrieks het hulle eie fondsinsameling gehad en daarmee kon ’n verdere dosyn kaaatstoele vir die eetkamer bestel word.

Hier prnk nog een van 1926 se eetkamerstoele, geskenk deur die matrieks van dié jaar.



She stoops to conquer

“Een van die skool se grootste ondernemings van die jaar was die opvoering van ’n Engelse spel – “She Stoops to Conquer,” deur die Matriekklas onder leiding van hulle Engelsonderwyseres. Die spel was ’n buitengewone sukses en het getoon wat daar gedoen word aan die Oranjeskool in die tweede taal van ons land. Die opbrengs is gedeeltelik vir stoele vir die eetkamer, en gedeeltelik vir die biblioteekfonds gebruik.” (1926:43)

“Professor W.S. Johnson from die Grey University College wrote an appreciation: ‘The performance of this delightful comedy on Saturday night was a triumph in the face of difficulties – the first cold, in spite of which the Groenewald Saal was filled by a most representative audience; then all parts were played by members of only one class, the senior

matriculation girls, who appeared not only as charming ladies (as themselves), but even as jolly old men.

“Nobody would have guessed that the language they spoke was a foreign one to most of them. Their enunciation was highly praised by quite severe critics when all met for refreshments during interval at the end of the first act. Seldom have I heard more pleasant, clear young voices, and never on a stage such rippling and delightful laughter.

“When all did so well it would be invidious to distinguish one, but I must congratulate Miss Elise van der Spuy who was not only responsible for the difficult task of training her willing pupils, whose performance was far above the average high-school level, but who also gave a finished rendering of the very difficult role of Mrs. Hardcastle, although she found it difficult to look 40 or 57!” (1926:44)

Op 27 Oktober 1926 word die groot Engelse Boerevriendin – Emily Hobhouse – aan die voet van die Vrouemonument begrawe. Emily Hobhouse het saam met die Steyns op Onze Rust gedroom oor die skool waarin die kampkinders opgevoed moes word om hulle volk en taal te eer en te dien. Saam met die Steyns het sy geglo dat hierdie ideaal moontlik is as die Bybel die rigsnoer in die skool is.

As vriendin van Oranje is dit dan vir die skooldogters 'neer om haar begrafnis by te woon. Al die dogters was in wit rokke geklee met 'n pers strikkie op die bors. Sophie Fourie wat die foto's aan die skool skenk, vertel dat elke dogter 'n palmtak gedra het. Hiermee moes versigtig omgegaan word om mekaar nie te beseer nie. Die begrafnisdiens het in die Tweekoringkerk plaasgevind. Daarvandaan het die dogters in die trein gery tot op Hamiltonstasie en het toe in die stoet na die Vrouemonument gestap.

In die Jaarblad van 1926 skryf V. van Reenen: "Toe jy uit die rytuig klim by die monument, voel jy 'n skok om die skare te sien wat op die koppies vergader het. So 'n groot opkoms het jy nie verwag nie.

"Jy bestyg die monumenttrappies, en sien die opening waar die heldin Emily Hobhouse se stoflike oorblyfsel geplaas gaan word, en jy word met emosie vervul. Dit was onmoontlik om te beseef dat die dag, wat sal bly staan in die gedagtes van almal in Suid-Afrika, eindelijk aanbreek het.

"Op die koppie moes jy toe gaan sitplek vind, maar daar was dit tog so warm, en daar half-oop oë gewaar jy die bewegings van helder gekleurde rokke.



Emily Hobhouse

"Skielik verdwyn hierdie lomerigheid. Perdepote klop op die pad, en 'n klomp gewapende ruiters kom te voorskyn. Het hulle net so gelyk toe kommando's 'n paar jaar gelede oorlog toe gery het?

"Onder die begeleiding van 'n musiekkorps, kom ses draers (die vyf dogters is Emily gedoop en die seuntjie 'Hobhouse') in lig pers gekleed, met 'n pers bedekte kissie tussen hul, stadig nader. Hulle is gevolg deur omtrent twee honderd spierwit gekleede Meisies met palmtakke.

"Nadat vier sprekers met gevoel gepraat het, het die teraardebestelling, die kranslegging, en 'n hartroerende lied van Mev. Bosman gevolg. Naderhand is die plegtige saluut deur die ruiters afgevuur, en die mense het stadig uitmekaar gegaan. Emily Hobhouse was in haar rusplek neergelê."



Die begrafnisstoet beweeg vanaf die Tweekoringkerk in Kerkstraat, langs die legendariese Fichardt se winkel.



Die stoet beweeg in Maitlandstraat.



Die dogters met die wit sluiers dra die kis teen die trappies op. Daarom lê Oranje nog tydens elke verjaardag 'n krans teen die suil ter herdenking aan wat hierdie Engelse dame vir ons vroue in die kampe opgeoffer het, hulle wat gelyk het en wat indirek die oorsaak was dat ons skool gestig is.



Die Oranjesisters is in wit geklee, elkeen met 'n palmtak.

Die Oranjesisters lê die palmtakke voor die Vrouemonument. Die publiek het die kranse bo-op die takke gelê.



Brokkies

KUSSINGGEVEG

“Oudjies, ek is net lus om my kussing op te skud vanaand.”
Dis natuurlik weer Rina Maré wat dit sê; sy is elke aand lus vir één of ander kwajongstreek.
“Hoe lyk dit, Dickie, sal jy my nie help nie?”
“Ja, ek sal!” (Wat anders kon ek sê?)

Ons het net ons boeke neergesit, en toe ons kussingslope afgetrek. Een vir een, soos die sterre in die aandlug, het ons kameraats in die kamer ingekom. Ons twee het lootjies getrek wie die eerste moes slaan, en die wette van die kussinggeveg vasgestel. Die een wat die ander kan omslaan, is oorwinnaar. Die lot het op Rina geval.

Woep, slaan sy. Woep! Woep! Dis al wat ’n mens vir die volgende vyf minute kon hoor.

“Stop! Nou wil ek eers asem skep!” hyg Rina.
“Ek wou nou net vir rus gevra het,” antwoord ek.

Die pouse was maar kort, en ons begin weer te veg. Soos die galm van ’n doodklok op die ore van ’n gedoemde prisonier, so val die harde klanke van die stilyd-klok op ons ore. Ons arms val aan ons sye, en ons staan soos twee versteende kussingvegters. Maar die stilte het nie lank geduur nie!

Rina roep uit: “Aangesien ons nou so ver in die ding is, kan ons maar gerus deurdruk.”

Woep! Woep! Val die slae weer. Rina se kussing kon dit nie langer hou nie. Weer tel sy haar arm tot bokant haar kop op – “Rina! Rina! Pas op! Moenie weer slaan nie! Jou kussing!” roep die toeskouers benoud uit, maar – dit was te laat, sy het geslaan; ek lyk soos ’n hoender, en die donsies sweef soos sneeuvlokkies deur die hele kamer, en die vloer is bedek met ’n tapyt van vere.

Op hierdie noodlottige oomblik is ’n bekende voetstap langs die gang gehoor, en oor wat verder gebeur het sal ek liever swyg.”

Dickie Wantenaar 1925

REÛNIE

Alle ou Meisies en onderwyseresse word gevra om hulle jaarlikse subskripsie van 5/- (studente 2/6) te stuur aan: “Die Sekretaresse, Oranje Reunie, Oranje Skool, Bloemfontein.”
(1925)

HUWELIKE

“Nellie de Klerk met Advokaat Swart, L.V. (Parkweg, Bloemfontein)
Ella Greyvenstein met Tandarts Geldenhuys van Barkly Oos.”
(1925)

GEBOORTES

“Mev. Van Schouwenburg (Mej. Maartens) ’n seun.
Mev. N.J. van der Merwe (Tibbie Steyn) ’n dogter.
Mej. Herbst (mev. A. Viljoen) tweeling seuns, Len en Noël”
(1925)

Juffrou sê: Stefaansie moet ’n voorskootjie voorsit.
Hy sal dit doen, maar - dis ’n meisievoorskoot!
Wanda (7 jaar): Hoe oud is hy, Juffrou?
Stefaans: Ek is al ses al!
Wanda: Juffrou, seuns van ses mors darem nie meer so baie nie.
(1925)



1929-1930



Na mej. De Bruyn se vertrek verstryk daar agtien maande met twee waarnemende hoofde voordat mej. E. Ferreira aangestel word. Ebie Ferreira het in 1918 aan Oranje

gematrikuleer. In 1929 word sy as skoolhoof aangestel. Sy het later by Oranje Duits onderrig. Sy tree met ds. Worst van Potchefstroom in die huwelik. In Julie 1952 is sy oorlede. Haar kollegas onthou haar as “’n opgewekte, nederige Christen, kinderlik in haar waardering van wat skoon in die natuur en in haar medemens is”.

(1952:7)

1928 is ’n waterskeidingsjaar in die skool se vroeë geskiedenis – die tydperk waarin dit ’n privaatskool en ’n privaat-ondersteunde skool was waar die instansie self verantwoordelik was vir salarisse en die onderhoud van die skool en die koshuis, loop oor in ’n staatsondersteunde tydperk. Selfs al het die personeel tien persent van hul salarisse afgestaan, was daar ’n oortrokke bankrekening.

“Sen. W.J.C. Brebner, dr. J.D. Kestell en ds. P.J.J. Boshoff bespreek

met die Sekretaris, H.J. Otto en afsonderlik met mev. R.M. Steyn, om die skool oor te dra aan die Departement van Onderwys met behoud van die volgende:

- 1 Die naam bly onveranderd.
- 2 Die medium sal Afrikaans wees.
- 3 Die Kerk sal die meerderheid lede van die Kuratorium benoem, d.w.s. 4 uit 7 lede.

“Ds. Van Heerden en mnr. H. Viljoen, L.P.R., lede van die sinodale kommissie en mnr. Otto het die terme vir die oorneem van die skoolafdeling bespreek: Die Departement van Onderwys huur alle bestaande geboue teen 7% van die waarde. Dit beloop £1260. Die reëling bly ook van toepassing op alles wat die Kuratorium sal aanbou.” (Onthou:82)

Op 1 Junie 1928 word die “Skoolafdeling” van Oranje deur die Onderwysdepartement oorgeneem. Die vriende van Oranje het die oorname met gemengde gevoelens aanvaar. “Die tegemoetkomende toesprake van Sy Edelagbare, die Administrateur, en die Direkteur van Onderwys en die besonder billike terme van die oorname was egter genoegsaam bewys dat Oranje in baie simpatieke hande val.” (1928:47)

Dit is die vernaamste gebeurtenis in die geskiedenis van die inrigting. Dit bring mee dat die Kuratorium loskom van die salarisse van die personeel wat jaarliks oor die £6 000 beloop het. Dadelik is begin met die herstel van die koshuis – binne, sowel as buite. Die langverwagte swembad kon ook ’n werklikheid


word. Ds. Boshoff word opgevolg deur ds. P.J. Pienaar en ds. H.S. Theron in 1931. Ds. J.G. Strydom neem dié leisels in 1932 oor en sou aanbly tot in 1951.

Gou word die eerste skoolkommissie saamgestel omdat die Onderwysdepartement dit vereis – die kommissie moet as tussenganger tussen die Kerk en die Staat optree. Gelukkig bestaan die eerste kommissie uit persone wat reeds “innige belangstelling” by die skool het. Mev. Ella Fischer se aanstelling in die skoolkommissie en adv. Gladys Steyn se teenwoordigheid in die Kuratorium is ’n stap in die regte rigting - vroeër het sulke liggame slegs uit here bestaan. (1928:38)

In 1933 stel die Kuratorium vier lede van die skoolkommissie aan en die ander word deur die staat aangewys. Die eerste skoolkommissie bestaan uit: dr. A.J.R. van Rhyn (Voorsitter), ds. J.G. Strydom, mev. Ella Fischer, ds. E.J. du Toit, ds. I.D. Krüger (Visevoorsitter), mnr. Gordon Fraser, mev. C.M. Edeling. Mnr. Hennie Otto was nie ’n lid van die Skoolkommissie of die Kuratorium nie. Hy was ’n lid van die span wat met die Onderwysdepartement onderhandel het en hy was die tesourier van die skool. Daarvoor kry hy in 1932 erkenning met ’n leergebinde Bybel: “Aan die heer H.J. Otto van die prinsipale en staf, as blyk van dankbaarheid en van waardering vir sy groot dienste aan ons skool.” (Onthou:24)

Naas die skoolkommissie behou die Kuratorium ook hulle inspraak: ds. J.G. Strydom (Voorsitter), dr. A.J.R. van Rhyn, Adv. Gladys Steyn (Visevoorsitter), mev. S.H. Pellissier, ds. E.J. du Toit, ds. P.K. Albertyn, ds. D.G. van der Merwe, mnr. P.A. Venter (Sekretaris-tesourier)

“The Oranje Re-Unie Committee has for the last two years been collecting money towards a Swimming bath for the school, and mr. Brebner most generously subscribed £100 to that fund. Since the Government has taken over the Education at Oranje, however, and provided a large swimming bath, it has been decided to use the interest on that £100 on a yearly prize for the best Junior Matric pupil, and to call it the Brebner Prize. The balance collected by the Committee - £60 – was handed over to Miss van der Spuy to spend as she thought best for the Art Section, with the suggestion that she could spend part of that sum on an epidiascope which she has already done. (1929:44)



Mej. L. Schoon
waarnemend
Julie 1927 – Maart 1928

*Skrif eendag op my grafsteen,
het sy gespot: “Sy het haar jong
lewe weg gekorrigeer!”
In die werklikheid verander sy
die verspotheid na “Laat u Naam
geheilig word”.*

Mej. Gladys Steyn het mej. Linde Schoon tydens ’n studiereis in Holland ontmoet en toe Oranje ’n Nederlandse onderwyseres soek, het die Kuratorium mej. Schoon laat kom. Mej. Schoon (vir die kinders: Duifie) was die alombeminde en geliefde Nederlands- en later Afrikaansonderwyseres.

Eén dag het sy geraas oor foute, maar die volgende keer weer vergoed deur ekstra vriendelikheid of lof. Sy het baie graag haar leerlinge laat sing, soos bv.:

GERTJI
Wanneer kom ons troudag, Gertji?
Hoe’s dit dan so stil met jou?
Ons is so lank verloof al, Gertji!
Dit is tyd dat ons gaat trouw.
Gloo’ toch, Gertji, ik sal nooit ni
Nog langer an jou sleeptouw blij’ ni.
Jij denk miskien: Ik kan nie dood nie;
Maar mij jare gaat voorbij.

Sy het hoë agting geniet. Niemand wou haar teleurstel nie omdat sy so menslik was met ’n wonderlike humorsin. Sy het twintig jaar by Oranje skoolgehou. Sy het meisies geken, want sy het aan die Meisieskool Bloemhof in Stellenbosch gematrikuleer. Selfs Anna Neethling-Pohl, wat in dié tyd by Oranje skoolgehou het, loof mej. Schoon, asook die susters Emmie en Elise van der Spuy.

Op ’n vraag wat Oranje doen om die gees van die stigter se ideale te versterk en te laat gedy, antwoord mej. Schoon: “Mevrou, dáárin bestaan die hele onderskeid, en die onderskeid is so groot, dat ek my wil verstout om te sê dat Oranje vandag nog, sewe jaar na die dood van pres. Steyn, ’n skool is soos geen ander in ons land, en dat dit altyd iets besonders in sy karakter sal behou – die stempel wat ’n groot man op sy werk afdruk.

“In ’n oomblik van besieling en toewyding het die skool tot stand gekom. Dit was nie die geesdrif van gewone mense wat die skool daar gestel het nie: nege jaar lank het Oranje gestaan onder die persoonlike bestuur, is Oranje beskerm en vooruitgehelp en besiel deur die persoonlike liefde van ’n groot man. Gedurende dié tyd het al die onderwyseresse en baie van die kinders hom persoonlik geken en het hulle self onder die invloed gekom van sy gulheid en grootheid en sy edele vaderlandsliefde.” (Onthou:23-24)

Mej. E. Ferreira

Jan. 1929 – Des. 1930



Kranslegging – Konsentrasiekamp

Die President se vaderlandsliefde loop oor in die leerlinge se dade as hulle kransse lê op die grafte van die Konsentrasiekampe.

So opreg soos mej. Schoon teenoor die ideale van die skool gestaan het, so liefdevol was sy teenoor die kinders: “Op ’n dag kry Bess van der Hoven ’n koskas van die huis: biltong, beskuit, soetkoekies, sardientjies, waatlemoenstukke en gedroogde perskes. Ons maak ’n afspraak met ons tjomme om presies middernag hulle opwagting te maak vir ’n fees. Soos betaamlik hoort alle leerkragte dan in ’n diep slaap te wees! Ons het ons misgis, want toe die ritueel sy hoogtepunt bereik met die

waterlemoenstukke gaan ons deur oop en Duifie staan daar met ’n flits wat heen en weer oor ons dwaal! Ons verag die uiterste, want met ons gegiggel moes ons Duifie gesteur het. Wat ons nie geweet het nie, was dat sy geweet het van die kas kos!

“Wat vir lekkernye het julle daar?” Doodse stilte.

‘Toe, slaan aan die lig en wys my.’

Eléne van der Hoven was dapper en maak toe ’n liggie! Ons verag nou selfs dat tronkdeure sal toeslaan, maar Duifie sê: ‘Gee vir my ook van die biltong en waterlemoenstukke en sorg dat julle almal binne tien minute onder julle komberse lê.’ (Argief, 1992)



Mej. Schoon altyd die middelpunt tussen die dogters.

Sy het die uitdag- en opskudliedjies wat die geesdrif gedurende wedstryde laat oplaai het, geken. Daarom skryf sy ’n “Oranje”-sportlied.

Ongelukkig vertrek mej. Schoon op ’n reis na “Wien en Parys” en moet sy die skoolhoofstuig neerlê. Sy kom terug en hou skool tot met haar aftrede in 1945.

„ORANJE” SPORTLIED.



O, vrye velde van Oranje.
Ons hart klop bly,
Ons hart klop vry.
Hoe lekkend, laggend, juigend roep jui.
Kom, meisies, kom nou; laat lesse oyl.
Oranje veld, Oranje spel.
Oranje skool, Oranje bol!
Kom, Otto, Fischer, Brebner, Bodnuff,
Kom, almal, kom, Oranje bol!

L. SCHOON.



Mej. E. Spratt
waarnemend

April 1928 – Des. 1928

Mej. E. Spratt word die waarnemende skoolhoof aan die begin van die tweede kwartaal van 1928 nadat mej. Schoon op haar oorsese reis vertrek het.

Sy sou weer in 1940 as skoolhoof
waarneem. Wanneer sy aan die
einde van 1944 vertrek, berig die
Jaarblad só oor haar:
“Sy was jarelank die Matesis-
onderwyseres. Ons sal haar

onkreukbare getrouheid, haar onbaatsugtige
offervaardigheid, en die goeie raad - altyd so
welmenend en so vriendelik gegee - baie mis.
As haar baie leerlinge party van die wiskundige
feite wat sy hulle geleer het, vergeet, sal
hulle die integriteit van karakter en die
liefde wat so baie getrek het, onthou.”

(1944:13)

Die leerlinge word voortdurend by Oranje aan ’n wyer
kurrikulum blootgestel. “In die regte sin van die woord moet
ons voorberei word om ons stand op praktiese wyse in die
maatskappy in te neem nadat ons die skool sal verlaat. Ons
moet meer vir die lewe toegerus word. Dit was ons stigter se
ideaal.” (E. Ferreira, 1929)

Op Glen Landbou Kollege leer hulle van kaas- en bottermakery en
hoe om eiers te toets. Die Plantkundeleerlinge gaan ook soontoe
– hulle moet leer hoe om bome te snoei.

Die geliefde Afrikaansprofessor, prof. Frans Malherbe, huisves nie net
Oranje dogters nie, maar op uitnodiging lei hy hulle in die geheime van
die Afrikaanse letterkunde in.

Die Afrikaanse Bybelvertalers, Totius en dr. Van Rooyen, kom spreek
die leerlinge toe oor die vertaling. “Dr. Van Rooyen open met gebed
en lees Psalm 1 in Afrikaans voor. Hy vertel kortliks van die eerste
vertalings van die Heilige Skrif. Totius het ’n sagte stem, maar hy kan
besield en besielend praat, en geestig wees daarby. Hy het vertel
hoe daar nog mense is wat Afrikaans te ‘plat’ vind vir ’n Bybeltaal.
Hy verduidelik die woord ‘hom’, waarteen soveel beswaar gemaak
word. In Skandinawiese tale gebruik hulle ‘hom’, net soos ons. Dis
veel mooier as ‘hem’ om nie eers te praat van ‘him’ nie, dis net ’n
strepie. Hy sluit af met die ‘Onse Vader’ in Afrikaans. (Onthou:72)

Op 21 September 1927 oorhandig dr. Bidwell die ou Vrystaatse
Vierkleur aan Oranje. Irene Morgan verhaal die gebeurtenis:
“We filed into the hall not realizing why. Among the visitors
on the platform were dr. Van Rhyn, dr. and mrs. Bidwell, mrs.
President Steyn, rev. J.D. Kestell and mr. Fischer.

“Dr. Van Rhyn gave us a brief review of dr. Bidwell’s life, and told
us about that gloriously dangerous climb up the flagstaff of the
Raadsaal to snatch the Free State emblem out of the enemy’s
hand. That was before the English occupy Bloemfontein
during the Anglo Boer War. The very atmosphere of the hall
breathed the admiration we all felt for such a deed and the flag
concerned – ‘the soul of our nation’.

“Rev. Kestell expressed what we all felt; that this was still our flag,
although it could no longer wave officially from the flagstaff.
Mrs. Bidwell’s share in treasuring the flag was not forgotten. She
had hidden it safely for years. On two momentous occasions
mrs. Bidwell allowed the flag to leave her house: to help
decorate at the Helpmekaar Bazaar 1917, and to be draped
over the foot of president Steyn’s coffin.

“Mr. Fischer thanked dr. and mrs. Bidwell for us, and the flag
was handed over to our Captain and vice-captain. You needed
no telling when it was unrolled and held up, that this was the
moment to sing:

*“Heft, burgers, ’t lied der Vryheid aan
en zingt ons eigen volksbestaan
van vreemde bande vrij
Bekleedt ons klein gemenebest
Op orde, wet en recht gevest.
Rang in der staten rij
Rang in der staten rij.”* (Onthou:71)

Die eerste Unievlag is by Raadsaal
gehys is. Die laaste Vrystaatse Vierkleur
wat deur die Bidwells aan Oranje geskenk is, het mettertyd
gedisintegreer, maar die groot vertoonkas waarin dit gebêre is,
is nog in die Rachel Steynsaal.



Die tjelospelers: Tilla van Wyk, Engela Rood, Edé van Rensburg
(1966) in die Groenewaldsaal.
Agter hulle pryk die Vrystaatse Vierkleur in sy eie spesiale
glaskas en die Erich Mayer-tapisserie wat in 1930 geweef is.
Die driehoek- randpatroon is tradisioneel die Afrikamotief.

U nienag word op 31 Mei
feestelik gevier. Dis weer mnr.
Hennenman wat ’n pragtige,
groot, nuwe Suid-Afrikaanse
vlag aan die skool skenk, met
die paal daarby. Mev. Ella
Fischer het hierdie eerste vlag kom hys en ’n
besielende toespraak gelewer.

GREPE UIT MEV. ELLA FISCHER SE TOESPRAAK

“In die middel van ons groot Nasionale Vlag sal julle drie klein
vlae sien. Hulle is daar ter ere van die tradisies van die twee
groot rasse van ons land, en ook, laat ons hoop, as teken van
die eenheid en samewerking wat tussen die twee groot rasse
absoluut nodig is as ons Suid-Afrika wil maak.

“Uitleg van die kleure: Oranje beteken hoop; wit...reinheid;
blou...toewyding. Die rooi wat in die drie klein vlaggies
verskyn, beteken opoffering en die groen in die Transvaalse
vlag stel standvastigheid voor....

“Wil ons hê dat ons nasie een van die groot nasies van die
wêreld moet word, dan moet ons die fondament sorgvuldig lê
deur ons eie karakters fyn en sterk op te bou.

“Nie almal van ons kan eerste wees in die klas nie, maar ons
kan eerlik wees, en kan altoos ons bes doen, ons kan altoos
’n hand uitsteek om hulp aan ’n vriend te verleen. Ons kan in
ons alledaagse lewe ons land en vlag dien deur van ons selwe
goeie burgers te maak. Laat ons in vrede en eenheid ons land
bedien, ons jong mense opvoed, ons armes vooruit help, en
nog altyd meer en meer uitsien na die geestelike ontwikkeling
van ons volk.

“Sodoende laat ons met moed die toekoms tegemoet gaan,
versterk deur die inspirasie van die verlede, met diep in ons
harte die boodskap van ons vlag:

Hoop, Reinheid, Toewyding, Opoffering, Standvastigheid.”
(1928)

Kyk ons na die klasfoto's, dan sien ons dat daar nie 'n groot ophef van klere gemaak is nie. Die leerlinge moes kunsskatte en skatte van ewigheidswaarde ontvang wat deur toegewyde onderwysers oorgedra is.



Hier sien ons vir die eerste keer die groot sakwapen op 'n blou baadjie vasgewerk.

Miskien het juffrou Hilda Postma die kindertuinkindertjies in hul speelklere laat afneem, of dalk was daar nie vasgestelde skooldrag nie!




Mej. L. Schoon en mej. E. Spratt het die taak gehad om af te los in 'n woelige tyd van Oranje toe ernstige besluite geneem moes word. Die kuratore is egter van mening dat dié twee dames baie goed daarin geslaag het om in hierdie 18 maande die skool saam te bind. Daar het 'n samehorigheidsgevoel onder die leerlinge en die personeel bestaan toe die nuwe hoof, mej. E. Ferreira, in 1929 verwelkom is.


Die nuwe skoolhoof, mej. E. Ferreira, word bygestaan deur Sannie Venter (Visekaptein), mevrou Lub (Direktrise van die koshuis) en Mimmie van Aswegen (Kaptein)

Sy spog in die prospektus van 1929 met die skool se goeie akademiese ondersteuning as daar verwys word na die:

Kunskamer



Kookkunslokaal



Leeskamer



Die lang gekoesterde ideaal word waar in 1928: Oranje kry 'n eie swembad:



"Die water vloei gedurig deur 'n moderne ingerigte suiweringstoestel, met die gevolg dat dit skoon en bakterieë-vry bly. Dis een van die mees modern ingerigte swembaaie in die Provinsie". (Prospektus 1929:11)

Die biblioteek het vanjaar verder uitgebrei – 'n onderwysersbiblioteek is begin. Vir hul gerief is 'n vertoonkas aangekoop wat in die sitkamer geplaas is om hul naslaanwerk te vergemaklik!



Mej. Ferreira is in haar jaarverslag opgewonde oor die grootste aanwinst: die swembad! "Met so 'n unieke skoolswembad koester ons die grootste verwagting dat ons dogters op die gebied van die swemkuns ook heelwat sal presteer." (1929:13)



Mnr. L.C. Bornman van Ficksburg

"In 1930 is die Bornman-musiekgebou deur mnr. Niewoudt en seuns van Ons Kinderhuis gebou. Destyds het die seuns hul ambag so onder leiding van mnr. Niewoudt geleer." (Onthou:62)

Dit is vernoem na mnr. L.C. Bornman van Ficksburg, wat geldelik bygedra het om dié gebou op te rig. Dit bestaan uit 15 kamers met dubbel houtdeure, sodat dit klankdig kan wees.

Mej. Dinie van den Heever (juf. Café) kom as Latyn-onderwyser in 1932 na Oranje. Sy bly hier tot in 1972 en onthou Oranje so:

"Detensie as strafmetode is gedurende pouses in die Hennenmangebou gehou.

"Die hoof het 'n kantoor gehad sonder sekretariële hulp.

- "Sy dien onder vier skoolhoofde"
- Mej. E. Ferreira
 - Mev. E.M. Steyn
 - Mej. C.M. Jooste
 - Mej. M.L. Spies

"Enkele besondere leerlinge:

- Miriam de Vos... behaal doktorsgraad aan Stellenbosch.
- Henda Scott... in matriek is sy die enigste leerder in die VS met ses onderskeidings.
- Jeanette Ross... sy verower die Thomas Robertsonbeurs.
- Hanlie van Niekerk... operasanger in Duitsland.
- Dene Smuts en Wilma Coetsee... AFS-studente na die VSA.

"Mej. Van den Heever het tydens die bou van die Fanie Naudésaal haar volle salaristjek aan die boufonds geskenk.

"Sy eer haar kollegas en die bediendes wat die pad saam met haar geloop het. Na 42 jaar salueer haar kollegas haar as 'n uitstekende Latyn-onderwyseres en bibliotekaresse!" (Onthou:76-77)

Haar Latynleerlinge eer haar vir die wêreld buite die leerplan wat sy met soveel entoesiasme aan hulle bekend gestel het.



Mej. Van den Heever

BITTER

Die toekoms is bitter-donker; ordemerke, prefects en verloofde onderwyseresse maak dit bitter.

Vanaand se tee was bitter, die tee van die toekoms gaan bitter wees.

Die begin van die kwartaal was bitter. Woensdag se lemoene was bitter. Die skoolbanke bitter hard; die kwartaal bitter lank en boeke bitter swaar.

Die papiere gaan bitter wees. Die koerante draai bitter lank, die uitslae bitter – ja bitter.

Lizzie Bruwer J.S. II 1928

DIE LIEFLING VAN DIE HUIS

Ek had 'n kleine sustertjie, Moeders skatjie tuis Sy was die derde enetjie, Die liefling van die huis.

Maar daar kom 'n wrede griep In donker swart getooi En laat die tere wond so diep, ons kleintjie word sy prooi.

Trudie Kolver VII A. 1929

JUNIOR MATRIEK VERSUGTING

Verlos ons tog van ons stylleer, En gee ons andere boeke weer; Want dit is vreeslik om te leer, As dit net styl is keer op keer!

Mens hoor van niks as stylfiguur Die hele dag, so uur na uur. Of dit nou sout is, soet of suur, Ons moet dit maar met vreugd' verduur

Dis hiperbool, sinekdogee, Vandat jy smors die klas intree; Daarby nog onomatopoe, En praat nie eers van die trogee!

Maar moed hou is die beste plan Vir ons armsalige Junior span. Ons sal probeer so hard ons kan Om stylleer te hou uit ons harsingpan!

Johanna Herbst 1929

The motto of the School, 'Oranje Vooruit', is one well worth living up to! E. Kirkpatrick 1929

TOE...NOU...

Maar wat bog, tye verander, die wêreld gaan vooruit! Die gees van die tyd is anders en ons sal, 'backvelders' wees as ons nie met die tydgees in alles saamgaan nie!

Vandaar die verminderde eerbied vir onderwyseresse – hulle is mos ook maar mense soos ons, natuurlik-, die oordrewe vryheidsin wat ontaard in losbandigheid. Die wêreld is dit mos vandag aan die kind verskuldig om alles agter hom aan te dra en te vra: Asseblief tog! i.p.v. om bevele te gee wat gehoorsaam moet word!

As die dag aanbreek dat ons ook vir ons Afgod-Matriek – net die vakke kan neem wat in ons kraam pas, sal ons skoollewe ons tog so gelukkig maak en sal die onderwyseresse se lewe ook lekkerder wees!

Anoniem 1929

Sport 1929

SWIMMING

The swimming baths are a great joy and benefit to the school! More concentration on the Art of Swimming is necessary, apart from the mere joy of bathing. No one ever managed to swim the English Channel by merely splashing about in shallow water. (1929)

HOCKEY

Owing to the Mumps Epidemic the Hockey matches were disappointing, as the team had to be continually changed, but the actual results on the whole were good. (1929)

NETBALL

The Senior Netball Team won the inter-school Netball Cup. The standard of play improved very much indeed, and the result was most pleasing and satisfactory. (1929)

Brokkies

1931-1940



Mej. Schoon was met vakansie in die Kaap met die opdrag om by die Kaapse Onderwysdepartement uit te vind of hulle'n goeie onderwyseres beskikbaar het. Mej. Rae Eksteen word aanbeveel. Sy word later adv. Gladys Steyn se skoonsuster en een van Oranje se beroemde skoolhoofde, mev. Colin Steyn, toe sy in die huwelik tree met pres. Steyn se seun, Colin.

Mev. R. M. Steyn (née Eksteen)

Jan. 1931-1940 Mrt.

Mej. D. van den Heever, die bekende Latynleerkrag, onthou mev. Rae Steyn as 'n dame, iemand wat oral respek afdwing. In die moeilike depressiejare het sy diens aanvaar, "maar haar bewonderenswaardig van haar taak gekwyd.

"Sy het 'n fyn organisasievermoë besit en op 'n streng maar simpatieke wyse dissipline gehandhaaf. Sy het nie gekroom om haar standpunt te stel nie, maar het dit altyd op kalme en waardige wyse gedoen. Wat verder opgeval het, was

haar werkywer, haar belangstelling in die bedrywighede van die skool, haar waardering óók vir klein dingetjies, haar erkentlikheid, asook haar simpatieke optrede. Na buite het sy altyd beskermend teenoor die personeel opgetree.

"Buite haar werk om het sy 'n wye belangstelling gehad: reis, kuns, musiek, opera. Sy het haar verder in haar mooi tuin uitgelewe. Bo alles het haar openlike belydenis van haar liefde tot en haar afhanklikheid van haar Hemelse Vader 'n mens

bygebly." (Onthou: 77)

In Augustus 1931 begin die pleidooie al teenoor die stadsraad om meer grond aan die westekant van die die skoolterrein beskikbaar te stel, aangesien die geboue die speelterrein aansienlik kleiner gemaak het. Hierdie stryd duur in 2007 steeds voort, want die westekant, Happy Valley, is 'n groen gordel en dit mag nie ontwikkel word nie.



Oranje 1932 - nog met 17 seuntjies ook! Die OMS-monogram word vir die eerste keer in 1932 op die springjurke opgemerk.


Hoewel almal opgewonde was oor die swembad en die skoolhoofde gehoop het dat swem as sportsoort sal ontwikkel, word daar op 7 Junie 1932 'n swembeleid deur die skoolkommissie, onder die voorsitterskap van ds. H.S. Theron bepaal: "Meisies kan meeding in swemsports in publieke swembaaie tot die ouderdom van 13 jaar, maar vanaf 14 jaar en ouer word so iets nie toegelaat nie." (1933:39) Dié reël word verder onderstreep deur die Sinode: "...sekere euwels wat die Kerk as sodanig afkeur, bv. rook en dans, word ingesluit in die reëls van die koshuis en word streng gehandhaaf."

(Handelinge: Sinode OVS 1934:154)

J.G. Strydomhuis is in 1932 deur weekskoliere betrek wat met 'n koshuisouerpaar daar ingewoon het. Dit is genoem na ds. J.G. Strydom wat van 1932-1951 die voorsitter van die Kuratorium was. Hy was bekend as oom Valie. Sy seun, Kallies, het saam met sy susters by mej. Hilda Postma op Oranje hulle skoolloopbaan begin. Die agt susters matrikuleer aan Oranje.

As voorsitter van die Kuratorium het hy Oranje op die hande gedra. Hy het al die dennebome by die skool laat verwyder en karee- en olienhoutbome aangeplant. Mej. C.M. Jooste groet hom na negentien jaar met die woorde: "So lank soos oom Valie hier is, is Oranje 'n wonderlike plek, dis net die beste plek, want hy sê so en al wat ons wil hê, veg hy vir ons uit..." (Dienskneg:85)

Al sy dogters was goeie swemmers en toe Tyna, die jongste, in haar laaste Interhoërgala swem, sê 'n St. Michael's-skooldogter: "Goody, that's the last of the Strydoms!" (Dienskneg:86)



Ds. J.G. Strydom


Die nege kinders van ds. en mev. (Kate) Strydom wat almal op Oranje was.

Voor: Lala Badenhorst, Marie van der Riet, Kallies Strydom (tot st. 1), Emma Smit, Thia Radloff
Agter: Betta Lombard, Huldah Bailles, Tyna Webb, Mintie Pienaar



Die bont kindertuinspannetjie
bly juffrou Postma se trots.

Strydomhuis Hoeksteen



Die Kuratorium word via die Onderwysdepartement deur die Skoolkommissie bygestaan. Die voorsitter van die skoolkommissie is dr. A.J.R. van Rhyin in 1933 en 1934. Daarna neem ds. P. J. Pienaar oor vanaf 1935 – 1945. Die depressiejare het meegebring dat minder dogters na Oranje kon kom – die getalle het verminder. Die Vrystaatse Sinode het ’n beroep op die gemeentes gedoen om elkeen ten minste twee dogters na Oranje te stuur. Vanaf 1932 het die Kuratorium twee “vrye losiesbeurse” beskikbaar gestel aan “dogters wat in Skoolhoër eerste klas geslaag het.” (Onthou:82) In 1936 sou die getalle vir die eerste keer na 1921 weer die 300-kerf bereik.

Op Saterdag, 17 Junie 1933, beleef Oranje ’n andersoortige hoogtepunt toe die Afrikaanse Bybel in Bloemfontein bekendgestel word. Die Direkteur van Onderwys, mnr. S.H. Pellissier, sê: “Die laaste vesting is verower en Afrikaans is nou volkome mondig...Mag die Woord in sy nuwe gedaante die houvass wat dit op ons volk het, deur ons kinders bestendig...” (Die Volksblad, Maandag, 19 Junie 1933:8)

“Met die 1935 Hoër Taalbondeksamen het al ons kandidate

geslaag – 13 in die Hoër Graad en hierdie uitslag het ons ’n mate van onderskeiding toegebring, soos nog nooit tevore nie. Nie alleen is die Vrystaatse Helpmekeer Wisselbeker vir die beste uitslae in die Vrystaat vir die derde jaar aan ons toegeken nie, maar ook is aan ons toegeken vir die beste uitslae in die hele Unie, die pragtige olieverskildery: ‘Lente in Namakwaland’ van Hugo Naudé. Mej. Linde Schoon en haar leerlinge verdien spesiale lof vir die tweevoudige onderskeiding!” - Mev. Rae Steyn (1937:5)



Lente in Namakwaland – Hugo Naudé

Die kunste floreer op Oranje

Kunswedstryd 1936

Voordrag: 6 eerste en 6 tweede plekke

Sang + Musiek: 6 eerste plekke (met hoë punte) en 1 Tweede plek

Senior Koor: Wen die O.V.S. Wisselskild vir meisiekore


Letterkunde: 7 eerste en 7 tweede plekke – vir die derde keer wen Oranje die Volksblad Wisselbeker vir die hoogste punte in die Middelbare afdeling vir Letterkunde, Voordrag en Toneel. (1937)

Mej. Seabrook en haar Kunsleerlinge presteer verder:

Landbouskou: 8 eerste plekke

Rykskou: Anna Jooste ontvang die eerste prys en Sara le Grange die tweede prys.

Vrystaatse Kunsvereniging se uitstalling: Enkele wenners Ermela Liebenberg en Estelle Wasserfall illustreer ’n boekie met gediggies. (1937:47)



Kunssaal 1937

Die Kuns het sedert 1907 onder baie kreatiewe kunsonderwyseresse gefloreer. Mej. Seabrook, die Kunsjuffrou van die tyd, wen op die mooi prestasies as die Kuratorium in 1937 ’n spesiale kunssaal bou.

In die ruim klaskamer met die pragtige houtvloer, die ingeboude houtkassies vir die leerlinge se benodigdhede, ’n ruim stoorkamer en ’n broodnodige wasbak, kan die dogters aan die kreatiewe gees uiting gee. Dis hier in afsondering waar leermeester en leerling vir die volgende sewe dekades mekaar inspireer in die kuns van beeldhouwerk, kleiwerk, leerwerk, linoosnee, piouter, olie- en waterverf.

Dis hier waar leermeesters soos Muff Ford, mev. Steensma, mej. Naudé, mej. L. Seabrook, mevr. B. Steensma, Annemarie Roberts, Corrie van Rensburg en ander legendes word.



Mev. Lilly Seabrook
1928-1948



Mev. B. Hoffman (née Steensma)
1945 - 1953



Mev. A. Robberts
1970-1981



Mev. Corrie van Rensburg
1993-2000

Kunswerk word uitgestal in 1938.



“Mej. Seabrook ontwerp die monogram wat die leerlinge op die bors van die oorslaanspringjurk dra – sonder die gordel. Swart langkouse en frokkies is in die winter en in die somer gedra – bewaar jou as jy daarsonder betrap word! Die Sondagrok was wit tobralco met lang moue en plat plooië” - Mej. M.L. Spies

Om die sportprestasies aan te spreek het “die skool ‘n nuwe beleid ingevoer. Alle koshuisdogters is verplig om aan alle spele deel te neem. Wat die leierskap betref, word daar sedert 1936 ‘n sportkaptein en onderkaptein vir elke soort spel gekies. Voorheen was daar ‘n enkele kaptein vir al die spele van die skool, natuurlik kon sy nie oral leiding neem nie”. (1937:59)

Mej. Magda Wessels word in 1938 as onderwyseres by Oranje aangestel. Hoewel sy’n sangonderwyseres is, lê haar groot liefde by Afrikaans. Sy verlaat Bloemfontein later om aan die Rand sanglesse te gee en Afrikaans te bevorder. Sy word bekend vir haar Afrikaansonderrig aan Engelse en Duitse skole. Sy onderrig Griekse kinders en bevorder Afrikaans by maatskappye soos Shell, Anglo American en by enkele Switserse maatskappye.

Eerste baadjies met skuinsomboorsel, 1936

Op 22 Oktober 1936 word ‘n Ouer-onderwyservereniging gestig met die doel op nuere kennismaking en om voeling te bring tussen die huisgesin en die skool. (1937:18)

Helene Oosthuysen presteer uitstekend in die Junior Sertifikaat eksamen van 1936: “Sy ontvang ‘n Departementele beurs van £10 per jaar vir twee jaar - alleen 2 kandidate uit al die Bloemfontein skole het sulke beurse gekry. Ook is sy die enigste kandidaat in die hele Vrystaat wat ‘n A gekry het vir Engels (Hoër Graad). Daarby het sy ook die Milnerbeurs van £25 per jaar vir twee jaar verower – toegeken aan die meisie met die hoogste merke.” (1937:37)

In Oktober 1936 besoek 146 leerlinge die Rykskou. Vir Oranje is dit ‘n geskiedkundige besoek: dis die eerste keer dat die kleurbaadjie met die oranje skuinsstreep-omboorsel gedra word!!





Helene Oosthuysen
Top Vrystaatpresteerder in
die Junior Sertifikaateksamen
1936; Snelskrif, 60 w.p.m.
1937; Hoofmeisie 1938 -
links op die foto is
O. Naudé, die
onderhoofmeisie.



Mev. Ella Fischer (née Fichardt)

Die President Steyn Gedenkfonds is op 3 September 1923 in die woning van mev. Ella Fischer (née Fichardt) in die lewe geroep deur die ywer van verskillende vroueorganisasies se individuele lede. Die doel van die fonds was 'n huldeblyk aan die President vir die groot rol wat hy gespeel het in die heropbou van die Afrikanervolk.

Die geld moes ook bydra om Oranje se finansiële las te verlig. Daarom sê mev. Fischer: "If we do nothing Oranje will probably be taken over by Government – it will become ... a wretched colourless institution without national dignity and pride." (Tibbie:98)

Ella Fischer was vir 34 jaar die voorsitter van dié fonds en sy was die groot inspirasie vir die hele onderneming. Die Pres. Steyngedenkfonds was weldra deur die hele land bekend. Oral het mense saamgewerk om geld daarvoor in te samel. Teen 1929 was daar al £6 000 in die fonds.

Mev. Fischer was daarvan oortuig dat so 'n Moederkundekursus die nodige praktiese kennis sou voorsien, sodat meisies die veeleisende lewe van 'n vrou en moeder met vertroue kon aanpak. Dié kursus het sy in die pers verdedig en selfs aan die Suid-Afrikaanse Onderwysersunie bekend gestel.

Op 16 September 1936 is die Huisbestuursentrum ingewy en mev. Fischer het die hoeksteenlegging waargeneem. Hier kon die dogters in 'n huislike atmosfeer die veelsydige en menigvuldige pligte van 'n huisvrou leer. Mej. Phoebé Grewar is in 1937 en 1938 oorsee om navorsing oor huishoudkunde te doen.



Suster Engelbrecht besig met 'n Moederkundeklas. Klein Angela, die Huisbestuurbaba, lyk nie baie geïnteresseerd nie.

Op 10 Oktober 1957 word 'n volksfees aan die voet van die Vrouemonument gehou om die honderdste geboortedag van president Steyn te herdenk. Mev. Ella Fischer lê die krans namens die Gedenkfonds op die graf van president Steyn en oorhandig 'n tjek van £10 000 aan die trustees van die President Steyn-gedenkfonds. "Dit is 'n huldeblyk van die vroue van die land in dankbare erkenning vir die groot rol wat president Steyn gespeel het, nie net gedurende die oorlog nie, maar veral in die heropbou daarna en in die wordingsgeskiedenis van die Afrikaner. Meer as enige ander leier het hy die belangrikheid van die taak van die vrou in die bou van 'n nasie beklemtoon. (Onthou:38)

Mev. S.J.A. de Villiers wat die "Kook en geniet" geskryf het, was 'n Huishoudkundeleerkracht by Oranje. Sy het dié kookboek geskryf nadat sy met die Pres. Steynbeurs in Amerika gaan kers opsteek het.



Mev. S.J.A. de Villiers:
Skryfster van "Kook en Geniet".





Huisbestuurgebou oorkant Harry Smithstraat



Mev. Fischer het beklemtoon dat hierdie sentrum die ideaal van pres. Steyn aanspreek, nl. om bekwame huisvroue op te lei om sodoende 'n gesonde volk te bou.



'n Groepie laerskooldogters werk in die tuin.

Mev. Fischer het daarin geslaag om vir 'n tydperk hawelose babas by die Huisbestuursentrum te laat woon, sodat babaverpleging en -versorging prakties ervaar kon word. Die wet het dié gebruik later verbied.



1937: Ria Deacon met Willem van Oranje



1944: Igna - Huisbestuurbaba

Oranje het Willem aangeneem en daarom is hy in die Klipkerk gedoop: Willem van Oranje. Ongelukkig het die van "Van Oranje" uitgestierf, aangesien hy slegs drie dogters gehad het.

Die babaseuntjies wat hier versorg is, is "Willem van Oranje" genoem en die dogtertjies was "Wilhelmina van Oranje". Natuurlik is die babas se regte name en identiteit nie bekend gemaak nie. Een van die babas is hier oorlede aan asma en is in die Memorium begraafplaas begrawe. Mev. Rae Steyn skryf oor 1936/'37 se babas: "Willem, ons eerste baba, is aan die einde van verlede jaar aangeneem deur kinderlose ouers, en na ons verneem het die snoere vir hom in lieflike plase geval. André, die tweede telg, is nou waarlik 'n knaap van 18 maande en in hom het ons waarlik 'n voorbeeld van hoe 'n sieklike, swak kind, met die regte behandeling en in 'n gunstige omgewing kan ontwikkel tot flinke gesondheid." (1937:49)

Die Landbouafdeling kom eers in 1938 tot sy reg. Blomme en groente word geplant. 'n Koeistal is gebou en mnr. Van Tonder van Tafelkop het 'n koei en kalfie geleen, sodat die dogters ook die melkery kon baasraak.

"Dames-studente van die U.K.O.V.S. in hulle derde jaar wat die U.O.D.-kursus volg, neem klas by Oranje in Huisbestuur. Daar is ook middag- en aandklasse vir die publiek gegee, veral in kookkuns." (1938:33)



Groentetuin



Koeie melk



Die Huisbestuurdogters dra ander skoolklere, soos dié seniors in 1937:

Voor: T. Malan, L. Ras, J. Pretorius, O. Bobbert, O. Wepener
Agter: F. de Jager, N. Pienaar, T. van Biljon

Die Huisbestuurkursus was nie sonder probleme nie. So het swakker leerlinge al hoe meer hul toevlug tot hierdie kursus geneem, sodat'n stigma geleidelik daaraan begin kleef het. Mev. Fischer het 'n persoonlike triomf gesmaak toe die Huisbestuurkursus se vakke, Naaldwerk en Huishoudkunde, tesame met Moederkunde, as volwaardige matriekvakke in 1954 erken is. Die Volksblad het in mev. Fischer se vreugde gedeel in 'n opskrif wat lees: "Moederkunde as vak erken – Meisieskool Oranje maak geskiedenis". Oranje was toe die enigste skool wat so 'n vak afsonderlik in sy leerplan insluit het. Die kursus is later by die Hoërskool Sentraal aangebied en pogings is aangewend om dit by St. Patrickskool, in Waaihoek, aan te bied.



Mev. Fischer se kleindogter, Madelief de Villiers, neem in matriek, 1957, só afskeid van Oranje: "Ek is besonder dank aan my ouma verskuldig dat sy my van kleins af van president Steyn se doel met die stigting van Oranje geleer het, en voel dat ek met reg trots daarop kanwees, dat sy die beweegkrag agter die stigting van die Huisbestuursafdeling was. Ook vir my moeder sal ek nooit kan bedank vir die feit, dat sy reeds voordat ek in standerd een op Oranje begin het, as oud-Oranje oortuig het dat dit dié skool is."

(1957:54)

1938 is die jaar van die herdenking van 1838 se ossewatrek die woeste binneland in. "Die eer en onderskeiding het ook twee van ons ou leerlinge te beurt geval, mev. Judith Pellissier (née Raubenheimer) en mev. Henna Jackson (née Du Plooy) om die awontuurlike tog saam met die 'Vrou en Moeder'-ossewa te maak. Hulle het van Graaff-Reinet gery, en was omstreeks 'n maand weg." (1938:19)

Die "Vrou en Moeder"-ossewa (so genoem deur mev. pres. M.T. Steyn) is vervaardig en geskenk deur P.J.V. van Reenen uit die distrik van Knysna aan die Afrikaanse Taal- en Kultuurvereniging. Nadat die trek op 16 Desember 1938 die hoogtepunt by die Voortrekkermonument in Pretoria bereik het, word hierdie wa op 13 September 1944 aan Oranje geskenk.

"Mnr. Rheeder, die hoofvoorsitter van die ATKV, bied die wa aan ter bewaring en as 'n blywende besieling vir die toekomstige geslagte op Oranje. Hy spreek die hoop uit dat die invloed van Oranje soos die wa sal voortrol om ons volk te help tot sy eindbestemming." Die dokument en naamplaat word deur ds. J.G. Strydom, voorsitter van die Kuratorium, in bewaring geneem. Mej. C.M. Jooste, die skoolhoof, verklaar dat wat gebeur het, van groot betekenis vir die skool is. "Dit dien as blyk van vertroue in ons skool. Die wa het 'n simbool geword

van alles waarvoor die volk stry. Om die tradisies wat hierdie wa simboliseer, te handhaaf, sal die strewende van Oranje wees." (1944:34) Die dogters onderstreep die woorde van mev. Jooste deur die sing van:

"Hoe salig is die volk wat luister na u woord"

en

"Ons harte is verheug dat God beskik oor heel ons lewenslot."

Die ossewa is tydens skoolverjaardae en konserte gebruik. Later het die wa in onbruik geraak en was daar nie meer plek vir die wa by Oranje nie. Dit is toe aan die Voortrekkermonument op Winburg in bruikleen gegee. In 2006 kom dié ossewa na Oranje toe terug. Dit is moontlik gemaak deur die borgskap van dr. en mev. Bernie Human.



Mev. Rae Steyn se man, Colin, word 'n minister in die Nasionale Parlement. Sy moet die tuig neerlê en haar man na Kaapstad volg. Vir Oranje is dit 'n groot slag, want sy was 'n knap vrou en 'n sterk leier wat kon voor loop!


Weer neem juffrou Spratt die leisels in 'n waarnemende hoedanigheid oor toe die skoolhoof vertrek. Hanna en Essie Wiese (een het hokkie gespeel en die ander geswem) onthou dat juffrou Spratt briljant slim en dierbaar was.

Op 'n skoolkommissievergadering op 27 Oktober 1938 is besluit om aan mev. Laurika Postma, wie se pa betrokke was by die stigting van Oranje, te vra om 'n Voortrekkermonument te maak. Sy het in 1939 in Duitsland aan die beeld begin werk. Die kleimodel was reeds voltooi toe die Tweede Wêreldoorlog uitbreek en die beeldhouer Duitsland moes verlaat, waar sy genoodsaak was om die beeld agter te laat.

Nadat sy na Suid-Afrika teruggekeer het, het sy weer van voor af aan 'n beeld begin werk op haar broer se stoep in Shannon. Die huidige beeld is dus die Suid-Afrikaanse model en dit is in brons gegiet. Volgens Anna Vos (Matriek 1940) was Nadia Kroon die model vir die Voortrekkermonument. Die Voortrekkerdrag is presies uitgebeeld nadat Trudie Kestell, 'n oud-Oranje en dogter van dr. J.D. Kestell, dit nagevors het.

Let op die velskoene sonder sokkies wat vooruit beur, veral die regtervoet wat wys sy stap "Vooruit". Die roksoom is wyd (gewoonlik vier jaart om betaamlik 'n perd te bestyg) en die driehoekige nekdoek is met 'n borsspeeld geanker. Die voortrekkerkappie sorg dat sy slegs vorentoe kyk en nie afwyk van haar ideale nie. Die tradisie is dat hartseer leerlinge haar linkerhand vryf wanneer hulle huis toe verlang. Dan voel hulle sommer gou beter!

Hierdie Voortrekkermonument wat bekend is as "Vooruit" is op 19 Oktober 1940 voor sowat 1500 staande aanwesiges deur mev. pres. M.T. Steyn onthul. Mev. Steyn is deur die skool genader om die onthulling waar te neem. Haar skriftelike antwoord lyk so:



Laurika Postma

Die beeldhouer het self die beeld oorgedra aan die voorsitter van die Kuratorium, ds. J.G. Strydom, met die woorde: "Mag die beeld die dogters besiel om hul leuse, Vooruit, uit te leef".

Tydens die Sinodesitting van die NG Kerk in 1940 word besluit dat die Sinode voortaan alle verantwoordelikheid met betrekking tot die skool moet oorneem. D.w.s. die stigterslede wat as trustees opgetree het en nou nie meer belang het by die organisasie wat hulle toe verteenwoordig het nie, sal nie meer sittingsreg hê nie. (Onthou:20)

Die Administrateur van die Vrystaat, dr. J.F.J. van Rensburg, was teenwoordig en het aangevoer: "Dogters, julle is ons hoop en ons belofte, ons brug na die toekoms. Waar ons gestruikel het of teruggedeins het, sal julle met sekerder voet en met meer onverskrokke harte vorentoe beur. Die kind is die moeder van die vrou. Wat vandag in julle sluimer en vorm, is oor tien of twintig jaar die karakter en die uitkyk, nie van Oranje-meisies nie, maar wel van vroue, van die vroue van ons volk." (Onthou:30)

Vir die Oranjedogters wat daagliks na die beeld kyk, versinnebeeld sy Oranje se leuse: "Vooruit"! Vasberade en blymoedig beur sy vorentoe en trotseer 'n sterk wind. Haar gesig spreek van karaktervastheid en 'n vaste geloof in die toekoms – sy sal, soos die Voortrekkerkinders voor haar en die Oranjedogters na haar, met volle vertroue en geloof die toekoms in stap – met haar oë gerig op die horison... 'n nuwe toekoms!


Die beeld sou Oranje-dogters gestagtelank inspireer:

Estelle Bester skryf in 1956: "Waar ek nou aan die einde van my skoolloopbaan staan en op my eie krag moet steun, sal ek wens dat ek nog die veiligheid en sekerheid gehad het wat Oranje bied. Oranje het my geleer om my plek in die lewe te ken en vol te staan. As ek in my verbeelding aan die Voortrekkernooientjie se hand vat, en opkyk na haar vasberade gesig en haar oë op die toekoms gerig sien, sal ek nuwe moed en besieling hê vir die lewenstryd." (1956:95)



Die onthulling van die Voortrekkernooientjie - gaste en leerlinge

Mnr. en mev. Tewie Wessels en dr. en mev. M. de Villiers het letterlik berge versit om 'n eg Afrikaanse veldtuin te skep waarbinne die beeld geplaas sou word. Vetplante is van sover as Griekwastad, Prieska, Niekerkshoop en Lesotho aangery om die tuin moontlik te maak. 'n Blommende aalwyn (so groot dat ses mans dit moes dra) is nog die dag voor die onthulling in 'n tuin opgespoor en dis dadelik by Oranje oorgeplant. Daar het dit tydens die onthulling van die beeld in sy volle blommeprag gepryk.



Senior Matrieks 1940: Mej. R.M. Steyn se laaste matriekklas

Voor: Willemien Wilcocks, Corrie Fouché, Tilla Visser, Nellie Swanepoel, Ina Cloete, Yvonne Nel, Bettie Swanepoel, Wanda Maarschalk, Linie Vos, Inge Arndt, Debora de Vries, Anna v.d. Mark, Simonia Olivier

Sittende: Ria Fourie, Roza Viljoen, Adrie Pienaar, Annatjie Heckroodt, Franees Ferreira, mev. R.M. Steyn, mej. M.S. Burger, Petro du Toit, Tokkie van der Meulen, Freya Glietenberg, Psyche Castelyn, Juliana Schutte

Derde ry: Anna Richter, Rina Viljoen, Hester Holdstock, Mona de Wet, Nantie Dannhauser, Rita Burchell, Shelah Niksch, Sarah van Zyl, Joe van Jaarsveld, Amorie Kloppe, Christie Potgieter, Naomi Strauss

Vierde ry: Hennie Alberts, Dorie Bezuidenhout, Christine Krüger, Beatrice van der Riet, Sophie Boshoff, Nellie du Toit, Jeanne Theron, Katie Uys, Sannie Wessels, Betsie Muller, Louisa Bosman, Ruth Kotze, Leslie Odendaal,



ORANGE SENIOR MATRIEKS 1940

Brokkies uit Anna Vos se fotoalbum 1940

- Heloise Pellissier en Telana Hanekom is dagskoliere. Hulle was die "posbodes" wat altyd die koshuiskinders se briewe moes gaan pos.
- Molly Ferreira – hoofmeisie – is geskors, alhoewel sy 'n voorbeeldige dogter was. Die dogters het geglo dis omdat sy 'n Joodse "boyfriend" gehad het wat in dié tyd ondenkbaar was.
- Patat Cronjé, later skoolhoof van Grey Kollege, het soms saam met Anna (Vossie) hier by Oranje die tiekieaande bygewoon.
- Esther Burger (Geldenuys), wat die rooskoning van die Vrystaat sou word, was saam met Anna in die klas.



Anna Vos - Matriek 1940

Mej. Spratt was nie gesond genoeg om die pas in die skoolhoofpos te kon volhou nie. Daarom staan sy terug vir die nuwe hoof.

Veels geluk

Hester Mostert

is verplaas na die Hoofkantoor van "Die Vaderland" in Johannesburg. 1940

Sarah van Zyl

het 'n groot hoenderboerdery begin op haar pa se plaas.

Nellie Naudé en

Jacoba Rossouw

lê hulle toe op Sosiale werk. 1940

Rona Steyn

Het 'n beurs vir drie jaar studie aan die Koninklike Akademie, Londen, verwerf, waar sy haar opleiding in orrelspel sal voortsit. 1940

Brokkies

1941-1961



*Zen spyte van vrees en onsekerheid moet
ons elkeen met 'n vaste oortuiging die
uitdagings van die lewe aanvaar – die
waagstuk leer ons dat ons krag nie in
onsself lê nie!*

Mej. C. M. Jooste

1941-1961



Die mooi vrou met die grys hare en blou oë het almal dadelik welkom laat voel. Die besoeker raak bewus van haar grasia en waardigheid. Sy weer, het vir die eerste maal voor die kantoor van die prinsipale gestaan en die naam "Prinsipale" op 'n kaartjie in 'n bronsraampie gelees. So onwerklik was die aanstelling vir haar dat dit gevoel het asof sy hier is om dié persoon te ontmoet.

Mej. Jooste skryf: "...hier op Oranje was 'n atmosfeer, 'n tradisie, 'n andersheid wat my dadelik soos 'nloedgolf beetgepak het en 'n intense gevoel van geluk en warmte gebring het. Hier was so baie prestasies dat trots op die skool my 'n groot stukrag gegee het." (1961:4)

Haar saalopening tref telkens met 'n besielende boodskap, wat gevolg word deur 'n opregte gebed.

C. M. Jooste

Saalperiode:

Dinsdag, 6 Maart 1961

Julle is die lig van die wêreld.

As 'n mens die skeppingsverhaal lees, sien jy dat lig die heel eerste gemaak is. Lig was dus die hoofvereiste vir die wonderlike skepping wat sy hoogtepunt gevind het in die skepping van die mens.

Lig is die vereiste vir die lewe en vir alle groei. Let maar op as jy plante in die huis het, hulle groei na die lig toe.

Lig onthul al die mooi kleure en vorme wat bestaan. Dink aan sonsopkoms!

Lig bring veiligheid. Wie van ons stap in die donker dapper op die skoolgronde rond?

Lig laat jou koershou. Dis die simbool van eerlikheid, opregtheid en van die waarheid.

Ons is die LIG in die wêreld as ons aan hierdie hoë roeping beantwoord en as ons die kennis van die woord van die Here het. Jou gedagtelewe moet verlig wees deur die kennis van die Bybel. Dan ken jy die verskil tussen reg en verkeerd. Dan moet jy jou lig laat skyn, m.a.w. jy moet al jou kennis en gawes gebruik in die diens van jou medemens.
(Uit haar eie saalboek)

Uit mej. Jooste se eerste matriekklas kom die tweeling Hanna en Essie Wiese. Hanna was die hokkiespeler en Essie die swemmer. Essie het tuberkulose opgedoen en was erg verswak. Nadat sy daarvan genees is, was sy steeds sieklik. Sy het 'n varsvrugtedieet begin volg en is heeltemal genees. Sy het ander mense geïnspireer om die Eden-dieet te volg met dieselfde ongelooflike gevolg.



Essie Wiese (later Honiball)



Mej. Jooste is die eerste skoolhoof wat die prinsipaalswoning betrek.



Die prinsipaalswoning: 'n ontwerp van Gerhard Moerdyk.

Mej. Jooste skryf: "Dit is 'n vriendelike huisie waar jy altyd veilig voel, al is jy stokalleen hier aan die een kant van die terrein gedurende 'n lang skoolvakansie.

"Moeg van rondtrek in die stad het ek eendag vir ds. J.G. Strydom gevra of die Kuratorium nie 'n huis op die skoolterrein sal bou nie. Die plek het ek lankal uitgesoek en dikwels hier teen die koppie gestaan. Gou is die argitek se plan goedgekeur. Dit was gedurende die oorlogsjare, en boumateriaal is streng gekontroleer. Daarom het ons die grasdak gekies en was die grootste deel binne sonder plafon.

"Aan die einde van 1942 het ek ingetrek. Hier was nie elektrisiteit nie, en vir 'n lang tyd slegs kerslig. Die swart ou reentwurms het soos toue teen die mure uitgeklim en saans van die dak af in jou bed geval.

"Van pure blydschap oor die huis het ek daardie hele Desember vakansie hier gebly en oom Barkie het my gehelp met die uitlê van die tuin, die gelyk maak van die terrasse en die grasplantery." (1961:7)



Dr. E. Greyling se toespraak oor Christelik-nasionale Onderwys. (Sittende, regs van spreker)


Die hoogtepunt van die verjaardag is egter die onthulling van die borsbeeld van wyle pres. M.T. Steyn in die Groenewaldsaal. Mev. Rachel Isabella Steyn, eggenote van die President, onthul die borsbeeld wat deur Laurika Postma (Beeldhouer van ons Voortrekkernooientjie) gemaak is. Daarna lewer prof. D.F. Malherbe 'n huldeblyk.

Die borsbeeld van pres. M.T. Steyn. prof. Malherbe sê:

Die stem van die President het stil geword, maar hy sal gestagte lank nog met ons praat.



Op 17 April 1942 word die skool se 35ste jaar luisterryk gevier! Die dag se verrigtinge begin aan die voet van die Vrouemonument. Dit word voortgesit met die blommerangskikkings in die studiesaal en die tenniswedstryde tussen die leerlinge en die personeel. Teen 3 nm. word die nuwe laerskoolgebou in gebruik geneem. Dr. E. Greyling, voorsitter van die skoolkommissie, lewer die feesrede, terwyl die voorsitter van die Kuratorium, ds. J.G. Strydom, die deure oopsluit.



Mev. R.I. Steyn onthul die borsbeeld van pres. Steyn. Langs haar staan haar dogter, mev. E.W. Fichardt. Op die agtergrond staan ds. P.J.J. Boshoff, stigterslid en lid van die eerste Kuratorium.

Dit blyk reeds sedert 1943 die tradisie te wees om matriekpresteerders na die skool terug te nooi. Leonora van den Heever (dogter van die skrywer Toon van den Heever)

en Amy Brink het die hoogste punte in die Senior Sertifikaat-eksamen van 1942 verwerf. As gelukwensing ontvang hulle van mev. pres. Steyn 'n foto van die President. Tydens die oorhandiging lees mev. Tibbie Visser, dogter van mev. pres. Steyn, laasgenoemde se boodskap voor:

“Waar daar veel is wat vooruitgegaan het, het ek tog my bedenkinge oor die tydgees wat 'n gevaar geword het vir die dogters, die gees wat so graag bestempel word as die emansipasie van die vrou. So 'n vryheid is 'n klug omdat dit in die werklikheid van die vrou 'n slaaf maak, want om te toon hoe vry sy is, probeer sy handel soos 'n man, en al wat sy daarvoor kry, is om die kroon van haar hoof af te trek.



“My ideaal vir my Oranje-dogters is dat vroulike fynheid hulle sal kenmerk. Ek wil die versoek rig dat julle as Oranje-dogters baie gehoorsaam tuis sal wees.

“Liefdeloosheid is orals te bespeur en kan ons dit nie op 'n wêreldwye skaal bestry nie, moet julle doelbewus te werk gaan om tuis, op Oranje, liefde uit te leef.” (1943:17)

Leonora van den Heever kom in 1942 tweede in die Unie met die Hoër Taalbond-Eksamen. Sy verower die Blake-prys vir die hoogste punte in Engels in die Vrystaatse Senior Sertifikaateksamen. Later gee die Matriekulasieraad aan haar die helfte van die Queen Victoria Memorialprys vir die beste Engelse opstel in die Unie. (1943:9)

Sy word op 1 November 1989 die eerste vroulike appèlregter, nadat sy vir 20 jaar die enigste vroulike regter in die land was. Sy is nie 'n voorstander van vroueregte nie, maar glo dat vroue stemreg behoort te hê. Sy glo dis die tegnologie wat die vrou se lewe verander - “Vroue kan hulle vrugbaarheid beheer, kan beroepe beman waar die mans skaars word. Spiere is nie meer ter sake nie. Vroue kan bereik wat hulle graag wil.” (Sarie Marais, 31 Mei 1989:30)

Akademiese presteerders in die matriekeindeksamen wat die President se portret as eerbewys ontvang:

1942	Cecilia Erasmus	Leonora van den Heever
1945	Rita Mynhardt	Adre Wessels
1946	Marthella Maree	
1947	Anneke Keyter	Miemsie du Plessis
1950	Bettie Craeser	Annatjie Jooste Anna Kriek
1954	Juliana Coetzee	



1942: Leonora van den Heever
 Juliana Coetzee het drie jaar agtereenvolgens die beste prestasie in Afrikaans aan die Universiteit van die Vrystaat gelewer.




Afrikaans is dwarsdeur Oranje se “eeu” in die spervuur. Die dogters besluit om vir die Moedertaalfonds geld in te samel:

Die st. 4-klas van 1943 samel £22 in vir ons Moedertaal-strydfonds. (Die donkerblou serge-oorslaanrok vervang die “gym” of springjurk.)

Die blyplek vir die kosgangers raak in 1943 baie knap. Op 10 Junie 1944 word besluit om 'n nuwe, moderne, goedingerigte koshuis met eetsaal, kombuis en studiegeriewe vir 100 kosgangers, bo-op die rantjie te bou.” Dit word die latere C.M. Joostekoshuis. (Onthou:27)


St. 4-klas



Mej. Hilda Postma het met die kindertuinklasse op die terrein rondgeswerf. Telkens het die vrolike gejl van die kleintjies gepla. In Januarie 1945 word die nuwe kindertuingebou betrek. In die sewentigerjare sou dit omskep word in 'n woonhuis vir die terreinbestuurder en nog later word dit Oranje Preprimêr!

Ds. P.J. Pienaar, voorsitter van die skoolkommissie (1935-1945), sterf onverwags in 1945. Mej. Jooste neem afskeid van dié leier wie se lewensbeskouing só rigtingaanduidend was. Hy het die skool 30 jaar gedien. Sy wyse raad, sy deurleefde oordeel en sy intellek het rigting gegee. Hy was die besieling van menige leerkrag. Hy was die praktiese man wat die nood kon raaksien en met visie die nuwe geboue en verbeteringe aan bestaande geboue kon beplan.

Ds. Pienaar word opgevolg deur dr. E. Greyling wat voorsitter bly tot in 1967. Hy is 'n tyd lank ook voorsitter van die Kuratorium. “Sy goedgevoelde besluite het altyd eerbied afgedwing. Die aanvoorkerk van die C.M. Joostekoshuis en die skoolsaal moes hy behartig en daarmee saam telkens die fondsinsamelings bestuur.” (Onthou:25)



Ds. P.J. Pienaar – voorsitter van die skoolkommissie 1935-1945



Dr. en mev. E. Greyling – voorsitter van die skoolkommissie, 1945-1967

Sedert 1907 – die tyd toe ’n musiekdirekteurbyOranjeaangestel is – bly musiek belangrik. Daar word aan kunswedstryde en nasionale musiekeksamens deelgeneem en die leerlinge presteer:



Betsie van Rooyen behaal op die Vrystaatse Kunswedstryd seseerste pryse in die afdelings vir klavier, viool en orrel. Sy ontvang ’n silwermedalje vir orrel en ’n beurs van £10 vir die beste musiektalent tydens die Kunswedstryd.



1946: Olga Troskie verwerf ’n oorsese studiebeurs vir skoolmusiek.



Mej. E. van der Spuy, 1928-1944.

Mej. E. van der Spuy het vir die skool roem verwerf met die hoë peil waarop sy die tweede landstaal aangebied het. Sy sal die langste onthou word vir die werk wat sy op die gebied van die voordragkuns gedoen het.



Vanaf 1944 word Suid-Sotho as ’n skoolvak aangebied, naas tale soos Frans, Latyn en Duits.

HA RONA HOE MATHA
HOENKA KOFFIE
Kamarago rona hoe
babilè, rona hoe matha
hoe inka lebekerè.
Lebekerè ho katilase ka
sevate komorago rona
hoe inkela lebekerè
rona hoe emèle koffie.
Harè fomana koffie pelo
harona hoe fomana
monati.
Ella van den Berg, H.B.I
(1944)

Oranje blink oor die jare uit tydens die Vrystaatse kunswedstryd:

- Mej. Augusta van Rooyen verwerf roem met ses kore.
- Mej. M. Bosman se leerlinge munt uit in die spreekkore en alle afdelings van die voordragkuns.
- Mej. M.L. Spies en mev. A.M. Burger is verantwoordelik vir oorspronklike mimiekspeel. (1951)
- Skryfwerk in Afrikaans stap met die louere weg.



Die aktrises van “Die Arrestasie” Kunswedstrydweners.

Op 11 April 1947 is Oranje 40 jaar oud. Die dogters sing al net na middernag die skoollied. Dis nog donker as die opstaanklok lui, maar almal trek hul volksdrag aan. Toe die son opkom, is almal reeds op vragmotors en op pad na die Vrouemonument. Die leerlinge sing die *Vryheidslied* en Psalm 38. Prof. D.F. Malherbe inspireer met sy toespraak: “Oranje moet onthou wat is goed en edel in die volk en daarop voortbou”.

Op 17 Oktober 1947 word die hoeksteen van die Rachel Steynkoshuis deur dr. E. Greyling gelê. Hierdie koshuis word oorkant die straat aan die Huisbestuurgebou gebou. Pres. Steyn se dogter, mev. C.F. Visser, voer die rede tydens die hoeksteenlegging. Sy bedank die Kuratorium wat geld hiervoor bewillig het. Sy loof mev. Ella Fischer vir haar geloof in die President se ideale om die Huisbestuurskursus op die been te bring.

Mev. Visser beklemtoon dat Oranje ontstaan het as ’n geloofsdaad om die Afrikanervolk te red. “Oranje staan op historiese grond, want dit was die eerste gebiedsherowering in die Vrystaat na die Anglo-Boereoorlog en dit is ’n volkskultuurbasis van groot strategiese betekenis. Die dogters moet brandwag staan dat hierdie erfenis veilig sal wees. Daarom moet die nuwe uitdagings met geloofsvertroue aangepak word.” (1947:11)



1947 Rachel Steynkoshuis



Vanaf 1951 word Enslinhuis gehuur. Mejj. Spies en Rossouw trek met 20 kosgangers soontoe. Uiteindelik word dié huis in 1953 teen £5 100 aangekoop.



Hoeksteen: Rachel Steynkoshuis





Mej. M. Bosman se wenspreekkoor

Die CSV-tak het nou al geruime tyd 'n verbintenis met die Cinini-sendingstasie in China. Geld word daarvoor ingesamel. Die CSV-matrieks wil op 'n spesiale manier van die skool afskeid neem en dit het nou al 'n jaarlikse instelling geword om af te sluit met die opvoering van die Kantate *Jesus van Nasaret gaan verby*.

Die substanderds – Sub A, B en st. I – bly die entoesiastiese jaarbladskrywers. Juffrou Hilda Postma, wat self 'n skrywer is, motiveer die kleintjies om te skryf:

All Blacks

Ons het naa die All Blacks gekyk toe hele hier gespeel het en det was baje mooi. Daar was baji mense en ons het hele geraak toe hele yt-ge-har-kloop het en dar was baj kare. Pe ty van die mense het boo 'n die boome geset.
Ordino Kok Sub B

My sussie

My Sussie is tien jaar oud haar naam is Ema sy is in Staandirt II ek en sy bly op 'n plaas.
Deleen Joubert Sub A

Die see

Ek en my boetie en 'n ander seun het voetbal ge speel, en toe het my boetie my ge-duik dat ek flou was en toe moes hulle my wind in pomp.
Jannie Roode Sub B

Lierste Nee-La

Ons het al ge-trek. Ek het van-oggend vir Johan van Katien-ka ge-lees want hy is baie ver-koue. Je-vrou du Plooy is siek. Je-vrou Posma het ges-ter ver-jaar. En Jan se duiv het by die huis ge-bly.
Helena - Sub B

Lente

Dit is nou lente die bome is vol bloeisel in die somer eet ons weer vrugte
Anschia Alberts Sub A

Onderskeidings - Kunswedstryd 1951

Voor: C. Stockigt, N. Naudé, M. Blignault, J. Furter, K. York.

2e Ry: P. Wiese, M. Gregerowski, M. Welgemoed, S. Bell, E. van der Linde, R. Niewoudt, S. van Graan, E. Steenkamp.

3e Ry: A. Naudé, R. Odendaal, A. Kleynhans, M. Kok, Z. Fichardt, I. Geyer, C. Wilkenson, G. Grobler, A. Burger.

4e Ry: D. Coetzee, H. Wilcocks, S. Kramer, H. Stassen, N. Groenewald, M. de Villiers, B. Boers, E. Mocke, M. Naudé, L. Pienaar.



Die skryfster van “My Sussie”, Deleen Joubert se tante en naamgenoot – Deleen-Marie Joubert – is in haar Sub A-jaar aan waterpokkies oorlede. Juf. Postma vertel dat Deleen-Marie se “waterverfwerk besonder fyn was, maar met die skrif het sy moeite. As sy sien hoe die ander kinders skryf, het sy skaam geword, dan vly sy haar teen juffrou se arm en paai: ‘Vandag skryf ek nie, ag toe wat môre weer.’

“Dan mag sy kleiwerk doen. En toe die skrif begin reg kom, het ons oorlê om 'n nuwe skrifboek te kry, sodat die eerste gesukkel nie herinner aan swakker dae nie. En veel, veel beter het dit nou gegaan – net vir 'n paar bladsye, want toe is Deleen se kort tydjie om.” (*Die Volksblad*)

Voordat ouditeure die skool se rekeninge begin nagaan het, kon elke skoolaktiwiteit 'n eie bankrekening open. Daarom is mej. Jooste verras dat die Musiekafdeling, onder leiding van mej. M. Papenfus, in 1948 'n vleuelklavier vir die Groenewaldsaal kon aankoop. Die geld is ingesamel met konserte van mnr. en mev. Victor Pohl en studente van prof. en mev. Roode.

Die Hennenmangebou kry in 1949 'n tweede verdieping:

Die nuwe Biologieklas wat bo-op klaskamer 1-3 gebou is.



Die 1949-jaarblad word opgedra aan mej. Hilda Postma wat 25 jaar lank die Kindertuinjuffrou was! Sy keer in 1951 terug na Oranje.

“Nooit sien jy haar op die skoolgronde rondbeweeg nie sonder 'n kinderhandjie in hare. Selfs die mees onbeholpe eerste pogings om te skrywe of te lees, ontlok van haar 'n loflied. Sy ken elke outjie en kan aan die ouers verslag gee – elkeen 'n wonderwerkjie van die Skepper.

“Alte graag het ons geluister na haar staaltjies. So onthou ek van die seuntjie wat, toe sy in die Bybelles seker baie skilderagtig vertel van die priesters se pragtige klere en die geurige olie, sy snoetjie in die lug steek en sê: ‘Juffrou, ek kan dit eintlik ruik!’ Van sy nugtere maat kom gou: ‘Ag wat, Juffrou, dis sommer my haarolie wat hy ruik.’ ‘n Ander seuntjie het rondgevroetel in sy lessenaar, want sy ‘ideaal’ (liniaal) was verlore!

“Vir haar kollegas was juf. Hilda 'n dierbare en getroue vriendin. Haar groot liefde en begrip vir die kinders het elke optrede en elke handeling deurstraal. Daarom skryf 'n ma, mev. Judith Pellissier, dat sy nooit bang was om enige van haar vyf kinders in juf. Postma se sorg te laat nie. Sy het die klompie ‘kuikentjies’ met sorg en teerheid hanteer. Sy was die edelste ‘moedertjie’ om die kleintjies hul eerste skooltreetjies te leer loop.” (1949:4)

Die onderhoofmeisie van 1949, Laura Rautenbach, het as klein dogtertjie saam met haar suster, Christine, in die middag na juf. Seabrook se kunsklasse gekom. Sy moes 'n model vir die kunsleerlinge wees. Laura onthou dat sy afgeneem moes word - nie omdat sy mooi was nie, maar omdat sy so fris was en so 'n groot kop gehad het. Reeds in standaard vier het sy geweet sy wil 'n beeldhouer word.

Laura was 'n kranige hokkiespeler wat ook vir die Springbokhokkiespan uitgedraf het. Verder was sy versot op perdry, 'n liefde wat sy met 'n familielid, Leonora van den Heever, gedeel het. Laura erken dat sy haar kennis van musiek aan Leonora te danke het. Lg. het haar “saamgesleep” na musiekkonserte. (*Laura Rautenbach:5*)



Laura Rautenbach by die borsbeeld van regter Leonora van den Heever. (*Laura Rautenbach:5*)



Die Kunstrofee vir die beste presteerder in Kuns



Die Direkteurstrofee vir Sang/Drama. Albei is deur Oranje verower.

Die “pampoenrok” – somersdrag – met die wit kragie en wit mouboordjie is deur mev. Trümpelmann ontwerp. Ons sien dit vir die eerste keer op die foto’s van 1949. Die prospektus verskyn met die skoolklere duidelik gedefinieer:



Mantelpak: Beste Winterdrag

Tennis - uitrusting

Somersrok

Netbal - uitrusting

Klokromp met hemp-bloese vir kerk

Hokkie – uitrusting

Wintersrok met hoed



Mev. Leonie Opperman

In 1951 samel die gimnastiek-onderwyseresse speel-speel met die verkoop van lekkers en koeldrank geld in om die groot grassnyer vir die nuwe (onderste) hokkieveld te koop, asook die groot luidsprekerstel vir die sportterrein. (1951:58)

Dié aflosspan verbeter die O.V.S.-rekord. J. v.d. Merwe, Agter: H. Nienaber, L. Theunissen, N. van Schoor



Die atletiek maak opgang onder die meisies... kyk maar na die spotprent en die aflosspan!

As deel van fondsinsamelingprojekte het Oranje vyf kookboeke die lig laat sien! Drie daarvan onder die wakende oog van juffrou Jess of dan mev. Leonie Opperman (née Vosloo): *Oranje met Smaak* in 1977, *Resepte wat lok met Oranje as kok* in 1982 en *Net een byt in 1988*. *Oranje Primêr se 'n Eend in die Pot* verskyn in 1997. Tydens die Eeufeesvieringe in 2007 verskyn 'n unieke resepteboek met Oranje-stories: *'n Mondvol* deur Christa Strydom (née Human) en *Uvain Burger* (née Strydom).

CAMERA HIGHLIGHTS IN THE WORLD OF SPORTS.

Die netbal verloop in 1944 baie goed, want mej. M.L. Spies het dié sport afgerig. “Vir die eerste keer in jare (miskien in ons geskiedenis) wen ons hoërskoolspanne albei die netbalbekers.” (1944:33)

Die kultuurbedrywighede van die skool sluit volkspele in. Dit het reeds in die dertigerjare groot aftrek gekry.



Dogters van die Staatmaker-Volkspelegroep:
Voor: E. Mocke, S. Joubert.
2e Ry: V. Viljoen, L. Steenkamp, F. Naudé, mej. Wiese, N. Naudé.
3e Ry: A. Heyns, P. du Plessis, W. Lategan, E. Steenkamp.
4e Ry: B. Strauss, B. Swart, M. Taljaard, F. Krause.

“Die eer het Wilhelmina Boers te beurt geval om deur die Internasionale Kultuurliga gekies te word as die enigste skooldogter in die Unie om die opera-seisoen in Durban, gratis by te woon.” (1951:76)

Terwyl die skool op elke denkbare wyse groei, hou die Sinode van die NG Kerk getrou wag: “Vir die Laer Skool is Godsdiensoonderrig verpligtend vir minstens ’n halfuur per dag; vordering sal gemeet word. Die Middelbare Skool is verplig tot Godsdiensonderwys minstens twee periodes per week in al die klasse.” (Handelinge: Sinode O.V.S. 1952:51)

Die gimnastieksaal word op 13 Junie 1952 feestelik ingewy. Dit is die 300ste herdenkingsjaar van Jan van Riebeeck se koms na Suid-Afrika en daarom word die nuwe saal die Van Riebeecksaal genoem.



’n Oefening in gimnastiekdrag in die saal.



Mej. C. M. Jooste open die Van Riebeecksaal.



’n Piramide deur die senior leerlinge.



Die saal is ten volle toegerus

Oudleerlinge presteer in 1952 besonder goed. Die volgende leerlinge se prestasies word uitgelig:



Leonora van den Heever (Advokaat)



Mev. A. Olivier (Administrateursvrou)



Elsie Barnard (Huisdokter)



Betta Wiese (SA-Netbalspan)



M. Minnaar (Tenniskampioen)



Hilda Nienaber (Liggaamsopvoeding: oorsese beurs)



Hanlie van Niekerk: Toneel en rolprent



Laura Rautenbach: Die SA-sierwa wat sy help maak het



Anneke Keyter: Lentekoningin van die US

Mev. S. Bell kom in 1952 as huismoeder by Oranje aan. Haar ongeëwenaarde werkywer word duidelik in die organisasie van die koshuis weerspieël. Bettas de Jager, ’n kosganger in die dae van mev. Bell, onthou dat mev. Bell altyd netjies en versorg was. Haar hare was spierwit grys en daar was nooit ’n haar uit plek nie.




Mev. Bell was ’n ware dame wat bygedra het tot die dogters se sin vir waardes. Sy was gestel op eerlikheid, dissipline en die dogters moes dames wees. Luidrugtigheid was vir haar ’n steen des aanstoots. Haar eienaardige manier van praat het tot verskeie staaltjies gelei, soos die aanhaling uit die Jaarblad van 1954: “Meisjies, julle moet nie van julle se kamers ’n Koko Kolla bar maak nie.”

Die netheid van die koshuis was vir mev. Bell baie belangrik. Geen kos mag in die koshuiskamers gebêre word nie, want dit sou miere lok! Daarom begryp jy Estelle Bester se benoudheid...

Mev. S. Bell, die huismoeder.

“Byna oorstelp was ek van vreugde toe ek die styfgeknoopte lyne om my langwerpige pakkie loswikkel en daar twee lang beesbiltonge te voorskyn kom! Hierdie waardevolle kosstuk bewaar ek sorgvuldig heel onder in my klerekas. As mevrou Bell dit ontdek, kan ek seker wees van ’n “BAD MARK”. (1953:51)

Ander dogters het dieselfde geheime probeer troetel en die uiteinde daarvan was dat dit na die Tuckkamer verskuif moet word...



Op mev. Bell se bevel is alle kos na die Tuckkamer onder die Groenewaldsaal se verhoog verskuif.

Dis darem nie net kos wat belangrik is op Oranje nie! “Saterdag heers daar ’n groot bedrywigheid in die washuis. Elkeen is ywerig besig om ’n paar kledingstukkie vir ‘klerewys’ in orde te kry. Die lug is swaar belaaie met allerlei geure van seep en sjampoe en telkens is die geblêr van die grammofoon deur die vrolike gebabbel hoorbaar.”



’n Bedrywige waskamer op ’n Saterdagmôre.

“Ag die ou ysters is al weer koud!” laat hoor Rina vanwaar sy worstel met haar Sondagtabberd. ‘O, hier breek my enigste knoop af en kyk die skeur hier aan die mou!’ Dis Evelina en almal weet sy is nie ’n liefhebber van naaldwerk nie.

“Ek wens ek was julle ouens wat die salige vooruitsigte van ’n uitdag het, maar natuurlik moet ek weer inbly omdat ek te veel ‘bad marks’ het”, sê Tiekie.

“Toe die klok lui, versprei Marita ’n paar skoon kledingstukkie so ver as moontlik van mekaar op haar bed. Haar kerkhoed se rand was nog net met een stekie aan die bol verbind. Tyd vir herstel was daar nie, want sy hoor reeds die juffrou se voetstappe in die gang. Haakspelde is ’n baie handige artikel in ’n koshuis. Haastig het Maria die rand in posisie geplaas met vier kniewels van haakspelde.

“Is al jou klere in orde, Marita?” vra Juffrou.

“J-ja amper Juffrou, ek soek net na my springjurk en my das en my kleurbadje...”

“Juffrou gaan voort met die inspeksie... ‘Maar hierdie kouse is dan nie gestop nie en waarom is die hemp so verkreukel? En die haakspelde aan jou hoed, Marita? Dis nie die eerste keer dat ek jou klere in so ’n toestand aantref nie. By die strafwerk wat jy na middagete by my moet kom haal, kry jy nog een ‘bad mark’ ook, gehoor!” (C. Roos, 1953:44)

Klerewys op Oranje

Dis ’n gat in ’n kous
Dis ’n naald wat flous,
Dis nie al.

Dis ’n knoop wat makeer,
Dis ’n gesoek heen en weer,
Dis nie al.

Dis ’n gewas en gestryk,
Dis vlek en kreukel wat wyk,
Dis nie al.

Dis ’n romp, dis ’n das,
Die kind brand vas,
Dis nie al.

Dis ’n onnie wat preek,
’n hart is gebreek,
Dis a!!

Deleine van Wyk, J.S.
(1955:84)

Dan is daar nog die modeboeke wat die dogters inspireer:

In 1953 verberg die lang somersrokke die mooi bene



MAAR



In 1954 volg Oranje “Dior” na...nou mag die bene wys!

Die wintermode van 1953 kon slegs die maerste dogters met die slanke figure dra!



Die mode van 1954 verbloem al die figuurfoute as “Dior” ons terugneem na 1920!

(1953)

Met mooi lyk kom jy by die maats verby, met ’n netjiese klerekas kom jy by mev. Bell verby, maar met ’n swak rapport kom jy nie by jou ma verby nie...

“Esther se ma maak die koevert van haar rapport met bewende hande oop: ‘Skeinat... Esther!! Boekhou: dis bietjie beter. Huishoudkunde: wat het die kind gemaak!? Matesis: Ag mense; as sy tog ’n bietjie slimmer was! Rekenkunde: gelukkig kan Esthertjie tog goed reken – sy het werklik haar vader se verstand! Engels: dis darem jammer dat ons nie bietjie meer Engels in die huis gepraat het voor sy Oranje toe is nie!! Afrikaans: O, Vader – help my – ek word naar! ...veertig persent...hoekom het ons tog nie bietjie meer suiwer Afrikaans gepraat toe sy in die huis was nie?’

“Sien Mamma, hoe sleg het ek in Engels gevaar? Dis net die juffrou se skuld – as sy ’n bietjie meer aandag aan ons gee, sal ek beter doen! Mammie, ek gaan nie weer na daardie skool toe nie!”

“O, ja... Oh yes! Jy gaan! Ek sal sorg dat jy gaan. Ek sal ook aan mev. Bell die versoek stel dat hulle spesiale aandag aan jou moet skenk!” (Annette v.d. Walt, St. VII, 1953:57)

Van al die swaarkry op Oranje bly die “Fraüleins” (soos hulle hulself noem) die ergste. “Dié middag moes al ons sotte na die hokkieveld gaan. Onwilliges, en party wat nie hul lag kon hou nie, se dors is gou met ’n bietjie kalkwater geles. Kort voor aandete is ons in die studiesaal opgeveil en ek is vir ’n driekwart pennie aan die ‘grote Gy’ Estelle Swanepoel, verkoop. Ek was nie lank in haar diens nie, of ek het die bynaam ‘Queen Skeba’ gekry.

“Gou-gou het die dae verbygevlug, en die sottetyd was agter die rug. Dit was eintlik snaaks om weer ’n slag ’n skoon rok aan te trek, want die rok wat ons ongeveer twee weke lank moes dra, het teen dié tyd al baie naar gelyk en geruik. Ek voel dat elke dogter die ontgroeningstyd moet ondervind, want daar leer jy om jou man te staan en ook terselfdertyd om aan andere gehoorsaam te wees. Dit bepaal of jy regtig tuis kan voel in die nuwe skool.” (Andrie Papenfus, St. VII, 1953:61)

Op 26 Augustus 1958 spit mej. Jooste die eerste sooie van die nuwe koshuis. Daar is £24 000 om mee te begin. Die koste beloop £49 000 en die meubels 'n verdere £3 500. Coetzee Broers is die bouaannemers. Tydens die hoeksteenlegging sê mej. Jooste: "Waar daar oor die jare heen met elke samekoms die seën van die Heer op Oranje se voortbestaan afgesmeek is, staan ons nou hier met opregte dankbaarheid teenoor, en diepe afhanklikheid van die Heer, en sê saam met die Psalmis: 'Loof die Here, O my siel, en vergeet geeneen van sy weldade nie...'" (Onthou:27)



*"Otto! Fischer!
Brebner! Boshoff!"*


– wie is dié manne?

*Dink aan ons swemgalas en aan
ons sportbyeenkomste...*

Dié name moes dien as inspirasie.

W.J.C. Brebner het (ondanks sy Skotse herkoms) deur die Anglo-Boereoorlog by pres. Steyn gebly. Hy het saam met die Boeregeneraals die Vrede van Vereeniging onderteken. Van die stigtingsvergadering van Oranje op 23 Junie 1906 tot met die opening van die skool op 11 April 1907 is die vergaderings in sy prokureurskantoor in Maitlandstraat gehou. Vir hom was Oranje 'n monument vir pres. Steyn. In sy testament in 1945 skenk hy £100 waarvan die rente as beurs aan 'n st. IX-presteerder oorhandig moes word. Hierdie beurs het bly staan tot in die negentigerjare toe die rente daarop net te min was. Die balans is oorgedra na die Pres. Steyn-gedenkfonds. Jack Brebner was 'n nederige man en 'n lojale vriend – 'n man wat Oranje help bou het en wie se naam die dogters van Brebner-huis met trots mag dra.

Rooi




Senator W.J.C. Brebner – stigterslid.

Ds. P.J.J. Boshoff is 'n stigterslid wat self ook die akte van ooreenkoms onderteken om Oranje te stig. Hy is die voorsitter van die Kuratorium van 1928-1930. Die Boshoff-sporthuis is na hom genoem. Mej. A.E. Rossouw skryf dat hy graag na die sportbyeenkomste van Oranje gekom het. So het hy op 'n dag die dogters in die "ou" swembad sien oefen. Toe hy loop, druk hy 'n £5-noot in haar hand en vra dat sy iets moet koop waarvan die dogters sal hou. Mej. Rossouw het twee spieëls vir die swembad se aantrekkamers gekoop.

Na ds. Boshoff se dood in 1944 skryf Tyna Strydom, Boshoff-huiskaptein, so: "Ons sal ds. Boshoff altyd onthou soos ons hom die laaste keer hier by ons gesien het. Hy het ons vriendelik toegesprek en 'n geskenk aan Boshoff-huis oorhandig. Sy eenvoudige woorde het ons almal beïndruk. Hy is die vader van Boshoff-huis." (1944:9)

Geel



Ds. P.J.J. Boshoff: stigterslid.

Die Fischers het diep spore by Oranje getrap: Abraham Fischer onderteken in 1906 saam met pres. Steyn die akte van ooreenkoms om die skool te stig. Sy seun, adv. P.U. Fischer, word die Kuratorium se voorsitter (1919-1928), mev. Ella Fischer, eggenote van adv. P.U. Fischer, is kampvegter vir die Pres. Steyn-gedenkfonds en stigter van die Huisbestuurkursus by Oranje (1923-1957). Hul seun, Brahm Fischer, begin sy skoolloopbaan by Oranje en matrikuleer later aan Grey-kollege. Sy suster, Yda, matrikuleer aan Oranje. Een van Oranje se sporthuise, Fischer, is na adv. P.U. Fischer genoem!


Blou



Stigterslid:
A. Fischer
Voorsitter
van die Kuratorium:
adv. P.U. Fischer
Voorsitster van die
Gedenkfonds:
mev. Ella Fischer


Mnr. Hennie Otto was in 1919 die bestuurder van die Nasionale Pers (*Die Volksblad*). Hy is gevra om die sekretaris en tesourier van Oranje te wees. Hy het Oranje finansiële ondersteun deur oral in die Vrystaat geld in te samel. Hy finansier so die Hennenmangebou en mnr. Groenewald gee die geld vir die Groenewaldsaal. Met soveel oortuiging het mnr. Otto sy stem orals laat hoor, dat adv. P.U. Fischer sê: "n Mens het gevoel dat as jy nog niks vir Oranje gegee het nie, jy 'n baie slegte Afrikaner is." (1951:6) Mnr. Otto glo in pres. Steyn se ideale vir Oranje, dit dien as sy besieling om geld in te samel. Oranje beleef sy betrokkenheid as Paulus se "...en die uitnemendste van die drie is die Liefde". (1951:6) Juis daarom is die vierde sporthuis na Otto genoem!

Groen



Vriend en fondsinsamelaar van Oranje: mnr. Hennie Otto.

Drie manne wat
Oranje se geldsake
behartig het, is:



W.J.C. Brebner 1906-1919



P.A. Venter 1928-1949



A.G.S. Gous 1949-1968

’n Nuwe Stelsel in ons Skool


“Dit is Woensdag. Die mars word gespeel en die kinders stap op maat van die musiek die saal binne. Na Godsdienstree juffrou Jooste vorentoe: ‘Wel Meisies ons het besluit om ’n nuwe stelsel in ons skool in te voer. Ons gaan punte gee vir julle gedrag, skoolwerk en houding. Die punte sal dan tel vir die verskillende sporthuise. Ek sal die reëls aan die onderwyseresse deurgee om dit vir julle voor te lees.’

“Tik-tak, tik-tak kom juffrou Bosman die gang af. ‘Môre kinders, Juffrou het die reëls gegee wat ek moet voorlees. Reël nommer een: As ’n meisie haar boek vergeet, word een punt... Pat! Daar’s die deur, ek is nou moeg gepraat!’

“Eindelik is die reëls klaar gelees. Mense, dink ek, ’n mens sal moet mooi trap.

“Dis Vrydag en ons moet ons plekke in die saal inneem. ‘Ema Joubert het...’ my ore slaan toe en in my gedagte sien ek verlede week se slordige opstel voor my lê. Die kinders klap hande en juig.

“Geluk met jou A in die kunswedstryd. Jy het vir Ottohuis drie punte ingesamel! Tevrede met myself sak ek in my stoel terug.” Ema Joubert, St. IV (1951:44)



Vrydag – 5 Maart 1954 – die nuwe swembad word ingewy

“Die inwyding moes ’n onvergeetlike funksie wees. ’n Waterballet en ’n waterpantomime is afgerig. Die glanspunt sou die duikvertoning wees deur die Amerikaanse Duikkampioene – mej. Ann Ross.

“Vyf Maart was ’n bewolkte dag. Alle oë het die dreigende wolke dopgehou. Groot blomeilande moes gebou word vir die waterballet, en in die verversingslokaal moes die dogters van die Huisbestuur sorg vir die verversings vir ’n paar honderd gaste.

“Die gaste het opgedaag en ons program het begin. Op die maat van marsmusiek het die dogters in hulle baaikostuums ingemarsjeer en hulle plekke om die bad ingeneem. Toe het dit gegiet. Ruim vyftien minute moes hulle so staan, terwyl die openingstoesprake deur dr. E. Greyling en mnr. Van Kerken, die Sekretaris van Onderwys, gelewer is. Toe is die swemkaptein ingestamp en geleidelik is die hele ry ingetrek.

“By die klein badjie is die eerste dogtertjie deur mev. S. Naudé ingestamp. ’n Skuimende wit massa water is deur al die pare voete uitgeskop, die Skoollied is spontaan en geesdriftig gesing en teen die muur van die gymnasium het ‘ORANJE’ verskyn in helder gekleurde liggies.”

“ Die mooiste was nog die moed van die dogters. Met helder blomme in hulle hare het die nimfe ingeduik en hulle waterballet uitgevoer.”

D. Smith (1954:35)

Met die uitgraving van die swembad kon die leerlinge huispunte verdien. Een punt is toegeken vir elke vyf kruiwavragte grond wat by die swembad uitgery en oor die hokkieveld gestrooi is. (Rene Smith)

Mej. Dienie van den Heever het vanaf 1930-1969 (40 jaar) hier Latyn onderrig. Sy onthou: “Die Kuratorium het alles by die skool gedoen. Dit het tog so mooi geklink ‘Kuratorium’ – die ander skole het nie so ’n mooi iets gehad nie!

“Daar is die koshuis met sy blou-reën... mej. Postma en die kleintjies... die meeste dogters was in die hoërskool. Dit was dan ook die depressiejare en die woorde ‘gebrek aan fondse’ en ‘besnoei’ het gedurig in ons ore weerklink. “Wat van die begin af mooi was, was die netjiese inmarsjeer vir godsdienst of ’n ander samekoms.

Ons het altyd gevoel dat die grootste eer ons te beurt val, as die gas Oranje se eie Ouma Steyn is! Daar was die tyd toe daar nog baie lede van die Steyn-familie, nou verbonde aan die skool was. “Die dogters moes in die klaskamers van die Hoërskool studeer. Hulle spioene het net die teken gegee as ‘sy’ miskien naderkom. Terloops, destyds was die onderwyseresse nog ‘Miss’ en ‘Mrs’ en daar was net één ‘Juffrou’, die bekende Juffrou Schoon. “Donderdae was dit ‘Engels’... dit was prettig toe een onderwyseres selfs met outa Piet ook Engels praat.

“’n Motor was ’n skaars artikel by die onderwyseresse. Ons onthou nog die kordaatstuk toe mej. Spratt hare aangeskaf het, nadat haar moeder toegestem het dat sy een van die gevaarlike goed mag besit en bestuur. “Oranje het verander – Ja, beslis, maar die dogters bly nog steeds die grootste bate, en die strewer bly nog dieselfde nl. om hulle na gees, siel en liggaam so op te voed dat hulle later kan word, die beste wat dogters ooit kan word, goeie huisvrouens en moeders.” (1954:7+9)

Vir 40 jaar onderrig sy Latyn, voltooi sy al die soorte vorms, registers en behartig sy die biblioteek – lg. haar troetelkind! Met haar entoesiasme het sy van die biblioteek ’n modelplek gemaak.

Die Latyn-inspekteur erken: “Sy is een van die beste onderwyseresse in die Vrystaat.” Sy was altyd in voeling met die personeel en het in elkeen besonder simpatiek belanggestel. As daar enige bydraes vir behoeftige leerlinge of liefdadigheid gevra is, was haar bydrae altyd eerste in die kantoor.

Lede van die skoolkommissie en Kuratorium (1954) wat diep spore in die ontwikkeling van Oranje getrap het:



Voor: Mev. T. Visser, mnr. S.J. Naudé (voorsitter: Kuratorium), dr. E. Greyling (voorsitter: skoolkommissie), mev. D.G. van der Merwe.

Agter: Ds. P.S.Z. Coetzee, mev. dr. J.A. van Zyl, mnr. A.G.S. Gous, ds. Z.B. Loots, mev. S.J. Naudé.



Mej. D. van den heever

Dinsdae en Donderdae se Engels praat by die skool werp vrugte af as Wannia van Heerden die Brebner-beurs vir goeie prestasie in st. IX ontvang, asook die Sonop-beurs in 1954. Sy neem deel aan ’n opstelwedstryd van die Britse Reisvereniging, wat sy wen. As prys kry sy ’n gratis toer na Engeland!



Wannia van Heerden

Mej. A.E. Rossouw word vanaf 1955 aangestel as Oranje se adjunkhoof. Dis die jaar waarin st. 6 deel word van die hoërskool.

Na die groot reünie in 1955 skryf enkele oudleerlinge:

Bessie van der Hoven:
My twee susters en ek was van 1922-28 hier. Ons ken die warm rotse in die koppie...die gimnastieksaal waar ons skelmpies gedans het! Die “Goue Trap” waar ons afgegly het. Oranje is mense en dinge met egte waardes ...”

Judith Pellissier:
“Ons herinneringe aan Oranje bly nog altyd teer. As ’n ma en al ses haar kinders deur ’n skool gegaan het, dan moet daar ’n stempel van daardie skool afgedruk wees op die huisgesin.”

Engela Louw:
“Aan Oranje is ek meer dank verskuldig as wat ek in staat is om te betoon...Daar is onuitwisbare indrukke gelaat, en daarvoor sal ek altyd dankbaar wees.”
(1955:15)



Sedert die skool se verjaardag in 1955 word daar twee kranse by die Vrouemonument gelê: Een vir ons stigter, pres. M.T. Steyn, en een vir ons geliefde Ouma Steyn, mev. Rachel Isabella Steyn.

Rensia Odendaal skryf oor dié verjaardag: “Blomme het oral gepronk en gelag – maar dié keer ook twee stil kransies van ligpers blommetjies wat die vreugde gedemp het. Die groen van ons Oranjevelde het bly gelag oor die vrolikheid van kleure op hulle ...maar dié keer het hulle ook die graftapyt gevorm waar ’n lanferlap yl in die wind wapper. Gelukwensings het ingestroom...maar dié keer was Ouma Steyn s’n nie daar nie. Ja, dit was Oranje se eerste verjaardag sonder haar geliefde ‘Ouma!’” (1955:18)

“Teen dagbreek, staan ’n skaar meisies in kleurvolle voortrekkerrokke, met groot tuitkappies in ’n halwe sirkel om die graf van President en Mevrou Steyn.

“Eerbiedig, met koppe gebuig...twee dogters stap eerbiedig nader en lê twee bloedrooi kransies op die graf.

“Suiwer styg die woorde van Mevrou Steyn se geliefde gesang op:’

Ek weet aan wie ‘k my toevertrou het.’ Aan God het sy haar lewe toevertrou. As elkeen haar voorbeeld volg, sal dit goed gaan. Op aarde is sy nie meer nie, maar in menigeen se hart sal sy voortlewe.”
Petro Dames, S.M. (1955:19)

Stille ...
Heers oor die slapende stad
lewers roer daar wesens
want dit is ’n groot dag
vir Oranje.

Weemoed...
By die vrouemonument
want hulle bring hulde
aan twee geliefdes
van Oranje.

Stille...
Daal neer oor die graf
waar twee geliefdes rus
net ’n krans wat getuig
van die liefde van Oranje.
Bettas de Jager, J.M.
(1955:19)



Die koppie waarteen Oranje geleë is, loop só skuins dat keermuurtjies oral gebou moes word. Oom Barkie was in 1955 en 1956 hiervoor verantwoordelik. Hy was baie tevrede met sy werk en kon met trots sy duim na homself draai en sê: “Ek het die muur gebou.” Hy het voorwaar goeie werk gelewer, want eers in 2006 het Gert Qakoshe die muurtjies kom herbou.



Oom Barkie van Oranje



mnr. A.G.S. Gous.



Dié muurtjies is met klip uit die koppies van Oranje gebou.

Die sport het gedurende 1955 pragtig gepresteer - nie alleen wen Oranje die Vrystaatbeker vir die netbal nie, maar na ’n paar maer jare berig die jaarblad: “Ons ideaal is verwesenlik. Eunice moes op hul baadjie kry!” (1955:113)



Die eerste netbalspan: weners van die Vrystaatbeker
Voor: W. Diedericks
Middel: M. Nell, mej. R. Krüger, A. Wepener (kaptein)
Agter: E. Joubert, H. Coetzer, A. du Plessis, B. Muller

“Die uitspeelwedstryde was hard: Oranje teen Bultfontein en Sentraal teen Excelsior. Soos almal reeds besef, is dit die grootste spanning wat op ’n netbalveld heers wanneer Oranje en Sentraal teen mekaar te staan kom. Met pouse het Oranje voorgeloop, maar toe die Tralies hulle puntestand so vinnig begin verander, het die Oranje-toeskouers se harte in hulle kele geklop. Nog nooit was ’n halfminuut so lank nie. Die Oranje-kreet het soos ’n donderslag in die omtrek weergalm toe die eerste span met stralende gesigte van die veld afstap.” (1955:117)

Alta Wepener, Ema Joubert, Anita du Plessis, Bettie Muller en Willie Diedericks word in 1955 ingesluit in die Vrystaatspan!



Die eerste hokkiespan
 Voor: E. Joubert, Prins Paw-Paw, A. Naudé
 Middel: E. Jacobz, J. Venter (Kaptein), mej. D. Smith, M. Bothma, J. Verster
 Agter: L. Jacobz, S. Spies, A. du Plessis, M. Venter, E. Kirchner, Z. Fichardt, C. Jooste

Mev. Banfield van Greenhill Convent sê van dié span: “I have never seen Oranje play Hockey like this before!”
 (1955:113) Elsabé Jacobz en Minnie Bothma word ingesluit in die Vrystaatspan!



Henda Scott is onder die tien beste junior sertifikaatkandidate in die Vrystaat en sy verteenwoordig Oranje in die Radio-vasvrawedstryd. In matriek (1955) is sy die enigste leerling in die Vrystaat wat met 6 onderskeidings slaag. Sy wen ook die B.B.B.G. se landwyse opstelwedstryd.



Berna Cloete

Berna Cloete het ’n besondere skryftalent wat soos ’n goue draad deur die jaarblaaie loop. Haar oupa, mnr. Hennie Otto na wie die sporthuis genoem is, was die entoesiastiese fondsinsamelaar vir die skool.

clouds remain here a little while, but soon a grey curtain which is drawn over the sky will take their place.

“A sense of quiet and peace reigns in and over the landscape. There is just a faint murmur of human voices, the lute of a shephard, the song of a bird – and silence again...

“In front of a table a family gathers, and gratefully remembers and praises the Creator of the universe. Peace and rest and an audible silence, the friendly twinkle of the stars from a black velvet sky – nothing more given, and nothing more desired.” (1951:57)

St. 10 WONDERKINDERS
 “Deur die eeue was daar wonderkinders in die musiekwêreld. So ’n kind is Gianella de Marco, wat op agtjarige leeftyd reeds haar debuut gemaak het, as dirigente in Italië, Spanje, Suid-Amerika en Engeland, en dikwels saam met groot orkeste soos die Londense filharmoniese orkes, optree.

“Toe sy vier jaar oud was, het haar ouers een aand per toeval haar talent ontdek. Sy het op haar bedjie gestaan, en terwyl musiek van die bure se radio gehoor kon word, het sy, onbewus van alles om haar, met armbewegings die musiek op ’n wonderlike simpatieke wyse gevolg. Voor sy vyf jaar oud was, het sy gereeld groot orkeste gedirigeer!” (1953:12)

Berna het hierdie twee liefdes – skryf en musiek - as ’n loopbaan gekies...sy het in die musiek gestudeer en uit haar pen het pragtige jeugboeke verskyn. Veel later sou haar alma mater haar boek *Liesbet Delport se oorlogboek* in die Afrikaansklas bestudeer. ’n Boek waarin sy die Bloemfontein van haar kinderjare laat herleef!

St. 1 LENTE
 “Dis lente. Alles kry weer nuwe lewe. Die ou perskeboom wat nog ouer as oupa is pryk weer in ’n mooi kleed van ligrooi bloeisel. Die lammertjies huppel vrolik in die veld waar die blommetjies staan en pryk. Die wind fluister ’n liedjie vrolik en bly.” (1944:96)

St. 8 AT EVENTIDE
 “With a golden farewell to everything on earth, the Queen of Light sinks behind the mountains in the far west. A mass of crimson-coloured clouds gathers in the sky. These fleece-like



Mej. A.E. Rossouw
 1940 - 1970



Ook die klein dingetjies tel!

Inskrywing in die laerskool se dagboek op 25 Januarie 1956

’n Nuwe mylpaal word in 1956 behaal toe die hoër- en laerskool finaal skei. Die gebrek aan koshuisgeriewe vir laerskooldogters strem die uitbreiding van die skoolgetalle wat met die skool se opening op 246 staan. In die eerste jaar is ’n geslaagde basaar aangebied om die skoolfonds te versterk en in 1958 is die eerste laerskoolkonsert aangebied.

“Vanaf Junie 1940 was sy onderwyseres in Liggaamlike Opvoeding by Oranje, later gee sy Geskiedenis en Engels. Toe word sy in 1955 onderhoof van die skool. Toe die twee skole skei, is sy die eerste skoolhoof van die laerskool. Na haar aftrede het sy nog vir 11 jaar in die skooltuin gevroetel, slakke gevang en blomme gekoester.

“Enigiemand wat probleme met Engels of Duits gehad het, het by haar om hulp kom aanklop. Selfs die stoutste hond het by haar voete of onder haar bed ’n skuilplek gevind. Vir die werkers is sy die Bank van Oranje. ‘Mens, jy sal die geld mos nooit weer sien nie!’ ‘Ag, dan is dit maar my bydrae vir liefdadigheid.’

“Vonke kon spat as iemand haar geliefde skool te na kom, of as ’n Oranje-leerder nie die regte paadjie fyntjies genoeg trap nie.

Elmarie Jack skryf so oor haar Juffrou: “It was in Std. 3 that I came to Oranje. I felt all at sea after my mother had left me at school. Then I had my first glimpse of Miss Rossouw. With due respect to my former principals, I must confess that to me a principal was the personification of a ogre. What a pleasant

surprise it was to meet Miss R. She immediately gave one the impression that she was someone who understood a child. Later I was to realize only how well she understood.

“Although she was gentle and understanding she ruled with an iron fist. Nobody tried to treat her without the necessary respect. She knew everything about her pupils. A few of us preferred soccer to the more gentle netball, of course we thought nobody noticed it. That is, until the day I had to take her some books. ‘You know, I can always pick out the soccer players from the other pupils, your shoes are so scruffy after break.’

“During my last year in the primary school, she encouraged me to do my best at all times. She told me: ‘You will meet with unfairness through your whole life, and Std. 5 is not too soon to learn how to live with it.’ She always inspired.”

Sy was in 1967 die eerste vrou in die Vrystaat wat gekies in die raad van die Suid-Afrikaanse Onderwysersvereniging.
 M.L. Spies, Onthou:50

Mej. Rossouw was die sagte skoolhoof wat mooi met die kleintjies kon werk. Almal se alles! Sy sou die personeel dikwels aanspreek: “Onthou, hierdie kind het baie hartseer wat julle nooit sal beleef nie, treat her with gloves.”

ONS PRINSIPALE
Juffrou ri Sou is u gaaw Juffrou Sy is ons prispale. Ek hou van juffrou ri Sou.
Leon van Wyk Sub B 1963

MY JUFFROU
My juffruo se skoene is baie mooi Mu juffruo is baie gaf en goed. Juffruo is so mooi soos’n enelkie.
Alma Reynecke Sub B 1963

Mej. Rossouw moedig die kultuurbedrywighede aan en die laerskool se koor en spreekkoor verwerf telkens tydens die kunswedstryde baie mooi simbole:



Laerskool: Kunswedstryd-spreekkoorweners



Mej. M.L. Spies word in 1956 die adjunkhoof van die hoërskool.

Sy pak die uitdaging met verantwoordelikheid aan en verrig ’n reusetaak met die voordraglesse en die toneelopvoerings.



1956 *Die Vroue van Troje* – ’n Griekse tragedie van Euripedes en *Kalulu, die Hasie* (1957) wat in die vierkant in die ope lug opgevoer is.



Die Roepstem, 1958
“Die senior matriekklas het in 1956 ’n rekord geslaan deur £237 tot die skool se boufonds by te dra.”



Die geld (vir die bou van Joostekoshuis) is ingesamel deur onder andere die maak van toebroodjies wat vir ’n tiekie (2½c) verkoop is. Spaarsaamheid was die leuse; daarom was die botter maar skraps en kon hulle £22 se broodjies verkoop. Daar is ’n klereverkoop in die lokasie onderneem. Hier is oor pryse gekibbel: “Mies, daarie blous ... Hou, so duur! Sjee vor my vor siekspens (5c)?” (1956:102) Pô-Pô, die donkie, het ’n aardige bedraggie ingebring, want dit het 2/- (20c) gekos om dorp toe te ry. Pô-Pô en sy passasiers het selfs *Die Volksblad* en *The Friend* gehaal. Daar was verder ’n straattafel, ’n kollekteerdery en ’n menigte pannekoekie is teen ’n sikspens verkoop – “gewetenlose Matrieks!” (1956:103)



Die skool word steeds deur twee komitees gelei. Aan die een kant moet daar aan die NG Kerk se Kuratorium rekenskap gegee word oor die aard en gees van die skool en veral die koshuis en aan die ander kant staan die Skoolkommissie se verantwoording teenoor die Departement van Onderwys wat die akademie finansier.



Die Kuratorium

Voor:

Mej. C.M. Jooste,
mnr. S.J. Naudé,
mej. A.E. Rossouw.

Agter:

Dr. E. Greyling,
mnr. A.G.S. Gous,
di. A. van Zijl,
P.S.Z. Coetzee

Inlas:

Mev. T. Visser,
ds. Z.B. Loots,
mev. D.G. van der Merwe



Die skoolkommissie

Voor:

Mej. A.E. Rossouw,
mev. J.A. van Zijl,
dr. E. Greyling,
mev. S.J. Naudé,
mej. C. M. Jooste

Agter:

Mnre. A.G.S. Gous,
S.J. Naudé,
ds. P.S.Z. Coetzee

Oranje Reünie se bestuur:

Sittende:

Mej. A.E. Rossouw,
mev. Van der Walt,
T. Visser,
Krause,
mej. C.M. Jooste.

Staande:

Mev. Heyns en
Bermuda Becker.



Die eerste halfeeufees is feestelik gevier. Die bestuur van die Oranje Reünie het onder die voorsitterskap van mev. Tibbie Visser, dogter van pres. Steyn, 'n groot aandeel in die voorbereiding gehad.

Die vyftigste verjaardag is ook in Stellenbosch feestelik herdien. Aan huis van mev. Johanna Potgieter het 40 oudleerders fees gevier. Die middelpunt van die geselligheid was die geliefde juffrou Schoon. Sy het van die "President" vertel en van stout en slim dogters, vername en dierbare vroue wat sy vir die lewe help voorberei het. Die vrolike aand is afgesluit met die vaste voorneme om dit 'n jaarlikse instelling te maak. Dit is vandag nog 'n instelling onder die leiding van Eunice Kotze en Riekie van der Walt. Dit is telkens 'n baie spesiale geleentheid as mev. M.L. Spies die geleentheid bywoon.



Dit is vir die jubileumjaar opgerig.



Dit was 'n drie dae lange fees!

Donderdag, 11 April
Die Hoërskool-opelugkonsert
op die grasperk
Toegang:
Volwassenes 4/- (40c)
Leerlinge en Studente 2/6(25c)

Dit was 'n drie dae lange fees!

'n Krans word op al drie die grafte gelê en dr. E. Greyling lei die oggendgodsdienst om 06:30.



Die dogters vorm 'n erewag met die Oranje-wimpels om die gaste te verwelkom.

Die tradisie van blommerangskikking word voortgesit.

Belangrike gaste kom per motor by die Van Riebeecksaal aan.



Leerlinge en gaste neem hul plekke in en mej. Jooste verwelkom almal.



Mnr. en mev. A.G.S. Gous en mej. Jooste ontvang die gaste.



Mej. Rita Oosthuizen is verantwoordelik vir die dogters se ritmiese vertoning.



Die sporthuise doen voorstellings uit die skool se geskiedenis.



Telegramme van gelukwense:

“Soos ’n vuurtoring op ’n berg het Oranje gestaan in die donker dae van ons volk. Ek betuig graag my waardering vir onskatbare opbouende diens aan die Vrystaat. Hartlike gelukwensing op jubileum, met groot verwagtings vir die toekoms.”
Minister C.R. Swart

“Met aangename en dankbare herinneringe van wat Oranje vir my en my twee kinders beteken het, bring ek my groete en heilwense op die vyftigste verjaardag. Baie spyt oor die onvermydelike afwesigheid.”
Mev. Nellie Swart (née De Klerk)

“Geagte Mej. Jooste, Graag rig ek hierdie briefie aan u en u personeel om u van harte geluk te wens met die pragtige reëlins tydens die skool se halfeeufees. Ek kan nie nalaat om u geluk te wens met die stigtelike gedrag van u dogters nie. Dit spreek duidelik van die goeie opvoeding en leiding wat u aan die Oranje Meisies gee. Ons as ouers is u uiters dankbaar.

Nog ’n pluimpie vir u skool van een van die vooraanstaande besighede van die stad – ‘Oranje Meisies is ’n voorbeeld in gedrag, netheid en houding’ – Mooi so Meisies, hou dit so. Die uwe,
(mev.) E.J. Neethling” (Argief 1957)

Ons beste wense vir ’n geslaagde feesviering en seën op u toekoms!
Hoërskool Daniëlskuil

Driewerf gegroet! Voorspoed vir volgende 50 jaar!
Hoërskool Voortrekker Bethlehem

Baie geluk met halfeeufees en alle goeie wense vir die tweede helfte van 100 jaar!
Grey-Kollege

Hartelik geluk met verjaardag van Oranje!
Hoërskool Zastron

Nadat die laerskool ’n selfstandige skool geword het, het mej. Rossouw verskeie opvoedkundige toere Kaap toe gereël. Dit was dikwels die jong kinders se eerste treinrit en eerste besoek aan die Kaap.



Eerste laerskooltoergroep na Kaapstad



“Moenie uitval nie, my kind!”



Levina van der Bank verower ’n provinsiale prys vir kuns, asook ’n tweede plek in die Unie in die Brooke Bond Tee-kunswedstryd.



Adré McDonald (st. 4) verower ’n landwyse musiekbeurs en met haar skryfwerk presteer sy tydens die Bloemfonteinse Kunswedstryd.

Oranje se idiome:

• *’n Benoude kat maak benoude spronge.*

’n Dogter wat nie haar huiswerk gedoen het nie.

• *Dan en wan.*

Huiswerk doen

• *Met hand en tand bereg.*

Detensie


• *Willens en wetens.*

’n Kind wat vir ’n toets moet leer.

• *So blink soos ’n bottel.*

’n Kosganger se skoene na ’n uitnaweek.

Alida de Necker (1958:35)



word aangestel om die musiek te behartig.

Onder die leiding van mej. Magriet Papenfus was daar nie tyd vir stokkies draai of oefentye ontduik nie. Dit was net die Voortrekkers se brandstiging in 1957 wat die middag se oefentyd onderbreek het, want toe het die vuur die Bornmangebou bedreig.

Kleingoed se sêgoed

In ’n Bybelles is vertel van Annanias en Saffira se dood nadat hulle leuens vertel het. Elizabeth kom baie naby aan Juffrou staan, haar goeie breintjie dink soms planne uit:

Elizabeth: Juffrou, beteken dit as ek vir jou ’n leuen vertel, sal Liewe Jesus NOU, HIER vir my laat dood neerslaan?

Ilse(voor Juffrou iets kan sê): A-a-ag nee wat man, Liewe Jesus is nou glad nie meer so kwaai soos vroeër nie.

Alfa (met een handjie styf toegeknyp): Juffrou, in my hand het ek ’n vlooi. Hou Juffrou se hand. Hou asseblief sy baadjie vas. (iets word in Juffrou se hand gesit.) En hou nou sy skoentjies vas. En nou sy hempie... Glo Juffrou dat ek hier ’n vlooi het?

Juffrou: Nee, Alfa.

Alfa: Nou hoekom hou Juffrou dan sy klere vas? (1958:55)



Dié dogters het in 1957 die finale Musiekeksamen geslaag:

Voor: E. Booysen, H. Wilcocks, Y. Nortje

Agter: M. Kok, L. de Klerk, T. van Wyk, A. Smuts.



Johan Botha



“Tokkels” Verster



John Krause

Sonja du Plessis was een van dié begaafdes. In 1958 het sy twee finale klaviereksamens afgelê, albei geslaag en vir die een 140 punte behaal. Vir die finale orrel- en gevorderde kerkkorreliste-eksamen het sy albei oor die 130 punte behaal, en sy speel die A.T.C.L.-orreleksamen. Tydens die kunswedstryd behaal sy 8 A-simbole!



Unieke Oud-Oranje-klub

“In 1943 het die moeders van dié drie manne besluit om hulle ’n verdere jaar by Oranje te hou. So moes hulle onderrig in Moederkunde ontvang saam met Marina Gregorowski, Jemima Hattingh, Mariechen de Villiers en Annie Spookgesig.

“Johan erken dat namate die ouderdom en verstand gekom het, hulle later moes erken dat die jare op Oranje van die aangenaamste was. Miskien was dit die gelukkige ure in die tuin van die Huisbestuur wat John Krause aangemoedig het om Landbou in Amerika te gaan bestudeer, die anatomie wat suster Olivier gedoseer het, die inspirasie wat Tokkels Verster laat besluit het om medikus te word. Dit was beslis die taai klappe van juffrou Rossouw wat Johan op die idee gebring het om te gaan skoolhou!

“Die manne het toe die oud-Oranje-klub gestig. Ons sou die eerste Vrydag in Desember van elke jaar saam dineer, geen verskoning word aanvaar nie. Die afgelope drie jaar is byeenkomste gehou. John was verlede jaar afwesig (met spesiale verlof) omdat hy in Amerika studeer. Sy ete en sjampanje is egter bedien asof hy teenwoordig was. Ons sal met die plan voortgaan totdat die enigste oorlewende vir die laaste keer die kers doodblaas.” (1958:127)



Zaza Fichardt –
hoofmeisie 1958



Die dirigente by die Interskolebyeenkoms:
Zaza Fichardt, Lettie van der Walt, Irma Pretorius

Zaza is die klein dogtertjie wat in Sub A nie sonder haar pa wou skool toe kom nie. “Sy word die hoofmeisie wat haar plek volstaan in die skoollewe. Sy was altyd ’n besielende invloed en verdien die skool se innige waardering.” (1958:3)

- * Sy word die voorsitter van die debatsbestuur wat een aand na die toesprake, ’n program reël rondom die skool se nuwe “Hi Fi”. Dit vind natuurlik groot byval as die plate gespeel word.
- * Haar skryfwerk vind groot byval, hetsy dit in Afrikaans of Engels is en verskyn telkens in die jaarblaaie. Sy is een van die finaliste in die opstelwedstryd van die *New York Herald Tribune*.
- * Sy is die eerste hokkiespan se kaptein en word gekies vir die Vrystaat se hokkiespan.
- * Sy is huiskaptein en dirigent by die Interskole.
- * Zaza speel in die toneelopvoerings. Tydens die kunswedstryd is sy, Joan van der Poel en Christine Basson uitblinkers in storievertel, dit boonop in Engels!
- * Zaza slaag st. 8 met onderskeidings in al haar vakke.
- * Later sou sy haar alma mater as voorsitter van Oranje Reünie dien.

Vir wyle pres. M.T. Steyn sou 1959 ’n feesjaar kon wees, want vir hom was die moedertaal naas Engels baie belangrik. In 1959 deel Oranje in die Akademie vir Wetenskap en Kuns se jubileumjaar. Daarmee word dit die feesjaar vir die “Die wonder van Afrikaans”! Die dogters skryf geïnspireerd oor dié wonder en loof ons moedertaal omdat:

- Afrikaanse tydskrifte en boeke maklik en vrylik bekombaar is.
- Moedertaalonderwys in 1914 ’n werklikheid word.
- die intiemste gebedservaring in Afrikaans moontlik is.
- Gods woord in Afrikaans tot die volk kan spreek.
- dit die mondstuk is van ons innerlike gedagtes en strewes.
- dit soos die mosterdsaadjie groei. (1959:11-17)



C.M. Joostehuis teen die bult...



en heelwat later in volle blom!

Op 10 April 1959 vind die hoeksteenlegging van Joostehuis plaas. ’n Breë geteerde pad sal dit vir die ouers moontlik maak om by Aliwalstraat in te ry, langs die Bornmangebou verby na die nuwe koshuis op die bult en dan sou die nuwe uitgang in Harry Smithstraat wees.

Die koshuis was een van mej. Jooste se groot drome. Sy vertel dat sy onder ’n boom gaan staan en na die koshuis gekyk het. Uit dankbaarheid het sy sommer daar gestaan en huil. Die eerste kosgangers het op 18 Januarie 1960 hulle intrek geneem. Die eintlike opening het op 11 April by die ou koshuis, wat toe die naam die Elizabeth le Roux-huis gekry het, plaasgevind. ’n Baie mooi naamplaat is deur mev. Eybers (née Elizabeth le Roux) onthul.

’n Gedenksteen is deur ds. P.S.Z. Coetzee onthul:



’Gedenksteen gelê by die geleentheid van die herbouing van hierdie koshuis wat ook as eerste koshuis van die Christelik en Nasionaal Normaal en Meisjes School Oranje gedien het.’



’n Nageslag bring hulde aan die nagedagtenis van ons stigters Mev. Eybers (née Elizabeth le Roux) na wie die koshuis genoem is.

In 1960 is Joostehuis betrek, die Uniefees is gevier en toe betrek minister C.R. Swart die Goewerneur-generaalswoning (nou Oliewenhuis) oorkant die skool. Sy vrou, Nellie, is ’n oudleerling en hulle het mekaar by een van Oranje se tiekieaande ontmoet. Haar eerste amptelike besoek aan Bloemfontein het ook ’n besoek aan Oranje ingesluit. Hanlie van Niekerk was ook in die stad.



Hanlie van Niekerk, mej. C.M. Jooste, mev. C.R. Swart (Nellie de Klerk)

Hanlie van Niekerk, ’n internasionale, dramatiese sopraan en oudhoofmeisie van 1945. Sy studeer in Wene.

FLIEK OP ORANJE



Afleiding! Dis mos al waaraan Oranje se meisies dink! As daar die Saterdagagaand fliek is, word daar oor niks anders gepraat nie. Van Dinsdag af wil almal al weet of Sentraal genooi is, kom Glen, en is Grey se uitnodiging al gepos?

Reeds voor ete, Saterdagagaand, word daar al gebad en aangetrek en sodra ons uit die eetsaal kom, hardloop Martie om die agterste ry se stoele te gaan hou. Sy en Gawie kan darem nie voor in die saal sit nie.

Wanneer die eerste fietse onder by Aliwalstraat inkom, staan almal op Le Rouxhuis se balkon om te kyk of die “hy” gekom het. Na vele gesukkel om al die projektordrade mis te trap, kom elkeen op die plekke wat al so lank gehou is. Die vertoning begin, maar wie kyk nou daarna? Dis veel interessanter om jou gas geselskap te hou. Die film breek ’n paar keer en dan is daar natuurlik weer ligte!

Wanneer die vertoning verby is, word die gaste baie vriendelik deur Juffrou versoek om die saal te verlaat en ewe gedweë moet ons maar bly sit, maar toemaar, hulle is egter al uitgeslape en wag reg voor die deur vir ons. Dan kom die belangrikste oomblik – die afskeid, gewoonlik by die klok of onder die bome. Geen wonder dit Elsabé se grootste wens is dat die klok tog nooit moet afbrand nie.

Daardie aand word daar nie aan slaap gedink nie, elkeen moet eers alles vertel. Barbara spog met die pakkie kougom wat sy as aandenking gekry het, Emmerentia is in haar skik omdat Christo die serp wat sy hom gegee het, dra. Wie kon Willy se mooi trui miskyk? Net so blou as Jeanette se oë. Eronel is uitgenooi om saam met Neels te gaan vliegtuig ry en Randie wil weet of ons darem van Joe gehou het. Kenmerkend van Stephné wou sy eers weet of ons haar kan sê langs wie sy gesit het, sy weet self nie. Slegs Elsabé is nog stil na die wonderlike aand... (Sannie de la Rosa 1959:77)



1960 Lenca Strauss, onderhoofmeisie, sou later jare saam met ander oudleerlinge jaarliks vir mej. Jooste 'n feestelike verjaardagparty in Pretoria reël. Elna Terreblanche, hoofmeisie, vestig haar in Harrismith.



1961: Die eerste jaar waarin die tweede onderhoofmeisie aangewys is, want dis nou twee koshuise en die stad wat verteenwoordig moet word: Marieken de Kock en Elsabe Gouws (onderhoofmeisies), Ann Booysen (hoofmeisie).

Ann Booysen – Juffrou Jooste se laaste hoofmeisie – onthou:

“Die kennis wat ek van haar gekry het, sal in die toekoms vir my wees soos 'n stormlantern aan die mas van 'n seilskepie. Ek sal haar onthou as 'n beskeie mens. Sy werk in stilte en gee dan sonder voorbehoud die eer aan 'n ander. Sy is vir my die beseielende voorbeeld van iemand wat 'n ideaal gestel het en nie na links of regs gekyk het nie, maar “vooruit”. Met haar onuitputlike bron van geloof en idealisme het sy die kruin bereik. Sy het my geleer hoe om iets met oorgawe te geniet. Ek sal haar altyd sien met daardie “iets-agter-die-horison-sien” in haar oë.” (1961:15)

As mej. C.M. Jooste in Desember 1961, na 21 jaar, vertrek, spreek sy die wens uit: “Mag die geliefde skool wat aan my so baie gegee het, groei tot in lengte van dae. Mag die dogters wat nog sal kom hier beseieling, kennis en koers kry vir die groot taak van die vrou en mag die Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje werklik soos die stigter president M.T. Steyn dit bedoel het, 'n krag word in die geestelike lewe van ons volk.” (1961:6)

Met die volgende woorde onthou Dawina Lemmer - oudonderwyseres - mej. C.M. Jooste: “Elsa Blignault het mej. Jooste se kis met blomme, die Voortrekkernooientjie en 'n foto van “Juffrou”, soos mej. Jooste destyds genoem is, versier.

“Tydens elke skoolverjaardag beklemtoon Juffrou pres. Steyn se vertroue in die vrou. Die Voortrekkernooientjie en pres. Steyn se borsbeeld kry met die verjaardag 'n blommekrans om die nek.

“Juffrou ondersteun al die skoolfunksies heelhartig. Sy vergeet soms haar waardigheid as sy die sportspanne teen Eunice aanmoedig. Haar “Fleetline Chev” is beskikbaar om leerlinge na sportbyeenkomste aan te ry al is haar bestuursvermoë nie waffers nie – die sirkel naby die skool is dikwels in die pad.




“Juffrou se afskeid is in C.M. Joostehuis gehou. In haar toespraak spreek sy dank uit dat sy in die 21 jaar by Oranje haar ideale kon uitleef. Afgesien van die tasbare nalatenskap laat sy haar mensekennis, haar lewenswaardes, haar simpatieke houding en vriendelikheid en bo alles haar diepe geloof in haar Skepper in die harte van haar kollegas en die kinders na.

“Sy tree in Pretoria af waar sy aan die eerste Afrikaanse Mediese Woordeboek werk. Soos haar verjaardae op Oranje spesiaal was toe die leerlinge telkens vir haar kom sing het, bly die verjaardae in Pretoria spesiaal. Hier dra die oudleerlinge haar op die hande.”



Mej. Jooste laat die skool met 'n geruste hart in mej. M.L. Spies se hande, want sy weet dat mej. Spies Oranje met bekwaamheid sal lei. Mej. Jooste se gelukkige verblyf in die grasdakhuis staan sy af: “Mag mej. Spies en Rossouw en al die toekomstige skoolhoofde hier net so gelukkig woon soos ek. Hulle sal uitvind dit is die heel beste wat ek hier nalaat.” (1961:7)



1962-1982



Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval, Ja, my erfenis is vir my mooi!

Psalm 16:6

Die predikantsdogter uit Warden, Magriet Lategan Spies, kom in 1941 by Oranje aan met 'n B.A.-graad en die S.O.-Diploma. Deur verdere studie verwerf sy die grade B.Comm., B. Comm-Honneurs en B. Ed. Mej. Spies stel besonder belang in voordrag en toneel. Nadat sy baie op dié gebied gedoen het, het sy in 1956 na die Universiteit van Kaapstad gegaan en haar spesiaal daarop toegelê. In dieselfde jaar word sy aangewys as die adjunkhoof van die hoërskool. Mej. Spies is 'n puik tennisspeelster en het tot in 1955 vir die UV hokkie gespeel. By die skool was sy 'n knap netbalafrigter wat verskeie trofee vir die skool gewen het. (1956:10)

"Vir my was dit vreeslik maklik om skoolhoof te word, want kyk, ek het vir twintig jaar hier skool gehou. Oranje en ek was so eenders naderhand, ek dink nes Oranje." (Argief: Spies)



"Die kantoardeur het altyd oopgestaan vir enigeen om in te stap. Ek het die Emily Hobhouse-skildery voor my gesit. Nou kom die kind in met haar probleem of sy kom haar straf haal. As ek regtig onseker is wat ek sal sê, kyk ek Emily in die oë en vra: 'Emily, wat sal jy sê?' Dan wag ek so 'n bietjie. Dan het ek maar die straf uitgedeel. Een keer het ek nie vir Emily gevra nie en toe die kind uitstap, draai sy om en vra: 'Nou wat sê Emily?' Toe sê ek, sy sê nes ek!

"Ek was vreeslik streng met die onderwysers. Van die volwassenes verwag jy gedissiplineerdheid, want skoolhou is hulle werk."(Onderhoud, 2006)

In 1962 benoem die Minister van Onderwys mej. Spies vir die Adviserende Raad van die Nasionale Onderwysraad. Dis ook die jaar waarin die nuwelinge vir die eerste twee weke met hul vorige skool se klere skool toe kom. Daarna word hulle plegtig ingelyf as Oranjeniete.



Die Operette

Was ein fröhliches Leben Zigeuner zu sein. Jeden Tag nur tanzen, singen und lachen, so sorglos und frei! Darum mag ich unsere Operette so viel. Das Lager ist neben einer Quelle und alles ist immer farbenreich denn die Kleider sind von hellen Farben. Es gibt immer Musik denn sie singen gern. Ich geniesse jede Übung und darum bin ich versichert dass alle sie genießen werden. Louisa Rademeyer, S.M. (1962:57)

Dit is die beste bewys dat mej. Spies se operette in 1962 beslis 'n hoogtepunt was!



Dis 1962...dans is taboe, maar die Tiekieaande verloop gesellig!

Dis soms gemasker...dis die "Vaalkolle-Venus-Organisasie (of VVO) wat die Vaalkol-Venus-aand reël. Dis eers die "Ruimte-ruk"- maskers af – en dan onder die Groenewald-sterrehemel neem almal deel aan die nuwerwetse Venus-spele. In die studiesaal is die "Venus Woefie" en die "Venus Aqua-stalletjies". Venus het kort, maar helder geflits, soos 'n verskietende ster, as die heel belangrikste gebeurtenis van die jaar. (1962:59)

Terwyl die hoërskool pret vind in Tiekieaande word die leisels by die laerskool vasgehou en daar word streng gedissiplineerd aan die Kunswedstryd deelgeneem:



Mathilda Smith – onderhoofmeisie
Marianne Samuels - hoofmeisie



Uitblinkers in die Kunswedstryd

Skryfwerk, letterkunde en taal bly altyd vir mej. Spies 'n belangrike prioriteit.



Sedert die sestigerjare skryf ons die Taalbond se tweetaaligheidseksamen. Die presteerders in 1962: E. Conradie, R. Ribbens, A. Louw en L. Rademeyer.



Soos haar pa Oranje van 1932-1951 in die Kuratorium gedien het, dien Huldah Strydom die blindes deur boeke op band te lees.



1968 Santa Boshoff is die beste presteerder in Afrikaans in die Vrystaatse matriekeksamen. Sy verwerf die Helpmekaarprys.

Mej. M.L. Spies

1962-1982

Dié leerlinge is weners van die landwye Vlootbond-opstelwedstryd.



1962 Stephanie Beukman, 1964 Helena Bredenkamp, 1965 Wilma Fourie. Corrie du Preez en Lyrette Theron is VS-wenners in die kompetisie.



1974 Naomi Morgan wen “SA Bottling” se opstelkompetisie. 1974 Trude Stassen wen die Coca-Cola-opstelkompetisie. 1977 Lucia Theron wen die Coca-Cola-opstelkompetisie.




1981 Sonia de Waal, wenner van die eerste Afrikaans-Olimpiade. 1979 Ermien van Pletzen ontvang die Robert en Cecily Wahlprys vir Engels.

Taalvaardigheid sluit ook knap redenaars in:



1969 Ina Gandini Marietjie Willemse: ATKBNasionaal



1974 Alletta Richards



Suenette Anderssen 1964



Die sportkapteins bepaal die gees van hul spesifieke sportsoort – sy bly die dryfkrag: 1963 – Voor: Elsa Versluis (netbal), Theuna Geldenhuys (tennis), Bonkie Hugo (hokkie) Agter: Iris Bremer (swem), Barbara van der Walt (atletiek).



Helena 1961 en Josandra Louw 1960: joolkoninginne by UV. Menitza Kok, hoofmeisie 1962, joolkoningin by UV. Cariné Bosman, matriek 1965, joolkoningin by Maties. (middel)

Was dit sneeu of kapok? Dít het Bloemfontein en die Vrystaat in 1964 getref. Dit het die Oranjeniete se kreatiwiteit aangegryp:

Kapok

“Ons het sowaar nie vandag skool toe gegaan nie. Natuurlik het ons nie eksamen geskryf nie. Vanmôre teen drie-uur toe ons opstaan om te leer, was die wêreld onder ’n wit mantel van kapok versteek.

“Ons was so opgewonde! Eers is die sneeu versigtig van alle moontlike hoeke betrag. Toe die opstaanklok lui, was die meeste dogters al op! Telefoondrade met die dikte van ’n tennisbal, moes sukkel om hulle vag bo te hou en bome het met knarsende takke in die kapok neergeplof.

“Toe kom die verrassende nuus: daar is nie skool nie. Ons moet warm aantrek vir ’n heerlike sneeugeveg! Party het uit pure lekkerkry plat in die sneeu gaan lê. Sneeumanne het oral op die hokkiebaan verrys.

“Op voorwaarde dat ons nie met sneeuballe sou gooi nie, het juf. Spies ons later geneem om Naval Hill uit te klim. Al gly-gly en potblou van die koue, is ons daar weg.” Annet Holtzhausen S.M. (1964:103)



In 1965 word die eerste Vrystaatse Jeugkoor gekies. Oranje het drie sterre in dié koor:



Jeanette Fourie, Helena Bredenkamp, Ivy Erasmus



Sedert die stigting van die Bloemfonteinse Kinderkoor (1980) sing Oranje-dogters in dié koor. Die eerstes is: Voor: L. Burger, L. Basson, H. Blignault. Agter: L. Kleynhans, M. Marais, M. Boshoff, M. Basson, C. Rossouw.



Petru Badenhorst, die alleenkind, skryf in die Jaarblad van 1965:

Alone

Oft’ have I in an audience listened to a raptous symphony fashioned by some master’s brain for the undeserving crowd; Yet from my tongue tell some other soul my individual ecstasy. People move through centuries, yes even hand in hand And yet, bodies may commune and minds have sympathy but souls stay apart, individual atoms on the common land and beings breathe a separate silent soliloquy. From our own selves we cannot be completely freed, without human contact you’ll become a useless circle or a stone. What then is the reason that in spite of every creed Deep down inside, in the marrow of a bone God decreed a solitary isolated seed To become the universal law: You are alone!

Petru matrikuleer in 1965. Sy verhuis na Londen en word prof. Petruska Clarkson, “Fellow of the British Association for Counselling and Fellow of the British Psychological Society”. Een van die boeke wat sy skryf, The Achilles Syndrome, dra sy op aan Edna – “the best teacher of my life”. Mev. Edna Dippenaar was ’n onderwyseres op Oranje wat Petru verstaan en geïnspireer het.



Elsie de Beer

Dr. Elsie de Beer word in 1967 as adjunkhoof aangestel.

Sy is verantwoordelik vir Engels en haar liefingsvak by geskiedenis. Sy dien in die hoofbestuur van Oranje-Vrystaatse Onderwysvereniging. Die dogters wil graag 'n eie informele spreekbuis hê. Onder haar leiding verskyn die skoolkoerant: Kom loer!

Kom loer redaksie



Voor: Marlene van der Riet, mev. E. de Beer, Chérie le Roux
Agter: Mathilda Smith, Marianne Samuels, Ilse Vorster, Sarah Strydom, Erica Vorster, Rothea van der Linde.

Die skool se **sestigste verjaardag** word plegtig by die Vrouemonument gevier. Dis 'n groot oomblik vir mej. Spies as die eerste sooi vir die nuwe skoolsaal op daardie dag gespit word. Sen. I.G. (Tibbie) Visser spit die eerste sooi.



Die Reüniebestuur wat dieselfde middag vergader, aanvaar die uitdaging om vir die nuwe saal gordyne te koop.



Voor: Mevv. Celestine du Toit, Sophie Coetzee (Voorsitter), Saartjie Potgieter (Sekretaresse).
Agter: Mevv. Doris Rönner, Koen Marx, Ena Nell.

Die Saterdag word daar fluks tussen die oudleerlinge en huidige leerlinge op sportgebied meegeding: Oud-Oranje-tennisspan:



Voor: Mevv. Koen Marx, Mynie Greyvenstein, Zaza Pieterse, Saartjie Potgieter, Mudie Smuts, Gertrude Botha, Sannie Brink, Erica Potgieter.
Agter: Mevv. Alma Kok, Iris Conradie, Johanna Steyl, Celestine du Toit, Marie du Toit, Marthie v.d. Walt, Betsie Kruger, mej. Amelia Botha, mev. Santjie v.d. Riet.

Oud-Oranje-Hokkiespan



Voor: Mevv. Zaza Pieterse, Marguerite Liggett, mej. Laura Rautenbach, Rita Pansegrouw, mev. Anne Strauss, Chris Potgieter, Rosa du Toit. Agter: Mejj. Louise v.d. Walt, Maureen Smith, Ena Nel, mev. Dup de Wet.

Vrydagaand hou die laer- en hoërskool saam 'n konsert. Die Groenewaldsaal is net te klein en baie mense moet by die deure omdraai. Toe die laerskool later sy Kunswedstrydkonsert hou, moes hulle die hoërskool vra om dit asseblief nie by te woon nie.

Die saalfonds groei stadig deur ouers se bydrae, deur die inkomste van basaa's en konserte en Wilma Fourie wat 'n opstelwedstryd wen, skenk R130 van haar prysgeld vir die saalfonds.

Mej. Spies beywer haar jare lank vir 'n nuwe saal. Jeanette Jarrard onthou juf. Spies se woorde as almal nie in die Groenewaldsaal inpas nie en die ongelukkiges op die grond moet sit: "In my droomsaal sal daar plek vir julle almal wees." (1967:65) Jeanette skryf verder: "Saaltyd is dié tyd wanneer ons as skool oor die kole gehaal word.

"Saaltyd is die tyd wanneer ons maats wat op sport of op 'n ander gebied presteer het, die vrugte van hulle arbeid pluk. Dit is 'n wonderlike gevoel as jou maats in jou vreugde deel met hul handeklap. As ek weer op Oranje moet begin, sal ek al juf. Spies se mooi boodskappe neerskryf. Baie dankie, Juffrou! Ek is seker ons sal probeer om na die sterre te mik, miskien sal ons die boomtoppe raakskiet!" (1967:65) Op 19 April 1967 vind die hoeksteenlegging van die nuwe saal plaas en dit word die Fanie Naudésaal gedoop.



Mnr. J.T. du Toit, argitek, oorhandig die troffel aan dr. Fanie Naudé, terwyl mnr. F.E.A. Clotz, die bouaannemer, die sement gereed hou. Mej. Spies kyk toe.

Die strykers speel en die leerlinge sing die "Onse Vader".



Voor: Dina de Villiers, Marianne Malan, Suzanne de Villiers. Agter: Tilla van Wyk, Clarabel van Niekerk, Louise de Villiers, Annali Malan, Margaret Kühn.



Op 24 Oktober 1968 word die Fanie Naudésaal amptelik in gebruik geneem. Die NG Kerk bou die saal teen R89 000. Die terrein om die saal moes in 'n parkeerterrein omskep word om die gevaar van reënskade uit te skakel – 'n verdere R18 000. Voeg hierby die R5 000 vir die saal se meublement. Die Oranje-Ouervereniging skaar hom by die Kuratorium om die skuld op die bou van die saal te vereffen.

ORANJE SE NUWE HELD

"Oranje het 'n nuwe held gekry – 'n reus met 'n deftige geel-groen pak, wit strepe om sy rang aan te dui en 'n silwerblink "Crashhelmet" op sy kop.

"Toe ons na 'n vakansie terugkeer, was ons verbaas oor al die lawaai. Klipbore het oorverdowend gebulder en selfs die klok oortref en toe ons weer kyk, het die Fanie Naudésaal so stadigaan begin 'groot' word.

"Kan ons ooit die dag vergeet toe die duisende (so het dit gelyk) dominees hier was en die nuwe saal ingewy is. Toe ons uit volle bors "Op berge en in dale" gesing het? Of die dag toe onse held vir die eerste keer sy 'crashhelmet' opgesit het om wind en weer en raserige dametjies te trotseer? Of toe juffrou Spies vir die eerste keer oor die verhoog gestap gekom het en ons die skoollied gesing het dat die saal byna sy nuwe kopstuk kwyt was?" Christel Coetzer, J.M. (1968:23)

Musiek op Oranje beteken baie uitblinkers, maar harde werk en vrees vir juf. Papenfus!!



1963
Annette Rousseau wen 'n oorsese studiebeurs van Unisa.



1968
Susanne de Villiers:
Johannesburg-Kunswedstryd:
4 A's en 2 goue medaljes; 'n FAK-beurs; Stryker van die Jaar – ontvang Van Kerkentrofee. As jeugviolis tree sy saam met die Johannesburgse Simfonieorkes op.



1969 Sanet Myburgh:
SA-musiekbeurs vir die finale Klaviereksamen.



1976 Nadia Lindeman:
Tweede in SA-Orrellkompetisie.



1971 Nellie Spies en Marianne Malan verwerf elkeen 'n musiekbeurs van UNISA. Nellie is Oranje se toppresterder in 1970 se matriekeksamen.



1975 SA Jeugorkes: Lizette Gouws, Carina Kotzé en Bambi Heiberg toer saam oorsee.



1978 Ilse Brink, lid van die VS-jeugorkes wat oorsee toer.

Unisabeurs: Franse Horing Gr. VI, asook klavier Gr. VI. FAK-beurs vir Franse horing en klavier. Ses A+ en ses A-simbole tydens die Kunswedstryd.



1981 Sonja Coetzee
VS-Blaasensemble.

AS DIT LIG WORD

"Met 'n salige gevoel het ek gou weer my oë gesluit, my lekker warm toegewikkel en in my gedagtes weggedryf... Met 'n naer gevoel op my maag word ek wakker toe die klok lui. Vanoggend is ek sowaar laat vir klavieroefen.

"As die laaste ding-dong wegsterf en Nic de Jager die 'nuus deur Radio Suid-Afrika' aankondig, pluk ek haastig my romp oor my kop. Versigtig loer ek eers om die hoek van die stoepdeur of sy nog nie aankom nie; dit is nou mej. Papenfus. Dan skiet ek soos 'n pyl uit 'n boog weg en hardloop 'n werker byna onderstebo. As ek die trappies voor die musiekgebou betree, verbeel ek my dat ek die geagte juffrou se oë van agter voel brand. Met 'n sug sak ek op die klavierstoeltjie neer en val sommer weg met vingeroefeninge. As Juffrou later met die detensieboek verskyn, is ek reeds kliphard aan die oefen." Bets de Jager, S.M. (1968:27)

Die twee begaafde Smuts-susters:



1967 Marlene Smuts
Onderhoofmeisie.
Primaria: Baxter Hall,
Universiteit van Kaapstad.
Bekende skilder en
brandglaskunstenaar.



1966 Dene Smuts
Uitruilstudent na Amerika.
Ondervoorsitter van die SR
van Stellenbosch.
Redakteur van die Fair Lady.
Politikus.

Dis asof Oranje net 'n geleentheid soek vir 'n konsert...! Die spraak-onderwysers moes dag en nag oefen om al die pragtige uitslae te behaal! Pres. Steyn se ideaal is mos dat die dogter opvoeding in die breedste sin moet ontvang.



1968 'n Groep akteurs uit die opvoering, Wilhelm Tell:
Voor: Elsa-Marie Kock, Ansa Joubert, Mary-Anne Snyman
Middel: Bettie de Jager, Henda van Wyk, Marica Look, Jeanette van Tonder, Hanlie du Toit.
Agter: Caroline Coetzee.

1968 The Rivals
Voor: Teddy Shipton, Marlene Smuts.
Middel: Christopher Marquard, Marietjie Willemse, Dave Walker, Terry Hannah, Reza de Wet, Ray Sowman.
Agter: Garth Tuckett, Billy Smith, Elsa Joubert, Eddie Elton.



1968 Vrolikheid op die Duitse aand:
Voor: Marina Cronjé.
Sittende: Rinette du Plessis, Annalien Kleynhans, Tarina van der Bergh.
Staande: Corrie du Preez, Annelize Theron, Lizette Brink, Marlie du Preez, Manda Henning, Esthé van Wyk.

Die geskiedenis herhaal hom toe self:



1964 Laerskoolleiers
Hoofmeisie: Margie Bredenkamp (Sittende)
Onderhoofmeisie: Petrusa Gerdener



1969 Hoërskoolleiers
Voor: Hoofmeisie: Margie Bredenkamp
Onderhoofmeisie: Petrusa Gerdener
Onderhoofmeisie: Sarie Senekal

Mej. B. Wiese, die Afrikaans-onderwyseres, “het fyn letterkundige smaak en beskik oor buitengewone taalbeheer en gevatheid. Sy kan die leerlinge in die verskillende letterkundige genres inlei en by hulle ’n selfstandige oordeel inskerp.

Die voortbestaan en bloei van die Voortrekkerveldkornetskap is aan mej. Wiese te danke. Daar is hoë waardering vir haar leidende aandeel in die volkspele by die skool. Sy het ten minste drie groot volkspele-aandeel elke jaar gereël. Ook met die CSV het sy gehelp en haar geestelike hulp en erns was vir die dogters ’n groot steun.” (1955:7)



Mej. B. Wiese, Afrikaans-onderwyseres, 1945-1955

Die jaar 1969 word onthou vanweë die eerste maanlanding en...die woorde: “It is one small step for man, but one giant leap for mankind!” - Neil Armstrong. Die wêreld word oorspoel met die mini-mode, die kort rokkes wat alle sedes minag. In Suid-Afrika tref ’n aardbewing Tullbagh en omstreke. By Oranje stol die vooruitgang in “Skoolbus 8”...

“Na tien minute se hande warm vryf, loer een op haar horlosie. Die bus is mos altyd in eksamentyd laat. As die bus dan uiteindelik om die hoek aangekruip kom, voel dit asof óns ’n oorwinning behaal het.

“Intussen het almal wat nie hul hoede het nie, al deurgeloop, en is na elkeen se ‘ekskuus’ geluister. Vyf minute voor agt het die bus ons dan elkeen met ’n ‘Dankie, Oom’ by die skool afgelaai.

“Na nog ’n skooldag, wag dieselfde bus, ‘Skoolbus 8’, vir ons. Nadat ek op my hoëhakskoene uitasem by die bus aangekom het, sien ek ’n bank met twee boeksakke daarop. ‘Wie se tasse is dit hierdie?’ Ek wou lag toe ’n doodse stilte die rumoer vervang: ’n prefek het gepraat! Te bang om ’n mond oop te maak, was dit toe blykbaar niemand se tasse nie en kon ek gaan sit. Net jammer dat die hoërskoolmeisies nie ook so skrik as ’n prefek praat nie.” Esthé van Wyk. st. 10 (1969:68)

As dit nie die skoolbus is nie, dan is dit eie vervoer...

“Meisie, ek dink jou fiets is heeltemal padwaardig genoeg”, sê die padveiligheidsinspekteur tydens ’n fietsinspeksie by Oranje.

“Dankie, meneer!” antwoord ek. Of moes ek liever gesê het: “O, meneer”, want ek glo nie hy weet van die skreeugeluide wat die modderskerm op die voorwiel maak as ek vinnig ry nie. Nog minder is hy bewus van die feit dat die remme glad nie werk as dit reën nie. Dit maak seker nie veel saak nie.

“Soggens is dit mooi mik om darem fatsoenlik genoeg op te klim, want nadat my fiets gesteel is, moet ek noodgedwonge met my broer se fiets skool toe ry. Verder in die straat af moet ek eers stilhou om ammunisie bymekaar te skraap vir die drie brakkies wat my gewoonlik sonde besorg.” Corrie du Preez S.M. (1969:69)



Reza de Wet, die digter:

Saggies daal die awendson
En kleur die wêreld rooi.
Die wolke is met goud omring
Dis alles pragtig mooi.
Die blou rivier is nie meer blou;
En stadig kom die awend kou
Daar is geen maan of ster vannag,
Wolke bedek die hemelprag.

St. 4 Reza, die aktrise:

Reza verwerf bekendheid as dramaturg. Sy verower die Hertzogprys daarvoor. Haar drama, *Mis* word ’n voorgeskrewe boek vir gr. 12. Oranje se toneelfees word na haar genoem.



1969
Mev. E.L.V.S.
Heyns: die eerste
adjunkhoof van
die laerskool.

Sottetyd – 1969

Trane en verlange huis toe was die algemene reël, maar ná ’n paar slukkies aalwynwater en duiwelsdrek, was 1969 se sotte amper Oranjeniete. Vir die eerste keer is die dagskolier-sotte betrek. Eindelik is die sotte gereed vir Oranje as juf Spies sê: “Elkeen van julle het nou nuwe boek begin en ek is seker julle sal dit vol skryf met net die beste en mooiste gedagtes en woorde.” (Kom Loer, Maart 1969)

Na 30 jaar getroue diens aan Oranje span mej. A. E. Rossouw aan die einde van 1970 uit. Die juk wat sy met soveel liefde en toewyding gedra het, word net neergesit. Van rus is daar nie sprake nie...hoe sal ’n mens met soveel werkywer en ideale dan nou kan gaan rus?

“Vir mej. Rossouw was Oranje een van die belangrikste bestaansredes. Haar leerlinge het liefdevol, maar beslis geleer watter paadjie om te volg. Sy sal onthou word omdat onderwys vir haar ’n liefdesdiens was!” (mej. M.L. Spies)



‘n Huldeblyk aan mej. Rossouw deur die bril van st. V-leerlinge:
Sy het altyd ’n goeie woordjie gehad vir iemand wat dit nodig het.
E.Botha

Ons probeer nie om vir haar lief te wees nie, ons kan dit nie verhelp nie.
M. Venter

In die kantoor het haar vriendelike glimlag my getroos.
J. Viljoen

Dit was vir my duidelik dat sy ’n Godvresende persoon is.
M. Hart

En die Sub B's het briefies geskryf:

Liewe Juffrou Rusow, Ek is jammer om te hoor dat ons moet afskyt neem. U was so ’n goeie hoof. Ons moet dit net aanvaar. Ons weet dit is wet. Liefde groete, Adéle van der Westhuizen

Liewe juffrou Rusou, Ek hou van Juffrou Rusou. Ek sal huil as Juffrou Rusou weg gaan. Ons hou daie van har sy moet nie vir geet van Ons nie. Liefd, Charné Steyn



Nog altyd het die skool daarin geslaag om pres. Steyn se ideaal vir ’n gebalanseerde kind te handhaaf. Daarom word daar moeite gedoen buite die voorgeskrewe kurrikulum.

DIE MUSEUM

“Ek en my maats was Museum toe. Ons het geramtes gesien. Toe gaan ons met die trap op. Toe sien ons outyd se klere. Dit was baie mooi. Toe gaan ons weer met die trap op. Dit was die af-deeling van Boesmans. Ons het gesien hoe die Boesmans meel maak. Hulle stamp mielie putte vein en dan is dit meel om mee pap te maak. Toe moes ons huis toe gaan. Die aand was ek baie moeg maar toe sê ek my pa dit was darm baie lekker.” Mimi Lombaard Sub B (1970)

WATERJAAR

“Dit is vanjaar die Waterjaar; dit beteken ons moet water spaar. Ons kan water spaar deur min elektrisiteit te gebruik en min water in die bad te tap. Hulle het seëls uitgegee en ’n Waterjaar-lied gekomponeer. Boere het ook water nodig. Diere drink water. Ons was klere en skottelgoed in water. Ons het water nodig om te lewe.” Emmerentia Fonternel St. 2 (1970)

DIE LENTELOOP

“Baie mense gaan aan hulle hart dood. Dit is omdat hulle te min oefening kry. Die mense van ons land word vanjaar aangemoedig om in September deel te neem aan die lenteloop.

“Die dogters van Oranje, met Juffrou Abrahams in die bussie, het hulle nie twee keer laat nooi nie. Op Saterdag 29 Augustus om 9 vm. het ons by die hokkieveld weggespring. Elke deelnemer was vasberade om ’n medalje te verower. Die stappers het in ’n bondel begin. Hoe verder ons gevorder het, hoe stiller het dit geword en hoe langer het die streep geword. Een-een het ons weer by die hokkieveld aangekom, moeg maar tevrede.” Nicolette Theron St. 2 (1970)



Vanweë die toewyding en ywer van mev. Elsa Stofberg het die Voortrekkers in 1970 hierdie mooi en doeltreffende spankamers ingewy. Oranje se kommando is na Mevrouw President Steyn genoem.



1979 R. Minnaar, H. Grobbelaar, T. Uys – Presidentverkeners.



1980 Alice Theron, Karen Dodd – Hoofleierswagte.



1982 Melinda Knox en Nita Grové: Voorslagknoop met onderskeiding.

Mej. Spies voer die gebruik in dat matrieks hul eie matriekdrag mag kies. So word daar jaarliks op somers- en wintersdrag en die bypassende skoene besluit. Natuurlik word sykouse daarmee saam gedra. Die matrieks is ware dames! Om koste te besnoei is die matriekdrag in die tagtigerjare gestandaardiseer – steeds anders as die pampoenrokdraers!



1967 12 jaar op Oranje:
Staande: Marianne Samuels, Dalena van der Merwe, Ilse Vorster.
Voor: Mathilda Smith, Marlene van der Riet.



1968 12 jaar op Oranje:
Voor: Norma Viviers, Barbara Conradie, Myrtle Steyn.
Agter: Katinka Sieberhagen, Jacqueline du Toit, Marlene Smuts, Susan Linde, Hannetjie Luwes.



1970 Hulle het by juf. Rossouw begin en matrikuleer aan Oranje:
Voor: Jacqueline du Toit.
Middel: Maryna v.d. Walt, mej. A.E. Rossouw, Mariana Bosman
Agter: Annelie Combrinck, Izanne Mouton, Riana Albertyn, Suzanne Stegman, Geta Geldenhuys, Isabella Steyn.





Me. E. J. Venter
1971 – Junie 1979

*Hier werk ons vir 'n groter ideaal,
vir Oranje – en nooit, nooit vir
onsself of vir eie belang nie.*



Mej. Venter is op Winburg gebore. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Sentraal in Bloemfontein. Sy behaal die onderwysdiploma aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege. In 1961 aanvaar sy 'n pos as primêre assistent aan Oranje Primêr en vanaf 1 Januarie 1971 is sy die skoolhoof.

Mej. Venter het die personeel met kalmte gehanteer, maar met sterk wysheid het sy hulle meesterlik geregeer. Die personeel kon nooit besig wees met 'n situasie vir eie gewin nie. Sy het altyd haar woorde fyn en presies gekies en in beheer gebly.

Dit was die dae toe lyfstraf nog toegepas is. Mej. Venter skryf in

haar dagboek (1973): “Ons het probleme met dieselfde twee dogtertjies wat nie ander mense se besittings alleen laat nie. Mej. Vosloo kom rapporteer dat van haar kinders se tekenkryt weg is. Ons vind dit in die stout dogters se tasse. Ek was genoodsaak om die plak, ‘Piet Oranje’, in te lê.”

“Sy het in haar kantoor 'n atmosfeer geskep waar ons altyd 'n simpatieke oor gevind het en dan het ons geweet, sy ken ook vreugde en leed. Ons sê: ‘Baie dankie, u het ons bemoedig om vorentoe te kyk – soos ons leuse ook lui – Oranje Vooruit!’” (1979:44)

Mej. Venter se wens na 18½ jaar by Oranje is: “Mag Oranje van krag tot krag ‘Vooruit’ gaan om haar dogters tot waardige landsburgers en stewige hoekpilare te vorm.”

Mej. Abrahams (Juf. Abie) lei leerlinge op om af te rig. Daarom kan daar 22 hokkiespanne en 300 swemmers wees:



Voor: Theresa Joubert, Regina Jacobs, Rienke Gouws, Christa Barnard, Alta Bruwer.
Tweede ry: Irma Naudé, Hannetjie Linde, Alet Kriel, Helene Rautenbach, Cornie Richter, Elsa van Zyl, Carin Beukes.
Derde ry: Rienie de Klerk, Zizi Vorster, Nicky Schoombie, Erica Hattingh, Marinda Marais, Ina Muller, Alta Swart.
Vierde ry: Annette Welgemoed, Hester Haasbroek, Annatjie Coetzee, Rita Bekker, Erica Marais, Lize Wilken, Elmien Vorster, Milly Nel.



1972 Eerste hokkiespan:
Voor: Queenie, Esmé Steyn
Tweede ry: Alta van Wyk, Rita Bekker, juffrou Abie, Hester Haasbroek (Kaptein), Marinda Marais
Derde ry: Annette Welgemoed, Hanlie Smit, Theresa Joubert, Issebeau Joubert.
Vierde ry: Elize Rysbergen, Erica Hattingh, Delene Smit.



1972 Primêre skool se hokkiespan:
Voor: Sonja van den Bergh.
Tweede ry: Magda Kotze, Corlize Haasbroek.
Derde ry: Karin Kriek, Linda Bezuidenhout, Ronél Coetzee, Petro Schutte.
Vierde ry: Martlie Toerien, Aurona Marais, Hanlie Fourie, Elize Williams, Elsabé Lategan.



Eerste Tennisspan
 Voor: Alta van Wyk (Kaptein).
 Tweede ry: Dalene Smuts, mev. L. Snyman, Marie-Louise Snyman.
 Derde ry: Carol Rautenbach, Mey-Mare Lochner, Chrisna Hamel.

Bloemfonteinse O/10 dwerg-tenniskampioenskappe
 1972 Tennissette-uitblinkers:
 Isabel Mostert en Deidré Roux.



1972 VS-verteenwoordigers:
 Voor: Rienie de Klerk (swem.), Elize Rysbergen (hokkie), Kenau Fischer (netbal), Marie-Louise Snyman (tennis), Lorenci van Onselen (gimnastiek, duik).
 Agter: Zizi Vorster (swem, duik), Annette Welgemoed (atletiek, hokkie), Emma Hauman (swem), Igna Serfontein (gimnastiek), Lynn Vorster (duik), Suzanne Schutte (swem), Alta Bruwer (duik).

Mev. Spies is Duits magtig en daarom kan die leerlinge haar ook in Duits bedank vir hul wonderlike skooljare, soos Helene Wolvaardt, hoofmeisie van 1972:

“DANKE!...So ein kleines Wort, aber doch mit einer sehr groschen tiefen Bedeutung. Was ist angenehmer als ‘Danke Sehr!’ zu sagen? Darum will ich nun gern sagen: Vielen Dank! ... Vielen Dank, Oranje, weil du einen Menschen aus mir gemacht hast. Und dass ich auch ein Teil der Schule sein konnte – ein Teil unserer Schule!”



Mnr. PC Herselman en Outa Hans

“Outa Hans het in 1919 by die skool begin werk. In 1974 pak hy na 55 jaar diens sy goedjies op en verkas na Thaba Nchu. Toe ou Hans nog op sy stukke was, moes elke nuwe personeellid mooi van hom hoor hoe dinge by Oranje gedoen word. Hy is die ‘traffic cop’ met sy wit jas aan! Hy het die sub A’s se naels deurgekyk. As dit vuil was, skiet hy die kind se hand met sy vinger.

“Die kinders het dit altyd so geniet as hy stories vertel van sy jong dae op Oranje. Hy het fiets gery met ‘n boeksakkie voor op, dan het hy die pos gaan haal of bank toe gegaan. Of hy het die boeksak van mnr. Gouws se kantoor na mev. Van Rooy se kantoor gedra.” (1973:9)

Marieta Pottas onthou outa Hans: “Ek kan jou duidelik onder die kareebome langs die hokkieveld sien staan, terwyl ons besig was om ‘n wedstryd te speel. Daar het jy gestaan met jou verbleikte rooi trui en vaal kakiebroek en kyk hoe jou nonnies gaan wen. Jy met jou verrimpelde ou gesig was deel van Oranje en daarom was ons ook lief vir jou. Jy het jou daaglikse pliggies verrig, totdat jy amper nie meer kon nie! Ons sê dankie daarvoor, maar veral vir die plek wat jy in ons harte ingeneem het.” (1973:7)

Op 4 Augustus 1975 is Oranje met ‘n bus vol leerlinge Thaba Nchu toe om die laaste eer aan Outa Hans te gaan bewys. Sy laaste woorde was: “Here, wees ou Hans genadig en Mies Rossouw”, en daarmee sterf die getroue ou Hans.

“Vanmôre het Martha vir ons kom dankie sê. In ‘n taal wat vir haar vreemd is en voor die starende oë van honderde leerlinge, het sy op die verhoog gestaan en dankie gesê omdat ons gehelp het om vir haar ‘n huis te laat bou.

“Sy is Martha, die vrou wat in die kombuis werk. Almal ken haar as sy moet help afdek, maar toe juffrou Spies ons vra om haar te help, was ons ontvrede. Sy kry mos ‘n salaris. Honderd rand is baie geld as jy dit vir sakgeld kry, maar nie as mens ‘n gesin daarmee moet onderhou nie.

“Bedagsaamheid en hulp word met ‘n wit-tand-glimlag beloon. Dit is soos Martha gesê het: eendag sal ons dankbaar wees dat ons in ons oorfloed gegee het.” Adèle Greyling St. 8

Hulle het Oranje deur die jare getrou gehelp...

Voor: Addelina en Saartjie.
 Agter: Miriam, William, Bella, Annie, Salmon, Dorina, Letia, Willie, Marie, Ai Let, Outa Hans.

Miriam het 57 jaar by Oranje gewerk en sy onthou hoe sy “klein Nellietjie” – mev. Nellie Swart, latere staatspresidentsvrou – se wasgoedjies gewas het.

Ou William was jare lank kok. Sy afskeidswoorde aan sy opvolger nadat hy plegtig die wit pet op sy kop geplaas het: “Kook lekker kos vir my kinders.” (Volksblad 1977:09:09)





Kadetorkes

Sittende: Christa Fourie, Elize Herselman, Lisbé Lombard, mev. H. Gouws, Sanet du Plooy, Elsabe Coetsee, Isabel van Vuuren.

Eerste ry: Henriette Cronje, Henriëtte Bossert, Suzy Marais, Christelle Viviers, Toitjie Swanepoel, Erica de Vries, Adèle Marais, Corné du Plessis, Ronél Kruger, Leona du Plooy, Janiel van Straten.

Tweede ry: Elmarie Stander, Wilna Potgieter, Friedl Vorster, Peggy Els, Zarene Louw, Charlotte Schnetler, Roma Beukes, Elmien Hoffman.

Op 17 Oktober 1972 kry Oranje 'n eie kadetorkes wat oral optree. Hulle groot trots was om die nuwelinge die saal in te lei as hulle die dag pampoenrokke aantrek. Die orkes was 'n groot trekpleister by die galas, saam met die laerskool se trompoppies en tydens funksies in Bloemfontein, o.a. tydens die inwyding van die Sand du Plessisteater. Onder die leiding van mev. M.A. Kruger en H. Gouws bereik die orkes besondere hoogtepunte.



Mev. H.S. van Ryneveld word in 1973 aangestel as die nuwe adjunkhoof van die Laerskool. Sy is reeds sedert 1966 aan die skool verbonde.

Op 22 April 1974 begin die Ouervereniging se veldtog om geld in te samel vir die aankoop van 'n "skoolbus en klein vragmotortjie (bakkie)". Funksies word hiervoor gereël, donateurs word gevra en die leerlinge moet elke Vrydag 20c vir die busfonds bring.

Dan die brief van die Ouervereniging aan die ouers – 3 Junie 1976: "Ja, u het al gehoor ... ons bus is hier, ons ry al en ons betaal kontant – danksy die ouers se vrygewigheid. Die bus het R17,711 gekos waarvan die Provinsie se subsidie R6000 was. Ons is nog nie klaar nie. Nee, ons perd moet nog 'n stal kry; die skool benodig nog dringend 'n bakkie..." (A.E. Rossouw – sekretaresse). In hierdie bus word in 1981 'n kragstuur aangebring, want die bus word deur een van die onderwyseresse, mev. H.E. Stander, bestuur.

Mev. Stander vervoer die orkes waar hulle ookal optree. Sy neem die leerlinge op uitgebreide toere deur die land. Dieselfde bus word in 2000 nuutgemaak toe die banke weer oorgetrek word en die verfwerk binne en buite opgeknap word. Dit is die ryding vir die staptoere na die Knysnabos vanaf 1986.

Mev. H. E. Stander



Op 1 April 1974 neem die Departement van Onderwys ook die koshuise oor. Soos by die oornam van die skool sal sekere eg

Oranje-beginsels verskans wees. Die Kuratorium sal steeds seggenskap hê deur die kerk.



1974 Kolonel Hilda Botha (née Burnett) is die bevelvoerder van die Vroueleërkollege op George. Sy ontvang die Suiderkruismedalje vir besondere pligsgetrouheid en prestasie van die hoogste gehalte. Sy is een van Oranje se bekroonde hokkiespelers.



Die bouery aan die nuwe kantoor en klaskamers van die hoërskool begin in 1975. Nogtans bly die oue op Oranje behoue toe Elizabeth le Rouxkoshuis as nasionale gedenkwaardigheid verklaar word.



In 1975 word daar begin met die bou van die paviljoen by die boonste hokkieveld. Die hokkieveld was maar deel van die koppie wat met grond opgevol en gelyk gemaak is. Die grond is aangery van die uitgrawings van geboue wat in die middestad plaasgevind het, sowel as dié van die Universitas Hospitaal.

Die gaste kom deftig aangestap vir die inwyding van die A. G. S. Gous Stadion. Die leerlinge het reeds netjies aangetree. Na die toesprake sluit mnr. Gous die kleedkamers oop onder die wakende oog van mnr. Fanie Naudé.

Mnr. A.G.S. Gous is vanaf Mei 1949 tot 31 Desember 1976 die finansiële bestuurder van die skool. "Oranje erken sy skerpinnige insig, sakevernuf, sy taaiheid van gees, sy spontane begrip vir ons en sy selflose oorgawe in die diens aan ons skool in die breë." (Mev. C.J.J. Krantz, 1976)



Mej. Joan Abrahams is die hokkiekoning, maar sy is beslis ook die kampioen in die swembad! Mooi so, juffrou Abie!!



Ané Serfontein is in 1975 die jongste deelnemer aan die Curriebeker-duikkampioenskap. Sy is die wenner van die Vrystaatse senior- en skoletitel.

1979 Oranje maak skoonskip by die interhoërgala!



1975 Bekerweners tydens die interhoërgala: L. van Onselen (duik), M. Mostert (senior dogters), I. Mouton (0/16), W. Pretorius (0/14 hoërskool), H. Abrams (0/14 Primêr), U. Strydom (0/12) en T. Stassen (0/8)



ATLETIEK VS



Luciana Albertyn wat die Victrix Ludorumtrofee aan die skool skenk, oorhandig dit aan Sarah Strydom wat die meeste punte by die atletiekbyeenkoms behaal.



1968 Annette Smith
Kampioengewigstoter



1969 M. Mostert, F. Roos, L. van der Merwe
Atletiek

1978 Charlette Marais:
VS-kleure: Verspring en 200m-hekkies



1981 Maretha Bloem
VS-kleure: 200 en 400 meter.



1976 Bambi Heiberg
VS-Skole en senior
landloopspan en tweekamp.
1980 Springbok in landloop.



Foto 1978:50
1971 Mej. Bea Marais:
Springbokkleure in atletiek.



1968 Mej. Theresa van Rensburg:
Springbokkleure in atletiek



1977 Eerste Laerskoolhokkiespan: Die eerste, tweede, derde en 0/14-hoërskoolspanne, sowel as die 0/14 –laerskoolspan wen die hokkieliga in die stad.

Voor: Heléne Fick, Heleen Strauss, Sandra Lategan.
Tweede ry: Belinda Vorster, Johannie Styger.
Derde ry: Lucia Theron, Louise Steyn, Minette Neuhoff, Tanya Heyns, Lynette Botha.
Vierde ry: Deirdre Bekker.

Kosgangers en haar sakgeld: "Om haar te leer om haar geld met oorleg uit te gee, doen ons aan die hand dat die ouer 'n vaste bedrag per kwartaal in haar spaarboekie deponeer en dat sy daarmee moet uitkom. Wat oorbly, trek rente vir volgende kwartaal! Saterdaggaande is hier 'n funksie in ons skoolsaal en soms woon sy 'n uitvoering in die stad by, wat natuurlik duurder is. Die volgende beraming is bloot 'n leidraad:

Daeliks:	
Maandag tot Saterdag: 50 sent per dag	R 3,00
Saterdag se funksie en eetgoed	80
Sondag, 2 maal kerk toe	20

Totaal per week R 4,00

Kwartaal het ongeveer 9 weke, dus	R 36,00
Plus funksies in die stad	R 5,00
Ledegeld vir verenigings	R 5,00
Totaal per kwartaal	R 46,00

(Prospektus 1977:12)

SKOOLHEFFING

Vir die eerste keer in 1977 kom hierdie betaling ter sprake. Dit is deur die Beheerraad ingestel na oorlegpleging met die Provinsiale Administrasie. Van alle ouers word verwag om die volgende bedrae jaarliks gedurende die eerste kwartaal vooruit te betaal:

	Laerskool		Hoërskool
Oudste dogter.....	R25,00	-	R30,00
Tweede dogter.....	R22,00	-	R27,00
Derde dogter.....	R19,00	-	R24,00
Vierde dogter.....	gratis	-	gratis

(Prospektus 1977:11)

Dr. S.J. Naudé



Dr. S.J. Naudé dien Oranje vanaf 1952 tot 1977 as Kuratoriumvoorsitter. Vanaf 1968 – 1974 is hy ook die voorsitter van die skoolkommissie. "Hy sien sy

taak by Oranje om op intellektuele gebied die beste vir die dogters van ons volk te bied, en hulle te help vorm sodat hulle op waardige wyse hul plekke in die kerklike, die volks- en die gesinsamelewing kan inneem. Die skool kan hierdie werk nie alleen onderneem nie. Dit is juis hierin dat die samewerking, steun en voorbidding van die ouers vir Oranje so onontbeerlik is!" (1969:1)

Die Groenwaldsaal wat soveel vreugde vir die vorige skoolhoofde, mejj. Walter, Steyn en Maartens, gebring het, word in 1977 afgebreek om plek te maak vir die "sierlike" nuwe administratiewe gebou van die hoërskool. Die media sentrum word ook hier opgerig.



Die ou Kindertuingebou moet plek maak vir die nuwe in 1977!



Nuwe kindertuingebou

In 1977 word Sprak en Drama 'n volwaardige matriekvak wat vanaf st. 8 aangebied word. Van die eerste jaar af, danksy 'n groepie talentvolle, bruisende entoesiaste, is hierdie leerlinge uitblinkers tydens die kunswedstryde en eenbedryfwedstryde.

Wat die vak so besonders maak, is die ryk toneel- en kultuurstudieveld, maar bo-al die groepaktiwiteite in die praktiese werk, waar die verbeelding geprikkel en die skeppingsbewustheid uitgebrei word. Mej. Spies is die eerste Sprak- en Dramaleerkrag in 1977." (Onthou:57)

Wenners van die Vrystaatse ATKV-toneel:



1979 M. Fischer, M. Bekker, I. Mostert, A. Rautenbach, A. Venter.



1981 G. Vorster, H. Nel, E. Brink. Mev. R. R. Brink is die beste regisseur.



Ané Serfontein ontvang 'n goue medalje van mej. Spies nadat sy 'n Springbok in duik geword het. Ané se weergawe is:

"Dit was 'n week van vroeg opstaan om te oefen. Dit het vir my gevoel asof niemand jou eers die lug wat jy inasem gun nie. Almal was gespanne, want daar moes 'n Springbokspan aangewys word. Teen die einde van die nasionale proewe was ons moeg. Ek het sommer kaalvoet na die spanaankondiging gegaan. Ons was baie opgewonde omdat Martie Pepler, 'n Vrystater, die span gehaal het.

"Skielik was dit asof 'n emmer koue water my tref. Ek is half deur die die wind. Wat ek toe hoor, kon ek nie glo nie! My naam is gelees en wat nou? Sonder skoene en ek moes my kleure gaan ontvang! Elsabé Botha het tot my redding gekom met haar wittes en so knyp-knyp het ek tussen die maats deur gekoes.

"Ek het nie geweet of ek moes lag of huil of bly wees nie. Ek het soos 'n verdwaalde skaap tussen die ander Springbokke gevoel. My ouers was nie eers daar nie, maar die nag om twaalfuur het ons hulle gebel. Toe het die trane vrylik gevloei!" (Ané Serfontein 1978:13)

In 1980 word sy ook ingesluit in die SA skoleswemspan.

Oranje lewer gereeld spelers aan die Vrystaatspan.

TENNIS

1967 Jeanne Potgieter wen die enkel- en dubbelspel in die VS-kampioenskap.



1975 Rentia Smith



1975 Suzette Smith



1977 Trude Stassen en Santjie Viljoen: Bloemfonteinse 0/10 dwergtenniskampioene.



1975 Theunie van Wyk



1977-1979 Mariaan Pienaar



1980 Elfie Fichardt


NETBAL



1981 SVS-Netbal
Amanda Oosthuizen
Bertha Prinsloo



Maryna du Plessis
1974 SVS-Netbal
Dorette van Rooyen



1973 SVS-Netbal
J Fick en Kenau Fischer
Kenau verwerf ook SA-netbal.

1977 SVS-Netbal
Tessa Oosthuizen
P van den Berg



HOKKIE



1981 SA Hokkie
Petro Schutte



1968 Vier jaar VS-hokkie
Aletta Froneman, hokkie-
skeidsregter.



1972 Protea-kleure vir hokkie
Sandra Marais, matriek 1970.

1981 VS-hokkie
Festa Botha



1972
VS- en SA Hokkie
Aryna Edwards

WATERSPORT



Ilse Vorster, swemkaptein, oorhandig die duikbeker wat sy aan die skool skenk, aan Jane Vorster.

Alta Bruwer, die VS-duiker, neem internasionaal deel en vaar besonder goed. As gevolg van die isolasie in sport word haar Springbokkleure nie toegeken nie. Sy word genooi na die Internasionale Wêreld Ouderdomsgroepgala in die V.S.A. Sy kan nie gaan deelneem nie omdat sy 10 dae te oud is vir haar ouersomsgroep.



1977 Johannie Styger is in st. 4 - sy is reeds die SA 0/14-Hoërskool-duikkampioen.



1965
VS-opeduijkampioen
Nelisa Hoffman



1969 Emmerentia Haumann wen 'n goue en bronsmedalje op die internasionale gala in Duitsland.

1968 VS-swem
Ester Delport en Petrusa Gerdener



Oranje het nog altyd begaafde kunsonderwysers gehad. Onder die hand van mev. Annemarie Roberts is daar baie kunswenners, o.a. dié wenners van die Santam-kinderkunswedstryd:



1975 Naomi Morgan



1981 Sanet v.d.Walt



1982 Emsie Genis



J.J. Groenewald 1954-1979

"Groenies, soos hy bekend is, kon aan kollegas altyd weldeurdagte advies verskaf. Van huiskoop, tot motorkoop, tot persoonlike probleme. As die vrouekollegas emosioneel raak, was dit gewoonlik Groenies wat kalm die ooglopende oplossing kon verskaf.

"Agtien jaar was hy verantwoordelik vir Skeinat en 26 jaar vir Wiskunde. In al die jare het hy uitstekende werk gelewer. Sy taak as opvoedkundige het 'n liefde vir die vak, insig en motivering van die leerlinge as eerste vereiste gestel. In die klaskamer het Groenies dissipline gehandhaaf sonder om ooit sy humeur te verloor, soos een oudleerling opgemerk het: 'Groenies was altyd bewus daarvan wanneer jou aandag afgedwaal het'.

"Hy was 'n senior onderwyser, tydelike visehoof en een van drie departementshoofde. Op die sportveld het hy tennis en atletiek afgerig. Ons sal hom mis!" mev. M.M. Janeke (1979:3)



Mej. M.A. Papenfus 1937-1979

"Sy was vanaf 1926 Oranjeniet - toe nog maar 12 jaar oud! Sy het byna elke jaar st. 10-leerlinge vir musiek en talle van haar leerlinge het beurse verower. Gesels 'n mens met mej. Papie, dan raak jy bewus van 'n sterk, beginselvaste mens wat skuil in 'n fyn voorkoms. Sy onthou haar skooldae op Oranje: Die dik Lyle-kouse met langmouhemde, dasse én panamas - somer en winter! Sy onthou dat hulle áltyd gegroet het, want 'vriendelikheid kos niks' (haar leuse).

"En dan lag juf. Papie te lekker, maar vlakby blink die oë - want alles gaan verby en voor jy weet, moet jy eenkant toe staan, moet jy rus omdat jou taak voltooi is..." mev. A.M. Basson (1979:3)

Mev. Hettie Holtzhausen



Om af te tree was vir haar 'n rouproses; daarom wou sy nooit weer terugkom skool toe nie. Sy bly die nederige mens wat wegdeins van menseverering. Vir haar hoef daar nie 'n monument by Oranje opgerig te word nie, want sy leef in die hart en mond van honderde oud-Oranjes wat haar lof oor gans Suid-Afrika besing.



Sy het 'n hele klompie seuntjies ook onder hande geneem. Ludwig Kruger was die laaste seuntjie wat in 1972 in Sub A by Oranje ingeskryf is.

Haar eie Sub A's van 1979 prys haar uit die hart:

Lollie Albertyn: Ek hou van Hettie. Sy is lief vir my. Sy is mooi. Sy is liefliki mens. Sy gee nooit pakslaa nie. Sy sê: Ek is baja oulik.

Jacqueline Lyons: Ons is lief vir ons Jufrou. Ek hou baie van skruif. Ons hou van ons Hettie Jufrou. Ek hou nie van virkaansie nie. Die Jufrous vir my lief. Dis die liefste liefste skool. Ons speel westret Hokie. Ek hou van liewe liewe Hieses.

Ingrid van den Berg: Ek hou baja van Hettie en dit is baiji baiji lekir by die skool. My skool jvrou is Hettie. Sy hou Baija van Sub A kinnirs. Nou is Jivrou van Rynevelt ons hoov. Ek hou baiji van Carlien, my maikie.

Carlien Fichardt: Ek hou van hettie. Liewe Liewe Hettie dit is baja lekir in jou skool. Elfie is by Jvrou lombbaart. Liewe hettie en jui is baja frienlik en mooi en dit is lekir as jui op jou bort skruif. Ek hou so baja fan jou Hettie want Hettie is baja mooi en frienlik.

Anroli Bosman: Ek is liev fir skool en Hettie en van skryv. Hettie is baji goed vir ons en baji liev vir ons. Ek hou van Hettie si Bybel stoories. Hettie teekin mooi. Hettie is gaav.

Esther Theron: Dit is baie lekir in di skool. Maar ek wil net nie opstaan nie. Ek kan nie mooi skruiv nie maar Hettie sê ek skruiv mooi. Ek set op e leker plek. Ons hou niks van vikansie nie. Hettiekie is mooi en hou van die kenirs.

Haar kollega skryf: "Sy was daar toe ek my kindertuinapparaat kom uitpak het. Met haar vriendelike gesiggie wat van liefde gestraal het het sy my welkom geheet. Sy het besef dit is my eerste onderwyspos en dat ek onseker voel. Met die mooiste woorde het sy al my twyfel weggetoor. Sy het my laat voel dat ek nog vir haar baie sal beteken. Dit was asof die Liewe Heer self bietjie met my kom gesels het.

"Sy het haar Sub A's behandel soos koningskinders en daarom was sy nie net hulle 'Juffrou' nie, maar hulle koningin. Sy was hulle kosbaarste besitting.

"Om net 'n halfuur in haar klaskamer te kan staan en luister, was genoeg inspirasie vir my vir die res van my onderwysloopbaan. Ek het soms die moegheid in haar dierbare oë gesien en met haar daaroor gepraat. 'Sonder my kindertjies sal ek heeltemal wegwyn! Dis hulle wat my krag en lewe is!'

"Sy het altyd lof en erkenning vir almal gehad. Om net naby haar te wees was vir my asof ek 'n stukkie van die Nuwe Jerusalem gesien het.

"Vir haar was haar 'kindertjies' haar grootste gawe; haar man haar teerste liefde; haar blomme en diere haar grootste vreugde; haar medemens haar plesier en haar God haar krag en beskerming."
(Mev. H.M.J. van Rensburg - "Juffrou Chicken" Sub B-onderwyseres)



Voor: Chamé Rossouw, Inge Wessels, Jacqueline Lyons, Esther Theron, Hanli Craill, Charonne Heydenrich, Susan Rossouw, Hilda Woest, Annie Janse van Rensburg.
Tweede ry: Joyce van der Linde, Lizan Hutchinson, Madelein Morey, Therése Strydom, Ingrid van den Berg, Delicia Jones, Anroli Bosman, Carlien Fichardt, Anel Smit, Belinda McDonald.
Derde ry: Christine Schabort, Beatrix Richter, Wilma Taute, Tertia Stöckigt, Michelle Lombard, Annelie Smith.
Vierde ry: Vivienne du Plessis, Martie Yssel, Elsje Prinsloo, Enid Cronjé, mev. Hettie Holtzhausen, Alida Venter, Ursula van Wyk, Lollie Albertyn, Francois Raren.

Mej. M.L. Spies onthou enkele kollegas wat lank by Oranje betrokke was:

Mej. A. Barry 1938-1960
Sy is 'n gebore onderwyseres met onkreukbare eerlikheid en dissipline. Sy het in liefde 'n stempel op die kinders afgedruk. Hulle het nie net kennis opgedoen nie, maar geestelike waardes wat later kon rigting gee.



Mej. M. Bosman 1938-1966
Sy het in die kunskringe bekend gebly vir haar uitmuntende spreekkore, toneelstukke en opvoerings. Sy is bekend vir haar humorsin en spitsvondige opmerkings. Sy staan met albei voete vas op die aarde.



Mej. I. Lemmer 1949-1972
Sy het haar hele wese ingespan om elke kind Rekenkunde te laat slaag. Sy het deernis vir 'n onwillige kind, begrip vir die stoutstes en die ideaal om aan haar eie hoë vereistes te voldoen. Haar deurstellingsvermoë Sy het gelewe om lief te hê en te gee.



Mej. L. Lamprecht 1944-1964
Lampies was die Tikjuffrou. Sy het net so hard in die tuin gewerk. Groeiende kinders en groeiende plante was vir haar ewe belangrik. Met haar bruisende entoesiasme het sy almal aangestee. Sy had 'n hart van goud en sou Oranje nooit in die steek laat nie.



Mej. M. H. Pienaar 1947 – 1964
Oudleerlinge erken: "Sy kon darem vir mens Engels leer." Vir haar was niks te veel moeite as dit by die onderwys kom nie. Selfs voor skool en veral pouses moes die kinders maar kom en hulle foute in die geskrewe werk verbeter. Sy word met waardering onthou.



Mev. S. van Rooy 1958-1976
Mej. Jooste en Spies besing dié sekretaresses se lof. Sy was bekwaam, vriendelik en pligsgetrou. Sy het altyd die regte mense en die regte telefoonnommers geken. Sy het insig in die draadwerk van 'n oorwerkte skoolhoof en kon dit met liefde en omgee verduur.



Mev. R. Meyer (Fourie) 1955-1980
Sy kon kore en die musiekleerders tot mooi hoogtes lei. Die klavierleerlinge het sy met takt en geduld gelei en die begaafdes het sy tot op die kruin gedra. Sy het gehelp waar sy kon – haar hande het vir niks verkeerd gestaan nie. (Onthou: 66)



Mev. M.M. Janeke loop die toneel- en akademiespad by Oranje vanaf 1955-1982. Dis 28 jaar waarin haar humor, haar besondere toegewydheid, haar lojaliteit en veral haar menslikheid deel geword het van duisende leerlinge se Oranje-herinneringe.



ORANJE IN BEEELD

Jans Rautenbach en Morné Coetzer maak 'n film van ons skool en leerlinge (Jaarblad 1978)



Mej. H. A. van Ryneveld
Julie 1979 - 1992

*Jou woord is
jou eer!*

H.A. van Ryneveld

Mej. Hester van Ryneveld is in Kroonstad gebore en dis ook daar waar sy aan die Hoërskool Kroonstad matrikuleer. Daarna studeer sy aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege (BOK). Sy was 'n uitblinkeratleet.

Mej. Van Ryneveld was nie net baie lief vir die Oranje-dogtertjies met hul pampoenrokkies nie, maar sy het ook graag tuingemaak. Sekere dae in die jaar is geen afspraak gemaak nie, dan het sy in die skooltuin gewerk en moes daar vir haar en die werkers tee gestuur word.

Dissipline en goeie organisasie is die wagwoord, inisiatief word aangemoedig. Om die dogters gebalanseerd deur die laerskool te help, is haar grootste ideaal. Netheid en pligsgetrouheid word voortdurend ingeskerp. Die dogters moes soos die "boompies" gebuig word, sodat hulle met altwee voete kan vasstaan en die lewe vierkantig in die oë kan kyk – soos ons Voortrekkernooientjie - die toekoms in.

In 1972 verkry mej. Van Ryneveld toestemming dat die Laerskool met voorgeskrewe langbroekpakkies mag skool toe kom. Selfs die onderwyseresse mag in die voorreg deel. Sy stel in 1973 die middagstudieklasse in vir die dogtertjies wat vir hulle werkende ouers wag.



Op 23 September 1977 kom die "Coaster" onverwags by Oranje Toyota aan. "Eindelik! Maar nou moet ons rondskarel om geld in die hande te kry – R9 927! Die Oranje-Ouervereniging het R3 500 belowe – baie, baie dankie. Die skoolfonds het R6 027 beskikbaar. Ons vra 'n voorskot van R400 by die Kuratorium." (Dagboek: mej. Venter)

P.A.O. 987 - Die nuwe bus word met ywer skoongemaak en skoon gehou: Rachel Sektisho (wat eers in 2007 aftree) is reg met die tee vir mev. M.P.C. Meyer. Die res was fluks: Hesma Louw, Santjie Viljoen, Isolde Lombard, Meshak Sito, Margariet Swanepoel, Marinda Smith, Anchen van den Berg, Kenneth Fothwane, Corné du Toit, Paula Neethling en Jurie van Wyk.





Mej. Joan Abrahams 1965-1980

By Oranje is sy verantwoordelik vir Liggaamlike Opvoeding wat uitkring na Gesondheidsleer, hokkie, gimnastiek, swem en duik vir die laerskool, sowel as die hoërskool. In die eerste jaar wat sy hier aankom, wen die laerskool die stadsliga in hokkie. Mej. Rossouw glo dis die eerste keer in die geskiedenis! Hierdie wenkultuur dra sy deur tot in die hoërskool.

1969: Hokkiejaarverslag

“Groot dankie aan juf. Abie vir...sommer alles. Baie dankie dat juffrou Oranje se hokkie tot die “boonste” gebring het. Oranje gaan sommer la-a-ank hier bo bly. Vir die eerste keer in die hele hokkiegeskiedenis kry die eerste span die beker. En juffrou het ons gedra tot hier. Ook die 0/14 A-span kry hulle die beker!

Baie dankie aan almal wat hokkie speel en moedhou... Volgende jaar speel hulle op twee splinternuwe bane; op ‘n yslike sandhoop agter die musiekgebou en sy ou boemelaarborne.”

Anita Joubert (1969:97)

Oranje lewer swemsterre op en ook haar eerste Springbok op die duikplank – Ané Serfontein.

Die Moederkundeleerlinge moes 24 uur per dag die babas oppas. As dit dan hokkiewedstrydtyd by Ramblers was, is die baba in die “pram” soontoe gestoot. Die “pram” moes agter die doelhek staan, sodat die doelwagter die baba kon oppas. Halftyd as die spanne omruil, dan hardloop ‘n speler met die “pram” na die anderkantste doelhek.

Juf. Abie en die dogters wat nie aan sport deelneem nie, bedryf die snoepwinkel. Saam met Marinda Marais en Louise van Biljon is die wins van die snoepie in 1975 R75 000!

In die jare van die Bosoorlog reël sy dat leerlinge gereeld vir die manne op die grens briewe skryf en pakkies stuur. So het Oranje op Republiekdae met die bus grootkoeke aangery na die soldate in Tempe. Die sub A’s moes die koeke gaan uitdeel.

Juf. Abie kry ook die naam Tant Mossie omdat sy aan die soldate op pad na die grens ‘n 1c-stuk gee. Die simboliek van die 1c-stuk (wat sy by juffrou Rossouw geleer het) moes die soldate inspireer, want op die muntstuk is twee mossies aangebring.

Matteus 10:29-31: Is twee mossies nie vir ‘n sent te koop nie? En tog sal nie een van hulle op die grond val sonder die wil van julle Vader nie. Van julle is selfs die hare op julle hoof almal getel. Moet dan nie bang wees nie. Julle is meer werd as baie mossies.

Dit was die oorlewingstek van die vroue in die Bethuliekamp

tydens die Anglo-Boereoorlog. Na die oorlog het mev. Marais van die plaas Vlakfontein na Onze Rust gegaan. Mev. Steyn moes die mossies op die nederigste van Suid-Afrika se muntstukke laat aanbring. Die doel was om die vroue wat die kampe oorleef het en die manne wat dapper geveg het, te herinner



aan hulle waarde vir hul Skepper. Mev. Steyn het met die hulp van genl. Jannie Smuts daarin geslaag om die mossies op die geringste muntstuk aan te bring.

Juf. Abie het die Ster van Suid-Afrika van die Staatspresident ontvang vir haar bydrae in welsyn en onderwys. In die harte van soveel Oranjeniete is sy die ster-juffrou! Oranje Reünie neem elke jaar die gr. 8’s op toer na Onze Rust. Hier vertel juf. Abie vir hulle die geskiedenis van Oranje en maak hulle trots op hulle koninklike verbintenis met die Huis van Oranje! Sy het ‘n Kestell-Bybeltoer uitgewerk wat sy op Oranje se terrein lei. Sy neem jaarliks die gr. 9’s na die Vrouemonument om Oranje se geskiedenis daar vas te lê.

Sy glo Oranje-dogters “have got back bone”!! Kinders moet selfvertroue ontwikkel en almal rondom hulle menswaardig behandel.

Juffrou Abie, wat baie lief is vir geskiedenis, hou steeds vol om oudleerlinge op te soek en te bemoedig. So het sy mnr. Bryer ontmoet: Hy is ‘n oudleerling van Oranje. Terwyl hy die personeelkamer van die laerskool besoek, verklaar hy dit is presies waar juffrou Postma hom leer lees het. Tuis het hy ewe selfvoldaan aan sy vrou gesê: “You see my dear, I am a proud old girl, but you, my dear, you are an old woman!!



Mev. C.J.J. Krantz is op 17 Januarie 1980, terwyl sy besig was om ‘n Wiskundeprobleem aan st. 7’s te

verduidelik, skielik oorlede. Sy sterf letterlik in die tuig na 26 vrugbare onderwysjare, waarvan tien by Oranje was.

Mev. Krantz het nuwe personeel hul plek in Oranje geleer: nuwe personeel praat nie, hulle luister eers. Sy het soggens vroeg – voor skool – Wiskunde-ekstraklas gegee. Wanneer die koshuisdogters dan koshuis toe gaan vir ontbyt, bring Saartjie tee en toebroodjies vir dié vroeë personeel. Sy het so graag “Ek sien ‘n nuwe hemel kom...” gesing.

Mej. Spies skryf: “Ons skool rou, maar haar besielende ywer, haar bruisende entoesiasme vir dit wat waarde het, is diep ingespit en beur lewenskragtig op in die vooruitstap van elkeen wat begenadig was om haar te ken.” (1980:3)

Krantz

Uvain Strydom is die hoofmeisie van 1981. Haar verbintenissen met die skool strek via haar voorgeslagte vanaf 1916!

Haar oupa, Jan Steyl Joubert (1916-1919), en sy suster, Deleen-Marie, gaan hier skool. Deleen-Marie sterf in Sub A aan waterpokkies.



Mev. Yda de Villiers (née Fischer) en Jan Joubert was saam in Sub A en hulle oudste dogters was saam in matriek.

Uvain se ouma, Regina Anderson (vanaf 1932-1935) en haar drie susters, Dorothea, Sarah en Elizabeth, was ook op Oranje.

Ouma Regina onthou dit was die depressiejare en daar was skaars 100 leerlinge in die skool. Mev. Rae Steyn was haar skoolhoof. Sy was streng en rigtingvas! Sy het die geplooië springjurk verander na die oorklap- springjurk, wat saam met die “wollies” ook sportdrag was. Sy besing die lof van haar onderwyseresse, o.a. mejj. Schoon, Van der Spuy, Van Niekerk, Spratt, Seabrook, Postma en Kirkpatrick.

Oupa Jan en ouma Regina se dogters, Ema (1946-1957) en Deleen (1949-1960), trap diep spore by Oranje.



Drie geslagte, twee hoofmeisies: Deleen Wearne (Joubert) hoofmeisie 1960; Uvain Strydom, hoofmeisie 1981, Ema Strydom (Joubert), mev. Regina Joubert (née Anderson).

Ema onthou juffrou Postma se klas – onkonvensioneel – maar sy kon lees, skryf, bid en versies opsê. Juffrou Maria Bosman se “Dêmit”, kon ’n klas stil kry!

Mej C.M. Jooste was die hoof. Sy was ’n liewe mens wat nooit ’n woord gerep het as die kinders haar moerbeiboom beset nie! Haar godsdiensoefeninge in die Groenewaldsaal bly Ema by. Vir haar was die Bybel ’n rigsnoer, maar ook ’n letterkundige werk, ’n mooi boek.

Ema onthou sommige personeel net aan hulle byname: Paw-Paw, Knol, Beer en A.V.B.O.B. Vir haar is Oranje ’n skool met ’n ou tradisie, meisies met pampoenrokke, bloureen en... groot, groot wense!

Die skool onthou Ema vir haar bydrae as VS-netbalspeler en VS-hokkiespeler. Nog later sou sy die voorsitter van Oranje Reünie word.



Mnr. Jan en mev. Regina Joubert (née Anderson) met hulle twee dogters: Ema en Deleen.

Deleen (nou Wearne) word ook deur juffrou Postma onderrig. Sy is die dinamiese hoofmeisie van 1960.

Dan is Uvain deel van die derde geslag:



Uvain Strydom 1970-1981



Corli Strydom 1976-1987



René Wearne 1980-1984



Karen Wearne 1982-1986 sportkaptein

Uvain skryf: “Ek is ’n ’skepsel’ wat onder mej. M.L. Spies my beslag gekry het. Dit was ’n voorreg! Sy sal onthou word vir haar regop houding, haar liefde vir diere, vir haar nuwe idees. Sonder haar en haar ‘Maat’ sal dit ’n nuwe Oranje wees. Bo alles is dit haar sterk persoonlikheid wat ons sal onthou. Haar inspirerende woorde en verhale en haar diep siening van die lewe.

“Die matrieks van 1981 – en al die ander klasse voor ons – kan uit ons hart sê: ‘Hier gaan ’n groot vrou verby!’” (Onthou)

Deneel Lindeque Die Joubertgesin word op Oranje verteenwoordig tot in die vierde geslag toe Deneel Lindeque van 2002-2003 in die Laerskool is.



Oranje word 75! Die gedenkboek word geskryf deur mejj. M.L. Spies en A.E. Rossouw: Ons onthou 74 jaar. Op 1 November 1981 word die eerste eksemplaar aan mev. Louisa Botha (administrateursvrou) oorhandig.

Voor: Mev. Louisa Botha, mejj. Gladys Steyn (eerste matriekleerling en oudskoolhoof), M.L. Spies. Agter: Mejj. A.E. Rossouw (Oudskoolhoof), H. van Ryneveld (Skoolhoof van Oranje Primêr), Willemien Steyn (agterkleindogter van pres. Steyn)



1981 Die Skoolkommissie en Kuratorium wat leiding neem by die skool:



Toe mej. Spies aftreeouderdom bereik, versoek die Beheerraad die Onderwysdepartement om haar vir nog een jaar aan te stel. Sy aanvaar die uitdaging!

Voor: Mej. H.A. van Ryneveld (Hoof, Laerskool), dr. F. Burger (Ondervoorsitter), ds. D.S. Snyman (Voorsitter), mej. M.L. Spies (Hoof, Hoërskool). Agter: Ds. B. Gilmour, mev. J.C. Pelser (Sekretaresse van die Kuratorium), mev. R. Edeling, mev. S.L. Malan, mnr. W.J. Herbst.



Die personeelkonsert lui die vieringe in.
Voor: Mej. M.L. Spies, mev. A. van Aswegen, A. Edwards, mnr. J. van Aswegen.
Agter: Mej. H. Brink, mev. H.D. Botha, mej. M. Bosman.



Die trompoppies van die laerskool word deur die hoërskool se kadetorkes in die straatoptog begelei.

Oranje vier 75 met oorgawe!



Die sierwa met ons eende en die monogram word deur die laerskool gebou.

Die matrieks se sierwa spog met Elizabeth le Rouxhuis. Dié sierwa is op die oudleerling Laura Rautenbach se plaas gebou en sy het self die sweiswerk gedoen. Mej. L. van Huyssteen moes van winkel tot winkel loop om die pers sneesdoekies vir die bloureën te versamel!



Na die groot feesvieringe kom die groot hartseer ... Oranje neem afskeid van mej. M.L. Spies:

“Ai! My hart is so baie seer oor mej. Spies se aftrede. Sy is só hoflik en bedagsaam teenoor ons kleintjies in die laerskool. Sy het ons altyd met raad en daad bygestaan.” – mej. H. van Ryneveld, skoolhoof van die laerskool.

“Mej. Spies het die kinders geleer waar hulle wortels lê, godsdien was belangrik. Sy het dit so mooi reggekry met die ‘Meetsnoere’, want uit dankbaarheid moes Oranje dit opsê! Sy het elke kind in eie reg erken. – mej. J. Abrahams, onderwyseres van die laerskool.

“As jy juf Spies hoor praat, as jy haar sien beweeg, as jy haar passie sien vir Duits, vir Spraak en Drama, vir die onderwys in sy geheel, vir die ontwikkeling van die kind, dan is sy net vir my ‘n persoon wat gelykstaan aan Oranje. Sy is vir my Oranje!” – mev. R.R. Brink, onderwyseres van die hoërskool.

“Met mej. Spies se eerlikheid, hardwerkendheid, pligsbesef en diepe geloof kan sy inderdaad voor konings staan. Sy kon leiding en koers aan letterlik duisende leerlinge en ‘n groot aantal personeellede gee. Dit was haar beskore om met die talente wat sy van haar Skepper ontvang het te woeker en sukses te behaal.

“Dié inspirerende, gedissiplineerde, hardwerkende en immer netjiese en fyn mens, sal in die harte van dié wat haar geken het en dié wat haar pad gekruis het, onthou word solank as Oranje bestaan, want daar kan tereg gesê word: mej. Spies is Oranje, Oranje is mej. Spies!” – mev. E.J. de Beer (1982:4)

“Mej Spies het die vermoë gehad om die beste in elke kind raak te sien en om haar toe te laat om dit te bereik. Sy het daardie onuitwisbare indruk op ‘n kind gelaat wat volwassenes later jare nog onthou, laat regop loop en na die sterre laat reik.” – mev. Christa Strydom, leerling.

“Deur haar het ons onself leer ken en aanvaar, die uniekheid en menswaardigheid van elke individu. By haar het ons geleer om verantwoordelik te wees vir ons eie besluite. Sy het ons geleer: mik na die sterre, julle mag die boomtoppe tref!” – Elsa Lamb, leerling.

“Die mense wat haar die beste ken en met die meeste agting en liefde sal onthou, is hulle wat met probleme by haar uitgekom het. Vir probleme is daar oplossings en dit was vir my altyd verbasend hoe sy die regte uitweg gesien het en kon volg – en vir ‘n verwarde, hartseer tiener kon leer sê en glo: Die meetsnoere het vir my in lieflike plekke geval...” A.E. Rossouw.



Na 41 jaar by Oranje kan ek ook sê:

Ek het jou lief, Oranje, nie vir wat jy is nie, Maar vir wat ek is, as ek by jou is. Ek het jou lief, vir die mooi deel van my karakter wat jy laat uitkom, die mooi herinneringe wat jy my gegee het, die verhewe oomblikke wat ek sal onthou.

Ek het jou lief, omdat ek my storm- en drangjare hier kon deurbring, dat ek hier kon leer wat my later, selfs onbewustelik vreemde situasies sal laat hanteer.

Ek het jou lief, want jy het die boustene in my lewe help kap, sodat ek daarmee nie ‘n hut nie, maar ‘n tempel kon bou, sodat elke latere dag vir my nie verwyt nie, maar ‘n lied sal word.

Hier het ek vriendskap gekry.

Na die sterre leer mik.

Ja, hier het die meetsnoere ook vir my in lieflike plekke geval.”

(soos deur Roy Croft)

M.L. Spies

M.L. Spies

1983



Mej. Emmie Steyn is 'n uitstekende Engels-onderwyseres. Sy behaal die B.A. (Hons) in Latyn en HOD aan die Universiteit van Potchefstroom.

Sy begin haar onderwysloopbaan by Welkom Gimnasium. Sy word in 1980 as departementshoof in Engels by Oranje aangestel en in 1983 word sy Oranje se skoolhoof. Oor die skoolhoofpos sê sy kort nadat die nuus bekend geword

het: "The news is overwhelming! I managed to get only three hours' sleep after I heard." (The Friend 30:04:82)

Mej. Steyn is, volgens haar kollegas, uitstekend met administratiewe take.

Nog in 1983 bedank mej. Steyn uit die pos as skoolhoof en aanvaar 'n pos aan die Afrikaans Hoërskool op Sasolburg. Sy het haar bedanking ingedien omdat sy weens gesondheidsredes daartoe genoodsaak is. Die voorsitter van die ouervereniging, mnr. Willie Fourie, sê Oranje verloor 'n hoogs bekwame leerkr. Ouers en leerlinge het die nuus van haar bedanking met skok verneem.

Mej. E. Steyn

1983

*Uitmuntendheid word bereik
deur deeglike werk*



Sendingkring

Voor: S. Smit, mev. P.W. Mentz, A. Retief.
Agter: H. Schmidt, A. Oosthuizen, L. de Klerk.

“**D**ie Bybel kry persoonlike neerslag met die dood van ’n broer, die droogte wat nie wil breek nie, Ma se groot operasie en die bangheid wat ’n mens se kindwees teister.

“Ek het begin soek na iemand wat nie soos ek gebewe het vir die donker of vir die musiek-eksamen nie. My soeke is beloon... want ek het Hom in die blaie van die Nuwe Testament gevind.

Die Afrikaanse Bybel is 50 jaar oud! Die Sendingkring vier dié geleentheid deur aan Oranje se werkers elk ’n Bybel in hulle moedertaal uit te deel.

“Die boek met die swart omhulsel bly wonderlik...die inhoud word oorgeskryf op die kliptafels van my hart. So bly die Woord ’n anker, ’n leefwyse en ’n inspirasie.”
(Heleen Botha St. 8 1983:1)

Mev. L. Snyman is nie net die krag in die Latynklas nie. Nee, sy is die tennis-juffrou wat aanvanklik saam met haar man, ds. D.S. Snyman – beheerraadsvoorsitter – die tennis afrig. Sy behaal baie mooi hoogtepunte. Oranje slaag daarin om vir meer as dertig jaar steeds die stadsliga in Bloemfontein te verower.



Voor: I. Coetzer, mev. L. Snyman, K. Lubbe.
Agter: M. Louw, R. Fourie



Interhoër-atletiekspan
Voor: L. Muller, D. Duvenhagen, L. Joubert, S. Fourie (Kaptein), N. Kotzé, D. Nortjé, M. Grimbeek.
Middel: E. Markham, E. Fichardt, H. Louw, M. Coetzer, mev. M.J. Rowe, J. Kritzinger, M. Bloem, S. Buchner, K. Nell.
Agter: S. Coetsee, A. Marais, J. le Roux, E. Niemand, A. Arndt, C. Burnette.

Mev. Rowe is self die afrigter wat die dogters soggens voor skool drie kilometer laat hardloop. Haar liefde vir sport word bewys as sy later die netbalafrigter word. In die klaskamer (as departementshoof) onderrig sy Aardrykskunde en Geskiedenis. Daar doen sy dit ook met onderskeiding en menige dogter sal onthou hoe hard sy juis vir dié twee vakke geleer het.



OVS Lewensredding
Voor: K. Schuld, L. van Vuuren, mev. Z. Neuhoff, S. Visser, H. du Plessis.
Agter: C. Barnard, T. Stassen, C. Strydom.

Mev. Z. Neuhoff neem by juffrou Abie oor wat as inspektrise in Liggaamlike Opvoeding by die Departement van Onderwys aangestel is. Mev. Neuhoff is verantwoordelik vir swem, duik, lewensredding, tweekamp en hokkie. Elkeen van die sportsoorte presteer op Vrystaatvlak.



EERSTE NETBALSPAN
Voor: L. Kühn, B. Prinsloo (Kaptein), A. Botha.
Agter: M. Bloem, L. van Vuuren, mev. F. Henning, A. Oosthuizen, A. Wessels.

Mev. Henning slaag daarin om die netbal op ’n hoë vlak te bedryf. In 1983 is daar nie minder nie as 5 spelers in die SVS-spanne: B. Prinsloo, A. Oosthuizen, A. Wessels, L. Kühn en L. van Vuuren!

Mev. Henning (departementshoof) is verantwoordelik vir Tik en later vir Rekeningkunde. Sy word onthou vir goeie matriekuitslae.




Nêrens deur Olwyn Wymark, vertaal deur mev. R.R. Brink, word opgevoer vir die ATKV en vir Oranje se Dramafees. Hier word die produksie as naasbeste stuk aangewys. Jo-andra Bezuidenhout is die beste aktrise. Tydens die deelname aan die provinsiale uitdunne van die ATKV word die produksie as die beste aangewys. Jo-andra Bezuidenhout is die beste aktrise en Oranje word uitgenooi om aan die Nasionale ATKV-toneelfees deel te neem. Daar verwerf Nelia Nieman en Jo-andra Bezuidenhout elk 'n goue medalje vir hul uitstekende spel. Mej. M. van der Walt het die regie waargeneem.

Afrikaanse Dramafees

Voor: S. van Wyk, J. Bezuidenhout, mej. M.M. van der Walt, E. Smith, H. Lamprecht.

Agter: N. Nieman, C. Rohrbeck, E. Kersop, A. Aucamp, M. Gouse



In 1983 word Elsa Fourie raakgesien deur die modelagentskap G3 van Johannesburg. Sy wou nie verder gaan studeer nie omdat sy nie geweet het waarin sy belangstel nie. As verkoopsdame by 'n klerewinkel in die stad word sy opgeraap en haar lewe neem 'n totaal nuwe wending!

In Johannesburg word sy nie net 'n fotografiese model nie, maar sonder enige opleiding word sy raakgesien vir rolprente en TV-reekse soos Tawwe Tienies, Westgate, Hoffman en Reap the Whirlwind. 'n Hoogtepunt is toe sy 'n Vita-toekening vir haar toneelspel ontvang in die TV-stuk The Schoolmaster. Die

fotografiese modelwerk neem haar na Kanada, Engeland en Spanje. Dit, terwyl sy eintlik 'n groot vrees vir vlieg het. "Dit gaan my verstand te bowe hoe so 'n kolos in die lug kan bly." (Volksblad 1994:8 Maart – foto's: met vergunning: Die Volksblad)





1984-1992



*Jou ja is jou
ja en jou nee
is jou nee!*

Me. J. M. Pellissier

1984-1992

Mej. Pellissier matriculeer aan die Afrikaans Hoër Meisieskool in Pretoria. Sy studeer aan die Universiteite van Potchefstroom en Pretoria en behaal die grade B.A. (Aardrykskunde en Kunsgeskiedenis) en B.A. Honneurs in Kunsgeskiedenis. Sy verwerf die Onderwysdiploma en 'n diploma in Museumkunde. Sy gaan hou skool by haar alma mater. Vandaar aanvaar sy op 33-jarige ouderdom die skoolhoofpos by Oranje. Ds. D.S. Snyman, die voorsitter van die beheerraad, sê van haar: "Dis 'n dame met blou bloed!"

Me. J. M. Pellissier

Mej. Pellissier glo 'n kind mag aandring op haar aandag; tog moet hulle respek hê vir haar gesag en kinders moenie vir haar bang wees nie – kortom "die kinders moet weet ek is aan hulle kant". (PUK-Skakels, 3:85)

Sy is 'n liefhebber van kuns en museums. Aardrykskunde is haar vak en hiermee oortuig sy leerlinge om deel te word van die omgewing waarbinne hulle lewe. Juis in hierdie omgewing moet elkeen 'n verskil maak.

'n Groot herrie bars in 1984 los toe die beheerliggaam 'n nuwe koordlose baadjie vir Oranje goedkeur.



Rika Prinsloo en Nikki Boshoff dra die ou en die "nuwe" baadjie.

Mev. Ema Strydom, voorsitter van Oranje Reünie, skryf aan die beheerraad: "Dit was met verbystering en skok dat die oudleerlinge verneem het dat Oranje se kleurbaadjie sonder slag of stoot of enige aankondiging verander is. Dit kan nie geskied sonder die medewete van mense wat self die voorreg gehad het om hierdie baadjie as leerling te dra nie. Die besluit is egter deur buitestaanders geneem wat nooit die hartklop van hierdie skool geken het nie.


"Om 'n skool se baadjie te verander, verander die karakter van die skool. Wat van die baadjies wat vir drie geslagte in my familie bewaar word?

"Hiermee is ons tradisie en ons erfenis versaak. Deur hierdie besluit toe te laat het u van hierdie roemryke skool 'n gewone skool met 'n 'navy blazer' wat per toeval 'n 'badge' op die sak het, gemaak!" (Argief 1984)

Mej. Pellissier verdedig die besluit in die Volksblad van 27 Junie 1984 so: "Die fabriek kan nie meer die koord vervaardig nie omdat die masjiene waarmee dit gedoen word, vervang moet word. Die vervaardigers is nie bereid om nuwe masjiene aan te koop nie.

"Die moontlikheid bestaan nou dat die koord van Taiwan bestel kan word, maar die kleinste hoeveelheid wat op 'n keer bestel kan word, is 2 000 meter, wat nie minder nie as R1 200 sal kos."

Dié verhaal het 'n gelukkige einde, aangesien die koord plaaslik vervaardig kon word met die tussenkoms van mev. Carita Fichardt.



Met die baadjie en koord gered, word verdere aandag aan die leerlinge en hul kreatiwiteit gegee...



Anne-Lotte Venter

Anne-Lotte Venter is 'n matriekleerling (1984) met 'n besondere taalaanleg. Sy skryf tweeweekliks in die Volksblad 'n tienerrubriek onder die opskrif *Tienerstandpunt*. In een so 'n rubriek skryf sy: "Bloemfontein is droog. Sommer baie droog. En 'n stadsdroogte is iets anders as 'n plaasdroogte.

"So voel óns. Ons is die jongmense van Bloemfontein. Al wat ons in Bloemfontein kan doen, is fliek en uiteet. Putt-putt speel raak nou erg vervelig en Kovsieland se Saterdagdans lê te ver om te loop en te naby om te ry.

"Wat nou gedaan? Ag, geen probleem nie, sê die jeug. Ons sal gaan fliek in die oggend, 'movies' gaan kyk in die middag en inry toe gaan in die aand...! Maar hier staan ons ook nie voor in die tou nie. Die hele land is al goed onderrig voordat 'Educating Rita' by ons begin wys.

"En saam met ons kerkvaders hou ons 'n biddag vir reën. Maar met verlangende oë kyk ons óók op – na die een gebou waar

die hoë manne sit. Dié wat orgidee- en operahuse beplan. Ons wens ook vir 'n wit wolkie...die belofte van 'n ysskaatsbaan. Maar sulke wonderwerke, dat ysskaatsbane uit die lug val, kry 'n mens nie sommer nie.

"Vir Johannesburgers is 'n kegelbaan 'n lekker speelplek. So hoor ons. Nou ja, tot tyd en wyl dié droogte in ou Bloemfontein verbreek is, gaap ons maar soos visse op 'n droë fontein." (Volksblad 28 Februarie 1984) As jy die skool verlaat, gaap jy nie soos 'n vis nie, nee, jy verower die wêreld!"

Anne-Lotte se skrywersewesknie in die Laerskool is Narita van Rensburg. Narita is 'n st. 5-leerling wat met haar opstel: *Skoolleuses* die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond se nasionale opstelkompetisie wen.



1985 Narita van Rensburg



Sonia de Waal

Sonia de Waal (1984), die dogter van Brandfort wat na skool in Kaapstad modelwerk gedoen het, verower die loopplanke van Londen, Parys en Milaan. Sy word Sonja Cobano, die gesogte model wat haar werkplek kan kies. Later, terug in Suid-Afrika, is sy 'n topsjef wat voor die televisiekameras kook en fynproewers inspireer. Op die Oranjefront kom kook sy vir die skoolhoof se verjaardag en nog later kom kook sy vir 'n fondsinsameling om Joostehuis se hoofmeisies se name in die voorportaal aan te bring.



Estienne Wright

Estienne Wright (1985), die skugter dogter uit Welkom, is 'n uitstekende kunsstudent. Sy word 'n mode-ontwerper in Welkom en word aangewys as een van die tien bes geklede vroue in Suid-Afrika. Van haar ontwerpe is in Amerika en Turkye bemark. Sy laat gelukkig die snit van die pampoenrok met rus!

Tennis loop soos 'n goue draad deur Oranje se geskiedenis. Is dit nie pres. M.T. Steyn wat reeds vir die eerste 35 dogters 'n tennisbaan gebou het nie? Ds. Snyman, 'n vroeëre voorsitter van die beheerraad, en sy vrou, Louise, bevorder die spel in die tagtigerjare..



Zelda Kühn (1987), die flink tennisspeler, is eerste op die SA-tennisranglys in haar ouderdomsgroep. Sy wen die Wandererstoernooi in Johannesburg. Sy is ook 'n atleet en op 13-jarige ouderdom wen sy die SA-titel in die 1 200 m, 'n langasemprestasie wat sy in die hoërskool voortsit. Sy wen in 1986 die 2 000 m vir meisies 0/19 in 'n tyd van 6 min. 09.38 sek. In 1987 neem sy saam met Amanda Coetzer aan die junior tennistoernooi van die Franse Ope deel.



Zelda en die drie Coetzer-tennissusters van Hoopstad vorm 'n formidabele Oranje-tennisspan. Isabel (1985), Amanda (1986-1988) en Martelle (1986) Coetzer.

Al drie is in 1984 ingesluit in die SVS-tennisspan wat aan die Suid-Afrikaanse tennisweek vir skole in Germiston deelneem. Hulle wen die kompetisie sonder om 'n stel prys te gee! Na haar opleiding kom rig Isabel tennis by Oranje af. In die negentigerjare sou die vierde sussie, Nicola, ook 'n uitblinker in tennis wees.

Amanda Coetzer word as vyftienjarige opgeneem in die Junior Springbok-tennisspan. In 1987 is sy regstreeks tot die junior afdeling van die Franse Ope en die Wimbledonse junior tennistoernooi toegelaat. In dieselfde jaar neem sy ook aan die Amerikaanse Junior Ope tennistoernooi in New York deel.



Met dié formidabele span is dit seker nie moeilik om die weners van die Vrystaatse hoërskoletenniskampioenskap te wees nie! Oranje is ook vir die 14e agtereenvolgende jaar die weners van die stadsliga.



1987 Wenspan in OVS Tennis
Zelda Kühn, Amanda Coetzer, mev. Louise Snyman (Spanbestuurder), Carlien Fichardt en Laurine Albertyn.

Hierdie blink tennisprestasies is sekerlik nie moontlik sonder die fondament wat by die Laerskool gelê word nie.



Eerste Tennisspan
Voor: Marcia-Lynn van der Linde, Louise Volsteedt
Agter: Johlene du Plessis, Annelie de Wet, mej. M. du Plessis, Jomarie Cronjé, Adri van der Wath

Adri en Marcia-Lynn verwerf Vrystaatkleure. Adri word vir die Suid-Afrikaanse Laerskoolspan gekies.



0/9 A- Tennissetspan
Voor: Nicola Cronjé, Valeri Pienaar
Agter: Elize Röhrich, Mareli van Woerden, Amanda Posthumus, Nadia van Wyk.



Tydens die skool se verjaardag in 1984 word dié geskiedkundige foto van Oranje se skoolhoofde geneem: Mejj. I.M. Pellissier (1984-1992); C.M. Jooste (1941-1961); M.L. Spies (1962-1982) – hoërskool. Mejj. A.E. Rossouw (1956-1970); H.A. van Ryneveld (1980-1992) – laerskool.

Mej. H.A. van Ryneveld, skoolhoof by Oranje Primêr, het ’n fyn aanvoeling vir tuinmaak. Toe sy op ’n dag ’n piepklein, deursigtige pakkie deur die pos ontvang, is daar jou waarlik ’n handjievol mosterdsaadjes in. Terwyl sy na dié kraalogies staar, kry sy ’n blink plan: Dié kraaloogsaadjies kan mos gebruik word om ’n Bybeltuin vir Oranje aan te lê.

Dadelik is kenners genader om die regte Bybelse bome te kies wat in die Vrystaat sal aard. Naamplaatjies is gemaak met die Bybelverse en die gepaste Skrifgedeeltes.

Toe breek die groot dag aan: Ds. D. Snyman open met Skriflesing en gebed. Die rotsinskripsie is onthul: ’n Boom word aan sy vrugte geken – in Afrikaans en Grieks!

Daar moes egte Bybelse eetgoed voorgesit word wat deur die laerskoolpersoneel self gemaak is. Die koor het luister verleen aan die oggend. Die st. 5-dogters moes Bybelverse soek en dan aan die hand daarvan ’n blommerangskikking maak.

Mev. A. Swanepoel en die leerlingraad plant die Bybelse bome. “’n Boom is ’n toonbeeld van lewe en lewe is groei. Die mens lewe en groei sonder ophou, hetsy fisies of geestelik. Mag iets so eenvoudigs en tog so wonderlik soos ’n boom ons herinner aan die ware rigting van groei. Mag ouers en onderwysers voortdurend herinner word aan hul goddelike roeping – naamlik die ontsluiting van die kind se potensiaal tot Gods eer. Mag ons kinders herinner word aan die rigting waarheen hulle op pad is.” (Jaarblad 1985:80)



Mej. J. Abrahams en Anroli Bosman plant ’n palmboom

Dis nie net die Bybel wat die ereplek by Oranje kry nie. Deur die jare het ons dogters bewys dat hulle oop harte het en omgee vir minderbevoorregtes.

Hierdie Voortrekkerspan (1985) kry dit reg om twee jaar agtereenvolgens die Kompetisie­kamp te Doornkloof te wen:



Voor: Claudia van Niekerk, Suzanne Fullaway, Heidi Schönfeldt. Middel: Nita Grové, mev. Nicolette Fourie (Offisier), Retha van der Walt. Agter: Annelize Voigt, Esmarie Bantjes, Roma Beukes, Nerina Swart.



Voor: Liana van Heerde, Susan van Rensburg. Agter: Sanré Roets, Silma Bester (Leidster), Charmaine de Fortier, Leana Groenewald.

Mej. Spies se droom vir Oranje se drama word verder waar gemaak deur opgeleide personeel met ‘n passie vir die vak. ‘n Drama-juffrou vrees nie lang en ongemaklike ure nie.



Voor: Rica Prinsloo, Carin Barnard, Brenda Froneman, Sarina Coetsee. Middel: Mev. Z van Wyk (Regisseur), Margolette Rheeder, Chaneen Botha, Judy van Zyl. Agter: Liana van Heerde, Retha Doubell, Ester de Lange, Ansa van Rooyen, Lizette Steenkamp, Gillian Holmes.

Dis in ons bloed...Oranje gee om! Die dogters het in 1985 gedurende die Aprilvakansie twaalf dae lank van Bloemfontein na Port Elizabeth gedraf om geld in te samel vir die Raad vir Kinder- en Gesinsorg.

Kuns...altyd kuns...vol verf of laat in die volgende klas...altyd kuns!



Elmarie Stander (1987) (ontwerp ‘n Kersseël en wen die landwe kompetisie.



Mej. H. Herholdt – Kunsonderwyseres, Thalita de Jager (1985) is ‘n beurswenner in die nasionale Santam Kinderkunskompetisie.

1986 Ansa van Rooyen: Nasionale Appelkuns-Wedstryd

1986 Sonnette du Plessis: Santam-Kinderkuns

1986 Anneliese Voigt illustreer kinderboeke en sy is die wenner van die Santam-Kinderkunswedstryd



Onder die leiding van mej. H. Herholdt floreer Oranje se kunsleerlinge:

Santam-Kinderkunskompetisie: Oranje lewer 16 gekeurde inskrywings – die meeste in die Vrystaat. Oranje wen die afdeling 15 jaar en ouer (1986 en 1987). Sonnette du Plessis word in 1986 as R1 000-beurswenner aangewys en dieselfde eer val Anneliese Voigt in 1987 te beurt. Mej. Herholdt ontvang in 1986 en 1987 R500 as die kunsonderwyseres met landwyd die meeste gekeurde werke.

Nasionale Appelwedstryd: Tien werke van Oranje word nasionaal gekeur. Oranje wen die afdeling: st. 8 – 10 met ‘n prys van R1 000. Oranje ontvang in die afdeling st. 5-7 ‘n merieteprys. Ansa van Rooyen is een van die tien toppresteerders en die Sagtevrugteraad vlieg haar na die kunsuitstalling in die Kaap. Hier is slegs drie kunswerke uit die VS: al drie uit Oranje – Ansa, Eurica Proos en Anneliese Voigt.



Suid-Afrika sonder 1985 af vir die jeug. Landwyd word projekte aangebied onder die temas betrokkenheid, vrede en ontwikkeling. Mej. Pellissier inspireer elke klasseksie om aan so 'n projek deel te neem.

Oranje neem deel aan 'n opruimingsprojek op Naval Hill. Die st. 7 C's het van Vrydag 15:00 tot Saterdag 11:00 mat gespring. Die fondse word aan die Martie du Plessiskool vir gestremdes oorhandig. St. 10B het die Mooihawe-ouetehuis besoek om die bejaardes te bederf en te vermaak. Elke klas het 'n bydrae gelewer om die jeug bewus te maak van die sorg van die grootmensewêreld.





ORANJE



Mev. Marietjie de Wet Die taaljuffrou van 14 jaar het die skoolkoerant, Vooruit, in kindertaal laat praat. Die redenaarjuffrou wat die jonge dames leer om hulle woord te doen en hulle menings te lug. Die Departementshoof wat nie huiwer om leiding te neem en die koers te bepaal nie.

Dié Afikaans-juffrou wat kinders lief maak vir die taal, wat leerlinge inspireer om groot, nuut en kreatief te dink. Sy ken die fyn nuanses van die woord en kan die dogters in die geheime van die skryfkuns inlei.

Sy ken die siel van die onseker student wat die onderwys betree en gee leiding. Haar oudleerlinge onthou haar vir die wonder van Afrikaans wat sy vir hulle oopgebreek het. Vir hulle het sy die taal laat jubel! Elke dogter onthou haar as die perfekte dame in houding en voorkoms!



Heléne Lombard (1986) het maar altyd in drama belanggestel. Sy het aan Tukkies drama gestudeer. Aan die einde van haar studie speel sy in die TV-reeks Mooirivier. Na 'n oudisie aan die einde van haar derde jaar aan Tukkies, is sy die enigste nie-Amerikaner wat gekeur word vir die "American Academy of Dramatic Arts" in Kalifornië.

Dit het so goed gegaan dat sy aan die einde van die eerste jaar daar genooi is om ook die tweede jaar te voltooi. Hierna verwerf sy die Jehlengerprys as beste aktrise van die American Academy; 'n eer wat haar die eerste Suid-Afrikaner maak wat die prys ontvang.

Sy skryf haar sukses toe aan harde werk en senuwees van staal! Alhoewel sy skouers skuur met die beste akteurs in Hollywood, ervaar sy dit as "a crazy mixture of all sorts". (Sunday Times 7 Julie 1991:13)



Die jaarblad van 1986 word aan mnr. P.C. Herselman opgedra – hy en sy gesin het Oranje 27 jaar lank gedien. Al drie die dogters het van Sub A tot matriek hier skoolgegaan. Martinette, die jongste, is hier op die terrein gebore. Hy het sy drie seuns met “smart” op Oranje se terrein grootgemaak, want hulle het elkeen ’n meisie gehad en dit was pa se werk om te sorg dat hulle nie by die meisies uitkom nie.

Met sy koms in 1959 was die hele terrein vol olienhoutbome en ouhout. Sy eerste opdrag was om die bossies agter Le Rouxhuis uit te roei. In daardie tyd het mej. Jooste se droom van ’n nuwe koshuis – Joostehuis – waar geword en daarom was dit die enigste plek op die terrein bokant die skool wat darem ontbos was. Die dogters was vir mnr. Herselman baie amusant. Hy vertel dat hy op ’n keer ’n De Villiers-dogter gesien het wat met haar voete klavier speel.

Hy onthou “as juf. Jooste regtig kwaad was en die kind regtig teen die wette gegaan het, het sy sommer haar skoen uitgepluk, en dan moes daardie kind nael vir haar lewe!



“Agter Le Rouxhuis was ’n leer wat die kinders wederregtelik gebruik het om te ontsnap. So het die huismoeder tweetjies sien ontsnap en toe vir mej. Spies en Rossouw ontbied. Hulle twee het die voordeur oopgesluit en hulle by die leer verskans. Toe die twee teen voordag terugkom, sê mej. Spies: ‘Julle hoef nie meer daar op te klim nie, die voordeur is oop.’

“Met die oprig van die boonste hokkieveld en die Gousstadion was ek hier. Miss Abrahams het besluit dat die grond van die FVB-sentrum (nou die Sanlam Plaza in die middestad) se uitgrawings iewers gegooi moet word. Daar is 24 uur, dag en nag, grond uit die FVB-terrein aangery om die skuinste op te vul. Een keer tydens ’n oorstroming het die grond so weggestroom dat dit £2 000 gekos het om die straat weer skoon te kry. Agste Straat was van sypaadjie tot sypaadjie een stroom modder. Dit was iets vreesliks!” (Jaarblad 1986:5,6)

Hy het die terrein help ontbos vir die Fanie Naudésaal, hy het die Groenewaldsaal sien val en die mediasentrum sien verrys. Hy het met liefde geplant en versorg; daarom sê hy: “As iemand ’n tak afbreek, dan voel dit vir my, dis vir my wat hulle seermaak. Ek het hier vasgegroei.”

Mej. Pellissier begin ’n mooi, nuwe tradisie in 1985 waarin ma’s en dogters feestelik saam tee drink op die skool se verjaardag. Hierdie tradisie gaan nog altyd voort met ma’s wat met oorspronklike idees die teetafels dek. Daar is altyd pitkos vir dié wat teenwoordig is. Die dogters trek hulle verjaardagklere vir die geleentheid aan, want ons gedenk pres. Steyn se visie vir ons skool!



Deur die jare het die verjaardag by ons oudleerlinge bly vassteek. Selfs oudpersoneel onthou dié spesiale dag. Mej. Hilda Postma leef nie vaagweg nie, maar helder in haar leerlinge se gedagtes en ook sy onthou Oranje se verjaardae!

Julie
7 April '86.
Shoolhoof,
Personeel en
Leerlinge,
Hartlik geluk met skool-
verjaardag. Vrydag 11^e.
Vescinde toekoms toe-
gewens deur Hilda Postma
90 jaar oud met mooi
herinneringe aan die
oud Oranje wat ons
vooruit gejaan het.
In die gees by julle.
Hartlik geluk! H. Postma



1986 Jackie du Toit is die wenner van die Rapportryers se debatkompetisie en die SA Sprak- en Dramagilde se nasionale redenaarskompetisie.

Carlé Sharp is die wenner in die Junior Afdeling van die Bloemfonteinse Skrywerskring se nasionale opstelkompetisie – 1986. In 1988 is sy die wenner van die Afrikaanse Taal- en Kultuurbond se redenaarskompetisie.



STEMME IN DIE NAG

Lebitso la ka ke Katrina – my naam is Katrina. Ek bly in Botchabelo en my pa was vandag werk toe.

Sestien Junie, ses-en-tagtig. Sowetodag – en my pa was vandag werk toe. Ek soek met my oë na waar die son grond toe loop. Hy probeer hard om sy strale deur die swart rook van ons vure te stoot.

Ek sien hoe dit nag word – en Ma snuit haar neus met haar vingers. Maak die konkra reg, Katrina, die nag is koud. Maar ek weet vannag gaan kouer wees, want die grys duive wil nie slaap nie. Dis Sowetodag – en my pa was vandag werk toe.

Die kole wat ek in die konkra pak, maak my hande vuil en ek huil van die donker kole en die koue bang van vannag. Ma bring die pap en ek gaan sit saam met die ander om die konkra in die sinkdakhuis. Ek kyk hoe my pa die pap met sy growwe hande in bolletjies begin rol om in die sous te doop. Ma se hande is banger en Oupa s'n ook, maar ouer. Die knop op my maag maak my naer. Ek wil nie eet nie.

As ek op die matras tussen Oupa en Johnie gaan lê, ruik ek die gras waar ek dit deur die gat in die sinkplate kan sien waai. Niks wil slaap nie. Nie die grys duive, òf die wind òf ek nie. Ek skrik toe die wolk rooi sand deur die gat waai. My oë traan vanself – en ek slaap.

Ek hoor hulle kom. Die hoenders kry en ek wil uitgaan, maar ek hou my oë styf toe. Ma het 'n plank onder die deurknop ingeskuif en ek hoor die man vloek. Hulle praat oor die byl in ons agterplaas. Hulle wil die deur oopbreek. Ek is bang, want ek weet my pa was vandag werk toe.

Die deur breek oop ek hoor die man se stem deur die nag skree: "Re tla ho o lata, lehlabaphio – ons kom jou haal, verraai!" Ek hoor harte klop – myne. Ek ruik bang sweet en wil my oë oopmaak. Ek kan nie. Ek hoor dit klop in my maag en in my kop: my pa was vandag werk toe, my pa was vandag werk toe...

Ek hoor hoe 'n stoel omval as hulle my pa optel. 'n Blikbeker val en ek ruik weer die sink en die gras. Ek hoor my pa asemhaal, hard en vinnig en vreeslik bang. Maar ek kan nie my oë oopmaak nie.

My ma soebat die swart mans en sy huil en huil. Oupa snork nie meer nie en Johnie huil aanmekeer. Ek hoor hoe hulle my pa uitsleep. Hy sê niks nie – haal net asem, hard, en vinnig en vreeslik bang. My oë is nog styf toe en hulle sleep hom en sleep hom en sleep hom tot ek niks meer hoor nie.

My oë is nog styf toe, maar ek weet die rubber brand en brand om my pa se nek. Die stemme in die nag word een helse kreet: E' Sekelele Africa!

Charlé Sharp St. 7

Die skryftradisie word voortgesit. In 1989 ontvang Carlé, toe hoofmeisie, 'n verdere toekenning vir haar skryfwerk. Die volgende dogters volg haar voorbeeld deur pryse van die Bloemfonteinse Skrywersvereniging te ontvang:



1989 Carlé Sharp, Saartjie Botha, Anneke Verster.



1991: Voor: Susan Samuel, Agter: Nicola Schoeman, Anske Smit.

Esther Slabbert ontvang die eerste prys in Bloemnuus se poësiekompetisie vir haar gedigte *Debuut* en *My Afrikaanse Onderwyseres*.

My afrikaanse onderwyseres
(vir juf Feyt)
ek bid
vir son deur jou
witraamvensterdae
as jy jou siel olie
met ons halwe
woorde

ek bid
vir stellenbosch in elke
5 uur
sodat jy kan oopvou
in die taal van
Gods-druppelgedigte

ek bid
vir nagte
waar Breyten vloek
deur 'n Bach-simfonie
en jy jou oë toemaak
teen die krag
van jou droë teue

want God weet ek
sê dankie
vir vryheid uit jou ryp
woorde
sodat ek elke keer
groter opstaan
uit jou hand

Esther skryf vir Juffrou Feyt en 20 jaar later bring Marizenne Bosman die gedig wat dieselfde juffrou aan elkeen van haar matrikulante gegee het. 'n Gedig wat Marizenne ná 20 jaar nog inspireer:

"Nou staan jy op die drumpel van jou môre. Ek dra al lank dié vers in my binnebaadjiesak, uit my hart, vir jou saam:

my meisiekind
my hart se punt
bly roer vir jou
my kwikstertkind
die son en wind
lag saam
jou langbeendae
én grootmensevrae
loop nou
hand aan hand
nou huiwer jy
op die drumpel
van jou dagbreek!"

Mej. Christelle Feyt

Oranje se woordryke tradisie word altyd gelyk gestel met die musiekprestasies. Sedert die stigting van die skool bly musiek belangrik en word prestasies uitgelig.



1986 Suzie Marais is die eerste dogter, asook skooler, ooit in Noel Stockton se Koperblaasorkes.



1986 Kornelia von Delft is die wenner van die Vrystaatse Clem de Boeck-trofee vir die beste stryker in die Vrystaat. In 1986 is Kornelia een van die beste presteerders in die VS-matriekeksamen met 7 onderskeidings.



1986 Zia Richter is die kategoriewenner, koperblaasseksie, in die ATKV se nasionale Prelude-kompetisie. Tans woon sy in Duitsland waar sy steeds deel is van 'n stadsorkes.



Elsan Louw, Zani Wessels en Trix Heymans se name word op UNISA se ererol geplaas vir hulle uitsonderlike praktiese musiekeksamen.

In 1987 het die hoërskool met woord en musiek ge-KOTILJONS!

*'n Jongmens
is meer as 'n klein
kompertjie wat
geprogrammeer
moet word.
Die eerste ding wat
hulle moet leer,
is om LIEF te hê.
Slegs deur die liefde
kan 'n mens
MENS WORD!

liefde vir die lewe
liefde vir musiek en sang
liefde vir die woord*



1987 is 'n groot kultuurjaar...



Die Vrystaat-trofee vir spraak en Drama: Afrikaans. Mej. I.M. Pellissier (Skoolhoof), dr. F.H. Odendaal (Hoofonderwysadviseur), Karin Barnard (Hoofmeisie).



Die Vrystaat-trofee vir koorsang: Henriëtte Cronjé (Koorkaptein), Louisa Botha (Administrateursvrou), mej. I.M. Pellissier. Mev. M. Geyer is die begaafde koorleier!

Twee toneelstukke van Oranje dring in 1987 deur na die semifinaal van die ATKV-toneelkompetisie in Stellenbosch!

1987 Provinsiale wenner: Wolf alleen.



Voor: Anroli Bosman, Esther Theron.
Eerste ry: Karina Landman, mej. Drienie Lombard, Marizenne Bosman.
Tweede ry: Sarette de Jager, Saartjie Botha.

Saartjie behaal 'n silwer sertifikaat en Marizenne 'n goue!

In 1989 word die Drama-sukses voortgesit. Die stuk, *Die Kind*, deur Olwen Wymark dring deur na die nasionale semifinaal van die ATKV-toneelfees.

In die streeksuitdun wen Tswai die wisseltrofee vir die beste aktrise en Carlé Sharp is die beste ondersteunende aktrise. Tydens die semifinaal verwerf Tswai en mev. R.R. Brink, die regisseuse, elk 'n merietesertifikaat.

1987 Die Hekse



Voor: Esther Slabbert, mev. S. Nel, Judy van Zyl, Agter: Anél van Biljon, Charlé Sharp, Amélda Boshoff, Marcelle Lyons, Helénè Smit, Susan-Marie Rhoodie.



1989 Tswai Pieterse en Susan-Marie Rhoodie

Gesien teen die politieke agtergrond van die tyd, neem die blanke leerlinge kennis van die swart landsburgers, hul gebruike en hul drome. Oranje bied saam met die Departement van Onderwys 'n Ontbytseminaar vir leerlingrade van Bloemfontein aan.

Dr. T.K. Mopeli, Hoofminister van Qwaqwa, is die gasspreker. Hy spel aan die leerlinge die politieke toestand uit: "Die Afrikaner bevind hom in 'n onbenydenswaardige posisie, want die hemel wat hy vir homself met wette probeer skep het, is besig om vir hom ineen te stort. Mense moet besef dat hulle aanpassings moet maak en nie meer so krampagtig moet vashou aan die norme waaraan hulle gewoon is nie." (Volksblad 27-08-1987)

Dr. Mopeli is ook by uitstek die motiveerder wat aan die leerlinge nuwe insigte vir die gelukkige saamwoon van alle rasse in Suid-Afrika voorhou.



Vraetyd: Dr. Mopeli beantwoord die vrae van die leerlinge.



Dr. T.K. Mopeli van Qwa-Qwa is aan die woord oor die "Belangrikheid van kultuurbewoud vir die mens".



Die leerlingraad en mev. R. R. Brink se 'spreekkoor' in Afrikaans, Engels en Sotho.



Die Direkteur van Onderwys, mnr. W.J. Odendaal



'n Welkome atmosfeer is geskep met die ruikers en die gehoor is beïndruk deur Oranje se orkes.

Estelle Bester deurbreek die horison van die deursnee-Afrikaner van dié tyd en gaan werk vir die Soweto-stadsraad.



Sy word die direkteur van behuising vir die Soweto-stadsraad. Die nood om behuising het ontaard in 'n roete van politieke protes wat uitgeloop het in geweld en opstand. Haar voorganger in dié pos se huis is afgebrand omdat sy die taak nie professioneel gehanteer het nie. Estelle slaan 'n nie-politieke rigting van dienslewering in. Met haar plaasagtergrond en kennis van Sotho pak sy dié taak moedig aan. Haar M.A.-graad in maatskaplike werk dra by tot haar sukses in dié beroep. Sy sien nie net om na die fisieke behoeftes van die inwoners nie, sy is ook in staat om die mense emosioneel te ondersteun – vandaar die aanvaarding vir haar motiewe om die omstandighede te verander. Oud-Oranjes sien hierdie lewenstaak raak. Daarom word sy deur haar alma mater vereer.



Voor: Saartjie Modisenyane
Eerste ry: Mej. C. M. Jooste (Skoolhoof 1941-1961), regter Leo van den Heever, mej. Estienne Wright, mej. Laura Rautenbach.
Tweede ry: Mej. M.L. Spies (Skoolhoof 1962-1982), mej. Estelle Bester.

Oranje Reünie bied tydens die skool se 80ste verjaardag eretoekennings aan die volgende oudleerlinge:

Leonora van den Heever:
Eerste vroueregter in Suid-Afrika 1969.
Laura Rautenbach:
Sy onderskei haar as beeldhouer.
Estienne Wright:
Sy onderskei haar as mode-ontwerper en is een van die 10 besgeklede vroue in SA.
Estelle Bester:
Direkteur: Behuising, Stadsraad van Soweto

Saartjie Modisenyane:
Saartjie is die Magogho (grootmoeder) van duisende Oranje-dogters wat "deur haar grootmaakhande is". Sy is op Oranje se terrein gebore en haar pa, Outa Hans, het self langer as 50 jaar hier gewerk. Saartjie was 'n koshuiswerker wat die dogters geken het en na hulle omgesien het – die dogters eer haar vir die omgee!

Die volgende dames ontvang hulle toekennings in absentia:

Hanlie van Niekerk:
Operasanger in die buiteland.

Dene Smuts:
Sy onderskei haar in joernalistiek

Ds. D.S. Snyman



Hy was 24 jaar lid, waarvan 14 jaar voorsitter, van Oranje se beheerraad. Toe hy in Bloemfontein aankom, het hy by Oranje tennis afgerig. Vir hom was dit die koningspel! "As Christen-Afrikaner het hy duidelik leiding gegee op kulturele, onderwys-, sport- en alle ander terreine waar hy beweeg het. Hy was die sendingsekretaris van die NG Kerk in die Vrystaat.

"Hy is 'n natuurlike leier, 'n lojale vriend, 'n eerlike mens, 'n harde werker, 'n student en baie lief vir jag.

"Oranje was bevoorreg om hierdie nederige – begaafde dienskneg van Jesus Christus as voorsitter van die Beheerraad te kon hê." (1987:22)

Mev. L.A. (Louise) Snyman



Sy lewer 18 jaar getroue diens aan Oranje. In dié tyd is sy sinoniem met Latyn en tennis. Sy kon Maandae so geesdriftig gesels oor Saterdag se rugby, seker omdat haar eie twee seuns - Jackie en Dawie - Springbokke was! Sy is lief vir haar vak en baie lief vir dié wat voor haar in die klas sit. Sy glo daarin dat 'n kind nie net akademies opgelei moet word nie. Nee, elke dogter se persoonlikheid moet ontwikkel word. Volgens haar het Oranje die geleentheid gebruik om elke kind se potensiaal te ontwikkel.

Zelda Kühn, 'n tenniskaptein, skryf oor haar: "Ons, die tenniskinders van Oranje, sê baie baie dankie...

vir die hand op die skouer.
vir die liefde en simpatie.
vir die werk en die opofferinge
vir die mooi wat ons altyd in u kan sien!"

En toe herleef 'n ou tradisie van Oranje...



Aan die beginjare van Oranje en tot in die laat vyftigs is daar met elke skoolverjaardag blommerangkikkingskompetisies gehou. Tydens 'n internasionale blommeskou in Bloemfontein verwerf die volgende leerlinge pryse: Adèle du Toit (eerste), Annelie Smit (vierde), Sarette de Jager (vyfde) en Tharina vor Wiellich (derde). Die tema van die rangskikkings was Kringe in 'n Bos van Dalene Matthee.



Nelia Steyn en Elmarie Prinsloo maak seker dat die fietse gereed is vir die lang pad Kaap toe. Die borsbeeld van pres. Steyn is aangekoop.



Die res van die fondse wat ingesamel is, is deur Bennita Kachelhoffer aan ds. Hannes van der Merwe van Ons Kinderhuis oorhandig.



Wat 'n vreugde is dit nie om 'n laer- en hoërskool in een te wees nie! Die hoërskool hou al die kleintjies dop voordat hulle hier aankom en so kan prestasies net verder gevoer word. Hierdie klompie dogters sit hul mooi laerskoolprestasies net so in die hoërskool voort om hier weer provinsiale en selfs SA-kleure te verwerf!

Dr. E.J. (Elsie) de Beer



Dr. De Beer is in 1967 as adjunkhoof by Oranje aangestel; 'n pos wat sy vir 21 jaar met gracie en sukses sou vul. In 1981 behaal sy haar doktorsgraad. Sy was die vakhoof vir Engels en later vir Skoolvoorligting. Haar groot liefde is Geskiedenis. Die ander passie in haar lewe is musiek en kore. Selfs nadat sy afgetree het, het sy haar as koorleier besig gehou.

Vir haar is skoolhou 'n vreugde, want sy het daagliks arbeidsgeluk en arbeidsvreugde ondervind. Sy het die onderwys wyd gedien in die dagbestuur van die Onderwysersvakbond, die Universiteitsraad en die Raad van die Bloemfonteinse Onderwyserskollege.

Mev. Marie van der Westhuizen



Sy begin in 1953 by Oranje met Duits as vak. In 1956-57 bied sy spraak- en dramaklasse aan. Vanaf 1966 is sy permanent aan Oranje verbonde. Sy bring haar eie vyf laerskoolkinders saam. Die eerste ses jaar is sy mej. M.L. Spies se sekretaresse. Die volgende ses jaar is sy verantwoordelik vir Geskiedenis. Sedert 1978 is sy verantwoordelik vir die Mediasentrum. 'n Taak wat sy met 'n akademiese ingesteldheid aanpak en volhou tot met haar aftrede in 1990. Vir 28 jaar dien mev. Van der Westhuizen elke weetgierige kind en lei sy kollegas in die waarde van boeke en verdere studie op.

Mej.C.M.Jooste het haar daarvoor beywer om by die dogters kunswaardering aan te kweek. So het sy elke jaar skilderye van bekende skilders vir die skool aangekoop. Die skilderye moes altyd vir die leerlinge beskikbaar wees; daarom is dit in die Groenewaldsaal opgehang. Dit was natuurlik deel van die kunswaardering gedurende die kultuurperiodes.

Juis daarom was dit so 'n groot skok toe nege van hierdie skilderye in 1988 uit die skoolsaal gesteel word. 'n Tandarts van die stad het 'n Ampenberger- en Boonzaierskildery teen R10 elk op straat gekoop. Tuis het hy in Die Volksblad van Oranje se verlies gelees. Hy het die straatverkopers gaan soek en die skatte is aan Oranje terugbesorg.

Enkele jare later het twee Pierneefskilderye weggeraak. Danksy Johannes Khakau, wat jarelank by Oranje werk, is hierdie twee skilderye ook opgespoor. Hierdie keer het die voornemende dief die skilderye in die kelder onder 'n klaskamer gaan wegsteek. Tydens 'n opruimingsessie is die skilderye teruggevind.



Boonzaier



Pierneef



Meintjies



Ampenberger

1989 Oudleeders trek saam in Stellenbosch



Voor: Mevv. Hettie Claassens, Naomi Strauss, Grietjie-Möhr Smith, Jeanne Jordaan, Magriet van Niekerk, mej. I.M. Pellissier. Agter: Mej. Mandi Smit, mevv. Margot Pretorius en Annatjie Eksteen.

Oudleerlinge het landwyd kennisgeneem van die gesteelde skilderye. Dit het hulle opnuut saamgesnoer, want ons erfenis is benadeel. Hier in Bloemfontein het die Oranje Reünie nog altyd kragte saamgespan om die skool te ondersteun en uit te bou. In Pretoria het die oudleerlinge om mej. C.M. Jooste bly vergader.

Vanaf die ouers en personeel is daar voortdurende versoeke dat Oranje se dogters amptelik op die terrein mag dans. Die versoek word nog altyd deur elke oudleerling gesteun, want tiekieaande en fliek saam met Grey is nou net eenvoudig nie 'n dans nie. Ouers vrees die huispartytjies by onbekende leerlinge. Die dans waarheen die dogters per bus aangery word – dis nou na Tweespruit en Grey – grens vir die ouers aan skynheiligheid – dogters mag elders dans, maar as dit op die skoolterrein plaasvind, is dit sonde!

Op 14 Februarie 1989 kondig mej. Pellissier die beheerraad se besluit aan:

- Daar sal vir drie kwartale 'n formele dinee vir st. 8-10-leerlinge gehou word waartydens daar gedans mag word.
- Die leerlinge en hulle ouers moet self die reëlins behartig. Dit word nie die taak van die personeel nie. Die personeel sal wel die toesighouers wees.
- Die musiek vir die dans sal deur die gekose leerlingkomitee gekies word en sal deur die personeel goedgekeur word.

15 April 1989...die eerste dinee! Nogal R15 per paar vir die driegangmaaltyd en dans! Vir die eerste keer is dit nie meer 'n tiekieaand of 'n fliek nie; nou mag die dogters amptelik dans! Die dogters, beheerraad en personeel mag nou saam dans!



Prof. en mev. P.C. Potgieter, moderator van die NG Kerk in die VS, mej. I.M. Pellissier, dr. en mev. F. Burger, voorsitter van die Beheerraad.

Mnr. en mev. Johan Strydom; mev Strydom dien in die Kuratorium



Die dinee word 'n instelling wat vir die leerlinge groot plesier verskaf.

Danksy die bemiddeling van mev. Louisa Botha, administrateursvrou en lid van die beheerraad, kom Le Roux- en Joostehuis op die Departement van Onderwys se prioriteitslys vir herbouing en vernuwing.

Die onooglike aanbouings by Le Rouxhuis word afgebreek en die oostelike fasade van die gebou word in sy eertydse glorie van 1907 herstel. Tydens die herstelfase aan die twee koshuise slaap die leerlinge in die Van Riebeecksaal en dié storte is yskoud. Die kombuise moet onder moeilike omstandighede bontstaan – alles word verduur ter wille van die verbeteringe aan die geboue.



Op Vrydag, 20 April 1990, word die twee gerestoureerde koshuise amptelik aan die twee skoolhoofde, mejj. H.A. van Ryneveld en I.M. Pellissier, oorhandig. Mnr. W.J. Odendaal, Uitvoerende Direkteur: Onderwys, is die gasspreker. Hy sê: “By albei koshuise was die steil helling oor die terrein ’n belangrike faktor in die benadering tot die ontwerp. Om uitgrawings in die vaste rotsformasies waaruit die terrein bestaan, te beperk, is die blokke in die westelike rigting, waar moontlik, verstep om by die grondhelling aan te pas.

“Wat met hierdie geboue gebeur het, geld ook vir ons eie lewens. Ook vir ons kan die fundamente van die verlede behoue bly. Laat ons ook leer uit die ondervinding van ons voorgangers, uit ons volk se geskiedenis. Dit sal ons die onbekende toekoms in hierdie land met moed en geloofsvertroue tegemoet laat gaan. Ons weet mos op Wie ons ons vertroue stel. Hy bly die sterkste fondament”. (1990:52)

Daar word afgebreek en nuutgemaak!



Trippe trappe op “Dié Trap” in Le Rouxhuis. ’n Taboe vir enige koshuisleerling! Met die ingebruikneming ná die restourasie besoek die gaste die mees gevreesde skooltrap. Net bevoorregtes mag dit eintlik gebruik. Hier is: mev. Marion Barnard (Leerkrag), dr. Annatjie Smith, dr. Zaza Pieterse (Hoofmeisie 1958) en die voormalige skoolhoof, mej. M.L. Spies.



Cantantes Deo

Mev. Marcha Geyer is ’n entoesiastiese en dinamiese koorleier wat nie huiwer om soms tot drie kore af te rig om te verseker dat sy die regte kwaliteit stemme in haar senior koor byeenbring nie. Mev. Margie Herbst (née Bredenkamp, hoofmeisie 1969) is die begeleier van die koor vanaf 1987-2009. Die koor, Cantantes Deo, onder die leiding van mev. Geyer, wen verskeie kompetisies soos die Vrystaattrofee. In die Applouskompetisie behaal hulle goud en hulle wen die Roodepoortse Internasionale Eisteddfod.



Sadie Geyer



Mev. M. Geyer, Mariëtte Meyer (Koorkaptein) en mev. Margie Herbst.

Mathilde Schutte, later mev. Mathilde du Toit, was 44 jaar en 7 maande aan Oranje verbonde. Sy was 11 jaar hier op skool en het toe hier musiek kom aanbied.



Mathilde word in 1955 ’n musiekonderwyseres by Oranje. Sy neem later die musiekafdeling oor as senior musiekonderwyser. Sy is deel van musiekkonserte en musiekaande.

Mev. Du Toit se toegewyde werk word bekroon deurdat haar naam geplaas is op die Universiteit van Suid-Afrika: Departement Musieksamens se Ererol 1987 en 1989.

Haar kollegas onthou haar as ’n besonder toegewyde en entoesiastiese musiekleerkrag wat haar pligte met bekwaamheid hanteer.



Mathilde en Elzan Louw, soos baie dogters die dinamiese klavierjuffrou sal onthou.



1989 Esther Theron is die wenner van die Clem de Boeckprys vir blaasinstrumente by die Musicon. Sy speel in die Nasionale Jeugorkes, die VS Jeugorkes, SUKOVs simfonie-orkes en in die Musicon Jazz ensemble. (Hoofmeisie 1990)



RACHEL STEYN ONS TUISTE

Vroeg uit die vere, elke liewe môre
O, gonna, ons het tog so baie sorgel!
O, Pietie wil nog laat slaap, die bed is warm!

Kan ons tog nie ’n bietjie talm?
Elke môre dieselfde, oor en oor.

Dit is al so deel van ons gewoon!
Middae kies elkeen sy eie koers,
en almal lyk maar oes!
Studie is so lank

En ook ete...veral die dank.
Ons baklei en ons stry,
Oor wie gaan bad en wie gaan ly!
Dis ons lewe, in Rachel Steyn
Elke dag so rond en “getrein”.

Freda van Wyk, Phia Rossouw
Carin Schlebusch St. 4

RACHEL STEYN-HUIS

Die koshuis is ’n lekker plek
Want daar baljaar jy jou so gek

Ons koshuismoeder is Ma Budd
Ons maak haar somtyds sat
Tannie Jordaan is altyd op haar pos

Sy sorg vir skoon wasgoed en lekker kos
Die voedsel kom van Joostehuis

En is altyd heel betyds
Saans om nege in die bed
droom ons van die dag se pret.

Lizanne Steenberg
St. 5



Ma Budd

Aan die einde van 1989 sluit die deure van die Rachel Steynkoshuis en die laerskoolleerlinge skuif oor na Le Rouxhuys. Vir oulaas hou die Rachel Steyners-konsert en hulle dig selfs oor die afskeid.



Mev. Hettie de Jager, mej. I.M. Pellissier en mev. Marina van Wyk

Mev. Hettie de Jager is die voorsitter van die Oranje Reünie. Sy wend 'n drastiese poging aan om die Reünie lewensvatbaar te maak, om die adreslys saam te stel en om die oudleerlinge saam te snoer. Sy skryf: *“n Mens het 'n keuse wie, wat en hoe jy wil wees.*


“In plaas van om bloot reaktief op al die omstandighede te reageer, kan die mens ook wag, dink...beplan... en dan leef vanuit 'n diepgewortelde, innerlike oortuiging... soos jy graag wil wees...wat vrede in jou hart bewerk, wat jou verstand te bowe kan gaan.

“Dringende sake verhoed ons dikwels om

by belangrike sake uit te kom. Wanneer die mens dringende sake hanteer, voel hy soms so doeltreffend, maar alle dringende sake is nie oordink, geweeg en altyd belangrik nie. Daarom moet ons strategies dink en beplan... sodat ons ons verantwoordelikhede nakom en terselfdertyd 'n vooruitskouing vir die toekoms van Oranje maak.

“Die boodskap van die huidige leerlinge is: Jy hoef nie slegs te droom oor die ééndag as jy groot is nie...jy het 'n keuse wat jy reeds nou kan uitoefen oor hoe wil jy hier en nou wees...en wie se eer soek jy.” (1989:105) Hettie streef daarna om die ou en nuwe van Oranje bymekaar te bring.

'n Groot kunstenaar van Oranje, Beatrix Bosch, skenk aan die skool 'n leermuurbehangsel van 7,00 x 4,8m. Sy koop die leer en skep dan kunswerke met tekstuur en warm kleure. Sy hou wêreldwyd kunsuitstallings en van haar kunswerke pryk in Europa en Amerika.



In die Volksblad se tekenwedstryd om die koerant as oggendblad bekend te stel wen Oranje twee kategorieë:

1987 Tenaj Cujic wen die afdeling vir st. 6-7-leerlinge. Sy gebruik 'n koerantverkopertjie as haar inspirasie.



Shelley Pietersen wen die afdeling vir senior leerlinge met haar kunstige humor en die haan wat die koms van die nuwe dag aankondig.



'n Oudleerling, mev. Hendrien Burger, word op 26 Mei 1992 103 jaar oud. Sy is een van die eerste leerlinge wat in 1907 by Oranje ingeskryf is. Sy kan onderhoudend gesels oor haar lewe en haar goeie humorsin trek mense steeds nader. Mej. Pellissier het haar namens die skool gelukgewens – volgens haar familie is sy diep bewus van haar seëninge: Sy het die Anglo-Boere-oorlog oorleef, sy was in 'n goeie skool, sy het wonderlike familie en in 1992 is sy die oudste inwoner van Graaff-Reinet.



Unus van Graan (née Van Niekerk) matrikuleer in 1944. Sy trap diep spore in die gemeenskap om die vrou en kinders op te hef. Sy wend ernstige pogings aan om vroue te mobiliseer om vrywillige diens te verrig by welsynsorganisasies. Sy is voorsitter van die Suid-Afrikaanse Vrouefederasie en dien in die ministeriële Welsynsraad. Sy ontvang verskeie nasionale toekennings vir haar gemeenskapsdiens en sy is 'n finalis vir die Pretorianer van die Jaartoeënnig.



1989: Maricel Albertyn se kunswerk word in Israel uitgestal, Jeanette Cilliers (SA uitstalling), Lecia van Wyk stal in Israel uit, Maraja Badenhorst se kuns word in Israel en in die Republiek van China uitgestal. Met haar skilderkuns verwerf Jeanette die Rhodes Harrison-gedenkprys vir die kuns kandidaat wat die beste in die matriek eksamen presteer.



Mej. I.M. Pellissier se groot belangstelling in kuns bring haar by die idee van 'n kunsuitstalling van kunswerke van leerlinge van oor die Vrystaat. Indien 'n werk gekeur word, ontvang die kunstenaar 'n sertifikaat.

Hierdie idee vind allerweë byval in kunsringe. Die Volksblad beskryf dit as: "Room van OVS talent stal uit" en as "Skouenster op kuns". Hierdie uitstalling gee aan kunsleerlinge en –onderwysers die geleentheid om hulleself te sien binne die omgewing van gelyksoortige kunsproduksies.

Die eerste kunsuitstalling word by die Onderwysentrum in Dealeweg gehou onder die wakende oog van Oranje:



Mej. I. M. Pellissier, Alna Cronjé – 'n uitstaller, mev. Marion Barnard (Kunsonderwyseres) en dr. Arie Kuijers (Dosent aan die UV).



1990 Maraja Badenhorst by een van haar skilderye tydens die uitstalling.




Mev. H.D. Botha (links)
1973 – 1989

Mev. Botha is die Huishoudkunde-leerkrag wat kán bak en brou. Die dogters leer die fynere kunsies in bakwerk en daar word groot klem gelê op netheid in die kombuis. Sy het die fyn aanvoeling om van die personeelkamer 'n gesellige kuierplek te maak. Elke week het die personeelkamer en die skoolhoof blomme – selfs rose in die winter!

Mev. P.W. Mentz (regs)
1964 – 1989

Suster Mentz sluit haar as verpleegsuster by die Huisbestuur aan. Sy is verantwoordelik vir die babas wat opgepas moes word en bied Moederkunde aan. Nadat die Moederkunde afgeskaf is, bied sy Bybelkunde aan. Systig die Sendingkring, doen soms opgrawings in Israel en onderneem graag staptogte.

'n Plegtigheid wat nog altyd by Oranje plaasvind, is die gelukwensing van die matriekpresteerders. In die jare 1930-1958 is daar aan die beste presteerder 'n foto van pres. M.T. Steyn oorhandig. Na mev. R I. Steyn se dood het hierdie presteerders medaljes ontvang: goud of silwer – na gelang van die prestasie.



Die volgende leerlinge ontvang medaljes vir die 1989-eksamen:

Pippa Schoeman (6 onderskeidings) 'n goue medalje.

Die volgende dogters ontvang silwermedaljes:

Hanneke du Plessis (5),

Luise Labuschagne (4),

Carlé Sharp (4),

Herta Stadler (4),

Ingrid Karshagen (3),

Maritha Roussouw (3),

Iris Venter (3),

Helmi Kirsten (2),

Kotie du Preez (1),

Christine Schoch (1)

en Jeanette Cilliers vir die beste prestasie in Kuns in die Vrystaat.

Marie-Elize Luyt



Hanneke du Plessis verwerf die Helpmekaarbeurs vir die beste prestasie in Afrikaans in die Vrystaat. Hierdie prestasie word in 1992 deur Marie-Elize Luyt geëwenaar. Hanneke was 'n kreatiewe opstelskrywer wat nooit gehuiwer het om te eksperimenteer nie.

Vir Inge Allers is 1990 'n groot swemjaar. Haar suster, Karen, het net so volgehou, uitgehou en in die swembad gepresteer. Op 6 Maart 1990 verras Inge toe sy die 100m-vlinderslag in 'n tyd van 1:05.18" wen. Dis 'n SA-prestasie, maar dis ook 'n vreemde Oranje-prestasie as sy haar LO-juffrou hier op Oranje, mej. Hannelie Vermeulen, in die kompetisie klop.



1990: Inge Allers: vlinderslag



Mej. Hannelie Vermeulen en Inge



Karen Allers

1992: Toe word Inge se suster, Karen, groot...sy verower die Junior Victrix Ludorum tydens die SA-winterkampioenskap. Sy stel drie SA-rekords op en verwerf sewe goue medaljes! Sy is lid van die SA-hoërskoleswemspan en sy oes ses goue medaljes in tydens Taiwan se nasionale ope skolekampioenskap. Daar word na Karen verwys as die "koningin van SA-swem"! Karen Allers is een van drie Vrystaters wat SA in Taiwan verteenwoordig. Karen bring twee goue medaljes huis toe. In 1993 verwerf Karen Springbokkleure vir swem en in 1994 bly sy die titel "koningin van SA-swem" waardig.

Oranje se maer netbaljare word in 1990 deurbreek toe vier van die eerstespanspelers in die Suid-Vrystaatspan ingesluit word:



Alna Cronjé, Flolinda Marais, mev. Martie Rowe (Afrigter), Annerette Fourie, Malinda Swanepoel.




OVS Verteenwoordigers
Voor: Tania Oosthuizen (swem, tweekamp, ook SA-swemspan), Pietie Coetzee (hokkie, swem, tweekamp), Rianne Louw (tennis), Martelie Minnaar (swem, saam met SA-span na Israel), Ronelle Botha (swem).
Agter: Schontelle Stöckigt (tweekamp), Lynne Schutte (gimnastiek), Corize Strydom (swem), Leoni Viljoen (judo), Dinielle Stöckigt (tweekamp), Karen Allers (swem, tweekamp).



1992 – die jaar waarin Oranje die duikbeker by die Interhoër verower. Die sterk span oefen verbete en met 'n vaste doelwit om na te streef:

Voor: Mev. A.E. Swart, Natasha Pawson, Surette Pieterse, Wendy Rautenbach, Lianda Grobbelaar.
Agter: Magda van der Westhuizen, Celest Hutchinson (VS-span) Antonia Steyn, Lindi Verster.



Hokkie Suid-Afrika wil die spel verbeter en bevorder. Daarom word daar in die laerskole mini-hokkie ingevoer. Die spanne speel nou dwars oor die baan. Baie meer leerlinge kan hieraan deelneem en groter vaardighede kan aangeleer word.



Natuurlik vaar Oranje Primêr somer van meet af aan goed. Dit is duidelik aan die aantal spelers wat in die Vrystaatspan ingesluit word. Hierdie span word ook na 'n nasionale toernooi genooi om aan Suid-Afrika te wys hoe mini-hokkie nou eintlik gespeel word!



Mini-hokkiespan
Voor: Corlia Pienaar, Lize Snyman, Annelie de Wet, Juanize Pienaar.
Middel: Mieke-Louise Marais, Elzane Benade, Wilmie Ströhfeltdt, Luan Fick, Lizaan Vosloo, Blanché Oosthuizen, Chantal Vosloo, Anli Kotzé, Blanche Koch, Louise Volsteedt, Ilse-Marié Coetzee.
Agter: Elaine Coetzee, Jean Bojé, Elné Jacobs, Adri van der Wath, Janine Killian, Nelmarie Venter, Andra Barnard, Chrizelmi Bester.



83 jaar

"Wat het Oranje, met haar onblusbare gees, oor 83 jaar laat lééf?
"Quidius het gesê: 'Dit wat 'n man die naaste aan die hart lê, dáárvor sal hy veg.'

"As ons so afkyk na ons skoolbaadjies, sien ons dat ons 'n Oranje Vooruit en drie eendjies het wat ons letterlik na aan die hart lê.

"Het u al ooit daaraan gedink dat daardie eendjies elke hartklop sáám beleef? Hulle weet as ek opgewonde voel, maar ook as ek hartseer is. Hulle weet wanneer jy rigting nodig het. Dit is hulle wat die VOORUIT in jou hart graveer.

"VOORUIT dui aan waar Oranje vandag staan. Sy is klaar voor, sy het 'n voorsprong bo ander. Sy bied aan ons ongelooflike geleenthede. In die jare wat kom, sal sy nie stilstaan nie – sy sal beweeg in die enigste rigting wat sy ken.

"Daarom is my boodskap vandag, die twaalfde keer wat ek saam met Oranje by die Vrouemonument staan, net dit: Al moet jy jou skoolbaadjie nog lank dra, of al is dit haas tyd om dit vir die laaste keer uit te trek, laat toe dat die VOORUIT-hartklop jou die lewe inneem en ek verseker jou – jy sal nooit verkeerd loop nie."

Oranje: VOORUIT!
Esther Theron: Hoofmeisie 1990

Die herfsweer in April is 'n seker teken dat Oranje se verjaardag naby is. Dis die tyd wanneer die wintersdrag deftig vertoon en ons wonder of die verjaardagkoue 'n baadjie by die Vrouemonument sal vereis, al dan nie. Verjaardagtyd beteken dat die Oranje Reünie huiswerk doen om presterende oudleerlinge te bekroon.



Tydens die 85ste verjaardag vereer die Oranje Reünie Dulcie van den Berg (Aktrise), Amanda Coetzer (Tennis) wie se suster, Isabel Fichardt (née Coetzer), die eerbewys namens haar ontvang, Hélène Lombaard (Aktrise), wie se tante mev. Runa Edeling die eerbewys namens haar ontvang, mej. Joan Abrahams (Oudonderwyseres en die bekende tant Mossie), mev. Unus van Graan (President van die SA Vrouefederasie), mev. Bambi Heiberg-Kriel (Musikus) en mej. Dene Smuts (Politikus en joernalis).



Daar is ook spesiale toekennings oorhandig aan mense wat Oranje met oorgawe dien: Hermaans Mashaba (Busbestuurder van Oranje – wie ken hom nou nie as hy met die "Broodblik" na die Departement of poskantoor ry nie?), mej. Iris Bremer (Springbok-hekkiesatleet), mev. Louisa Botha (Voormalige administrateursvrou en lid van die beheerraad) en dr. Zaza Pieterse (Hoofmeisie 1958).

Die woordkinders van 1992



Anske Smit
Sy sing in die Vrystaatse Jeugkoor
As redaktrise van die VOORUIT word haar koerant as die algehele wenner in die taalafdeling van die skoolkoerantkompetisie aangewys.
Die koerant behaal 'n tweede plek in die nasionale kompetisie.
Sy presteer in die Afrikaans-olimpiade.
Sy wen die Lions-klub se "Young Achiever Award" vir die Vrystaat en Noord-Kaap.



Do-Jo Wessels



Elmarié Dercksen

1991
Sy wen DE KAT en die ATKB se poësiwedstryd.
Sy behaal die tweede plek met haar kortverhaal "Die R5-00 cheese cutter" in die ATKB se nasionale kortverhaalwedstryd.
Sy dring deur na die halfeindronde van die Junior Rapportryers se nasionale debatskompetisie.
1992
Sy behaal hoë punte in die nasionale Wiskunde-olimpiade.
Sy is die wenner van die 400 m op die Bloemfonteinse skoleatletiek-byeenkoms en sy swem tydens die Interhoërbyeenkoms.
Sy vertolk die rol van Lukas in die toneelstuk Dokter-teen-wil-en-dank!
Sy word gekeur om aan DALRO se nasionale Toneelspelkompetisie deel te neem.
Sy wen die Polisie se redenaarskompetisie.
Sy wen die SA Kommunikasiediens se debatskompetisie in die Vrystaat.
Sy wen die Spraak- en Dramagilde se nasionale redenaarskompetisie.
Sy wen die "READ"-redenaarskompetisie en dring deur na die nasionale ronde.
Sy is een van nege gekeurde finaliste in die landwyse jongsake-skrywerskompetisie wat deur die Rapport aangebied is.
Sy word gekies as Rotariër-uitruilstudent in Amerika in 1993.

1991
Sy is die Vrystaatse naaswenner van die Afrikaans-Olimpiade.
Tydens die Nasionale Afrikaansweek behaal sy 'n tweede plek met haar poësie.
Sy is die wenner van die redenaarskompetisie van die ATKB-streek, sowel as gebiedsuitdunne in 1990 en sy dring deur na die halfeindronde van die Junior Rapportryers se nasionale debatskompetisie.
Sy is die Universiteit van die Vrystaat se wenner van die Matrieknoodi - kompetisie.

In 1992 word die eerste Oranjeniet as die Volksblad se matrieknoodi gekroon. Bykans elke jaar het Oranje finaliste in hierdie kompetisie, maar vanjaar het Oranje die wenner!

Elmarié Dercksen, Oranje se hoofmeisie, wen die splinternuwe motor! Sy wen vir die skool 'n rekenaar! Sy is die eerste Oranjeniet wat met 'n A-gemiddeld en sewe onderskeidings in matriek slaag.



Vanaf 1992 stuur die Suid-Afrikaanse politieke stelsel skole in drie moontlike rigtings. Model A-skole is privaatskole wat ten volle verantwoordelikheid vir hul finansies aanvaar. In die Model B-skole, wat 'n staatskool is, mag die ouers sekere keuses uitoefen, bv. die toelatingsvereistes. Ras sou geen rol in die vereistes speel nie. Die ouers moet met eerlikheid die vereistes van hul skool saamstel. Skoolgeld is nou verpligtend. Die staat kan nie meer al die skooluitgawes betaal nie.

Dan is daar die Model C-skole wat deur en deur staatskole is en waar die status quo gehandhaaf sal word. Toelatingsvereistes is ook hier in die spervuur en die bestaande afsonderlike blanke en nie-blanke skole het nie bestaansreg nie. Die keuse van die model wat elke skool sou uitoefen, word bepaal deur die ouers se voorkeure. Die personeel is nie hierby betrokke nie.

Op 7 Augustus 1992 het Oranje 'n nuwe bedeling van die beheerliggaam betree. Aangesien Oranje nog nooit 'n verkose beheerliggaam gehad het nie, moes die samestelling van die raad verander om aan die Departement van Onderwys se reëls te voldoen. Die raad is tot 12 lede uitgebrei. Vyf lede word deur die ouers verkies. Die ander sewe lede is deur die NG Kerk benoem. Dr. F. Burger is tot voorsitter verkies en hy word bygestaan deur mnr. W.J. Herbst as ondervoorsitter. Op 23 September vergader die nuwe Beheerliggaam:

- Dr. F. Burger
- Mev. A. Olivier
- Mev. C.J. Strydom
- Mnr. H. Verster
- Mev. M.M. van Wyk
- Mej. I.M. Pellissier
- Dr. C.A. de Ridder
- Mnr. S. Lombard
- Dr. E. Hay
- Mnr. G. Wessels
- Prof. H.J. van der Linde
- Mnr. W.J. Herbst
- Prof. W.F.S. Senekal



Op 10 Desember 1992 neem die beheerraad en die personeel afskeid van twee leiers van Oranje:

Na nege jaar as skoolhoof verruil mej. I.M. Pellissier Oranje se hoofskap vir 'n doseerpos in navorsing aan die Vrystaatse Onderwysentrum waar daar in verrykingsonderwys gespesialiseer word.

In die Vroue Insig (Junie 1991) beskryf mej. Pellissier haar skoolhoof taak so: "Ek probeer die leuse wat my pa altyd aan my voorgehou het by die dogters inskerp. As 'n mens eerlik is, kan jy met jouself saamleef. As jy betroubaar is, kan ander met jou saamleef. Solank ons ons kinders selfdisipline en goeie oordeel kan leer, kan ons hulle die wêreld instuur. Dit is my oortuiging dat die skool toenemend 'n rol behoort te speel by die ondersteuning van die kind uit die gebroke huisgesin."

Mej. H. Bantjes skryf in die Volksblad van 28 Mei 1991: "Ek kan uit ervaring getuig dat dié merkwaardige dame haar bekende Afrikaanse meisieskool beslis met baie liefde, respek en dissipline lei."



Na 13 jaar as skoolhoof neem Oranje Primêr afskeid van mej. Van Ryneveld.

Mej. H.A. van Ryneveld, 'n onderwyseres vir die klein dogtertjies en die skoolhoof met die duidelike visie groet Oranje na 27 jaar. Sy kyk na die klein eendjies, maar visualiseer reeds vir hulle 'n blink toekoms:

- "Die ou enetjie wat vreemd-stil alleen pouse in die kantoor se voorportaal kuier...Juffrou, ek het sommer net al die mooi goedjies kom kyk...Kyk gerus, my kind, dis joune – dis jou Oranje..."
- "'n Helpende Sub A/B'tjie wat heerlik gedurende pouse vir tannie Elsabé 'help' om die skool se geld te tel sodat Hermaans die presiese bedrag kan gaan bank. Gaan sy dalk eendag Minister van Finansies wees...? Sy tel al tot by 100!"
- "Die enetjie wat eenbeentjie spring al op die dwars steentjies van die plaveisel! Dink net hoe elegant gaan hierdie ou twee spykerbeentjies nog eendag in hoëhakskoentjies lyk...?"
- "Die St. 1-groepie wat holderstebolder die trappe twee-twee afspring en heerlik skree en klets...Liewe aardel! Gaan ek ooit dametjies van hulle maak???" (1991:3)

'n Skool wat diep en wyd en hoog geloop het en nog steeds loop op 'n pad wat net een rigting het: Vooruit!

Mev. Louisa Botha, administrateursvrou, onthou die Oranje van haar kinders se skooljare, mej. Pellissier en mej. Van Ryneveld se hoofjare, as "'n skool wat diep en wyd en hoog geloop het en nog steeds loop op 'n pad wat net een rigting het: Vooruit!" (1990 Argief)



2001



Mariehetta Matthee matrikuleer aan die Hoërskool Marquard, waarna sy aan die Universiteit van die Vrystaat die graad B.A. (Drama- en Toneelkunde) behaal. Sy verwerf die Onderwysdiploma en gaan hou skool by die Hoërskool Witteberg in Bethlehem.

Die lewe is 'n lied!

M. Matthee

Mej. M. Matthee

1993-

Vandaar aanvaar sy 'n onderwyspos aan die Hoërskool Jim Fouché in Bloemfontein. Sy studeer verder en behaal die grade B. Ed, Honneurs en M.A. in Afrikaans. Na vyf jaar by Jim Fouché word sy in 1986 as Departementshoof: Afrikaans by Oranje aangestel. In 1988 word sy bevorder tot adjunkhoof en vanaf 1993 is sy die skoolhoof.



Mej. Matthee is 'n ywerige stapper wat Lize-Marie Swart se Oranje-pampoenrokkie op verskeie kontinente hys. In 2000 wapper die rokkie in Afrika op die Uhurupiek van Kilimandjaro. Dieselfde rokkie wapper in 2002 op Machu Picchu in Peru en in die Amasone, in 2003 op 'n gletser in Alaska en in 2006 by die basiskamp van Everest in die Himalajas, Nepal.

Habakuk se gebed:

"Die Here my God gee vir my krag,

Hy maak my roete soos
dié van 'n ribbok.

Op hoe plekke laat Hy
my veilig loop."



Machu Picchu: saam met oud-Oranjes – Lucia Theron, Henriette Samuels




Alaska – by die Arktiese see: Lucia en Mariehetta



Kilimandjaro: Uhurupiek



Himalajas: Kala Pathar – Mariehetta en Lucia



Amasone: Lucia, Henriette, Mariehetta

Die vreugde van stap dra sy oor aan die dogters as sy sedert haar koms na Oranje in 1986 jaarliks met die matriekdogters gaan stap. Die Outeniquawandelpad word sowat 20 keer aangepak om daar in die voetspore van Saul Barnard van *Kringe in die Bos* te stap.

Dalene Matthee se *Kringe in 'n Bos* dwing Oranje se matrieks om Saul en Oupoot te voet van Meulbos tot by Diepwalle te gaan soek. Gelukkig het hulle Oupoot nooit ontmoet nie. Tronel Keevé skryf oor so 'n staptog: "Om vroegdag die doudruppeltjies op 'n spinnerak te kon sien blink, of om die wilde sampioene aan 'n boom se bas te kon sien groei, sal ons vir niks verruil nie. Dit was 'n belewenis wat 'n mens nie kan oorvertel nie. As 'n mens so deur die bos stap, laat dit jou dink: die natuur praat met ons op duisende maniere. Ons moet net ons oë oophou en met konsentrasie luister." (Vooruit 2001)



2001 Juffrou Matthee en haar B-klas: Mariaan, Erine, Heila, Christine, Yolandi, Celesté. Voor: Elizca, Marissa, Esmé



Michelle du Plessis glimlag vir Jonkersberg



Die blootstelling aan die buitelewe word by Oranje verder bevorder deur jaarliks die standerd 7-klas na die Aasvoëlberg Buitelugskool te Zastron te stuur. Hier word die leerlinge bewus van die inheemse plante, diere, die regte waardes en dan is daar natuurlik die eindelose genot op die aktiwiteitsbane. Aasvoëlberg bly 'n strawwe uitdaging. Aan die einde van die week keer hulle terug met kennis van die veld en met selfkennis: as ek wil, dan kan ek elke probleem oorkom. Die Biologieleerplan word tydens 'n ekologiekamp met die standerd 8-klas by Soetdoring ontgin.



Die reën by die Homtini vang niemand onkant nie : Lara Klopper, Nadia Pretorius, Tronel Keevé



Oudleerlinge stap saam: Marieta Wessels, Jeanine Viljoen, Lucia Theron (sy loop oor 20 jaar saam deur die Kringe!)

Mej. Mathee weet sy kan die leerlinge nie lei, as sy die leerlinge nie ken en respekteer nie. Dis hierdie hoofleiers wat jaar na jaar die skakel tussen die personeel en die leerlinge is en dis hulle wat met entoesiasme én pret vóór loop!



1993 Evelyn Marais
"Jis, Babes!" Oranje het my geleer: Reik na die sterre! Speel en werk, maar lewe!



1994 Corize Strydom
Ken jouself, aanvaar jouself!



1995 Ronelle Strydom
Wat jy by Oranje saai, sal jy oes. Gee jou beste en sy sal in die oestyd vir jou goed wees!



1996 San-Marie Botha
Ek vergeet die dinge wat agter is. Die toekoms is vol nuwe kanse! Ek moet dít najaag.



1997 Helouise Froneman
As 'n geskenk aan Oranje kan ons elke dag met toegewydheid en entoesiasme werk.



1998 Elzane Benade
Oranje gee die toon aan ...voor almal uit!



1999 Lizanne du Plessis
Mans kyk reguit en vroue sien om 'n hoek – daar is dus berge geleentheid!



2000 Elré le Roux
Mag die ligstraal wat Oranje uitstraal in die meisies vlammetjies aansteek.



2001 Alice van Biljon
Oranje het 'n wenresep: geloof, hoop, genade en liefde!



2002 Andrea Coetzer
Doen alles wat jy aanpak, met oorgawe!



2003 Dene Geldenhuys
Ware vrede en vreugde is 'n keuse... geluk lê binne-in jouself.



2004 Izemari van der Merwe
Elke meisie is iemand, en elkeen tel! Vind vreugde in wat jy doen.



2005 Willien du Preez
Die skepper van: "Eenders maar anders" en "Van pampoen tot kampioen"! Met die regte woord, wen elkeen aan moed en die lewe!



2006 Louzeth Schutte
Daar is nie hokkie soos Oranje-hokkie nie! (Die ster wat in st. 6 meehelp om die VS-trofee te verower!)



2007 Wilmarie Böning
Die toekoms het baie name. Die banges noem dit die onbekende. Die luiers – die onmoontlike en die dapperes: My uitdaging!

Die jaar 1993 lui die nuwe onderwysbedeling in. Die skole wat verantwoordelikheid aanvaar vir hulle eie finansies (behalwe vir die onderwysers se salarisse) word die sogenaamde Model C-skole. Oranje bly 'n staatsondersteunde skool met groter finansiële verpligtinge. Die onderwysers word by al die skole drasties verminder. Om die vakkeuses te behou, word addisionele poste deur die Beheerliggaam geskep en gefinansier. Skoolgeld word nou verpligtend en stelsels kom oral in plek om skole finansiëel onafhanklik te maak.

Die koshuise val nou buite die jurisdiksie van die Departement van Onderwys. Ook hier word minder personeel deur die Departement aangestel. Die koshuise dra hul eie finansiële las. Daarom word finansiële beplanning 'n belangrike prioriteit – dis beplan, bespaar en floreer of ondergaan! Juis daarom speel die koshuispersoneel 'n baie belangrike rol om reg te begroot en te beplan. Die koshuisouers ken die hartklop van die dogters. Hulle moet 'n huislikheid skep wat oorloop van liefde en omgee, maar in dieselfde asem bly dissipline baie belangrik.



Ockie en Esther van Schalkwyk
1988 – 1991



Pieter en Berta Clase
1992 – 1995



Pieta en mev. Ria Strauss, Steyn, prof. Piet, Org en Joey
1996 – 2003



Luan, mev. Amaria, Billy en mn. Fanie Reynders
2004-

Die koshuisouers geniet en inisieer soms die pret in die koshuis. In 2000 het die stadsleerlinge besluit om Joostehuis na 22:00 binne te val. 'n Toesigrag was so gaaf om die voordeur se sleutel aan Hanneke Verschoor, hoofmeisie van die stad, toe te vertrou. Wat Hanneke en haar makkers nie geweet het nie, was dat die toesigrag se moed haar begewe het en sy het 'n bekentenis aan mev. Strauss, die koshuismoeder, gemaak. Hier begin die teenaanval toe.

Terwyl die stadsleerlinge hulle planne die nag voor die koshuis beraam, lê die koshuisleerlinge mooi-tjies op die hokkieveld. Hulle is per telefoon verbind met 'n makker in die blombedding voor die koshuis. Die stadsleerlinge het Joostehuis se gange en eetsaal “versier”, hulle rympies geskryf en op strategiese plekke water gestort. Toe is dit juffrou Matthee wat die koshuis oor die interkom moet wakker maak, dan sal die stadsleerlinge vinnig op die vlug slaan.

Dáár wag toe die groooooot verrassing: Al die koshuisbrakke, onder die leiding van Elré le Roux en Estherine Hamman, wag die stadsleerlinge voor die koshuis in...elk met 'n emmer water... Noag se ark sou kon dryf! Daar vind 'n wilde jaagtog oor die terrein plaas – die stadsleerlinge moet 'n les geleer word. Rosa Marais jaag juffrou Matthee tot in Harry Smithstraat, maar haar goeie opvoeding wil nie toelaat dat sy die emmer op Juffrou omkeer nie. Sy is immers gevang – daarom vra Juffrou toe maar vir Rosa om tog maar die emmer op haar om te keer...yskoue water in 'n nog kouer Julienag!

Nog later in 2000 sou die koshuisbrakke onder leiding van Estherine hulle verder op juffrou Matthee week omdat sy teen hulle kant gekies het. Op die koudste dag van die jaar word sy aan die skoolhek vasgeboei vir elke ouer om te besigtig!!

Mev. Reynders wen elke jaar opnuut die dogters se harte as sy in die koshuisweek toelaat dat hulle saam met Grey kan sokkie! Mnr. Reynders is die superheld as hy die bus bestuur, sodat die dogters by Grey, St Andrew's en Sentraal kan gaan sê!

Soos die koshuisouers na die harte van die dogters omsien, sien die matrones toe dat die kos heerlik en gesond bly!! Hulle hou toesig oor die gebou en die netheid van die kamers. Die matrones slaag daarin om in die behoeftes van die dogters te voorsien – veral as daar spesifieke versoeke op die spyskaart is!

Die koshuisskole het so 'n effense finansiële voorsprong in die nuwe onderwysbedeling, aangesien die koshuise verhuur kan word wanneer die kosgangers nie hier is nie. Die eerste poging in dié verband is die matriekouers van 1998. Joostehuis word aan 'n kerkgroep verhuur wat hul jaarlikse konferensie in Bloemfontein hou. Die koshuis en die saal is vir 'n week lank in die hande van

totale vreemdelinge. Die geld wat die ouers in, is veel meer as wat 'n tradisionele kermis kan in. Met hierdie bydrae word die kombuisgeriewe van die Fanie Naudésaal opgeknep.



Mev. C.J. Willemse
1984 – 1989
“Sy was 'n regte matrone – baie kwaai.” Lucy Massisi



Mev. Magriet Malan
1990 – 1994
“Doen aan ander soos jy aan jouself gedoen wil hê.” Lizette Marais



Mej. Lizette Marais
1991 – 2003
“Mamorena, is baie goed, maar as sy kwaad word, is haar kop seer. Sy was 'n baie goeie ma.” Daniël Mphaki



Mev. Eulalie Brand
1995 - 2005
“Sy werk baie goed en jaag ons aan as sy haastig is.” Lucy Massisi



Mev. Wilma Bosman
1993 –
“Nthabiseng, is baie goed. Word gou kwaad, maar gou weer goed. Sy gee lekker kos.” Lucy Massisi



Mev. Mary-Ann Adriaanse
2004 –
“Mary help ons altyd. Sy maak grappies en hou van musiek.” Dolly Malangabe



Mej. Ronél van Biljon
2007 –
“Ronél is nuut. Sy maak skoon binnekant!” Dolly Malangabe

Geen skool mag in dié bedeling eksklusief vir een rasgroep wees nie. Alle leerlinge moet toegang hê tot gelyke onderrig. Oranje laat in 1993 die eerste anderskleurige dogter in die skool toe - Jamina Vries. In die loop van die jaar sluit Lizel Shilling ook by Oranje aan.



Voor: Tanya le Grange, Lizel Shilling, Olga Botha, mev. Elaine Coetzee, Erika Venter, Jamina Vries, Anli Kotzé.
Middel: Jaen Bojé, Suné Geringer, Johlène du Plessis, Kobie van Wyk, Dinette le Roux, Ina Ludik, Lizelle Coetzee, Marguerite Froneman.
Agter: Linell Vorster, Liezl Graham, Mea Rood, Nilo Terblanche, Cornél Oberholzer, Ronel Roets, Janine Kilian, Riette Pieterse, Lente van Rensburg, Daleen van der Merwe.

Die Departement van Onderwys se jaartema in 1993 is: “Bewaar vir die toekoms”. Mev. Ria Strauss en ses dogters kies Happy Valley as bewaringsprojek. Hulle raak só bewus van bewaring dat hulle nie volstaan met ’n wandelpad in Happy Valley nie, maar op ’n wye gebied by bewaring betrokke raak.

Hoogtepunte was veral die TV-uitsending oor Goeie Môre, Suid-Afrika nadat ’n natuurjag aangebied en ’n skenking van R17 350 deur Mazda Wildlife ontvang is. Die “Wildlife”-skenking is gebruik om die omgewing rolstoelvriendelik te maak toe ’n geplaveide pad uitgelê en ’n voëluitkykpunt in Happy Valley gebou is.

Adv. Pieter Geldenhuys, voorsitter van die Vriende van Happy Valley, Annegret Geldenhuys, dr. Louis Wessels, burgemeester, Ronelle Strydom, dr. Bernie Human wat die skenking oorhandig en Corlia Brandt.



Mazda se Natuurllewefonds se skenking dra by tot die grootse projek.

Dié leerlinge het met ’n kies-’n-area-projek begin. Die doelwit was om soveel moontlik skole en instansies te oortuig om parke in hulle omgewing aan te neem. Die burgemeester, adv. André Burger, het, toe hy van die projek hoor, sy volle samewerking gegee en ’n ete in die Burgersentrum aangebied om die projek te loods. Tydens die ete het 26 leerlinge van ander skole aangetoon dat hulle ’n area in hulle eie omgewing sal aanneem.

Verskeie projekte is in Happy Valley aangepak, bv. die bankies wat deur HTS Louis Botha gemaak is, die Tafelronde het ’n piekniekstel uit dwarslêers gemaak, ’n plantroete waarop die inheemse plante geïdentifiseer is, is uitgelê en ’n voëlly is saamgestel.



Die groenleef-era word verder uitgeleef toe mev. Elna Rood in 2000 met die herwinningsprojek van koeldrankblikkies begin. Die aantal blikkies wat herwin word, dra ook punte by vir die sporthuise!



Verdere gemeenskapsprojekte is deur dié groep aangepak, o.a. die skakeling met die W Tejane Skool op Thaba Nchu, betrokkenheid by die Bloemfonteinse straatkinders, opruiming by die Vrystaatstadion na rugbywedstryde, ’n slagspreuk-kompetisie namens die Höhler Verpakkingsmaatskappy en ’n toneelopvoering in samewerking met die Bloemfonteinse Teatergroep.



Die entoesiastiese Happy Valley-groep:
Voor: Annegret Geldenhuys, Lené Grobbelaar
Agter: Ronelle Strydom, Corlia Brandt, Annegret Lombard, Sally Scholtz, mev. Ria Strauss.

Oranje is bewus van en gee om vir die omgewing, maar meer nog – Oranje se harte kloep warm vir mense! Die VCSV neem die rol oor van godsdiensoonderrig in die skool. ’n Predikant kom hou die normaalklas en op Donderdae kan gekeurde, opgeleide kringleiers die Woord verkondig. Tydens die aandbyeenkomste word ander skole genooi, word daar uitgereik na bejaardes, minderbevoorregtes en siekes. Die Vigswesies geniet altyd ’n hoë prioriteit. Die CSV het al binne een jaar ’n tentkerk in ’n plakkerskamp geborg. Daar is uitreikprojekte na agtergeblewe skole waar kos en klere voorsien word en boweal word die Bybel saamgeneem. Mev. Carien James staan aan die hoof van die VCSV. Die Jeugweek het jaarliks groot aanhang, want besoekende leraars/jeugspanne verkondig die Woord. ’n Hoogtepunt is natuurlik die jaarlikse “Brak-en-Duckkamp” saam met Grey. Ons loof die Here dat hier soveel omgeekinders is, dat hier soveel liefde vir mekaar is, dat hier soveel eerbied vir ons Skepper is.




VCSV-bestuur 2004

Voor: Mev. C. James, mev. S. Boshoff
Tweede ry: Lieze Swart (Reklame), Leané Labuschagne (Uitreik)
Derde ry: Helena Janse van Rensburg (Omgee), Heleen Cronjé (Sosiaal), Irma Laas (Drama)
Vierde ry: Annerie Ströhfeltdt (Gebed), Jeanine Swart (Kampe en finansies), Annerina Bezuidenhout (Onderleier en musiek), Maria van Zijl (Leier)

Oranje se eerste Midmar-mylers:




Voor: Dida Coetzer, Dala-Marie Pietersen, Nadia Nortjé, Lara Klopper
Agter: Yolandi Jacobs, Erine Jacobs, Christine van Reenen, Selma van der Merwe, Heila Cronjé, Annika Badenhorst, Mandy-Lee Deyssel



HOKKIE

In 1994 stel die Departement van Onderwys 'n Direkteurstrofee in vir die beste hokkiespan in die Vrystaat. Op 20 Augustus slaag Oranje daarin om die eerste wenner van dié gesogte trofee te word deur die Hoërskool Voortrekker van Bethlehem in 'n valbylstryd met 9-8 te klop. 'n Wenprestasie wat volgehou word selfs toe dit die Vrystaattrofee word.


Voor: Christina Muller, Pietie Coetzee, Annelize Hay (Kaptein), Eemia van der Vyver, Rachelle Swartz
Agter: Braam van Wyk (Afrigter), Elaine Parsons, Carin Schlebusch, Carla van Vuren, Anli Kotzé, Jaen Bojé, Corlia Vorster en mej. Lucia Theron (Hokkie-organiseerder).



Hier is wonderlike hokkiemateriaal! Pietie Coetzee word in 1995 die jongste Springbokspeler in die geskiedenis en boonop die enigste skoolkind vir wie dié eer te beurt val. Sy toer saam na Atlanta vir die Pan-Pasifiese Spele. Sy, Eemia, Carla en Elaine speel SA 0/18 A-hokkie. Christina en Corlia speel SA 0/18 B-hokkie.

Pietie en Elaine is lede van die SA 0/21-span wat na Engeland en Wallis toer. Hierdie is voorwaar 'n formidabele span om te klop. Veral as in aanmerking geneem word dat Anli Kotzé net die volgende jaar die SA span sou haal.

Pietie Coetzee is 'n gebore sportvrou. In st. 6 verwerf sy VS-kleure in swem, tweekamp, atletiek en hokkie. Sy kies haar groot liefde – hokkie! Die sport wat sy by Oranje Primêr geleer het toe juffrou Elsbé Human vir haar in Sub B 'n hokkiestok gekoop het. Sy behaal Vrystaatkleure in hokkie sedert st. 1. Sy word nooit weer uit 'n provinsiale span weggelaat nie. Haar hokkieprestasies maak haar die Vrystaatse Sportskrywers se Sportster van 1995. Daar kan met reg gesê word as jou span sukkel om te wen, is Pietie die een wat van nêrens af kom en 'n doel aanteken. As 'n aanvaller gekeer moet word, is Pietie ook daar! In 1992 en 1993 is sy ook 'n Springbok-tweekampatleet.



Anli Kotzé speel vanaf 0/16 vir die SA-skolespan. Vanaf Oranje Primêr berei die skolehokkie haar voor vir die senior SA-hokkie wat sy sou speel. Sy sou in 2005 kaptein word van dié span en deelneem aan die Olimpiese Spele van 2000.




1999 Isabelle Grobler, Nastasja Erasmus, Mariska van der Merwe
SA 0/18A-hokkie




2000 Estherine Hamman
Onderhoofmeisie,
hoofhuisleidster en
SA 0/18A-hokkie



2001 Corlisa Botha
SA 0/16-hokkie
Elana van der Linde
Hokkiekaptein
SA 0/18-span



2006 Marilie Lubbe
en Cherié Smith
SA Hokkie



Mnr. Braam van Wyk is sedert 1993 die eerste span se afrigter. Hy rig etlike jare by die Laerskool af. Sedert die VS-hokkietrofee ingestel is, wen Oranje dit 8 keer onder sy bekwame leiding. Vir hom is die hokkie-“poppe” die stukrag in 'n wenspan. Vir ons is die afrigter die belangrikste faktor! Hy kan met die dogters en veral met hulle koppe werk!



Mej. Lucia Theron is sedert 1987 op die personeel en verantwoordelik vir hokkie. Sy is die eerste span se bestuurder en die bekwame organiseerder van die hokkie. Oranje se hokkie bly die uitstalvenster. Sy onderskei haar ook as departementshoof: Afrikaans en volg mev. Brink as adjunkhoof op – die eerste oudleerling in dié pos!

NETBAL

Dis nie net die hokkie wat in die negentigerjare blom nie. Dit gaan baie goed met die netbal. In 1996 wen Oranje die stadsliga – 'n groot mylpaal! In 1997 word Charlene du Toit vir die SA 0/19-netbalspan, wat na Brittanje toer, gekies.



1997 Charlene du Toit

2003 Anchen du Plessis
SA 0/16-, 0/19-Netbal. Sy
neem aan die Afrika-spele
in Walvisbaai deel.



Onder die entoesiastiese leiding van mev. Tania Smith groei die netbalspanne tot 22. Die twee netbalbane by Le Rouxhuis is net nie meer genoeg vir die hoër- en laerskool nie. Op Saterdag, 18 April 1998, neem die Hoërskool drie nuwe bane in gebruik. Die koppie langs Joostehuis is daarvoor getem.

Daar is met die hulp van die Grootvlei gevangenis 400 inheemse plante aangeplant. Inheems beteken ongelukkig dassiekos – hulle eet sommer al die plante op! Dis 'n plaag wat gekom het om te bly – selfs die preprimêre skool word bedreig. Dis net 'n peperboom wat dié plaag oorleef.

Mev. Tania Smith is die netbalafrigter Sy reël 'n netbaldag. Die hoofwedstryd is Oranje teen Grey en dan is daar nog die wedstryd teen die oudleerlinge.



Voor: Elizabeth Muller, Lizanne du Plessis, Francelle Kruger
Agter: Mev. C. Muller, mej. M. Matthee, mnr. Koos Pretorius (Ingenieur), mevv. Marthie Rowe, Tania Smith (Netbalafrigter)



1998: Eerste Netbalspan
Voor: Lizelle Geldenhuys, mej. D. de Wet (Afrigter), Elizabeth Muller, Francelle Kruger
Agter: Rosa Marais, Cindy Richards, Anzelle Steyn, Lizanne du Plessis.



Oudleerlingspan tydens die inwyding van die netbalbane:
Voor: Charlene du Toit, Jo-Mari Visser
Middel: Mev. T. Smith, Fransa Jordaan, Maresa Venter,
Agter: Lindie Verster, Lodine van Reenen, Danelle de Wet, Izelde Cronjé.



TENNIS

In die onderwys is dit noodsaaklik dat die leerlinge die regte rolmodelle moet hê. Hierdie rolmodel moet inspireer en motiveer...sy moet die ideaal bly vir elke jongeling. By Oranje is Amanda Coetzer een van hierdie ikone! Elke dogter wil soos sy presteer, wil die hoogste sport van die internasionale arena betree, wil haar graag ontmoet.

As Amanda by die skool besoek aflê, is daar groot opgewondenheid...



1995 Amanda Coetzer kom ontmoet Oranje se sportsterre
Voor: Chubbie van Schalkwyk (SA 0/14-Muurbal), Leonie Kühn (SA-Karate), Elaine Parsons (SA-Hokkie), Carla van Vuren (Reserwe, SA-Hokkie)
Agter: Tania Oosthuizen (SA-Swem), Pietie Coetzee (SA-Skole hokkie), Amanda Coetzer, Schontelle Stöckigt (SA-Menseredding), Karen Allers (SA-Swem)

Die Amanda Coetzer-tennistoernooi is mevv. De Wet en Fichardt se breinkind en dit gee oor baie jare aan Oranje se tennis 'n ereplek op die SA-Toernooie.

Daar is iemand wat die durf het om Amanda na te volg...die kleine Karin Coetzee word in st. 6 vir die SA-span gekies om aan die 0/14-Wêreldtennis-kampioenskap in Japan deel te neem. Hier wen sy al haar wedstryde.



Karin Coetzee, die nommer een-tennisspeler van Oranje van 1997-2001, word in Junie 1997 gekies om as lid van die SA-span aan toernooie in Europa te gaan deelneem. Sy wen 'n enkelspeltitel in Duitsland. Sy neem in 1998 met groot welslae deel aan toernooie in België en word gekies as lid van die eerste SA 0/16-span na Egipte, sowel as die SA 0/16-span na Italië om aan die Wêreldkampioenskap te gaan deelneem. In 2001 wen sy die 0/18-titel in Tunisië. In Suid-Afrika beklee sy die eerste posisie op die SA 0/16- en later die SA 0/18-ranglys vir die enkel- en dubbelspel.

Gedurende Mei 1998 word die eerste MTN/Amanda Coetzer Meisies Hoërskole Tennis Uitdaagtoernooi aangebied.



Mev. Greta de Wet
Sy is nie net die tennisorganiseerder nie, maar ook 'n dinamiese en uitstekende akademiese leier en Departementshoof.



Mev. Isabel Fichardt (née Coetzer)
Sy is die Oranje tennisafrigter van die Preprimêre, Primêre en Sekondêre skool.

Amanda Coetzer, internasionaal bekende tennisspeler en oudleerling, is een van die hoofborge en daarom word dié toernooi na haar genoem.

In 1998 word drie van die voorste meisietennispanne in die land word genooi om saam met Oranje aan die toernooi deel te neem, nl. Waterkloof, Menlopark en Clarendon Girls' High. Oranje wen al drie die kragmetings, maar Waterkloof wen die toernooi op 'n tegniese punt. Die toernooi is 'n groot sukses. Die skool ontvang baie lof daarvoor en kry ook baie blootstelling in die pers. Vanaf 1999 word die toernooi op 'n nasionale vlak uitgebrei en jaarliks ding ses spanne mee. Later word die toernooi weens die gewildheid daarvan nog verder na agt spanne uitgebrei.

Na die groot sukses van die eerste Amanda Coetzer Tennistoernooi word die behoefte aan 'n sportlokaal al hoe dringender. Vir twee jaar is die toernooi uit tente op die hokkieveld bedryf en moes water selfs met emmers aangedra word. Onder die geesdriftige leiding van mnr. Izak Buys en die tenniskomitee word projekte soos Projek 1000 aangepak. Leerling- en oudleerlingbydraes word geïn om die sportlokaal te betaal en om dit in 2000 in te wy.



Izak Buys



Oranje se deelnemers aan die eerste Amanda Coetzer-tennistoernooi: Elana Rood, Joané Potgieter, Nicola Coetzer, Izelle Troskie, Marcia-Lynn van der Linde, Angenita Oosthuizen en Karin Coetzee.

Mevv. De Wet en Fichardt begin in 1998 Oranje se Tennisakademie. Die akademie het ten doel om aan belowende spelers die geleentheid te bied om hul volle potensiaal te ontwikkel. Dogters van die hoër- en laerskool kry die geleentheid om soggens voor skool te oefen. Die akademie lewer verskeie kampioene.



2001 Lize-Mari Cloete
0/14-Afrikakampioen



2001 Elrine en Elna de Villiers
Die twee sussies uit Namibië word ingesluit in die Interprovinsiale tennisspan van Namibië.

ATLETIEK

Oranje het nie bekend gestaan as 'n atletiekskool nie. In 1997 neem mev. Ria Strauss die organisering daarvan oor en sy leef haar passie uit. Daar wen Oranje toe 'n eerste trofee tydens die Vrystaatse Interhoër atletiekbyeenkoms.



Marize Pieters, Lisa van der Post, Walda Meyer en Angenita Oosthuizen

Marize Pieters, landloop- en tweekampatleet, ontvang die Neels Neuhofftrofee vir die beste sportprestasie in 1998. In 1997 is sy die SA 0/13-kampioen. In 1998 neem sy in twee toetse teen Hongarye deel. Sy behaal onderskeidelik 'n eerste en tweede plek. Tydens die SA-Kampioenskap stel sy 'n SA-rekord vir dogters 0/15 op. Daarvoor ontvang sy erekleure van die Tweekampvereniging en die beker vir die beste prestasie. Sy word ingesluit in die SA-Juniorspan na Portugal. Daar verwerf sy 'n goue medalje.



Bernadette Visagie is 'n SA-verspringatleet. In 1998 wen sy die SA's met 'n afstand van 5,77m. Sy verbeter die prestasie in 2000 tot 5,88m. Sy is deel van die SA 0/19-aflosspan wat 'n goue medalje verower en die SA-rekord verbeter.

Liza Jacobs en Esté de Jager Albei wen goue medaljes tydens die SA-byeenkoms. Esté neem in 2002 in die Tseggiese Republiek aan die wêreldatletiekkampioenskap deel. In 2003 word sy ingesluit in die SA-Skolespan vir die 800m.



Elizna Schultz word in 2001 ingesluit in die SA-Skolespan in die 800m.



Odelia Nicolaisen wen in 2002 die jeugafdeling van die Biathle-wêreldkampioenskap in Sardinië.



Anneri Ebersohn is die SA 400m-hekkieskampioen in 2006. Sy verteenwoordig Suid-Afrika in Madagaskar, Namibië en Tseggie.

TROMMIES


Die Laerskool het jare lank gespog met trompoppies. By die Hoërskool is dit 'n sportsoort wat in 1996 ingestel word deur die entoesiastiese mev. Lientjie Woolley. Sy gee haar vrye tyd vir dié sport en boonop huiwer sy nie om borge te kry vir die toere en kompetisies nie! Magdel-Mari van Rensburg is die eerste Vrystater wat vir die SA-Trompoppiespan gekies word. Lurissa Roos en René van Rensburg volg later in haar voetspore.



Lientjie Woolley




Magdel-Mari van Rensburg



'n Mooi funksie met pa's en hulle dogters kry in 1995 sy beslag. Elke pa waak trots oor hierdie datum waarop hy en sy dogter 'n spesiale afspraak het.

Die oggendfunksie word later 'n aandfunksie voordat die skool vir die Junievakansie sluit. Elke keer word 'n bepaalde tema uitgebeeld waaraan pa en dogter graag deelneem.



KULTUUR

President M.T. Steyn het ses klaviere vir die eerste 35 leerlinge ingevoer met die opdrag dat Oranje ook 'n kultuursentrum moet word. Na 100 jaar bly dit waar.




2000 Danette Brink en Hanneke Verschoor

Skoolwerk is nie genoeg om hierdie twee dogters se lewenslus te bevredig nie!

Danette is vir vyf jaar die trotse wenner van die skool se Stofbergtrofee vir kultuurprestasies. Sy presteer met die klavier, die tjello, die VS-Jeugsimfonieorkes en met sang. Hanneke se groot liefde is die Franse horing waarmee sy nasionaal lof verdien!

2000 Marisan en Johané Nienkemper is deel van die Suid-Afrikaanse span wat aan die danskampioenskap in Los Angeles deelneem. Dié span wen die Wêreldbeker met 84 goue medaljes. Afsonderlik het Marisan en Johané goue, sowel as silwer medaljes verower.





2001 Luán Fick en Suzanne Bezuidenhout presteer in die Nasionale Afrikaans-Olimpiade. Suzanne behaal 'n goue medalje tydens die Nasionale Afrikaans-EKSPO. Sy dring ook deur na die tien topfinaliste van die Tastic Rys se kookkompetisie.

2002 Mariné Jacobs behaal 'n goue medalje tydens die Nasionale Afrikaans-EKSPO.

Sy is die naaswenner in die slagspreukkatgorie. Sy is vir twee agtereenvolgende jare die naaswenner in NALN se nasionale opstelkompetisie. Sy word verkies tot die Nasionale Jeugsimfonieorkes. Onder haar redakteurskap wen die Vooruit Media 24 se nasionale skoolkoerantkompetisie vir Beginnerkoerante.



Vir die Chanter-sanggroep was 2000 'n blomjaar en vyf jaar se saamsing is op 'n hoë noot afgesluit. Hul jaarkonsert word in die Ou Presidensie aangebied en hulle reik 'n CD uit.



2001 Yvonne-Marié Brand wen die Koperblaasafdeling in die Clem de Boeck-kompetisie en word na 'n musiekkamp in Noord-Dakota in die VSA genooi.

Mev. Pool kom in April 2002 by Oranje aan. Sy is 'n entoesiastiese dramajuffrou wat elke geleentheid aangryp om kreatief te wees. Sy neem elke jaar aan die ATKV-kompetisies deel en skryf soms self die teks. In 2007 skryf die oudleerling, Saartjie Botha, vir haar 'n stuk om vir die eeufees op te voer tydens die Reza de Wettoneefees: *Rokke*. Onder mev. Pool se regie verskyn *Swart vlinders, h(art) en har(d)*. Laasgenoemde is weer 'n streekswenner van die ATKV!

Onder die leiding van mev. Pool gedy spreekoorwerk en tydens kunswedstryde ryg die leerlinge goud in. Sy motiveer die leerlinge om in te skryf vir die Dramagilde-eksamens waarin hulle baie goed presteer.



ATKV: Tienertoneelkompetisie: C'est La Vie Wenner van die Vrystaattrofee in 2003:
Voor: Charné Thomas, mev. Retha Pool (Regisseuse), Rika Snyman, Stephanie Steyn
Agter: Imke Willemse, Hanlie Louw, Irma Laas



Emme-Lancia Faro
Wêreldkennis-olimpiade: VS-wenner



Lize-Marie Swart
Twee keer die hoogste toekenning tydens die Bloemfonteinse Kunswedstryd: Drama

'n Spesiale spreekkoor is sekerlik die gesamentlike matriek- en Gr. 1-spreekkoor tydens die eeufeesvieringe:

Voor: Carla Theunissen, Thato Mahoko, Kailah Ferreira, Tshepy Malephane, Ané Jansons, Lané Nel, Marzé Verster, Charné Smit, Stompie Mosethe, Kani Pitso
Agter: Danielle Louw, Rika Jacobs, Lize Snyman, Vicky Joubert, Judy le Riche, Stephané Pretorius, Jo-Mari Vosloo



Hierdie Voortrekkers het daarin geslaag om in die Laerskool die Voorslagknoop met onderskeiding te slaag en om in matriek (2003) tot Presidentverkenner te word.



Voor: Christine Odendaal, Jana Coetzee, Izette Bredenkamp
Agter: Lyndall Derbyshire, Susan Conradie, Cecile Williams, Helena Janse van Rensburg.

Die gesamentlike Voortrekkerkommando van die Hoër- en Laerskool staan bekend as die Mev. Pres. Steynkommando. Ouers wat hart en siel in dié aktiwiteit was, het leiding geneem. Die onderwyspersoneel is daarby betrokke – so het mev. Nicolette Fourie se span twee jaar agtereenvolgens die kompetisie kamp gewen. Belangstelling vir die jeugbeweging by Oranje taan en tog presteer die dogters nog jaarliks op nasionale vlak.





Mej. Lizelle Small word in 1999 in die Biologiepos aangestel. Haar passie is revue! Sy begin dadelik met twee groepe en kan dan die eerste revuekonsert in 2000 aanbied. Dis 'n aktiwiteit wat baie belangstelling lok!



Mev. Corrie van Rensburg, die kunsonderwyser, dink nuwe planne uit om die kuns te laat leef. Sy gee die opdrag om papierrokke te maak. Dis 'n kunsvorm wat gou gewild raak en die dogters spog graag met dié kunsskeppings.





Terwyl die koor in 1994 op reis is na die koorfees van die Afrikaans Hoër Seunskool in Pretoria, word 'n skoolkombi gesteel. Dis aan die begin van die Model C-skoolplan. Die Onderwysdepartement dra nie meer by sodat die kombi vervang kan word nie. Dis ook nie meer Deleen Joubert se matriekjaar (1960) nie. "In daardie jare het juf. Jooste, die skoolhoof, 'n swart motor gehad wat nie baie groot was nie. Sy het op 'n dag 'n hokkiespan vervoer en toe almal nie inpas nie, moes twee in die katebak toegemaak word. Daar was ook die opwindende en yskoue rit na Kroonstad agter op 'n oop vragmotor. Elkeen moes 'n kombes saamneem. Die komberse ten spyt, was die kinders byna verkleum toe hulle op Winburg stilhou vir 'n bietjie warm koffie.

"Juf. Felicity Borstlap het darem 'n bromponie gehad en so kon sy meehelp dat Deleen op 'n middag 'n hokkie- en 'n netbalwedstryd by twee verskillende skole kon speel, danksy die 'lift' agter op haar Vespa! Ligawedstryde was die hoogtepunt – veral as dit 'n wegwedstryd was. Dit was 'n uur se stap na Eunice of St Michaels en die spelers moes vroegtydig begin stap. Na die wedstryd was dit lekker om 'n draai by die Waldorfkafé te maak. 'n Saamrygeleentheid is dikwels van die hand gewys, want om eerste-studie te mis, was presies wat ons beplan het." (Deleen Joubert - brief)

Oranje kan na die kombidiefstal nie terugval op die Vespa nie. Die enigste opsie is om self geld in te samel. Aan die begin van die Junievakansie ontvang elke leerling R10 van die skool om daarmee te gaan woeker. Blink planne word beraam. Na die vakansie is die geld in plek om die nuwe kombi te koop. Daar was natuurlik die leerlinge wat die R10 in 'n doek toegedraai het en net so terugbring het, maar daar was ook die entrepreneurs...

Mej. Matthee kan die nuwe kombi bestuur wat met die woekergeld gekoop is. Lizanne Steenberg (st. 9) het R500 terugbring nadat sy vleis verkoop het. Lizl Coetzee (st. 8) het R310 verdien deur suigstokkies te verkoop. Mea Rood het R432 ingesamel nadat sy 'n porseleinpoppie gemaak, haar in 'n pampoenrok geklee en toe uitgeloot het!

In 1994 beleef die Goudveld van die Vrystaat 'n ramp wat menselewens eis en storm- en modderskade aanrig. By Merriespruit, buite Virginia, breek die wal van 'n sliksdam in die nag. Die swart modder spoel in die donker oor die dorp en sy mense wat niksvermoedend gaan slaap het of maar net tuis was. In die donker word gesinne van mekaar geskei, raak kinders weg en sommiges wat in die pad van die moddermassa is, sterf. Nie spesifiek met hierdie ramp in gedagte nie, versoek mej. Matthee haar Afrikaansklas om 'n skryfstuk in te gee met die titel: So is die lewe.



1994 Ronelle Strydom

So is die lewe!
soos 'n dowwe spieël met 'n raaiselagtige beeld
nou ken ek net gedeeltelik
en verstaan ek die weë van die Here nie,
maar eendag sal ek ten volle ken en verstaan.

So is die lewe
op 'n Vrystaatse myndorp.
Vir baie maande het die son die aarde verskroei.
Maar die sluise van die hemel het oopgegaan en
alles word lowerryk en groen.

So verander die lewe -
in 'n oogwink 'n gladde dam in 'n moeras van wanhoop,
So verdwyn die lewe -
vir 'n ma, wanneer haar kind uit haar arms geruk word
om later koud tussen die riete gevind te word.

So verloor die lewe sin
vir 'n bruidegom, wanneer sy bruid in die moddermassa
verdwyn.

So gaan die lewe voort
vir twee bejaardes wat sonder brille en tande wegspoel
om mekaar later in die hospitaal te vind.

So is die lewe...
So was die lewe
vir talle vermistes wat vir ewig sal rus in 'n massagraf
van modder, in 'n kis van harde geelgoud mynslik.
en so gaan die lewe voort wanneer mense opstaan en
voortgaan met dankbaarheid – hulle lewe!

**Die Nederduitse Gereformeerde Kerk in die O.V.S.
Sinodale Kommissie**

DIE SKRIEF-
DE J.H. OOSTHUIZEN
TELEFOON: KANTOOR 051-486088
HUIS 051-9211674
FAX 051-479145



DE SINODALE SENTRUM
ST ANDREWS WAT 147
POSBUS 390
BLOEMFONTEIN
9300

8 Oktober 1995

Die Prinsipale Oranje Melsieskool
Posbus 1234
BLOEMFONTEIN
9300

Geagte mej. Mathee

SINODEBESLUIT: DANK EN WAARDERING

Die Sinode van die Ned. Geref. Kerk in die O.V.S. het op sy vergadering van 11-15 September 1995 die volgende besluit geneem wat ek graag onder u aandag bring:

Die Sinode herbevestig die besluit van die Sinode van 1982. "Die Sinode het met waardering kennis geneem dat die Prinsipale en personeel van die Melsieskool Oranje die doelstelling van hierdie inrigting saam met die Christelike en Nasionale wêreldbeskouing volgens die eise van die Woord van God uitleef en propageer op al die terreine van die lewe. Die Sinode wil hulle toehid die seën van die Allerhoogste en die krag van die Here om in hierdie tyd van verwagting van die Christelike beginsel op soveel terreine van die lewe, voort te bou op die beginsels van die ewige Woord van God".

Dit is soos die Bybel sê: "Daar is niks anders onder die son nie".

Seënwenste

J.H. Oosthuizen

DS J.H. OOSTHUIZEN
SKRIEF: MODERAMEN

Oranje bly getrou aan die stigter se ideale! In die kampskole was die akademie maar afgewater. Daarom moes die dogters van Oranje ernstige akademiese onderrig ontvang. Al was pres. Steyn ontevrede met die uitslag van die oorlog, moes die dogters Engels leer. Tale, Geskiedenis en die Wetenskap moes vanaf 1907 onmiddellik aandag geniet.

SKOOLHOOFDE 1952 - 1995

Hoërskool		Laerskool	
	C.M. Jooste 1941-1961		
	M. L. Spies 1962-1982		A. E. Rossouw 1956-1970
	E. Steyn 1983		E. J. Venter 1971-Junie 1979
	I. M. Pellissier 1984-1992		H. A. van Ryneveld 1979-Junie 1992
	M. Mathee 1993-		C. Muller 1993-2006

1993 Corize Strydom is twee jaar 'n finalis in die Rooi Rose Toptiener-kokwedstryd. Sy is die dogter van Erna Strydom (née Schwazer)		1993 Renata Schoeman Sy is die Dux-leerling in matriek wat ook die Elsie van der Watt-De Beerskild vir beeldbou wen, aangesien sy op nasionale vlak in die akademie presteer: Nautilus-Wiskundekompetisie - eerste in die VS en derde in Suid-Afrika; en sy presteer op nasionale vlak in die Skeinat- en die Afrikaans-Olimpiades. Sy is 'n finalis vir die Matrieknookompetisie en op kulturele gebied is sy 'n Presidentsverkenner.	
Tydens die Nasionale ATKV-leiersberaad vir hoëprofiel denkers word Annegret Geldenhuys as die President van die beraad gekies. Sy verwerf A-simbole vir drama en sang tydens die Kunstwedstryde. Sy neem nasionaal aan debatskompetisies deel. Sy vaar baie goed in die Afrikaans-olimpiade, sowel as die English Spelling Olympiad. Annegret is aan die einde van 1995 die enigste matrikulant in die Vrystaat wat met agt onderskeidings slaag!		Marisa Brynard sou eers in 2001 Annegret se mooi rekord met nege onderskeidings in die matriekeindeksamen verbeter.	



2003: Liza Jacobs is 'n finalis in die Toptiener-kokwedstryd.	
2005 Zorada Swart slaag matriek met tien onderskeidings - uitslae wat haar tweede in die Vrystaat se matriekexamens plaas!	

Die matriekuitslae van 2004 bevestig dat die appel nie ver van die boom val nie as die matriekpresteerders soos hulle oud-Oranje-ma's met onderskeiding presteer: Annerina Bezuidenhout en ma, Annelie Malan (1970), Susan Conradie en Jeanet Koorts (1974), Luzanne Botha en Marietjie Pienaar (1968), Elize Fourie en Anna- Maria Venter (1972), Helena Janse van Rensburg en Hettie Grobbelaar (1979).

Die akademie moet egter nie net klasgebonde wees nie. Dit wat ons hier leer, moet beslis van waarde wees in die wêreld daar buite. Daarom is mev. Brigitte Botha so 'n reuseaanwins vir Oranje in die Duitsklas. Elke leerling moet Duits PRAAT! Dit kom nie vanself nie. Mev. Botha het wel die perfekte uitspraak en tweejaarliks neem sy 'n groep leerlinge na Duitsland. Hulle kan boonop kies watter tweede land hulle tydens die toer sou wou besoek. Op toer word Duits 'n taal- en kultuurervaring! Hulle kom terug en kan met selfvertroue Duits praat en hulle pak die vak met nuwe ywer aan!




Die Duitsklasse leef die kultuur ook hier in Suid-Afrika! Elke jaar is daar 'n nuwe tema tydens die Duitsaand, soos die sprokies wat voorgestel word:

- Die drie varkies
- Swartwoudkoek
- Cinderella



Tydens die nasionale Ekspo vir Jong Wetenskaplikes presteer Oranje dikwels. Sedert die instelling van dié ekspo het drie dogters al die nasionale ekspo gewen en sodoende 'n beurs om oorsee te gaan.

2000 Jacqueline du Toit (St. 8) neem haar wiskundeprojek na Detroit. Met die meetkundeprojek word sy gereken as een van die 20-topskolewetenskaplikes tydens die Wêreldekspo.



2005 Suzette Brynard (St. 8) neem haar fisikaprojek na Chili.



2007 Lurissa Roos (St. 8) neem haar kommunikasieprojek na Taiwan.



Oranje se mooies

Oranje se mooies het nog altyd op skool en in die modewêreld hier en oorsee goed vertoon.

1996 Drien du Pesanie - Yardley: Look of the Year! Edgars Club-model van die jaar! Cosmopolitan: Supermodel of the Year! Natuurlike skoonheid is sonder kompromie.



2000 Yvonne Macalagh: Sy (st. 9) is die wenner van die tydskrif Elle se modelkompetisie en sy is Guess se gesig van die jaar.



2005 Althea Viljoen: Donderdagaande om ses sit Oranjeniete vasgenaai voor die TV om na hulle matriekmaat te kyk. Sy is een van Rooi Rose se tien topsupermodelle wat sake in 'n supermodelhuis op TV moes uitspook.



2000 Nadia Pretorius: Sy (st. 9) is die wenner van Blush se Miss Teen-kompetisie en bekom daardeur die Japan Pablo-kontrak. Sy het ook vroeëre kontrakte in Italië en Griekeland verwerf.



Die baanbrekers van Radio Eva

Mev. A Volschenk, Sonica van Zyl, Lulu Botha, Nelia Bornman, Marguerite Froneman, Carolien Pienaar. Voor sit die dryfkrag agter die hele onderneming: Helouise Froneman.

Dit is 'n welbekende feit dat leerlinge van 'n eengeslagskool meer selfvertroue het, dat hulle makliker hul mening lug en dat hulle aanhousers is as ander lankal moed opgegee het. Een duidelike voorbeeld hiervan is seker die stryd om 'n radiostasie by Oranje. Lulu Botha berig in die Vooruit: "Na 'n lang proses van smeek en vasbyt, het die radiostasie in 1996 die nodige toerusting ontvang..."'n Lening is by die skool aangeaan om die toerusting aan te koop. Hiervoor werf hulle professioneel advertensies om die radiostasie finansiële lewensvatbaar te maak.


Onder die bekwame leiding van Helouise Froneman en haar opvolger Eloise Pretorius kry RADIO EVA sy beslag. Die omroepers ontvang hul opleiding van Radio Shimla en die nuuslesers is deur RSFM onderrig. Die matriekvierkant het voller geword vóór skool en gedurende pouses, want musiek en aktuele nuus trek die luisteraars!



Eloise Pretorius is sedert haar st. 8-jaar 'n omroeper by RSFM 97 - kampusradio. Vanaf haar st. 9-jaar is sy 'n gewilde omroeper by OFM. Hierdie passie leef sy uit by die skool se Radio Eva. Sy is nie net die jongste omroeper met 'n voltydse pos in Suid-Afrika nie, sy is ook een van die jongste voltydse omroepers ter wêreld. Na skool word die uitsaaiwese die beroep waarin sy presteer en waar sy "heeltemal verslaaf raak aan die opwindende van die 'rooi lig'". (Vooruit 2000)

Die skoonhede van die eerste Mej. Oranjekompetisie:

L.n.r: Tweede prinses: Nilo Terblanche, Mej. Oranje: Lizanne du Plessis, eerste prinses: Louise Volsteedt



En van Radio Eva se projekte om hulle skuld te delg, is die aanbied van die eerste Mejuffrou Oranje-kompetisie. Annerette Fourie, oud-Oranje en eienares van die Guess-Modelagentskap, het die skoonhede - wat vooraf aangewys is ná intensiewe onderhoudvoering - afgerig. Die Kovsie-jookkoningin, Magda van der Westhuizen, nog 'n oudleerling, was deel van die span van beoordelaars.

OUDLEERLINGE

'n Oudleerling, mev. Saartjie Potgieter, het diep spore in Bloemfontein se geskiedenis getrap. Sy het in die Reüniekomitee gedien wat geld ingesamel het om die Fanie Naudésaal se gordyne aan te koop. Haar passie is egter die versorging van minderbevoorregtes. Sy het 'n leidende rol by die Oranje Vrouevereniging gespeel. Vir hierdie liefdestaak is sy in 2004 as Bloemfonteiner van die Jaar benoem. Sy woon reeds in 'n aftreeoord, maar is jaarliks (selfs op die ouderdom van 90) nog deel van die "Hoender-projek" vir die Kerskospakkies van minderbevoorregtes.



Mag Marais (néé Louw)

Sy is die dinamiese adjunkhoof van Eunice en word as Bloemfonteiner van die Jaar genomineer vir die opheffingswerk wat sy onder die jeug van Bloemfontein betreffende kultuurbedrywighede doen, asook vir opheffingswerk wat sy onder agtergeblewe mense doen. Sy is benoem vir die uitstekende produksies Evita, The Wiz of Oz en The Sound of Music wat sy in die Sand du Plessisteater op die planke gebring het.




Adv. Corene Bezuidenhout (néé Erasmus), ma van Suzanne, ontvang in 2002 'n spesiale toekenning van Oranje Reünie vir haar onbaatsugtige diens in Oranje se tuine. Corene ontsien nie moeite of geld om Oranje se tuine in 'n prentjie te omskep nie. Die terrein langs die onderste hokkieveld word opgegradeer, oral word rose – haar gunstelingblom – geplant. Sy los ook die grondverskuiwingsprobleem by die hokkieveld op toe die groot wal beplant word. Wanneer die wal nou in die lente blou blom, is dit voorwaar 'n huldeblyk aan Corene!



Karina Landman


Oranje staan binne die eise van die nuwe millennium – hoe word misdaad bekamp? 'n Oudleerling, Karina Landman (1990), 'n navorser in argitektuur en stedelike beplanning by die WNNR, doen navorsing oor die tendens van afgesperde woonbuurte. Die afsperring vind plaas om inwoners teen misdaad te beskerm. Die navorsing bewys dat die afgesperde gebied 'n frustrasie vir die pendelaars en verkeer is. Telkens ry jy jou teen hekke en tralies vas.



Die eerste sekuriteitspersoneel:
 Duimpie van der Westhuizen, Hans Fourie en Philip Visagie



Nou is die manne professioneel geklee en opgelei
 om Oranje te beveilig. Hans van den Berg en Stefan Langeveld.



m Oranje en ons dogters te beveilig stel die skool vanaf 2000 self sekuriteitspersoneel aan. Die vriendelike

manne wat die hekke bedags bewaak, word gou aangevul deur nagesekuriteit. Nog later word dit in die professionele hande van 'n sekuriteitsmaatskappy geplaas.



Oranje word 90!



Die program is ontwerp deur 'n oudleerling: Marina van Wyk (née Van der Merwe 1962)

As so 'n belangrike verjaardag nader kom, word daar koppe bymekaar gesit en planne beraam. Die vieringe skop op 10 April af met die inwyding van die Rachel Steynsaal. Die 1995-matrieks se ouerkomitee onderneem om hierdie groot geskenk aan die skool te gee.

Die twee oudleerlinge – Christa Strydom (née Human – ma van die hoofdogter, Ronelle) en Corrie Geldenhuys (née Du Preez – ma van Annegret) neem die inisiatief vir die restourasie van die Fanie Naudésaal se sypaal. Dié twee samel self die fondse in vir die restourasie. Hiervoor nader hulle oudleerlinge en die ouers van huidige leerlinge. So word die vloer per vierkante meter geborg, die verhoog, deure, vensterrame en ligte word afsonderlik geborg om uiteindelik 'n pragtige geheel daar te stel. Hulle sorg ook vir die meubels: 'n pragtige swarthouttafel met twaalf stoele word aangekoop en elkeen word afsonderlik geborg.



Mev. Christa Strydom (née Human – 1964)



Mev. Corrie Geldenhuys (née Du Preez – 1969)

Aangesien die Rachel Steynkoshuis intussen toegemaak is, word besluit om dié nuwe saal na die vrou van president Steyn te noem – die Rachel Steynsaal.



Dit is gepas dat die argitek, Jan Ras, die saal af gee aan appèlregter M.T. Steyn, kleinseun van ons stigter, pres. M.T. Steyn. Willemien, agterkleindogter van die president en mev. Steyn kyk toe.



Appèlregter Steyn se oudste dogter, Isabella (sy is genoem na haar ouma Rachel Isabella) sluit die saal oop wat na haar oumagrootjie genoem is.

Die matrieks van 1995 is die gaste by dié geleentheid.



Ronelle Strydom oorhandig die saal seremonieel aan Helouise Froneman, hoofmeisie van die Hoërskool, en aan Judy Steenekamp, hoofmeisie van die Laerskool.



Tanya Bekker – nog 'n 1995-matrikulant – kom sing enkele arias uit die operas tydens dié spesiale geleentheid.



Annegret Geldenhuys dra tydens die opening van die Rachel Steynsaal 'n monoloog voor.



By die Vrouemonument, waar ons stigter begrawe is, kom die skoolhoofde van Oranje byeen vir die 90ste verjaardag: Mejj. M. Matthee (1993 -), I.M. Pellissier (1984 – 1992), M.L. Spies (1962-1982), A.E. Rossouw (1956 – 1970), mev. C.H. Muller (1993-2006), mej. H. A. van Ryneveld (1979-1992).

Só wens die oudskoolhoofde Oranje geluk met die negentigste verjaardag:

Mej. M.L. Spies (1962-1982): “’n Mens wat 90 word, begin end se kant toe staan, maar ’n skool word net waardevoller vir die duisende leerlinge en honderde onnies wat deur die jare die voorreg gehad het om te kan sê: ‘Ek is ’n Oranjeniet.’

“Pres. Steyn se visie van 1907 het amper ’n sirkel voltooi in die twintigste eeu en vandag staan ons weer by ons stigter se redes: die onderwysstelsel en verengelsing. Die dogter moet in ’n skoolopset opgelei word om ’n aktiewe rol in die samelewing te speel.

“Soos 90 jaar gelede kom die helder stem: ‘Gee die vrou godsdiens, eerbied en geloof in die goeie, die edele en die heilige, en sy staan vas soos ’n rots.’

“Oud-Oranjeniete, sowel as die huidige, julle is uitgesoek om heldinne te wees, ’maar ook julle sal nie standhou...as julle nie in GELOOF standhou nie.’ (Jes. 7:9)

“Oranje, só na aan my hart, ek staan op en huldig jou.”

Mej. E. Steyn (1983): “Oranje het 90 jaar oud geword en steeds jonk gebly. Nie net word sy elke jaar verjong deur die toetrede van ’n nuwe groep meisies nie, maar ook in die wyse waarop sy haar kinders deur onderwys en opvoeding voorberei vir die eise wat later gestel gaan word, toon sy die jonkheid, daardie durf om te waag, daardie soepelheid van benadering wat nodig is om mense te vorm wat die grootste deel van hulle lewe in die volgende eeu gaan deurbring. Vanjaar se standerd ses-klas sal in die jaar 2001 die eerste matriekklas van die nuwe eeu wees!

“Dit is my voorreg om Oranje geluk te wens. My bede is dat sy in die nuwe dekade sal voortgaan om te werk en te wandel in die lig van God se Woord en te geniet van die pragtige deel wat vir haar afgemeet is.”

Mej. I.M. Pellissier (1984-1992): “Jy is ’n dogter en boonop het jy gekies om in Oranje te wees. Die meetsnoere het vir jou in lieflike plekke geval!

“Karaktervolle ou geboue eggo die stemme van duisende ‘pampoenrokke’. ’n Ryke tradisie bind die Oranje-familie oor die uithoeke van ons land saam. Vriendinne weet dat die skool se tweede leuse ‘Regtig Omgee’ is.

“Oranje word gekenmerk deur ’n wye vakkeuse, ’n groot verskeidenheid kultuur- en sportaktiwiteite, sodat elke leerling tot haar volle potensiaal en God se eer kan ontwikkel. Wanneer lang skaduwees oor Oranje se mooi tuine hang en jy op die groen gras uitrus, wéét jy watter voorreg dit is?

“Lekker verjaar!”



Dr. Zaza Pieterse, voorsitter: Oranje Reünie 1992-1997: “As ’n ou darem 90 jaar oud word, trek jy jou verjaarsdagrokkie anderster reg, so met ’n bietjie wintiegeit, so ’n bietjie rondomtalie, ’n bietjie sjattap-en-luister-vir-my.

“Trane oor nooit-weer-sien-vriendinne en onnies, weggepakte hokkiestokke en pragtige geboue soos die Groenewaldsaalkompleks, die biblioteek en baie olienhout- en kareebome wat op ’n dag of twee op die wegvatlorrie gelaai is.

“Lag oor die mooi jare wat verby is, klein stukkie karakter, integriteit, leierskaphumor en leergierigheid in pampoenrokke toegedraai.

“Die oud-Oranjes sê: Baie baie geluk! Ons tiekiedraai saam met jou die toekoms in!”

Aan die einde van ’n bedrywige naweek kan elke leerling en oudleerling uit volle bors by die Sondagoggenddankdiens sing:

*“Kom dank nou almal God met
hart en mond en hande,
Loof Hom wat wonders doen tot
in die verste lande.
Van vroeg van kindsbeen af, het
Hy ons trou bewaar
en tot vandag toe nog geseën en
gespaar.”*



Die skool se verjaardag gaan in Junie ’n trappie verder as juffrou Spies verjaar en dan natuurlik tydens die Kaapse Reünie in September. Hier word die leisels vasgevat deur Eunice Kotzé en Riekie van der Walt. Die twee dames kry die oudleerlinge bymekaar om juffrou Spies – die hart van dié byeenkoms – se verjaardag te gedenk en om nuus van die skool verder te versprei.

1ste Ry: Mej. M. Matthee, mev. C. Muller, mej. M. L. Spies, Christa Strydom, Eunice Kotzé.
Voor: Riekie van der Walt, Bettas Brummer, Deronea Kotzé

Wes-Kaap Reünie



Gauteng Reünie



17 Augustus 2002,
Centurion Teater -
Pretoria

Die groot verjaardag en die inwyding van die Rachel Steynsaal inspireer die 1998- en 1999-ouerkomitees om die saalkompleks te verbeter. Die 1998- matriekgroep gradeer die kombuis op. Die 1999-matrieks verander die aansig tot die Rachel Steynsaal.



ingang tot Rachel Steynsaal



Kombuis van die saal



In 1997 word Oranje nie net 90 nie, maar 'n totale omwenteling in onderwysbestuur bring mee dat Skoolkommissies nie kan voortbestaan soos Oranje daaraan gewoond is nie. Sedert die stigting van die skool het die NG Kerk 'n leidende rol in die skool se bestuur gespeel. Die Kuratorium, sowel as die skoolkommissie is deur die kerk aangewys. Enkele ouers is tot die Skoolkommissie verkies. In die nuwe onderwysbedeling bestaan die Beheerliggame uit ouers wat deur die ouers verkies word. Daar dien verder ook onderwys- en nie-onderwyspersoneel in die liggame en die hoërskole het selfs leerlingvertegenwoordigers.



DIE EERSTE OUERVERKOSE BEHEERLIGGAAM VAN DIE HOËRSKOOL

Voor: Annerina Verschoor (Onderhoofmeisie), mev. Reynette Brink, prof. Piet Strauss (Voorsitter), prof. Teuns Verschoor, Helouise Froneman (Hoofmeisie)
Agter: Mnr. Christo Oberholzer, adv. Magriet Fick, mej. Mariehetta Matthee, adv. Pieter Geldenhuys, mev. Greta Jordaan, mev. Hendrien Jacobs, prof. Jack van der Linde.

Dié ouerverkose beheerliggaamvoorsitters het die Hoërskool gelei:



Prof. P.J. Strauss
1997- 2000



Prof. S. Snyman
2000-2003



Prof. G.F. du Toit
2003-2007



I.D. Bosman
2007-

In die nuwe onderwysbedeling waar die Departement al minder onderwysers betaal, moet die skole self voorsiening maak vir buitemuurs en dan veral vir die finansies. Daarom stel Oranje 'n bemarker en sportorganiseerder aan.



Bettas Brümmer
(née de Jager)
Die baanbreker
bemarkers en
fondsinsamelaar.



Ané van Heerden
(née Serfontein 1983)
word die eerste
sportorganiseerder.

NUWELINGE EN SOTTEPAP

“**W**at is rooi, geel of groen, ruik baie onaangenaam en brand erger as Tobasco-sous? Die jaarlikse sottepap natuurlik!” (Vooruit 2004) Die nuwelingdogters is nog altyd hartlik by Oranje verwelkom!

Daar word ernstig aan hulle aandag gegee, want hulle kom vanuit die uithoeke van Suid-Afrika, Namibië en Botswana. Hulle moet gou tuis voel. Dis wat die sottepap doen. Jy eet dit met entoesiasme en in 'n goeie gees, dan is jy trots om jou plek in die eendfamilie te verdien.

Vir die sottepap-ritueel is die sotte gewapen met 'n swart vullissak en swempette, met dik Vaseline aan die gesig... gereed vir die onbekende brousel van sottepap wat saamgekook is van mieliemeel, peri-peri, Tabasco en verskeie onbekende warm bestanddele! Aanvanklik is die ritueel nog afgesluit met aalwynwater en dit alles moes op die Fanie Naudésaal se verhoog gesluk word!! Rachelle Froneman was sot van die jaar en daarom moes sy elke jaar – tot in matriek – sottepap eet. Sy glo dit het nie haar entoesiasme vir insout gedemp nie.

Mariné Jacobs kom in 2005 in die Vooruit tot die gevolgtrekking: “Insout maak jou nederig, dit help jou om deel te word van die skool en boonop maak jy nuwe vriende. Swaarkry maak mense immers afhanklik van mekaar en só word 'n hegte band gevorm. Ongetwyfeld 'n waardevolle en kosbare ervaring wat nie in woorde omskryf kan word nie. Mag hierdie tradisie altyd in Oranjeland voortleef!” Vooruit 2005:2



Sottepap



Die prefekte vrees self die sottepap...



Dis groen...dit brand...dis sleg...



Pa se aandag troos darem!

Dié sotte wil nie praat nie, wil nie hoor nie, maar kyk darem toe...



Die ontgroening, jou sottema en nuwigheid van die skool bly die sotte by, lank nadat hulle nie meer so groen voel nie. Soos die volgende dametjies onthou:

Gini Keyser: Ek moes die aand van die sottefliek vlieg!

Zarine Swarts: My sottema het haar kant gebring.

Elizna Prinsloo: Ek moes by Spec Savers ingaan en 'n duikbril en snorkel bestel.

“Milo”: My sottema het my weggegee en ek was nie eers stout nie.

Liza Jacobs: Ek moes vir Wilna Bezuidenhout “tackle”!

Nina Boshoff: My “knoffel-date” het my vertel hulle mag nie onderklere aantrek nie.

Tarina Vermeulen: My oumagrootjie, ouma en ma was ook hier.

Chantelle Groenewald: Oranje is 'n wenskool!

Alri van Schalkwyk: Insout is noodsaaklik – dit maak my deel van Oranje!

Ander se bydraes word verswyg, want die leperd krol of lepriekrol was sleg!



Been, bener, beenste



Mej. Bene: Cornél Marx, Eerste prinses: Sucéle Olivier, Mej. Duckling: Marquerite Oosthuizen, Tweede prinses: Antoinette Weideman, Mej. Paddaboudjies: Roslynn Carelse

Wat dink jy van die insout by Oranje?

• Dis pret! Dit bring jou aarde toe. Dis iets om te onthou - Christanet Nel

• Dit help jou om sommer baie gou maats te maak. - Sheree du Preez

• Jy is nie regtig 'n "Oranjeniet" voordat jy nie 'n sot was nie. - Marlene de Bruyn

• Dis VET PRET! Dit kweek 'n samehorigheidsgevoel wat later verander in lojaliteit teenoor jou maats en jou skool. Hiermee verdien jy om in Oranje te wees. - Mariné Jacobs



Die kruiwaresies word 'n kruiwafiasko!



So eindig koshuis-staddag in 'n waatlemoengreep en waatlemoenglimlag!



Die waatlemoen is nog skaars van die lywe afgewas, dan stap die sotte om 04:00 na Grey en St Andrews om die manne met hulle sang te betower.

Dan kom die sottekonsert... 'n riller vir enige skoolhoof! Wat gaan die sotte dié jaar opdis?




Die Grafsteensangers lyk eerder na die blinde sangers!



'n Tikkie Mexiko om internasionale kleur aan die sottekonsert te gee.



Estienne en Rachelle Coetzee – ons twee mejuffroue "Paddaboudjies" in 2000.



Sreen Bolt – Sot van die week!

Die koshuis/staddag het 'n mooi hoogtepunte. Wie wil dan nou graag verloor? Koshuis maak plakate, beplan en hardloop met die wenbeker huis toe saam met mev. Ria Strauss!



Die ontgroening sluit af met 'n skouerruiker, 'n kraaknuwe pampoenrok,



trots op die verhoog ...

want die meetsnoere het vir ons in lieflike plekke geval.
Ja, ons erfenis is vir ons mooi!



dan die matrieks se ereboog ...



en buite dreun die kreet...Sesse, is julle gereed?

Dan is jy deel van die skool, maar jy bly beslis 'n randfiguur by die Valentynsdag totdat jy in matriek is en die harte mag betower. Die aanvanklike hartjekoekies wat mej. Matthee in die vroeë jare negentig op hierdie dag aan die dogters uitgedeel het, het gegroei na 'n volbloed, bloedrooi hartedag!!

Dis geskenke uitdeel aan die Grey-manne wat dan weer die dogters met emmers vol rooi rose terugbetaal. Dis klaskamers in rooi, dis ontbyt met rooi, dis rooier klere en die rooiste hartklop as die genooide Grey-manne opdaag. Die son brand rooi en helder, maar daar word in die matriekvierkant gedans en dan teen pouse word dit 'n koeler rooi onder die bome as ander manne opdaag met rooi rose, mooi woorde en breë glimlagge! Dan kan dié dogters met die engelstemme nog in Grey se saalperiode vir hulle gaan sing!





Die graad 11's bly ook maar randfigure tot dat die matrieks in Oktober vertrek... want dan word die muis baas!

Kousbegrafnis



Mejj. Spies en Rossouw se honde, Seur en Farao, was legends op Oranje. Mejj. Spies vertel dat Seur laatmiddag so onrustig was dat sy met hulle moes gaan stap. Haar honde se staplus het menige Grey-man laat spaander, want dié het geglo mejj. Spies kom hulle by Joostehuis verjaag.

In die negentigerjare berig die Vooruit dat hier nuwe honde-sekuriteit by Oranje is!



Anje van Oranje
Vir 'n tyd lank kon Gabby, mejj. Matthee se hond, daarmee spog dat sy die enigste "gevaarlike" donker figuur op Oranje se skoolterrein is. Sy het snags die terrein verken en die skelms bo by die netbalbane verdryf. Toe word sy opgevolg deur Anje van Oranje! Mev. Barnard het 'n dineekaartjie uitgelooft vir die beste naam vir die skool se nuwe bewaker – die wenner: Aletta Zietsman.



OMS se kraghond.



Gabby hou wag oor OMS laat in die nag. Geen dief sal dit naby ons waag.




Selvs tot in die dag lê Gabby en wag om diewe pyn te verskaf!



Maar bedags word Gabby pampoen gevoer, geskenk deur 'n boer.



Die lewe op Oranje is pret. OMS se kragbron is Gabby die hond!



Filum Anatidea

“Eende (familie Anatidea) is middel-groot voëls wat in of by die water lewe. Eende word volgens die wyse waarop hulle voedsel soek en volgens die bou van die snawel in hulle verskillende groepe ingedeel, byvoorbeeld swemeende, duikeende en fluiteende.

“Swemeende word in vlak varswater aangetref. ’n Kenmerkende eienskap is die vermoë om sonder enige aanloop uit die water op te vlieg.

“Duikeende is op land baie lomp, maar hulle is uitstekende duikers.

“Fluiteende word weens hulle voorkoms en besondere lang pote soms met ganse verwar. Hierdie eende maak kenmerkende fluitgeluide. Dan is daar natuurlik die bekende Oranje-eend (subfilum: Steyn). Daar is al baie navorsing gedoen rondom dié betrokke eendsoort. Daar is egter nog min feite beskikbaar weens die misterieuse leefwyse wat dié eendsoort beoefen wat navorsing bemoeilik.

“Die Oranje-eend dateer uit die vroeë negentien-honderds (1907 na skatting). Hulle is onder subfilum: Steyn geplaas omdat ’n sekere pres. Steyn hulle ontdek het. Een van die redes hiervoor is die onbeperkte bydrae wat die betrokke voëlsoort al tot die samelewing gelever het.”

Geen wonder dat Andra Barnard in 1998 in die Vooruit hulp soek rondom die “leefwyse en manièresmes van dié voëlsoort” nie. Die ander eend – subfilum: beeldjies – het altyd ’n wonderlike uitwerking op elke Oranjeniet! Is jy in die Kaap of in Europa – ’n eend herinner jou aan Oranje! Is jy hartseer, verlaat jy Oranje of presteer jy – dan is jou troos of beloning ’n eend! (Andra Barnard 1998)

Joostehuis, Oranje Meisieskool, Bloemfontein

2 Mei 2000

Liewe Pa

“Dinge by Oranje is nie soos wat dit verlede jaar was nie.

“Eers het die skoolhoof die brandweer moes bel nadat sy by kerslig gebad het en vergeet het om daarna die lig dood te blaas. Toe bel sy die verwers, want haar huis se mure het gelyk soos die wat Ou Dominee ons teen gewaarsku het toe hy die vakansie oor die okkulte gepreek het – vol kerswas en so swarterig.

“Onthou Pa, ek het Pa vertel juffrou Elaine is verlede jaar met ’n seer rug hier weg na die spesialiste in Johannesburg? Sy het sonder rugpyn en met ’n liewe Skotse man teruggekom. Wonderlik wat die spesialiste deesdae alles voorskryf.

“Pa moenie dink Oranje is net in die koerante se sportbladsye nie. Toe ons nou die dag die Volksblad oopblaai, sit juffrou Corrie gedress-en-gedoen in die middel van bladsy twee! Ons het belangrike mense hier – oom Pieter Geldenhuys is die leier van die amptelike opposisie en oom Pieter Strauss, van die koshuis, is die kerk se moddermaker – of so iets.

“Ek sê nou vir Pa, Valentynsdag is nie sommer net ’n triek van die bloemiste nie. Dis ’n triek van die karverkopers ook, want juffrou Rita-Marie het vir Valentyn ’n bloedrooi Audi A3 by haar man gekry. Ek probeer nog by haar uitkom om uit te vind hoe ’n mens dit doen – dan vertel ek vir Ma. En juffrou Rauchelle het ’n groot ruiker gekry van haar mediese verloofde en nou trou sy en haar suster sommer saam in Desember.

“Pa ken mos vir juffrou Reynette – die een wat Pa altyd sê praat so goed? Sy val net so lekker, want nou die aand toe slaan sy voor oom Nico Hoogendoorn se voete neer. Moes vir dae met ’n verband en kruk loop. Haar man sê dis omdat sy weer van nuuts af op hom heen-af geraak het.

“En juffrou Greta praat ook nie so goed as wat Pa reken nie. Elré sê dat sy nou die aand – nogal by die beheerliggaam – nie kon besluit of mense “uitgesluit” of “uitgeskuif” voel nie, en toe sê sy hulle voel “uitgeskuit” en toe verstaan almal verkeerd.

O, en Gabby is glad nie so vaak, vet en vaal soos Pa altyd sê nie. Gabby het dit op haar geneem om Astron – die sekuriteit – se reaksietyd te toets. Een middag laat toe ons in juffrou Doris se wiskundeklas sit, sien ons hoe juffrou Matthee by die personeelkamer uitgehardloop kom om betyds die deur te sluit nadat sy die alarm aangeskakel het. Twee somme later gaan die alarm af en juffrou Matthee en die Astronman kom saam na die personeelkamer aangehardloop. Wie het die alarm afgetrap? Gabby! Sy het ewe skelm in die personeelkamer weggekruip toe juffou Matthee dit sluit en maar net getoets om te kyk of ons op Astron kan staatmaak.

Verder gaan dit goed by Oranje, Pa. Sê groete vir Ma en Boetman.

Pa se Pampoen
(Vooruit 1:2000)



Juffrou Matthee



Gabby



Juffrou de Waal



Juffrou Rita-Marie



Juffrou Corrie



Juffrou Gretha



Juffrou Reynette



Mev. Marthie Rowe
1973-1993

Sy duld nie “’n kat” wat nie huiswerk gedoen het nie. Haar Geskiedenis- en Aardrykskondeleerlinge presteer pragtig en elkeen wil net nog meer van dié vakke leer! Mev. Rowe is ’n knap atletiek- en netbalafrigter. As departementshoof neem mev. M. Rowe leiding en lê vaste riglyne neer. Sy is in beheer van die leiers van die skool en daar leef sy die voorbeeld van leierskap uit.



Mej. Rosa Delpont
1976-1993

Die juffrou wat baie lief is vir haar kat, vir Duits en Afrikaans. Sy hou van mooi aantrek. In die Afrikaansklas ken sy haar vak en sy gee aan die leerlinge die liefde vir ons moedertaal. Sy is die ewige student wat volhou met buitemuurse studie. Sy is verantwoordelik vir die Vooruit, die skoolkoerant en behulpsaam by die redenaars.



Mev. Fransie Henning (1977-1999) en mev. Julia Arndt (1984-1999)

“Ai tog, Moedertjies” of “In Rekeningkunde is daar net twee antwoorde, die regte een en ’n verkeerde een!” Dis die sêgoed van mev. Julia Arndt (Biologie 1984-1999) en mev. Fransie Henning (Rekeningkunde 1977-1999). Die twee dames sal onthou word vir hulle hardwerkendheid, maar beslis ook vir hulle omgee vir kinders. Albei kon die akademie indril en mev. Henning kon vóór vat by die netbal. Dis twee departementshoofde wat voorwaar die belange van die skool op die hart gedra het.



Mev. Reynette R. Brink
1978-2005 - Adjunkhoof 1993-2005

’n Ware dame met ’n passie vir styl, vir haar vak en vir kinders. Mia Geldenhuys skryf in die Vooruit 2004: “Met ’n ferm hand lei mev. Brink funksies en behartig sy haar Engelse klasse. Maar sy bly ’n lus vir die oog. Haar kleredrag is nooit stereotiep nie en grens nie eers naby aan die vervelige skooljuffrou soort nie.” Sy skryf self oor haar verwelkoming as adjunkhoof: “Die lekkerste lekker Vrydag vir my was toe ek deur die ereboog moes loop: DIT was nou hoendervleis-lekker!” Suzanne Bezuidenhout skryf in die Vooruit in 1999: “Dié onderwyseres ken haar vak – Engels. Sy is Oranje se drama-dame en sy dink die wêreld van William, dis nou Shakespeare. Mev. Brink se gedrag getuig van selfvertroue en vroulikheid. Oranjeniete ken tog die woorde: ‘Pollatjie, ’n dame skree en hardloop nooit nie!’”

Mev. Brink neem woordeloos leiding, want sy word gerespekteer en sy respekteer dié met wie sy in aanraking kom. Vir sowel die kinders as die personeel is sy ’n rolmodel – sy ken haar vak, sy ken mense en sy ken die hartklop van Oranje. Almal ken haar liefde vir varkore en almal is dit eens dat sy haar woord besonder goed kan doen, is dit die Ma-en-dogtertee of prysuitdeling, die atletiek of gala – sy kán haar woord doen! Sy kan in ’n kind se hart inkyk, omgee en troos – want kinders is haar passie, haar rede vir onderwyser wees!



Mev. Corrie Geldenhuys
1985-2005

Die Juffrou wat altyd iets nuuts aanpak!! Sy studeer en reis voortdurend en motiveer en inspireer die dogters. Die klavierjuffrou van vroeër word Departementshoof en toe musiekonderrig onbekostigbaar word, skuif sy oor na Engels, wat sy met nuwe geesdrif aandurf. Sy kan organiseer, veral fondsinsamelingsprojekte en ’n matriekafskeid!



Mev. Lenie Neethling
1985 -

Die Tikjuffrou
Die omgee - juffrou!
Die atletiekjuffrou
Die registerjuffrou wat leiding gee aan dié wat aan haar toevertrou is.

ynette Liebenberg, die koorleier vir 10 jaar, en Margie Herbst (née Bredenkamp), die begeleier, slaag daarin om met Oranje se koor die Internasionale Kinder- en Jeugkoorkompetisie in Pretoria te wen. Dié koor word etlike jare tydens die ATKV se Applous streekfees met goud beloon.



Hulle het Oranje gelei.....




Ambassadeur Hermaans Machaba
1980-1999

Oranje is onvolledig sonder Hermaans, die altyd-vriendelike man van Oranje. Hy is die busbestuurder, hy ken die ratte van die Broodblik (’n geel/oranje1968-Volkswagenkombi), hy is die amptelike bode en algemene assistent van Oranje.

As Broodblik-bestuurder moes hy smiddae die koshuisdogters rondry. En was hy kwaai met die stoutes! Maar die kleintjies wat van die swembad op pad koshuis toe in die kombi aan die slaap geraak het, dié kon hy nie wakker maak nie. Hy het hulle maar Le Rouxhuis toe gedra.

Hermaans was baie trots op sy werk by Oranje. Vir hom was dit ’n “lekker” plek. Hy ken die kinders en kan hulle vermaak deur die onderwysers na te boots.

Hy ken die stad soos die palm van sy hand. Hy is altyd op sy pos. Dit grief hom as die kinders die bus so bemors. Ek onthou hoe hy in 1996 vroeg die oggend met die bus weggetrek het Bethlehem toe, want die groot bus loop mos op sy beste net 80 km/h. Daar moes Oranje se eerste hokkiespan gaan uitspeel teen Voortrekker om die Direkteurstrofee. Hy was net so bly soos ons toe Oranje die trofee ná die wedstryd omhoog kon hou!



Daniël Mphaki
1966-2002

Hy begin as skoonmaker onder Mej. Spies werk – “die hoof wat baie streng is.” Daarna verskuif hy na die hokkieveld – “Juffrou Abrahams was baie, baie kwaai, maar haar hokkiespanne het altyd gewen.” Toe word hy die bode by die laerskool – “Juffrou Rossouw het altyd gelag.”

Hy aanvaar die uitdaging as kok by Le Rouxhuis – “Juffrou van Loggerenberg wil hê hy moet 55 kg hoender met 2 vurke ontbeen!”

Sy laaste opdrag is dié van kok by Joostehuis: Mnr. Oberholzer vra altyd: “Wat eet ons vandag?” As dit hoender is, begin hy kraai. Die kinders: “Hulle is baie stout soms. Hulle mors in die aande in die eetsaal.”



Lucy Massisi
1977-2002

Sy het by Joostehuis gewerk voordat die nuwe kombuis en nuwe kamers aangebou is. “Die skool was nog altyd mooi, maar het nog mooier geword met die jare. Veral die tuine het baie verander.” Sy onthou die mense van Oranje:

Juffrou Rossouw: “Baie goeiehartig en haar hond het altyd saam met haar in die motor gery.” Juffrou Spies: “Sy was baie streng en die kinders was bang vir haar.” Juffrou Pellissier: “Goeie vrou, maar stil.” Juffrou Matthee: “Sy is ’n baie sterk vrou, soms goed, soms kwaai.” Die kinders: “Hulle skrik nie vir my nie. Sommige is oulik en ander is baie stout. Hulle mors, mors, mors.”



Johannes Khakau en Frans Khakau
1969 - 1976 -



Johannes en Frans se ma, Selina, werk in Le Rouxhuis. Selina het nog voor die dae van elektrisiteit in Le Rouxhuis se kombuis gewerk. Daar was koolstowe en die potte en panne is met moeite skoongemaak omdat daar altyd te min warm water was, vertel Johannes.

In 1969 begin Johannes by Strydomhuis werk. Hier is hy ’n tuinwerker en omdat daar so min kinders inwoon, help hy ook om die koshuis skoon te hou. Johannes was hier knap nadat die Fanie Naudésaal gebou is. Hy was deel van al die grondwerke wat plaasgevind het. Toe die waterstelsel na 30 jaar begin ingee, is hy die man wat presies weet waar ons behoort te graawe om al die lekkasies te herstel.

Johannes se broer, Frans, kom in 1976 na Oranje. Hy val sommer dadelik by Joostehuis in waar hy steeds werksaam is.

Die twee manne werk saam met vier skoolhoofde en het veel te sê oor dié bestuur. Juffrou Spies: “Kwaai! Sy raas met die kinders. Sy sorg vir ons en mnr. Herselman.” Juffrou Steyn: “Sy’s baie stil. Sy praat net as ons moet werk!” Juffrou Pellissier: “Sy is goed vir ons.” Juffrou Matthee: “Sy is baie lief vir tuinmaak en werk saam met ons. Die tuine lyk altyd mooi.” Mnr. Herselman en mnr. Oberholster is die twee terreinmanne wat hulle uitsonder. Goeie mense om mee saam te werk!



Dolly Malangabe
1984 -

Dolly begin werk by Strydomhuis en nadat Joostehuis vergroot is, skuif sy soontoe. Sy beleef koshuisouers wat kom en gaan. “Prof. Piet, die Moruti, kan so mooi sing saam met die Bybel en mev. Strauss gee vir ons pille as ons siek is. Hulle het agt kinders gehad! Die Reynderse is stil mense en hulle seuns is ook stil!”

Die matrones onthou sy vir hulle opregtheid, vir hulle toegeneentheid teenoor die koshuiswerkers, vir die lekker kos wat hulle maak en maklik uitdeel. Dolly onthou ook veral die matrones wat kon lag en grappies maak!!



Janet Tele
1986 - 2005

Janet begin by Joostehuis. Later skuif sy as skoonmaker skool toe en eendelik beland sy in die kantore. Hier leer ken sy gou die personeel en weet presies hoe om hulle gelukkig te hou!



Dr. E. Greyling wat vanaf 1945-1966 die voorsitter van Oranje se skoolkommissie was, het in 1938 die saadjie by die NG Kerk geplant om 'n kindermonument op te rig ter ere van die kinderhelde van ons volk. Hierdie monument wat uit agt panele en 'n sentrale beeldgroep bestaan, het in 1959 'n ereplek by die Sondagskoolgebou gekry.

Die beeldgroep is deur prof. G. Ricotti ontwerp, terwyl Laurika Postma verantwoordelik was vir die panele van die volkshelde. Die fondse vir die beelde is deur Sondagskoolkinders ingesamel. 'n Monument vir kinders deur kinders!

Toe die Sondagskoolgebou in Maitlandstraat in 2003 verkoop is, is met die tussenkoms van mej. J. Abrahams besluit om dié kunswerke aan Oranje te skenk. Mev. Reynette Brink het met 'n besondere passie beheer geneem van die projek en dit in die skooltuin kom hervestig. Die Beheerliggaam van die Hoërskool het R70 000 vir die hervestiging bewillig.

Dis Van Wyk Louw se are wat geslagte aan geslagte bind – die hede en die verlede. Oranje is onlosmaaklik verbind aan die verlede wat in hierdie panele gesimboliseer word. Ons wil daarmee assosieer. Ons wil deel wees van hierdie erfenis. Ons wil op hierdie geskiedenis voortbou.



In die Katkisasiepaneel sien ons die Laeveldse berge, die kalfie wat melk soek en Pa se knie wat al blink. Is dit van bid? Dis Pa in die liefdevolle onderrigdaad – die kinders moet leer van God.



Selfs die onskuldige suigeling op Ma se skoot word deel van die huisgodsdien – dis die rigskoer van ons volk. Dis nie net 'n tradisie wat voortgesit word nie – dis die opdrag om te luister na die Woord en om dié opdragte gehoorsaam uit te voer.



Rachel de Beer wat omgee – nie net vir die kalfie nie – meer nog vir haar broer. Sy soek onverskrokke vir hom skuil; sy bied haar lewe in ruil vir sy oorlewing.



Die kinderpaneel lei die oog onwillekeurig na die beeldgroep wat groei uit die geopende Bybel met die woorde: Laat my lammers wei! Die weerbarstige vlegsels van die dogter bevestig dat ons moed en durf het. Die kappie is af – ons word nie teruggehou deur tradisies nie. Die seun kyk op - hy weet waar sy hulp vandaan kom.

Oranje Reünie

Die kappies en panamahoede van die vroeëre Oranjeniete is af en die oudleerlinge word in Oranje Reünie vasgeknoop – nog altyd koester hulle die skool se belange, wil hulle die skool toelaat om voort te bou op jarelange tradisies.



Oranje Reüniebestuur 1997 – 2001

Voor: Mevv. Marina van Wyk, Christina Muller, Christa Strydom (Voorsitter), mej. Mariehette Matthee, mev. Therése Delport

Agter: Mevv. Marleen Webber, Corrie Geldenhuys, Ebeth du Plessis, Hanlie du Toit, Patat van der Post

Mev. Christa Strydom (née Human 1964) word in 1997 die nuwe Reünie-voorsitter. Sy adem Oranje, want haar dogters, Therése en Ronelle, is hier deur en nou loop sy dieselfde pad vir die derde keer saam met haar kleinkinders. Sy skryf aan die oud-Oranjes:

“Die blouereën blom bloupers voor Elizabeth le Rouxhuis as ek my kleindogter voor die Septembervakansie gaan oplaai by die Preprimêre Skool. Toe die skoolklok lui, is Oranje skielik pienk, want dit is mev. Muller se verjaardag en almal het spesiaal vir haar pienk aangetrek.

“Vir my was Oranje nog nooit pienk nie ...

“En tog is Oranje pienk, want dogters ontwaak hier in die lente van hul lewens. Op Oranje blom hulle in volkome vroulikheid tot volwassenheid. Oranje is pienk en rooi en oranje by die matriekafskied. Oranje is pienk wanneer die perskebloeisels voor die Afrikaansklas blom...

“Vir my is Oranje ook rooi – Brebner-rooi! Oranje is die rooi baksteenmuur agter die nuwe beeldgroep by die biblioteek. Oranje is rooi wanneer ons toegewyd en met passie werk om ons doelwitte te bereik. Oranje is rooi wanneer die liefde blom...

“Oranje is soms wit... die kraakwit van langmouhemde wat in gelid na die Vrouemonument loop om hulde te betoon, die wit van bordkryt wat kennis oordra en wit koppe wat na 60 jaar terugkom skool toe om reünie te hou. Oranje is die wit van waardes wat na amper honderd jaar steeds van geslag tot geslag oorgedra word.

“Oranje is die geel van eende, pampoenrokke, affodille en Boshoff. Oranje is blou as die blouereën blom... Oranje is die blou van 'n nuwe swembad, Fischer en soms 'n blou Maandag. Oranje is Otto-groen wanneer Oranje groei... wanneer vernuwing en verandering voortdurend plaasvind.

“Oranje is die bruin van skoolbanke, die bont van vrolike rangskikkings by die Maen-dogtertêe en die swart van blink gepoetste skoolskoene en kouse tydens die kousbegrafnis.

“Vir my is Oranje dit alles en soveel meer ...

“Oranje is ORANJE, Oranje is pampoen.” (Jaarblad 2005)

Oranje Reünie skep geleenthede om met die skool in verbintenis te bly. Hulle verwelkom die standaard sesse op Onze Rust en deur die jaar word die kinders bewus gemaak van die omgee van die Reünie.



Oranje Reünie vier elke jaar die Preprimêre skool se verjaardag. Dan is daar die graad R-dag wanneer die kleuters grootskool toe genooi word.

Saam met die standerd vyfs word die Laerskool feestelik gegroet, want nou wag die hoërskool.



Dis net die Reünie wat die matrieks van die lewe kan vertel! Daarom word die matrieks na die hartland van Oranje genooi. Dis waar elke matrikulant aansluit as sy in voeling met die skool wil bly!



Onleerlinge beweer as Oranjeniete 'n doel voor oë het, kan niks hulle stuit nie. Toe die langverwagte droom van die astro – die sintetiese hokkiebaan – waar word, is Oranje onstuitbaar in die eerste wedstryd op dié baan teen Eunice. Die eerste hokkiespan wen met 4-0! Hannes Nienaber skryf in die Volksblad: “In die wedstryd teen Eunice het die doelskieter, Snip van Zyl, twee doele geskiet, terwyl die ander deur Elri Richter aangeteken is. Van Zyl, Jo-nelke Swanepoel (skakel) en Naudine Oosthuizen (skakel) het vir die wenspan uitgeblink!” Mnr. Enrico Irvia, die pa van Willien en Amori, bou die tegniese area langs die astro.

Die groen tapyt...

“Moeg om elke keer die bus se trappe te klim, in die hitte te gaan sit en wag vir die lang reis na Grey se astro? Dit tyd is hier, liewe dames... vir ons eie GROEN TAPYT! Die groot monsters is al klaar op die terrein besig om kraters van gate te grawe. Al die ure van swoeg en sweet om ruimte te maak vir die groen mat waaroor almal droom...” (Lechelle J van Rensburg – Vooruit 2007)

Ja, volgens mej. Matthee word 'n onmoontlike droom waar... Ek onthou Gerhard van Straaten se reaksie: “Dis vergesog, onmoontlik!” Ek ken Lida Ezendam wat oor jare streng oor ons finansies waak. Ek weet Thinus Oosthuizen is begeesterd en doen navorsing. Ek vertrou Gawie Rossouw se kundige finansiële beplanning. Ek is dankbaar vir Gawie du Toit se entoesiastiese ondersteuning. Ek juig oor Lucia Theron se presiese bestuur van Oranje se hokkie. Ek klap hande vir Braam van Wyk wat Oranje se hokkie laat seëvier!

Dit is die span wat saam met meelewende ouers die bou van hierdie baan laat gebeur! Op 16 Januarie 2007 onderteken Oranje die ooreenkoms met Bob Merriweather en op 18 Augustus word die baan amptelik in gebruik geneem.



OMS Eerste Hokkiespan:
Wenners van die Vrystaat Hokkietrofee 2006
Voor: Carien Jacobs, Michelle van Rooyen, Louzeth Schutte (Kaptein), Carlé Poggenpoel, Amoré van Wyk
1e ry: Naudine Oosthuysen, Cherié Smith, Marelle Lubbe, Marelle Benadé, Elri Richter, Jo-nelke Swanepoel
2e ry: Mej. L. Theron (Bestuurder), Hettie Oosthuysen, Sumari Jacobs, Snip van Zyl, Anmari Reynders, Tanya Dreyer, Braam van Wyk (Afrigter)



Oud-Oranje Springbokhokkiespelers: Hilda Burnett, Aryna Edwards, Anli Kotzé (SA-kaptein), Pietie Coetzee (grootste SA-doelskieter)

OMS Eerste Hokkiespan:
Wenners van die Vrystaat Hokkietrofee 2007
Voor: Naudine Oosthuysen, Amoré van Wyk, Liné Krös, Christine Jacobs, Tanya Dreyer, Anmari Reynders, Cherié Smith, Sumari Jacobs, gelukbringer: Hanru van Wyk
1e ry: Sadie Pieterse, Jo-nelke Swanepoel, Izelle Lombard, Hettie Oosthuysen, Simoné Lausberg, Carlé Poggenpoel, Snip van Zyl, Lize Steyn, Lucia Theron (Bestuurder), Braam van Wyk (Afrigter)

Oranje is nie net gebou en aktiwiteite nie, Oranje is eintlik mense... kinders en personeel wat kom en gaan, maar ons waardes en geloof bind die geslagte aan mekaar. Daarom huisves Oranje nie net geslagte nie, maar ook gesinne. So kan baie ouers erken dat hulle 20 of selfs 23 jaar (Carin en Andra Barnard) Oranje toe gery het om dogters af te laai... en dan... op 'n dag is alles net verby.



Voor: Naudine, Angenita, Hettie
Agter: Elana Oosthuizen



Voor: Marcia-Lynn
Agter: Veronica, Joyce, Suzaane van der Linde



Frennie, Magda, Molly, Sienie, Elize en Sanet van Wyk van Bothaville.



L.n.r.: Theresa, Isa, Erine, Daneile en Christine Jacobs

Nee, dit is nie net verby nie, want die vriendskappe wat hier gesmee word, groei verder as net die heinings van ons skool.

Die vier gr. 1-dogtertjies word saam groot.
Suzette Brynard, Anél-Marie Swart, Helanie Roos en Karin van Rensburg



Suzette, Anél-Marie, Karin en Helanie op die matriekafskeid! Hierdie vriendskapsband staan sterk na 12 jaar op Oranje!

Tien jaar nadat Ronelle Janse van Rensburg (née Strydom – hoofmeisie 1995) matriek geskryf het, skryf sy oor juffrou Matthee...

"Met my eerste toespraak as hoofmeisie het ek op mej. Matthee se verjaarsdag gesê sy dans op die bergtoppe. Sedertdien

het sy my geleer dat geen piek te hoog is, geen uitdaging te groot is en geen liefde te diep is nie.


"Sy inspireer met haar kreatiwiteit, die entoesiasme, doelgerigtheid en toegewydheid waarmee sy projekte aanpak en haar hardwerkendheid wat geen moeite te veel maak nie. Vir haar is uitmuntendheid nie 'n daad nie, maar 'n gewoonte.

"Sy betree elke dag haar wêreld met opregtheid, integriteit en waardigheid. Sy is 'n ongelooflike sterk en dapper vrou wat elke uitdaging wat oor haar pad kom, met moed, kalmte en wysheid hanteer. Ek bewonder haar vir haar uitsonderlike vermoë om te lei, te motiveer en te inspireer.

"Sy loop elke dag in geloof Vooruit en daarom dra sy die juwele van innerlike vrede, vergenoegdheid en dankbaarheid vir dit wat sy elke dag uit genade ontvang.

"Na skool het ek mej. Matthee met ander oë leer ken. Nou sien ek hoe groot haar hart is, hoe baie sy omgee, hoe sterk haar geloof is; dan weet ek Oranje is in wonderlike hande."

Ronelle Janse van Rensburg (née Strydom – hoofmeisie 1995)





Primère Skool



*Die gelag van
kinderstemme
word'n hemelse
vrotlikheid!*

Jonker

Januarie 1993 - Junie 1993

Mev. Siet Jonker hou skool by Oranje Primêr sedert 1986 tot Junie 1993. As departementshoof sedert 1985 en as 'n gerekende leier by die skool, word sy gevra om waar te neem nadat mej. H. van Ryneveld bedank.

Haar eerste taak is om Oranje Preprimêr te help om op die been te kom. Sy en dr. Frans Burger, die voorsitter van die Beheerliggaam, staan mev. Christa van Schalkwyk in dié belangrike taak by. Sy verrig die taak as waarnemende hoof met groot omsigtigheid, sy ondersteun die personeel en dra die kinders met liefde op die hande.



Mev. G. M. J. Jonker
waarnemend

Januarie 1986 – Junie 1993

Christina Muller (née Karshagen) is op Reitz in die Vrystaat gebore waar sy ook later matrikuleer. Daarna bekwaam sy haar as onderwyseres aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege. Sy tree in die huwelik met Piet Muller en uit die huwelik word 'n seun en twee dogters gebore. Sy hou skool op Frankfort, die Laerskole JBM Hertzog en Willem Postma. Toe word sy in 1987 die Gr. 1-juffrou by Oranje.

Sy glo: "Die Here het my met 'n spesiale doel hier geplaas vir die kinders, vir die ouers en vir die personeel. Kinders is my grootste prioriteit – kinders moet gelukkig wees – die skoolhoof en personeel is die kind se sekuriteit – daarom moet jy altyd beskikbaar wees. Onderwysers moet kinders spesiaal hanteer, foute kan nie later reggestel word nie" (Kwaakblad 1994)

Sy laat die eerste anderskleurige gr. 1-dogtertjie – Kgomotso Regomoditswe Nyembe – in 1994 in Oranje toe. Kgomotso sou 12 jaar later aan Oranje matrikuleer.

Ek loop die reguit pad!

C. H. Muller.



Mev. C. H. Muller


Primere Skoolhoof

Julie 1993 – 2006

Sy glo daarin dat die dogters deur eie voorbeeld almal rondom hulle moet inspireer, want dit is nie wat om ons is nie, maar wat in ons is wat geluk bring.

*Juffrou Muller die skoolhoof.
Juffrou Muller is altyd netjies.
Haar hare is mooi afgedraai.
Sy trek netjies aan.
Sy is goed.
Sy is baie lief.
En sy lees kegs van die wisk.
Sy is baie lief vir Oranje en ons is
lief vir haar.
Sy is baie goed skoolhoof.*

Annieke Weyers st 1



Mev. Muller se entoesiasme om die gemeenskap te dien word so mooi aan haar leerlinge oorgedra dat Danette Brink (st. 3) op eie houtjie 'n konsert reël om geld in te samel vir die Volksblad se Kersfonds. Sy samel 'n hele R100 in!



Danette Brink is die jeugdige, 10-jarige bruid en sy word bygestaan deur haar maats om die konsert te reël.

In 1996 wis 'n pa van Dewetsdorp sy hele gesin uit. Hy was getroud met Christa Neethling (Matriek 1981). Hulle dogtertjie, Olehandra Nel, was in Oranje en volgens mev. Muller was sy 'n "engel". Na die tragiese voorval het mev. Muller die gesinshulplyn begin wat later oor die hele land uitkring. Hiervolgens is daar 'n 24 uur-noodlyn beskikbaar waarheen kinders in nood kan skakel. Dié noodlyn kan nie net trauma hanteer nie, maar dit word selfs uitgebrei na ouers wat langs die pad met 'n papband gaan staan. Mev. Muller sal die regte mense stuur om te gaan help.

Die spesiale projek word later so groot dat TELKOM 'n tolvrye nommer beskikbaar stel. Die Vrystaatse Universiteit met al die verskillende hulpdienste neem die projek oor. Hierdie pragtige inisiatief van mev. Muller besorg aan haar 'n eerste plek in die Vrou van vandag-kompetisie wat aangebied word deur die Bloemnuus. Sy word in 1998 genomineer as Bloemfonteiner van die jaar.



Op akademiese gebied neem Oranje Primêr die voortou. Die skool behaal in 1999 'n derde plek met die aanwysing van die top 20-primêre skole in Suid-Afrika en word in 2004 aangewys as die beste Primêre skool in die Motheo-distrik!

In 2000 is die heliumballonnelugvaart 'n groot lekkerte! Die koerantopskrif lui: "Vlieënde ballonne spel net pret". Die doel hiervan was om geld in te samel vir sportontwikkeling, asook om leerders se belangstelling in die Wetenskap te prikkel. Tienduisend ballonne met nommers in is die lug / land ingestuur – ballonne is tot so ver as 650 km van hier opgetel!

Tydens 'n spogfunksie in 2000 word mev. Muller aangewys en vereer as Sanlam/Netnews se "Professionele Vrou 2000". In hierdie uitreikproses van mev. Muller gee sy ook besondere erkenning aan personeellede wat Oranje oor 'n lang tyd gedien het – hulle wat die klein eendjies so mooi grootgemaak het.



Hulle het die klein eendjies mooi grootgemaak:



Mej. H.E. (Drienie) Lombard
1974-1996

As dramajuffrou behaal sy ongelooflike sukses..Wie sal ooit die pragvertoning van *Ain't she sweet* vergeet toe die st. 5's in gestreepte langbroeke, wit hemde en "cheese cutters",gewapen met "walkingsticks", die vervelige skoolsluitingsfunksie met vrolike sang en onoortreflike voordrag opgekikker het. Toe die rekenaarkoors uitbreek, het mej. Lombard onmiddellik ingeval. Sy word tot departementshoof bevorder en neem in 1986 as skoolhoof waar. Mej. Lombard se passie om sendingwerk te doen, lei daartoe dat sy die onderwys verlaat. Sy gaan leef haar droom in België. (Geskryf deur mev. Anneke Swanepoel, Jaarblad 1996)



Mev. Anneke E. Swanepoel
1963-1995

Die juffrou wat die Bybeltuin beplan, wat dol is op Sotho en kinders leer van netheid en dissipline. Haar sin vir humor bring pret na elke klas!



Mev. Hester de Wit
1984-2006

Haar lewe by Oranje is gerig deur 'n plattelandse dogter wat nie haar nuwe R.O.- juffrou se naam geken het nie. Die dogtertjie sê toe: "Mamma, dit is die Juffrou met God in haar are".



Mej. Maree du Plessis
1980 – 2008


Die Engelsjuffrou wat soveel "footprints" in baie dogters se harte gelaat het. Die tennisjuffrou wat ons eie Amanda Coetzertennistoernooi vir Laerskole reël. Die juffrou wat net raas oor papiere wat om die tennisbane rond lê en wat die dogters maan om respek te hê vir hulle eie besittings en hulle ouers se beursies.

Sy weet hoe om teenwoordigheid van gees te behou en kan dan vinnig op haar voete dink met die gepaste woorde! (Geskryf deur mev. Queenie le Roux)



Mev. Wynona van Wyk
1983 - 2004

Die dame wat ons altyd deur 'n ring kon trek. Sy was trots op die Ekspo-prestasies, want wetenskap was haar vak. Tydens die leerderraadkampe het sy leiers opgelei, maar deur die jaar kon hulle uit haar voorbeeld leer. Die stylvolle juffrou wat uitgeblink het in presiesheid.



Die goeie juffrouens sukkel ook maar om die nuwe politieke bedeling aan die leerlinge te verduidelik. Hier volg omtrent 'n wilde woordeboek van die 1993-politiek:

COSATU	Gemengde vrugteslaai // 'n Soort vleisgereg // Iemand wat perd ry
TUTU	'n Hoeter // As jy ballet, dans jy daarin // As jy iets vinnig moet doen
TOI-TOI	Met 'n tolletjie speel // As hulle dans vir oorlog // 'n Speeding
EENPARIG	As jy nooit wil trou nie
KODESA	Kondensmelk // 'n kameelperd // Dis rys en botter
FW de Klerk	'n President wat nie hare het nie!
Petrolprys	"Dis iets vat net styg styg"



Caroline Sekudisa
1983 –

Caroline begin as koshuierwerker in Rachel Steynkoshuis en skuif later oor na Le Rouxhuis. Sy is lief vir die kinders, maar kwaai oor slordige kamers!



Isaac Selibe
1974 – 2009


Isaac begin in die tuine van Rachel Steynkoshuis en werk tans in tuin van Le Rouxhuis. Sy werk is sy trots en sy deel van die terrein word deeglik versorg.



Rachel Seitisho
1978 – 2007

Rachel werk 29 jaar by die Primêre skool. Sy is die bode na die Hoërskool en sy glimlag altyd. Sy sien skoolhoofde kom en gaan, maar praat nie 'n woord oor dié dames nie!

Die laerskool slaag daarin om met kuns, drama en musiek wonderlike produksies op die planke te bring. In mev. Christina Muller se woorde is elke opvoering uit dankbaarheid vir al die genade, liefde en bystand wat die skool ontvang.



Die Kersspel van 1998, Bring eer aan God in die hoogste hemele, is 'n hoogtepunt. Onder die leiding van David Matheson is dit 'n belewenis wat elke toeskouer Kersfees nuut laat ervaar.

In die voetspore van Jesus 2006 – elke dogter in die skool is betrokke. Hoe sal hulle ooit hierdie Jesus-voetspore vergeet?



Oranje se dogtertjies moet ook bewus wees van die visuele kuns. Hulle word aangemoedig om te skilder en om aan kompetisies deel te neem.



2006 Annerien du Preez:
Verjaardagkoek



2006 Nieke Fichardt:
Sambrele



2006 Martinique Ferreira:
Dogter met voëltjie op die kop



2006 Veronica Klinker:
Drie vrouens



2000 Jean-Marie Neethling
Haar kunswerk is een van die top 10 op die Kuns- en Kultuurspele tydens die Sydney Olimpiese Spele. Die kunswerk word uiteindelik opgeveil vir die Nelson Mandela- Kinderfonds.



1998 Mischa Lottering
Twee van haar kunswerke word gekies vir Santam se reisende kunsuitstalling. Dié skildery is gekies vir die internasionale uitstalling


Onder die leiding van mev. Anita Fourie spog die skool met uitstekende revuegroepe wat pragtig sing, ritmies dans en vrolik in hulle spogklere vertoon. Hulle is jaar na jaar die beste tydens die Revuefees in die Sand du Plessisteater. Mev. Fourie dien die kunste op elke vlak, maar haar hart lê ook by swem en atletiek. Sy word in 2001 as departementshoof aangestel en neem sedert 2007 waar as adjunkhoof.



Anita Fourie



Die Bornmangebou is deur mnr. Bornman van Ficksburg gebou om aan die musiekbehoefte van Oranje te voldoen. Mev. Muller besluit in 1996 om die Sub A's in die koshuis te vestig. Sy laat die dubbeldeure vir klankdigtheid en die houtvloere verwyder om 'n tuiste vir die kleintjies te skep. Hier kan nou koshuisouers by die kleintjies inwoon om na hulle spesifieke behoeftes om te sien.



Elizabeth le Rouxkoshuis word in juffrou Van Ryneveld se era met 30 dogtertjies betrek toe daar te min leerlinge in die Rachel Steynkoshuis oorgebly het. Die laerskooldogters bly gelukkig saam met die hoërskooldogters wat later net standerd ses dogters sou wees. Die koshuis word uitstekend bestuur deur die koshuisouers en matrones:



Mev. R. Budd
1990-1991



Mev. R. Nortjé
1992-1993



Mev. R. Jonck 1996-2000



Mnr. J. en mev. S. du Plessis 2001

Matrones



Mev. M. Moss
Julie 2001 - 2004



Mev. C. Engelbrecht

Mev. B. Pretorius
2004

Mev. Z. Opperman

Saam met die nuwe onderwysbedeling is daar die ouerverkose Beheerliggaam wat slegs die Laerskool se sake hanteer. Die beheer en bestuur van die hoër- en laerskool het nou in die hande geval van ouers wat by 'n spesifieke skool betrokke is.

DIE EERSTE OUERVERKOSE BEHEERLIGGAAM VAN DIE LAERSKOO


Voor: Mej. Tanya Fourie, mev. Adrie Albertyn, dr. Carel de Ridder (Voorsitter), mev. Christina Muller, Dorothy Nienkemper
Agter: Mnre. Jan de Klerk, Hendri Viljoen, Henk van der Post



Hierdie Beheerliggaamvoorsitters het Oranje saam met mev. Muller gelei.



Dr. C.A. de Ridder
1997-2000 Mediese praktisyn



Mnr. F. Labuschagne
2000-2002 Sakeman



Mnr. F.R.R. Neethling
2002- 2003 Prokureur

Mev. Muller het nuwe dinge aangepak: "Ek is heeltemal 'n moderne mens, eintlik te modern, want ek hou van groei en ontwikkel."



Mnr. L. Kloppe
2003 - 2006 Sakeman



Mnr. J.H.L. Greyvenstein
2006 - Landdros

Die wonderlikste fondsinsameling word geïnisieer deur mej. Tanya Fourie: 'n Poppetee! Die klein mevroultjies bring hulle pop-babas skool toe, trek soos mammas aan en drink tee by spesiaal gedekte kindertafels.

Die poppetee.
Ek was 'n mevrou.
Blomies en 'leweliese was veloste
en juffrou kwonies.
Dit was lekker mooi tafel
Ek het my juffrou was in
gesit. My juffrou was in
bediende. My babbe was
Stout en het dock was net.
Die tee was lout. En voor
ons in mag in gegroet het
moes ons in veloe neem.
Schone Jonck Sub p
Tanya Fourie



Sportsterre van die Laerskool: SWEM



Drie lede van een gesin is ingesluit in die Vrystaatse swemspanne wat aan die SA-toernooi gaan deelneem. Rudolf Oosthuizen, Tania (behaal die Victrix Ludorum tydens Interhoër en sy is ingesluit in die SA-oefengroep) en kleinsus Jolani (behaal die Victrix Ludorum op die skool se byeenkoms, op Inter-Primêr en op die SA- swemkampioenskap).

1993
Ann Bergman
Junior Springbokswemmer



1993 Melissa Bester
SA-Interprimêre Gala: Sy verbeter die SA-rekord in die 50m-borsslag.



2003
Natasha Joubert
en Jean-Marié
Neethling neem deel
aan die SA-Senior
Swemkampioenskap.



1995 Leandré Strydom
VS-Lewensredding



1994 Renske Pretorius
SA-tweekampspan



1999
Odelia Nicolaisen
VS-kleure in swem,
atletiek,
tweekamp en landloop.
Biathle: SA-span na
Egipte

2000
Roné van Wyk
2001
Tennis SA-skolespan



2007
VS-Duik
Christi Jacobs, Michelle Delport, Let-Mari van
Heerden, Daniëlle Swanepoel, Juané du Plessis

2000
Bernice Strydom
VS-kleure in atletiek,
landloop, netbal,
dubbelkamp, driekamp
en tweekamp.



2006
SVS-Hokkie
Lienkie vd Heever, Inke Wolmarans, Sandré Pretorius, Delna
Immink, Anika du Toit, Retha du Toit.



2007
VS-Tennis
Nieke Fichardt



2006
VS-Atletiek
Martinique Ferreira en Christel Allen



As die juffrou die eendjies só slim maak, is dit
seker geregverdig dat mamma Isabel Fichardt 'n
briefie van Carmen kry ...

Dankie mama dat
jy my in die beste
skool gesit het
Carmen

Reeds in die
Laerskool word
daar 'n hegte
band met Grey
gesmee. Hulle speel
hokkie teen Oranje, swem
teen Oranje en hulle harte
vermurwe vir Oranje op
Valentynsdag!



2005 Grey kom kuier op Valentynsdag!

Valentynsdag




Mark en Jana



Lize-Marie Swart en
Anthony Mothsowitch



Amber & Mariska met hul twee bewon-
deraars (Ontvang 'n CD by die seuns)



Grey kom kuier - Ai dit was lekker!



Melissa en Harry Vogel
(Boetie & Sussie)

Megan van der Ryst skryf só oor mev. Muller in 1996:

“Oranje se mamma se naam is juf. Muller. Sy kyk baie goed na ons. Sy is soos ’n engel wat gestuur is om na al die eendjies te kom kyk. Daar is altyd iets interessants by Oranje en al die rede daarvoor is juf. Muller. Sy is die beste skoolhoof in die hele land. Daar wag nog groot pret vir ons terwyl juf. Muller die skoolhoof is. Ek glo ons sal almal juf. Muller onthou met haar skoon hart wat altyd so sal bly.”

Oranje Primêr groet mev. Christina Muller wie se fyn spoortjies diep in hulle harte lê. “Haar liefde en deernis vir die dogters was opvallend. Sy het hulle altyd met groot belangstelling gelei en beskerm in hulle klein-dogtertjie-wees, in hulle lang-been-amper-tiener-wees en in hulle ontluikende vrou-wees.

“Ons sien haar opregte drome om elke dogter in liefde tekoester in die vers wat sy self geskryf het:

Oranje is ’n sagte vrou
wat haar kinders teer toevou!
Sy gee vir hulle: ’n regop-loop,
’n ver-kan-sien, ’n weet-ek-kan,
’n liefdeskoord vir die lewensbaan,
’n knie-wat-buig en verder gaan!

“Ons groet haar met seënwense uit-die-hart dat ons Hemelse Vader sy seëninge op haar sal uitstort, dat Hy haar grondgebied sal uitbrei tot sy eer en dat Hy haar trou sal bewaar in die holte van sy hand.” (Oranje Reünie)

Mev. Muller skryf: “Wanneer ek aan my 13 Genade-jare teruggink, vorm daar ’n diepgewortelde beeld voor my geestesoog oor: DIE GISTER VANDAG EN MÔRE van hierdie Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje.

“Die Here gebruik pres. M.T. Steyn om met ’n spesifieke doel hierdie skool tot stand te bring. Met die regte ankertoue, waardes en beginsels, sal elke dogter so vas soos ’n rots staan. Sy sal, as die geleentheid hom voordoën, ’n heldin word.

“Baie dinge het intussen verander, maar geeneen van hierdie waardes het in 99 jaar verander nie.

“My hoogste roeping en opdrag in JUNIE 1993 was: Laat dogters gedy en maak Oranje die vastrapplek en akker, waarin hulle hul eerste tengere wortels kan uitstoot en baie sterk kan ontwikkel vir die oorplanting na die groter lewensakker.

“Die volgende opdrag: Gaan, met my hand steeds in God se hand. Ek maak jou vandag ’n vestingstad, ’n ysterpilaar, ’n bronsmuur sodat jy staande kan bly teen die hele land – Jeremia 2:18. My horisonne is verskuiwe en ek is veilig op pad na my volgende droombestemming.

“Mag alle huidige en toekomstige betrokkenes van die Meisieskool Oranje onthou: Al is daar hoeveel bespiegeling wêreldwyd, ons kinders sal bly leer: Christus is steeds ’n lewende werklikheid en Hy sal dit bly. Vertrou steeds die Here met gister, vandag en môre. Loof die Here omdat Hy onveranderd bly in ’n veranderende wêreld.

“Mag elke dogter van die hede en die toekoms vir ’n oomblik by die KRUIS stilstaan en weet: Jesus Christus is gister en vandag dieselfde tot in Ewigheid – Hebreërs 13:8”. So groet mev. Muller in haar eie woorde.



Mev. A. L. Albertyn

1 Junie 2007 –

*Ek het groot
waardering!*

Adrie

Adrie Albertyn (née Van Soest) is in Pretoria gebore en sy matrikuleer aan die Hoërskool Sand du Plessis in Bloemfontein. Daarna bekwaam sy haar as onderwyseres aan die Bloemfonteinse Onderwyserskollege. Sy begin in 1983 haar onderwysloopbaan by Oranje. In 1997 word sy tot Departementshoof bevorder en in 2001 tot adjunkhoof.

Sy het drie kinders en soos vir hulle, wil sy van die dogters van Oranje sterk gebalanseerde (amperse) tieners maak. Sy wil elke dogter met liefde en die regte waardes ontwikkel tot selfstandige, bekwame jong vroue wat in staat is om ’n gelukkige en vervulde lewe te lei, sodat sy ’n bydrae kan lewer – nie net in Suid-Afrika nie, maar ook in die wye wêreld.



In die eeufeesjaar bied Oranje Primêr 'n musiekspel aan: Van toeka tot nou! Dis nog 'n skitterende kreatiewe aanbieding van mev. Anita Fourie en haar helpers. Die “televisie-aanbieder” – Althea Uys – bied vir Oranje 'n Vrouekeur aan! Hulle gesels met bekende figure vanuit die Oranje-jare. Haar gaste is pres. Steyn, stigter van ons skool, die eerste skoolhoof – mej. Elizabeth le Roux, kurator Brebner en dan ook onlangse oudleerders. Tussenin word die program met 'n vrolike revuestyl opgekikker waarin elke Oranje-eendjie die geleentheid kry om deel te neem.



Oranje is sedert juffroue Bossie en Drienie Lombaard bekend vir die goeie werk tydens kunswedstryde. Dit word in die eeufeesjaar voortgesit.

2007 Platbekpaddas

Voor: Marnique Labuschagné, Aletia Meiring, Marjé Vosloo
1e ry: Carlaine de Jager, Therien Botha, Margot Pellissier
2e ry: Saree van Coppenhagen, Let-Mari van Heerden, Janet du Toit



2007 Die Parrapokke

Voor: Zandri Kotzé, Jané du Plessis
1e ry: Carike Smith, Luzanne Schoeman, Nelmarie Swanepoel, Ninke Spies
2e ry: Chrisna Goosen, Nieke Fichardt, Jean Steenekamp

Onder die leiding van mev. Anita Fourie vind wonderwerke op die verhoog plaas! Sy kan die passies uitwerk, die choreografie doen, kreatiewe klere ontwerp en dan blom die revue.

Revue



'n Laerskooljuffrou, mev. Elsabé Human, het vir Pietie Coetzee 'n hokkiestok gekoop. Min het sy geweet hoe ver hierdie daad van haar sou uitkring. Die Pietie Coetzee-hokkietoernooi word jaarliks aangebied. Hier is dit nie net die 0/13's wat speel nie. In die ysige winteroggend word die toernooi geopen deur verskeie graad 1-spanne van die stad. Hier is Oranje se onoorwonne graad 1-spanne.

Marzé Verster, Daniella Smith, Amira van Biljon, mev. R. Jonck (Afrigter), Marguerité Smith. Voor: Jacolene Maclaren, Charné Smit



Janda Bornman, Madelize Venter, Carla Theunissen, Dané Taljaard, Kaila Ferreira, Lané Nel Mej. Madelai van Aardt (Afrigter)

Die tennisspan behaal 'n driekuns toe hulle daarin slaag om in 2007 die Amanda Coetzer tennistoernooi, die Cradock Karoo-uitdaagtoernooi en die Gerrie Berner tennistoernooi te wen. Al drie hierdie toernooie is nasionale toernooie.

Rihandré Steyn, Joalene Fouché, Nieke Fichardt, Melissa Vogel, Lienkie van den Heever, Christel Allen, Nelise Verster.



Cradock Karoo tennis uitdaagtoernooi



Mev. Albertyn se kollegas eer haar vir haar integriteit, harde werk, vóórloop en vir die duidelike koers wat sy aandui. Hulle is opgewonde oor die nuwe skoolhoof en hulle is bereid om haar arms omhoog te hou.

In die woorde van mev. Muller is mev. Albertyn 'n baie goeie onderwyseres en 'n sterk leier. Sy ken die hart van 'n kind. Daarom laat mev. Muller Oranje Primêr in veilige hande!



Mev. C. van Schalkwyk

1995 – April 1999

Christa van Schalkwyk

Kleuters se vrae spoor jou aan om opnuut na te dink oor die sin van die lewe, want jou antwoorde hang af van hoe ver jy op die lewenspad gevorder het.

Op 16 September 1992 verskyn die eerste advertensies vir Oranje Preprimêr. Die kuratorium van die NG Kerk stel R25 000 beskikbaar vir die omskepping van die busloods en terreinbestuurder se huis in 'n funksionele kleuterskool. Die ad hoc preprimêre skoolkomitee is:

Dr. Frans Burger	: Voorsitter van Oranje Beheerliggaam en Kuratorium
Mev. Rensché Dreyer	: Adviseur vir Preprimêre onderwys
Dr. Carl de Ridder	: Beheerliggaam: Primêre skool
Mnr. Willie Herbst	: Beheerliggaam: Sekondêre skool
Ds. Johan Smit	: Beheerliggaam: Sekondêre skool
Prof. Jack van der Linde	: Beheerliggaam: Sekondêre skool
Mej. Hester van Ryneveld	: Skoolhoof: Oranje Primêr
Mej. Ilse Pellissier	: Skoolhoof: Oranje Sekondêr
Mev. Marina van Wyk	: Oranje Reünie
Mnr. De Villiers Brink	: Argitek

Die terrein word kleutervriendelik gemaak – giftige en gevaarlike plante word verwyder, die sandputte word gebou en die buiteapparaat word aangekoop. Cobus Dreyer en Johan Potgieter maak rakke en bêrekassies. Hulle verf en lê teëls. Mev. Dreyer maak gordyne, kussings en tafeldoeke.



Amptelike opening: 12 Junie 1993



DIE CHRISTELIKE EN NASIONALE
PREPRIMERE SKOOL ORANJE



openings
uitnodiging

Liewe

Oranje Meisieskool het nou vir ons
ons eie preprimêre 'skoolkie'
begin, net vir ons seuntjies &
dogtertjies.

Ons gaan 'n spesiale openings
'partykie' hou vir al die
grootmense, en julle is genooi.

Dit word op 'n Saterdag oggend
gehou, sodat julle kan kom kyk
hoe lyk ons klein 'skoolkie'.

Julle kan 'n vinger-ontbyt geniet
en amper soveel pret hê soos ons
terwyl ons partytjie hou!

WANNEER: 12 Junie
WAAR: Preprimêre Skool
Oranje
TYD: 9:30 vir 10 uur

van al ons maatjies

13 Januarie 1993 is 'n spesiale dag in Oranje se
geskiedenis – ons eie preprimêre skool word
geopen. Sowat 15 kleuters meld aan en juf.
Christa is in beheer! Mev. Christa van Schalkwyk
is die onderwyseres en hoof, mev. Gladys Koloti
is die hulpdame en mev. Nilia Fourie is die
eerste dame belas met middagversorging. Die
gebou was nog nie gereed nie, daarom gaan
die kleuters vir die eerste twee weke na Willows
Preprimêr.



Mev. Gladys Koloti 1993



Mev. Christa van Schalkwyk (Skoolhoof) en Marina van Wyk saam met die eerste
kleuters.

Om die skool aan die gang te kry steek mev. C. van Schalkwyk
aanvanklik die hand diep in haar eie sak. Sy trek geen salaris
nie. Aan die einde van die eerste kwartaal is die finansies in plek
en kan alle agterstallige uitgawes soos salarisse en persoonlike
lenings afgelos word.

Op 12 Junie 1993, 'n uiters koue Saterdagoggend, vind die
amptelike opening plaas. Dit word feestelik met 'n sjampanje-
ontbyt gevier en 'n partytjie vir die kleuters. Onder die eregaste is
mnr. Barend Wessels, adjunkdirekteur van Onderwys, asook lede
van die ad hoc-komitee.

Aan die einde van 1993 onderhandel Oranje, Aliwalie Preprimêr
en die Departement van Onderwys om die twee skole te
amalgameer met die behoud van poste. Mev. Edna Hefer
(Onderwyseres), Marietjie Labuschagne (Assistent) en Johanna
Thys (Hulpdame) en die Aliwalie-kleuters meld aan die begin
van die nuwe skooljaar in 1994 aan. Die skool begin met vier
onderwyseresse, twee assistentdames en drie hulpdames saam
met 110 kleuters. Nou is voldag en vakansiesorg ook moontlik.



Jan Ludicke (Voorsitter van die Ouerkomitee), dr. F. Burger (Voorsitter
BL Sekondêre skool), mevv. C. Van Schalkwyk, Rensché Dreyer en
mnr. Barend Wessels (Adjunkdirekteur van Onderwys)



Mej. A.E. Rossouw en mev. Siet Jonker






Lynné se oupa en ma (Jeanine Viljoen) was op Oranje. Hier lê sy die krans saam met juf. Christa en Justin.

Die Preprimêre skool word gou deel van die Oranje-familie. Die kleintjies kan nog nie stilsit by die Vrouemonument nie, maar hulle leer vroeg reeds van die Voortrekkernooientjie en gaan lê ook blomme op pres. Steyn se graf by die Vrouemonument.

Wie anders as appélregter Theunie Steyn kan die klein eendjies mak maak met Oranje se geskiedenis. Hy vertel so graag die storie hoe hy as leerling van Oranje 'n dogtertjie se vlegsels aan 'n stoel vasgemaak het en dat sy toe nie kon opstaan nie. Sy beloning: die dogtertjie het hom 'n netjiese opstopper gegee!



Dr. Frans Burger – hy het entoesiasies meegewerk aan dié Preprimêre skool. Hy is inderwaarheid die oupa van elke kleuter!

Mev. Van Schalkwyk vertrek in Maart 1999 met siekteverlof en bedank in April 1999 uit die hoofpos. Mev. Rensché Dreyer skryf: “Ek bring hulde aan mev. Van Schalkwyk vir haar ywer, planmatigheid en harde werk. Haar sukses lê in stille krag en in haar liefde, empatie, simpatie en stimulasie van elke kleuter”. Mev. C. van Schalkwyk word opgevolg deur ...



Mev. E. E. Hefer

Mei 1999 –

Om die wêreld weer deur die oë van 'n kind te sien, is 'n wonderwerk. Dit laat my besef hoe belangrik dit is om kontak te hou met daardie kind binne-in jouself.

E. E. Hefer

Edna Elizabeth Hefer (née Van der Merwe) is op Cradock gebore. Sy matrikuleer aan die Hoërskool Punt in Mosselbaai. Sy behaal haar onderwysdiploma aan die Onderwyserskollege in Oudtshoorn. Sy is getroud met Willem, het 'n seun en 'n dogter en sy is 'n trotse ouma! Mev. Hefer kom in 1994 tydens die amalgamasie met Aliwalie na Oranje Preprimêr en word in Mei 1999 die skoolhoof.

Saam met mev. Hefer kom die eerste anderskleurige – Jolene O'Brien – na die preprimêre skool. Sy matrikuleer 13 jaar later aan Oranje!




Buitespel



Die Kersspel bly jaarliks 'n hoogtepunt vir die kleuters!

Wat is die Kersspel sonder die engele?



Kersspel

Die preprimêre skoolfase word afgesluit deur die "gradeplegtigheid". Dink net, jy ontvang 'n graad sonder dat jy 'n boek daarvoor oopmaak! Dis nou die nuus waaroor matrikulante droom!





1907 - 2007

Tyd ...jare...dekades...’n eeu...
Dit word nie gemeet in jare nie.
Dit word geknoop aan mense en gebeure.
Dit word nie roekeloos uitgedeel nie.
Dit word in genade aan bevoorregtes uitgemeet
- soms vyf, soms twaalf jaar op Oranje.
Die begin en einde daarvan kan nie vasgevat word nie.
Oranje se eeu is ’n kapsule binne die groot ruimte van tyd.
Daarom vier ons ’n eie Oranje-eeu!
Vier ons die genade en geleentheid van ’n honderd jaar
Vier ons die volheid van Oranje-wees!

Oranje word ’n eeu

C. & N. MEISIESKOOL ORANJE 1907 - 2007



Haar Majesteit
Oudkoningin Wilhelmina
der Nederlanden,

*als een eerbiedige huldeblyk aan die
jonge Vorstin van Oranje, die niet
geaarzeld heeft om in donkere
dagen van ons volk haar sympathie
met haar stamgenoten te tonen*



President M.T. Steyn
1857 - 1916

Mev. Rachel Isabella Steyn
1865 - 1954

Vir sy eisie om Oranje te stig en sy geloof in die vrou

Vir haar gesoënde lewe en arbeid in diens van Oranje



Haar Majesteit Koningin
Beatrix van Nederland,

*word vereër met erkenning en
dank vir haar groeteboudskap
aan Oranje in ons Eeufoesjaar*

EEUFEESTOEKENNINGS
Oranje Reünie vereër
100 Oud-Oranjes



Mej. C.M. Jooste
1941 - 1961
Skoolhoof, Hoërskool



Ema Strydom (Joubert)
Matrik 1957
*Voorsitter Oranje Reünie
1983 - 1987*



Reza de Wet
Matrik 1969
*Bekroonde dramaturg en
Hertzogpryswenner*



Mej. M.L. Spies
Leerkrag 1942 - 1961
Skoolhoof 1962 - 1982
*Vir haar rolmodel as leerkrag,
besielende leierskap as skoolhoof en
teortygesette inspirasie vir Oranje*



Dr. Hettie de Jager
(Van der Walt)
Matrik 1961
*Voorsitter Oranje Reünie
1987 - 1992*



Emily Hobhouse
*Werd vereër vir haar opbeffingswerk
onder die vroue en kinders in
die konsentrasiekampe*



Mej. A.E. Rossouw
Leerkrag 1940 - 1955
Eerste Skoolhoof
Laerskool 1956 - 1970
*Vir haar rolmodel as leerkrag en
besielende leierskap as skoolhoof*



Dr. Zaza Pieterse
(Fichardt)
Hoofmeisie Matrik 1958
*Voorsitter Oranje Reünie
1992 - 1997*



Appèlregter M.T. Steyn
*Kleinsun van die
President vir 'n roemryke loopbaan
as oud-Oranje en sy volgehoute loyaliteit
jewe die skool*



Mej. Mariehetta Matthee
Leerkrag 1986 - 1992
Skoolhoof 1993 -
*Vir die besondere wyse waarop sy Oranje in
die Eeufoesjaar gelei het, haar rolmodel
as leerkrag en dinamiese bestuur van Oranje*



Christa Strydom (Human)
Matrik 1961
*Vir die besielende leierskap as voorsitter van
Oranje Reünie sedert April 1997 en vir
die kreatiewe staking waarmee sy van die
Oranje-ou 'n lewensryke fees maak*



Mev. Nellie Swart
(De Klerk)
*Eerste Staatspresidentsvrou van
die Republiek van Suid Afrika*



Estelle Bester
Matriek 1956

Baanbrekerswerk vir bevestiging in Soweto gedurende die tagtigerjare



Sonia Cobano
(De Waal)
Matriek 1980

Internasionaal erkende model, joernalis en sjef



Advokaat Gladys Steyn
1890 - 1989

Dogter van Pres. Steyn. Eerste matrikulant van Orange. skoolhoof 1916 - 1919 en die eerste vroulike advokaat in Suid-Afrika



Appelregter
Leonora v/d Heever
Matriek 1942

Die eerste vrou in Suid-Afrika wat as Appelregter aangestel is



Erika de Wet
Matriek 1985

Professor in Internasionale Staats-reg, Universiteit Amsterdam, Nederland



Senator Tibbie Visser
(Steyn) 1895 - 1993

Dogter van President Steyn. Vir haar politieke loopbaan as eerste vroulike senator in Suid-Afrika



Dene Smuts
Matriek 1966

Bekroonde joernaliste en politieke loopbaan



Mag Marais (Louw)
Matriek 1975

ATKV-toekennings in Afrikaans vir hydros in die gesondheid van twee Afrikaans



Annatjie Melck (Jooste)
Matriek 1950

Sakevrou entrepreneur



Dalena Coetzee (Dreyer)
Matriek 1959

Rechts Medysidisk - 'n Eerste vir Suid-Afrika in die mediese industrie



Prof. Jacqueline S. du Toit
Hoofmeisie 1988

Internasionaal erkende kenner in Sentimeter lede



Dr. Elize Dyason
Matriek 1943

Senior mediese beampte Bloemfontein-Hospitaal



Prof. Carlé Emden
(Sharp)
Hoofmeisie 1989

Internasionaal erkende oefkundige



Dr. Trysie Grobler
(Du Rand)
Matriek 1958

Internasionaal erkende voorligtingslede



Ina de Villiers

Samesteller en eerste uitgawe van Kook en Geniet



Esther Geldenhuys
(Burger)
Matriek 1939

Internasionaal erkende reiskenner



Dr. Leonora Jackson
(Raath) Matriek 1988

Baanbrekerswerk in die Griekse teologie aan die Universiteit van die Oos- van Durban-Westville



Prof. Naomi Morgan
Matriek 1976

Internasionaal bekende kenner in Frans, Universiteit van die Vrystaat



Prof. Marthinette Stretch
(Van Tonder)
Matriek 1965

Internasionaal erkende stelselwetenskaplike



Prof. Anna van der Hoven
Matriek 1962

Erbende kriminoloog



Prof. Corli Witthuhn
(Strydom)
Matriek 1987

Internasionaal erkende mikrobioloog



Essie Honiball (Wiese)
Matriek 1941

Baanbrekerswerk met die Edele slawet wat gelei het tot 'n gesondheidsaandag



Emma Wait (Maritz)
"Tant Engeltjie" Matriek 1924

Sakevrou en entrepreneur. Levenslange betrokkenheid in die gemeenskap van Jeffreysburg



Dr. Berna Ackerman
(Cloete)
Matriek 1954

Bekroonde musikant en skrywer



Rona Rupert

Bekroonde skrywer. Vestig Karoo-Boekhuis te Gertien



Rensia Robinson
(Odendaal)
Matriek 1955

Wasserskeie literêre natuuragheidsdrukker



Anneke van Niekerk
(Keyter)
Matriek 1947

Bekroonde joernalis



Stefanie Hefer
Matriek 1980

Bekroonde skryfster joernalis

EEUFEESTOEKENINGS



Elsa Lamb
Matriek 1962

Bekroonde kunstenaar. Eerste vrou in Suid-Afrika wat 'n filmstel ontwerp



Joan Abrahams
Personeel

Ontwerper van Die Ster van Suid-Afrika vir Onderwys



Saartjie Botha
Matriek 1990

Bekroonde dramaturg en toneelvervaardiger



Saartjie Potgieter
(Pretorius)
Matriek 1936

Bekroonde maatskaplike werker



Christine Basson
Matriek 1959

Nasionaal erkende aktrise



Helène Lombard
Matriek 1986

Internasionaal erkende aktrise



Dulcie van den Berg

Baanbrekerswerk op kunsgebied



Hilda Burnett (Nienaber)
Matriek 1945

Holbiter. Springbok en eerste bevestiging van die N.A. Leerskolle vir vroue



Lyn Smuts
Matriek 1968

Internasionaal erkende kunstenaar



Mariechen Naudé
(Van Rijn)
Matriek 1936

Baanbrekerswerk op kunsgebied



Heidi Edeling
Matriek 1983

Nasionaal erkende musiekloopbaan



Nadia Burgess
(Lindeman)
Matriek 1976

Internasionaal erkende musikus



Olga Rademan (Troskie)
Matriek 1942

Eminentie musiekloopbaan



Hanlie van Niekerk
Hoofmeisie 1945

Internasionaal erkende operasangeres



Ilse Fourie (Potgieter)
Matriek 1972

Internasionaal erkende kunstenaar



Marieta Lamprecht
(Van der Walt)
Matriek 1959

Nasionaal erkende fotograaf



Cecilia Wessels

Internasionaal erkende sangeres



Laurika Postma
1903 - 1987

Bekroonde beeldhouer en skulpteur van die Orange Voortrekkermonument



Laura Rautenbach
Matriek 1949

Bekroonde beeldhouer en Springbokbeeldhouer



Christine du Plessis
(Rautenbach)
1945

Internasionaal erkende kunstenaar en sangeres



Anna-Marie Roberts
(Wiid)

Bekroonde omlaatsonderwyser



Lilla du Preez
Matriek 1974

Eerste vroulike bevestiging in die S.A. Vloot



Joan van der Poel
Matriek 1960

Die eerste vrou wat in 1996 tot die rang Generaal-majoor in die S.A. Weermag bevorder is



Beatrix Bosch
(Van Rensburg)
Matriek 1952

Internasionaal bekend vir haar kerkkunsverke



Anine Barnard (Bosch)
Matriek 1975

Internasionaal erkende etekunstenaar



Clarabelle van Niekerk
Matriek 1967

Internasionaal erkende kunstenaar



Merwelene v/d Merwe
Matriek 1976

Internasionaal erkende kommersiële fotograaf



Amy Schoeman (Tromp)
Matriek 1958

Internasionaal bekende fotograaf

EEUFEESTOEKENINGS



Mev. Ria Meyer
Personeel: 25 jaar



Mev. Welma Mentz
Personeel: 26 jaar



Aryna Edwards
(Lombard) Matriek 1971
*Hokkie: Springbok 1980 - 1983
Springbokkrans 1990 - 1993
Eilantende skerm*



Pietie Coetzee
Matriek 1996
*Hokkie: S.A. -span 1992 - 1993
Hokkie: S.A. Proteaspans 1995 - 2004
Wêreldboksing 1999*



Anli Kotzé
Matriek 1997
*Hokkie: S.A. Proteaspans
1998 - 2005*



Amanda Coetzer
*Internasionaal bekroonde
swemmer 1988 - 2004*



Lynette Ferreira
(Baird)
Matriek 1954
Nethal: Springbok



Mej. Marcé du Plessis
Personeel: 26 jaar



Mev. Leonie Opperman
Personeel: 33 jaar



Charlene Hertzog
(Du Toit)
Matriek 1997
*Nethal: S.A. Proteaspans 2005 en
2006; Kaptein 2006*



Anchen du Plessis
Matriek 2003
*Nethal: S.A. Proteaspans
2006*



Rita Oosthuizen
Personeel 1954 - 1957
*Nethal: Springbok 1959
Hokkie: S.A. Meesterspan 1995; Staats-
president Sportvereniging 1973 en 1982*



Dr. Bambie Heiberg
Matriek 1977
*Atletiek: Springbokkeure 1980
Internasionaal erkende musiekleser
Eilantende skerm*



René Steyn (Wearne)
Matriek 1984
*Tweehup Wêreldkampioenskap
1999; junior veteran - goud medaie
Dames Ope - silwer medaie*



Mev. Anneke Swanepoel
Personeel: 33 jaar



Mev. Reynette Brink
Personeel: 29 jaar



Inge Bremer
Matriek 1963
*Meester Wêreldkampioenskap
Atletiek 1986*



Ané van Heerden
(Serfontein)
Matriek 1981
Duitse: Springbok



Karen Allers
Matriek 1995
Springbokkeure 1993 - 1995



Olivia Belcher (Kapp)
Matriek 1960
*Meester Wêreldkampioenskap
Sinn 2000, 2004 en 2006*



Mej. Hilda Postma
Personeel 1924 - 1949



Die Onbekende
Oud-Oranje



Mev. Magriet Janeke
Personeel: 25 jaar



Mej. D. van den Heever
Personeel 1929 - 1969



Mej. Magriet Papenfus
Matriek 1932
Personeel 1937 - 1979



Mev. Mathilde du Toit
(Schutte)
Matriek 1936
Personeel 1955 - Maart 1990



Mej. Maria Bosman
Personeel 1938 - 1966



Mev. Hettie Holtzhausen
Personeel 1950 - 1979

LEUFEESTOEKENINGS

SERTIFIKAAT VAN ERKENTLIKHEID



Bettas Brümmer (De Jager)
Matriek 1956
*vir die jarelange werksaambede by Oranje
en die volgehoute lojaliteit teenoor
Oranje Reünie*



Marina van Wyk
(Van der Merwe) Matriek 1962
*vir die kreatiewe hidrae tot die leupees.
Oranje Reüniebestuur 25 jaar*



Therése Delpont (Strydom)
Matriek 1990
*vir administratiewe prestasie en die
overtuigende ywer waarmee sy haar
kreatiewe talente in diens stel van Oranje*



Tanya Fourie
Matriek 1978
*vir die jarelange werksaambede by Oranje
en die volgehoute lojaliteit teenoor Oranje Reünie*



Eunice Kotzé
Matriek 1978
*vir volgehoute lojaliteit jeens Oranje
Reünie in die Wes-Kaap*



Rickie van der Walt (Van der Vyver)
Matriek 1961
*vir volgehoute lojaliteit jeens Oranje
Reünie in die Wes-Kaap*



“Skryf oor Oranje, jou hartland,” kom die versoek.

“Hoe kan ek 42 jaar se huppel-en-hink, se drome en mislukkings in ‘n paar paragrawe vasvang?

“In 1941 was ons omtrent 10 onnies (destyds leerkragte genoem) wat in Le Rouxhuis, die enigste Oranje Hoërskoolkoshuis ingewoon het om die studie- en gangtoesig waar te neem. Nie veel ouer as die matrieks nie, was dit ‘n knyperige leerproses. Daardie eerste aand aan die etenstafel: die prefek aan die bokant, ek oorkant, agt nuuskierige lus-vir-tart kosgangers tussen ons. My eerste vurkvol kos het onder my regteroor geland.

“Die ouer onnies het hulle dienste: klere-inspeksie Vrydagmiddae, kosgangers stad toe vergesel vir allerhande doktersafsprake, stiltetyd (‘n kwartier lank saans ná studie), middag en saans se studiedienste in die studiesaal ens. aan ons armeres verkoop. Só is sakgeld ingehark, en kon ek tyd kry om drie kinderboeke te skryf oor die interessante ontluikers in die groot studiesaal voor my.

“‘n Destydse leerder - vóór TV en Kinderregte en Uitkomsgerigte Onderwys – was glad ‘n ander wese. Die GRENSE was gestel, die deurbreek daarvan fyn beplan en nog fyn gekeer. ‘n Opwindende uitdaging tussen tieners, wat altyd beproef, droom en gryp na die toekoms en die onnies wat heldhaftig pres. Steyn se ideaal probeer bereik: die dogters van sy volk moet tot leiers opgevoed word, hulle wat moet waak teen die verwildering van die vrou.

“Die gevolg was: Presteer op die sportveld, in die eindeksamen; hou die skool se naam uit die Sondagkoerante. O ja, en sommer ook die Grey-seuns en eerstejaarmansuniversiteitstudente op ‘n veilige afstand.

“Lagwekkend? Tog getuig oud-Oranjes van waardevolle lewenslesse en blink uit in die hoogste poste. Annette skryf: ‘Ek het geleer dat my optrede my eie keuse was, en dat ek dus self verantwoordelik was vir die gevolge.’

“Oud-Oranje, as jy saam met jou kind/kleinkind met liefde die regte pad stap, red jy ‘n volk. (Jes. 30:21 – Wanneer jy die regte koers verlaat, sal jy agter jou ‘n stem hoor sê: ‘Hier is die pad, loop hierlangs.’)

“Jy bly ‘n leier totdat jy jou oë vir oulaas toemaak. Martin Luther King: ‘Grootsherd word deur naastediens bepaal.’

“Tot die vroeë sestigs was ons ‘n kerkskool en moes die Hoërskoolhoof tydens die NG Kerk se sinode voor hulle gaan verslag doen. Dit was ‘n onvergeetlike oomblik toe ek die Sinodesaal binnestap. Die groot groep swartpak-witdas mans staan ruisend op en ek tree die laaang paadjie na die verhoog saam met ds. Coetzee af. Helise (1968) het dié waardige dominee geloof: ‘Ons hou van oom Pietie, hy sê ons is mooi.’ Hoeveel matrieks is deur hierdie einste oom Pietie en die onnies deur matriek gebid.

“Toe die Departement van Onderwys die leisels by die kerk oorneem, het ons salarisse baie verbeter en die finansiële laste van die skool het heelwat minder geword.

“Nou, op my oudag, as die slaap snags wyk, gly ek saggies na aangenamer Oranje-dae: Skep noual vir jou mooi herinneringe, my kind, jy gaan dit beslis nodig kry.



“Ek onthou die saalperiodes veral met Carin voor die klavier. Ges. 177 (lied 602) veral as die diskant by die laaste versie so suiwer bykom.

“Sondagaande in die skoolsaal as die kosgangers spontaan voor die kerkdiens sonder begeleiding begin sing. Onthou julle: Kumbaja, my Lord, kumbaja?

“Die kadetorkes se jaarlikse laaste mars, as die deelnemende matrieks so pateties bly staan en hulle plaasvervangers met die orkes verder marsjeer.

“Dan is daar nog die swemgalas, kunswedstryde, jaarlikse konserte, vroeër nog op die vierkant by die vlagpaal... toe die Grey-seuns... Daardie ysige wintersoggende as die kosgangers toegedraai in komberse vir my verjaardag kom sing. Skoolverjaardae om 7 vm. in lang Voortrekkerrokke by die Vrouemonument. Voortrekterspanne só borrelend bewus van ons pligte as pres. Steyn se Afrikanermeisies. Al die Volksvakansiedaefunksies moes ons bywoon, die Morse-kode, Vlagseine, eerstehulp leer. Arrie, die etery daarna was dubbeld lekker.

“Oranje, Oranjeniete, hoe arm sou my lewe sonder julle gewees het. Begenadig is ons almal wat by Oranje kon put en fier verder VOORUIT kon stap.

“Izemari (2004) daag ons almal, ja, ook ons oud-Oranjes: ‘Kom ons leef die lewe. Kom ons gaan uit en maak ‘n verskil’ en ek voeg biddend by: Ten goede.

“ORANJE, ons staan trots op en huldig jou op 11 April 2007. Soos Reza (1969) geskryf het: ‘Jy het aan my drome vorm gegee, aan my hoop, gestalte.’

M.L. Spies

M.L. Spies
2006

*Me. L. Spies was 42 jaar op Oranje
en volg dié spoor vir nog 25 jaar...*



So begin Oranje die groot Eeufeesjaar... 'n week van gebed vir gr. 1 tot 12!


Herinneringe en vergeelde foto's tower mense en vergete gebeure op!
En ons vier fees!

Ds. Charles James leer ons opnuut bid: Onse Vader wat in die hemel is... en in ons persoonlike gebed sê ons dankie vir Hom wat Oranje 'n 100 jaar gelei het!



D

ie prentjie van pampoenrokke word in Harry Smithstraat versterk met Oranje se eie “Oranje Meisieskoolroos”. Dié kleur van die roos word gekies om die pampoenrok te komplementeer – mosterd-oranje met ’n tikkie brons! Vyfhonderd van hierdie roosboompies word in ’n nuwe bedding by die ingang in Harry Smithstraat geplant.



Die nuwe gr. 8's besoek Onze Rust, die plaas van pres. M.T. Steyn, ons stigter. Die 'n aangrypende tradisie word deur Oranje Reünie volgehou, hulle is die gasvroue tydens die geleentheid. Ons stap na die Boom van Sameswering waar in 1905 die planne vir ons skool hul beslag gekry het. Ons besoek die blokhuis wat voorwaar ook deel van ons herkoms is. Dan deel ons in die pret van die ewe oue swembad wat Oranje-dogters sedert die President se tyd besoek het. Vanjaar lê Oranje uit dankbaarheid kranse vir die eeu lange verbintenis met haar stigtersfamilie, die Steyns.



Carmen en Michelle Wessels



Tatum Classen



S oos ons deel in die ryke geskiedenis van die Anglo-Boereoorlog word Oranje ook deel van die geskiedkundige herdenking van die Groot Trek in 1938.

Op 19 Januarie 2007 ontvang Oranje amptelik die ossewa – Vrou en Moeder van die ATKV – terug op die skoolterrein. Tydens die herdenking van die Groot Trek in 1938 kom hierdie wa vanaf Kaapstad in Bloemfontein aan. Dit was op pad deur die land na Durban en Pretoria. Vader JD Kestell ontvang die wa in Bloemfontein en neem self die tou om die wa die stad in te lei. Tydens die fees by die Vrouemonument word die Reddingsdaadbond aangekondig. Die geld wat ontvang is, is in die wakiste weggepak en later aan die armblankes uitgedeel. Die Bybel het toe pas in Afrikaans verskyn. Dit het die tog in die wakis meegemaak en elke oggend en aand is daaruit voorgelees. In 1944 skenk die ATKV dié kakebeenwa aan Oranje vir bewaring. Hier het dit deel uitgemaak van konserte en dit het die gaste dikwels na die Vrouemonument vervoer.

Die wa se terugkeer vanaf Winburg waar dit op bruikleen was sedert die opening van die Voortrekkermuseum na Oranje, is moontlik gemaak deur die tussenkoms van mej. J. Abrahams, ouers en die ruim borgskap van dr. Barnie Human. Hierdie weldoeners het ’n vergete tradisie in plek gestel, want in 1944 skryf Susan van der Spuy: “Die wa het ’n simbool geword van alles waarvoor die volk stry. Om die tradisies wat hierdie wa simboliseer te handhaaf, sal die strewe van Oranje wees....Ons voel dat die wa tuis hoort hier in ons skool en in die teenwoordigheid van die Voortrekkernooientjie.”



*Maar, tog makeer ik nog een ding:
Dit maak mij, Speekie, ziek
van smart:
Mijn wa is zonder, buite sijltje!
Wil jij mijn sijltje wees, mij
hart?*

So sonder seil kom die wa op sy rusplek by Oranje aan, daarom kan die Spreekoor **Dopper Joris** van Pulvermacher voordra:





Dr. en mev. Bernie Human borg die oprigting van die wa se "huis" uit dankbaarheid teenoor Oranje wat hulle eie nageslag hier gekoester het.
 Agter: Mev. Swanie Human, haar dogter: Christa Strydom (1964), haar kleindogters: Thérèse Delpont (1980) en Ronelle van Rensburg (1995)
 Voor: Mev. Human se agterkleindogters: Johané Janse van Rensburg (Preprimêr) en Chrisel Strydom (Graad 4)

Om by die wa te pas, ontvang Oranje dit met 'n huisgodsdienstablo soos dit langs die trekpad gedoen is:



Lienkie van den Heever (Gr. 7), mev. Anita Swart, Marisa Swart (Gr. 9), Liné Krös (Gr. 12) prof. Hendrik Swart

"Die ossewa laat 'n spoor op sy pad na Oranje. Op die skoolterrein lê daar ook spore. Daar is voetspore van kinders aan 'n ma se hand, juffrouens met hakskoene. Soms verdwyn die spore. Daar is ook tye wat die klein spoortjies vervang word deur Jesus se spore wat jou dra.

"Die Bybel sê in Jes. 52:7: Hoe wonderlik klink op die berge die voetstaptes van Hom wat die goeie boodskap bring, wat vrede aankondig, wat die goeie tyding bring, wat redding aankondig, wat vir Sion sê: 'Jou God is Koning!'

"Die Bybel is die lig wat jou voete wys waar om te trap en die lamp wat die pad voor jou uit verlig. Dit help nie die Bybel lê op jou boekrak nie, nee, dit moet in jou kop wees, in jou hande en in jou voete.

"Kies watter pad in jou lewe die meeste tot God se verheerliking kan bydra en op watter pad jy die lig van die evangelie die helderste kan laat skyn. Maak seker waar loop jou voetspore." (Uittreksel uit Lienkie se toespraak tydens die ontvangs van die ossewa in Januarie 2007)



Nadat die ossewa ontvang is, beweeg Oranje na die beeldetuin waar die eeufeesvlag gehys word. 'n Spesiale vlag is ontwerp – die skoolwapen kry nou 'n lourierkrans. Dis 'n eerbewys wat heersers en presteerders toekom – presies dít het die skoolwapen vermag toe dit deur die eeu aan Oranje 'n besondere identiteit gegee het.

Terwyl Lyndall Derbyshire die vlag hys, word 'n kanonsaluut van 10 skote afgevuur om die eeufeesvieringe in te lui.

Oranje se erfenis...

*Die Steyn-wapen word die Oranje-wapen.
 Die Hollandse Skoollied
 Die Viktoriaanse Le Rouxhuis*

*Dis nog meer...
 Dis geslagte wat met waardes bind
 Dis vriendskappe wat met liefde sluit
 Dis die taal wat die hart verwoord,*

*Dis veel, veel meer ...
 Die Bybel bly die onveranderlike rig-snoer
 God is die Heerser
 Die meetsnoere val in lieflike plekke*





Nadat die kanonsaluut stil geword het, bars die kreatiwiteit oor die uitsonderlike deelname aan 'n eeufees onder die dogters los. So lyk die eeufeesparade vir die televisie...

Die eeufeesjaar daver in kleur tydens die interhoërgala...

"Oranje is PIENK: Pienk van sagmoedigheid en sensitiwiteit. 'n Dinamiese skool wat afgerond is met elegante vroulikheid.

"Oranje is BLOU: Die Bloureën wat in September voor ons koshuis blom...soos 'n bruisende waterval kan Oranje nie gekeer word nie.

"Oranje is GROEN: Groen grasperke en koeltebome waaronder ons luilekker lê en net onself kan wees. Na 100 jaar het Oranje nog nooit ophou groei nie en in die volgende eeu sal sy immergroen bly.

"Oranje is GEEL: Oranje is in ekstase oor haar 100 jaar jonk wees. Sy het nog net soveel energie en entoesiasme. Dis die oranje-geel roos wat in ons tuine blom en die geel eendjies wat op ons wapen pronk.

"Oranje is SWART: Dis wit kennis op swart borde. Ons waardevolle geskiedenis wat op swart en wit vasgelê is. Swart blinkgevyfde skoene. En natuurlik ons gewilde swart hond, Anje van Oranje!

"Oranje is ROOI: as ons Valentynsdag in die vierkant vier. Rooi is ons sport-, kultuur- en akademiese sterre wat met passie dit doen waarin hulle die beste is. Ons liefde vir ons skool is op ons harte gegraveer.



"Oranje...Oranje...Oranje...Oranje..."

In die eggo kan jy nie net die trots vir ons skool hoor nie, maar jy kan dit voel. Hierdie tasbare trots wat jy in jou ruggraat voel...iets wat jou hoendervleis gee.

"Hierdie is nie iets wat jy sal verstaan as jy nog nooit 'n pampoenrok oor jou kop getrek het of die twee rye knope van 'n matriekhemp vasgemaak het nie. Dis nie iets wat jou aan die hart gryp as jy nog nooit opgekyk het na die Vrouemonument nie. Jy sal nie hiermee identifiseer as jy nog nooit in 'n kring gestaan het met die skool om jou en vivala OMS in jou ore nie. Jy sal dit nie begryp as jy nog nooit Driewerf gegroet uit volle bors gesing het nie!

"Oranje was, is en sal altyd bly...Oranje is ORANJE!"
(Geskrif deur Stephane Pretorius vir die Interhoërgala 2007)



Oranje is ORANJE!




In die feesjaar raak ons opnuut bewus van ds. J.D. Kestell wat verantwoordelik was vir die aankoop van Oranje se terrein. Hy het op versoek van pres. Steyn die ongebruikte terrein in die Poort aan die stigterskomitee vir goedkeuring voorgelê. Om sy naam opnuut aan Oranje vas te knoop, noem ons die Bybeltuin die J.D. Kestellbybeltuin. Hier staan bome en plante soos geïdentifiseer in die Bybel. Dit is so gepas, want Kestell self was een van die 1933-Bybelvertalers.



Anroli Bosman en mej. Joan
Abrahams voor die palmboom wat
hulle in 1985 geplant het.

linkerkant is die "oorlog se hospitaal" – onbewoon. Hier moet jy in 'n nog kleiner stofpaadjie afdraai. Jy span die perde uit voor die afgeleë gebou en rondom jou is veld, bossies en enkele koppies. Hier word 'n spesiale seremonie gehou om die eerste 35 leerlinge te verwelkom en natuurlik wou die stigters aan die wêreld wys dat hierdie skool vir hulle erns is. Daar is selfs 'n program gedruk vir dié gedenkwaardige oggend. Die drukker van die oorspronklike program – Andrew's Drukkers – bedryf na 100 jaar nog sake in die stad.

Om hierdie spesifieke dag – 11 April 1907 - te gedenk, betrek ons die gemeenskap en klee ons die dag in volgens die program van 1907. Oranje ontvang gelukwense en ons leer by monde van oud-beheerraadslede waarom ons skool gestig is.



LIED 275 : O GOD VÁN JAKOB

H Gief van Jakob, duur e hand wees eerde e wijk gewest;
 U luez oetere op oer e hand oer sader e beind.
 The dank e wiesse ghebede gae me e gaderen weest;
 wil em e oetere knoei soeken e gae e oetere beind!

Deel in ois die wiesseped - wil de e Gief en beind;
 En e oetere e wiesse, weest e hand in anan oetere beind.

Beest en, Heer, in alle oetere, weest e oetere weest;
 Weest e oetere, gae e oetere beind - weest e oetere beind!

Beest en e oetere e oetere - weest e oetere weest;
 E oetere weest e oetere - weest e oetere beind.


DRIEFDE GEBOET

[illegible]

PROGRAMMA

- [illegible]

VERVERSCHINGEN



Veels geluk!
Oranje is 'n eeu!

St Andrew's	The boys always look forward to the serenading visits from Oranje. We wish you success for your second century.
Eunice	Congratulations to the Girls in Orange from the Girls in Green!
Pres. Steyn	Mag julle mooi skool en pragtige dogters van krag tot krag gaan soos Pres. Steyn dit 100 jaar gelede gedroom het.
Louis Botha	We wish Oranje a very blessed hundredth birthday!
Willem Postma	Ons hartlike gelukwensing aan Oranje, 'n skool wat baie diep spore getrap het in ons volk se geskiedenis.
Onze Rust	Veels geluk! Dit wat Oranje in 100 jaar vermag het, sal altyd as voorbeeld vir ander skole dien.
Sentraal	Ons salueer een van Suid-Afrika se topskole.
Grey	Mag ons twee skole se verbintenis nog in die toekoms bydra tot die totale opvoeding van ons jeug.

Wanneer ons só 'n spesifieke verjaardag vier, kom talle oudleerlinge terug – hulle wil weer deel wees van hul Alma Mater. Hierdie vasknoop aan die naelstring word in haar matriekjaar (1969) so deur Reza de Wet verwoord: “Jy is my Alma Mater, die moeder van my kennis. Jy waak oor my toekoms en my verlede bly by jou verewig, vasgevang in jou stille moedigheid en trots. Jy het aan my drome vorm gegee, aan my hoop, gestalte.

"Vergeefs klop die lewe se aanslae teen jou ruwe standvastigheid. Jy is die hoop van môre. Die toekoms is jou vriend en die tyd het jou grootgemaak.

"My Moeder, jy is die poort tot die lewe waar ek vir oulaas my kinderdrome soos warm sand deur my vingers kan laat gly. 'n Laaste rusplek voor die skerp lig daarbuite my verblind.


"Geduldig is jy ook: jy het verstaan waarom verlore kanse by my verbygeglip het, terwyl ek nikssiende en blind my toekomsvisioene nagejaag het en jou kosbare kennis as die gryse werklikheid verag het. Het ek jou seergemaak, geskend, 'n traan gevoeg by al jou smarte?"

"Die lente van my lewe het ek aan jou gegee en jy skenk aan my die somer met haar vrugbare rypheid. Die lewe sal vir my die herfs en ook die winter bring en deur die skemer van die dag sal ek steeds dink aan jou geskenk.

"Altyd was jy daar – in my sukses en my mislukking. Ek sal jou hand steeds op my skouer voel. My bede is dat ek eendag kan terugkeer, trots voor jou kan staan en sê: 'Kyk, dis wat die lewe van my gemaak het' en dat jy dan sal weet dat alles nie verniet was nie." (Onthou:75)

Met die gaste voor jou by hierdie onthougeleentheid besef jy hoe kosbaar die Alma Mater is, want leerlinge kom tot in die derde en vierde geslag terug om uit dieselfde fontein van kennis, kameraadskap en waardes te put.

VIER GESLAGTE OP ORANJE



DRIE GESLAGTE OP ORANJE


Pienie Smith	1949	Susan Meyer	1945
Rentia Pieterse	1976	Annemarie Dalton	1982
Franné Pieterse	2007	Corné Rabie	2007
Bertha van Niekerk	1957	Ria Louw	1960
Hannelie Dreyer	1982	Etta Cilliers	1983
Helet de Wet	Gr. 10 2007	Rentia Cilliers	Gr.7 2007
Louis Theunissen	1948	Martha Reyneke	1944
Malene Campbell	1975	Johannie Styger	1983
Caréne Zaayman	2003	Maryke du Plessis	Gr. 9 2007
Dorethe Zaayman	2007	Juané du Plessis	Gr. 6 2007
Martie Victor	1955	Monica Enslin	1954
Elize Cogle	1978	Elize Enslin	1975
Melissa Cogle	1999	Angelique Wernich	Gr. 9 2007
Chantel Cogle	1998	Bianca Wernich	Gr. 6 2007
Tanya Cogle	Gr. 11 2007	Carla Wernich	Gr. 4 2007

Dorethe Zaayman, haar ma: Malene Campbell (1975), haar ouma: Louie Theunissen. Mary-Anne Cillié (1968), haar ouma was die dogter van Janey Brebner na wie Brebner-sporthuis genoem is. Sy was een van die eerste leerlinge in 1907. Haar ma was Mary Scrivenor Krause-Kitty, wie se naam op die erebord van 1946 verskyn. Daarom stuur Mary-Anne haar vier dogters na Oranje om hierdie tradisie voort te sit: Elizabeth (1997), Maria (1999), Anne (2004) en Margaretha wat in 2008 sal matrikuleer.



VIER GESLAGTE OP ORANJE

Christoffel Louw deel pres. Steyn se ideaal en stuur sy dogters na Oranje:



Hoe onthou jy Oranje?

Onthou jy dit dalk soos dié gevierde letterkundiges?

Johannes Kerkorrel

jy moet staan in jou ry
jy moet jou hare kort sny
jy moet altyd netjies bly

Marie v Rensburg

Hoeveel ekstra vakke, Pa?
Dux-leerling? Is dit wat Pa vra?
Hoeveel eerstes by die wenpaal?
Pa, is Pa nooit tevrede nie?

Dalene Matthee

Die lewe is 'n skewe sirkel.
Ons sweet teen Jonkersberg uit.
Ons droom saam met Saul oor die
lewe anderkant die Koppe.

Antjie Krog

ek soek my lewe deur na jou
begrip bly tog by my want
ek is bang

MANNE OP ORANJE EN HULLE NAGESLAG

Willie Viljoen	Sub A en B	1944 en 1945
Lynzelle Muller	1979	(née Viljoen)
Jeanine Kuntzman	1985	(née Viljoen)
Lynné Kuntzman	Graad 9	2007
Zandri Kuntzman	Graad 6	2007

Mnr. Bryer, een van Oranje se Joodse seunsleerlinge, stuur 'n spesiale gebed:

Mag die Here Oranje seën, die stigters, die leerkragte, asook die leerlinge! Mag hierdie skool nog steeds in die toekoms 'n bron van kennis, opvoeding en verdraagsaamheid wees!

Mnr. Viljoen se verjaardagwens vir Oranje: "11 April was 'n belewenis saam met die vriendelike Oranje-dogters! Dit bly 'n unieke skool. Veels geluk met julle verjaarsdag! Baie sterkte op die pad vorentoe!"



Ds. Steyn Venter, mej. M.L. Spies, Floris Venter
Die twee manne was in Sub A en B terwyl mej. Spies al by Oranje skoolgehou het.



Huisbestuursgebou
Dr. Barry onthou hoe selfs die seuntjies moes leer hoe om babas se doeke om te ruil – hy het soms sommer weggehardloop!

Dr. Trebot Barry, nog 'n seunsleerling, wens die skool só geluk:

Met harde werk, toewyding, gelukkigheid, eerlikheid en lojaliteit sal die Oranje Meisieskool 'n voorbeeld stel aan ons land, Suid-Afrika, en sal ons steeds "VOORUIT"! Seënwense.

Op 11 April gedenk ons die verlede, word ons bewus waar ons vandaan kom, maar dan strek ons ons ook uit na wat voorlê:

Die Preprimêr en die personeel vorm die een in blou. Die Laer- en Hoërskool vorm die nulle. Die kreet weerklink uit 1300 kele en dan word die 100 ballonne losgelaat – simbolies van die leerlinge wat hier opgelei is en nou in die wêreld deel is van pres. Steyn se heldinne!



Na die opwinding is so 'n eendjiekoekie voorwaar 'n lafenis!!



Dr. Barry se Sub A-boek
Dis darem 'n klinkklare bewys dat dr. Barry in Oranje was!

11 April 2007 Kunsuitstalling

Audrey Blignault het gesê die lewe is om te dink, om te onthou, om te verbeeld, om te kies!! Dit is presies wat die kunstenaars gedoen het voordat hulle na die eeufees toe gekom het. Oranje Reünie het oudleerlinge genooi om by die fees te kom uitstal. Hulle kon kunswerke vir die skool skenk. Toe die uitstalling in Le Rouxhuis open, sak die son oor Naval Hill. In hierdie sagte lig kom die onthou los en word die geleentheid 'n kosbare terugloop die verlede in.



Anine Barnard (Bosch 1975); Riana Malan (Albertyn 1970)



Mev. Adrie Albertyn ontvang 'n skildery van Clarabelle van Niekerk 1969



Elsa Stofberg (Van der Merwe 1941) skenk "Geduld" – die twee huiswerkers wag geduldig by die bushalte



Amy Schoeman (Tromp 1958) ontvang internasionale erkenning vir haar fotografie oor Namibië



Mev. Albertyn en Liliyane Mendel (Daneel 1965). Sy is ook die skepper van die beeldhouwerk: Outa Hans




Marieta Lamprecht (Van der Walt 1959) ontvang erkenning vir haar fotografie



Festa Erasmus (Botha 1981) en haar vrolike eende



Mev. Annemarie Roberts, die kunsjuffrou, wat soveel leerlinge geïnspireer het om 'n kunslaan te volg. Sy skenk "Ma-en-kind"



Porseleinbord gemaak deur Christina Bryer (Van Rensburg 1952)



Ilse Fourie (Potgieter 1972) : Sy skilder opdragwerke vir die De Beers Diamantmaatskappy.



Mandi Fuchs (Smit 1981), 'n juwelemaker, skenk die sil-wereend met die tanzaniet-ogie



Personneelfunksie

12 April 2007

Dankie, Juffrou

vir die sagte woorde as my hart broos is.

vir die begrip as tienerwees eintlik

deurmekaarwees is.

vir jou glimlag wat my spesiaal laat voel.

vir die regte aansporing en wyse
woorde.

vir jou insig as my vrae onbeantwoord bly.

vir jou staatsenuwees as die vuruzelas van die

jeug om jou blaas.

Jy verdien

- n elektroniese rooipen.
- 28 ure in jou dag.
- staande toejuiging.
- engele om jou te beskerm!
- tyd aan die voete van Christus!

Oranje Reünie bring hulde aan oudpersoneellede wat 'n leeftyd deel was van Oranje. Dit is dames wat vir baie jare met toewyding aan 'n taak veel groter en hoër as hulself gewerk het. Dit was hul strewe om altyd te groei en te gedy in die werk van die gees en die werk van hul hande:

Oranje eer die kosbare nagedagtenis van legendariese oudonderwyseresse en vereer die volgende personeel postuum:

Mej. A.E. Rossouw	(30 jaar; 15 jaar as skoolhoof van die Laerskool)
Mej. C.M. Jooste	(21 jaar skoolhoof van die Hoërskool)
Mej. M. Papenfus	(44 jaar en hier op skool = 56 jaar)
Mev. Magriet Janeke	(30 jaar)
Mej. Hilda Postma	(29 jaar)

Oranje Reünie bring hulde aan onderwyseresse wat vir meer as 25 jaar nie net die beste wat daar in hul vakgebied is aan die leerlinge oorgedra het nie, maar ook die beste van hulself gegee het.

Mev. Mathilde du Toit
Mev. Anneke Swanepoel
Mev. Leonie Opperman
Mev. Hettie Holtzhausen
Mej. Maria Bosman
Mev. Reynette Brink
Mev. Welma Mentz
Mej. Mareé du Plessis
Mev. Ria Meyer

(44 jaar en hier op skool = 56 jaar)
(33 jaar)
(32 jaar)
(29 jaar)
(27 jaar)
(27 jaar) Adjunkhoof: Hoërskool
(26 jaar)
(26 jaar)
(25 jaar)

'n Gemiddelde onderwyser deel mee, die goeie onderwyser verduidelik, die buitengewone onderwyser demonstreer, die beste onderwyser inspireer. Die volgende personeel was meer as 20 jaar verbonde aan die skool:

Mev. Adrie Albertyn
Mev. Marie van der Westhuizen
Mev. Hester de Witt
Mev. Lenie Neethling
Mej. Drienie Lombard
Mev. Fransie Henning
Mev. Margie Herbst
Mej. Lucia Theron
Mev. Wynona van Wyk
Dr. Elsie de Beer
Mev. Corrie Geldenhuys
Mev. Christina Muller
Mev. Elsabe Röhrich
Mev. Martie Rowe
Mev. Esther van Schalkwyk

(24 jaar) Skoolhoof: Laerskool
(24 jaar)
(23 jaar)
(23 jaar)
(22 jaar) Waarnemende hoof: Laerskool
(21 jaar)
(21 jaar) née Bredenkamp: Hoofmeisie 1969
(21 jaar) 1982
(21 jaar)
(20 jaar) Adjunkhoof: Hoërskool
(20 jaar) née Du Preez 1969
(20 jaar) Skoolhoof: Laerskool
(20 jaar)
(20 jaar)
(20 jaar)



Mej. Matthee onthou die Hoërskool se onderwysers van die afgelope 20 jaar so:

Ek het eendag die wysheid gehoor: Moenie die gebaande weë volg nie. Slaan jou eie koers in. Laat spore na waarin ander ná jou kan volg.

Toe ontdek ek Paulus in Romeine 15:20: "Ek het my eer daarin gestel om die evangelie te verkondig waar die mense nog nie van Christus gehoor het nie, want ek wil nie op die fondament van iemand anders bou nie."

Mev. Marietjie de Wet was my direkte voorganger as Afrikaansjuffrou in kamer 19. Met jou kennis en invloed op die dogters het jy by Oranje 'n hart- en Afrikaanspad uitgetrap!

Dr. Elsie de Beer Dankie vir die vertroue in my. Dr. se eendjiebrief na die eerste saalperiode wat ek moes hou, bewaar ek steeds!

Mej. Pellissier, my skoolhoofvoorganger. Van haar onthou ons: "Jou ja moet jou ja wees, en jou nee, jou nee!"

Die matrieks vaar uitstekend in Afrikaans! Die vak vaar die beste in die distrik. Dis sekerlik die voetwerk van mevv. Alet Basson, Annelie Volschenk, Bonkie Wagner, Anschia Coetzee of mej. Rosa Delport en Amanda van Eeden. Nou is Afrikaans in die hande van mej. Lucia Theron, mevv. Johanette Jacobs, Elna Rood en mej. Aveli Keyser nog veilig. Hanlie du Randt het Afrikaans gegee en die swem bymekaar gemaak.

Afrikaans is die taal waarin pres. Steyn gedroom het, al het hy Nederlands in elke amptelike stuk gebruik. Dit is die tyd waarin Winternag verskyn het. 'n Eeu later is Afrikaans nog die hartklop van die skool. Dit is die taal waarin ek bid en kuier, dis die taal wat my die pad laat vind na elke kind se hart.

Aan die Engels personeel: 45 % van ons matrieks het in 2006 A's gehad in die eindeksamen. Engels Tweede Taal HG was nog altyd ons sterkpunt danksy dames soos mevv. Reynette Brink, Mariëtha de Kock, Greta de Wet, Corrie Geldenhuys, mej. Valerie Greyling, Rita Dempers, mevv. Julia van den Berg, Carlien



van der Merwe, Sanet Vermeulen en Marguerite Wessels. Die Engelsspan is nou mevv. Deirdre van der Merwe, Elsa Joubert, Carlene Strampe en mej. Elizabeth Nel.

Mev. Henning, ek het so'n mooi getuigskrif van u van oudleerlinge gekry. Dit gaan goed met die Rekeningkunde. Eers was dit Ronel Joubert en Anroli van Vuuren, mevrou se *-leerling. Sonnette Boshoff het die skool vir die sakewêreld verruil. Mevv. Alta Brand, Hanli Seyffert en mej. Annerie van Heerden bied nou die vak aan! Mej. Annelie Steyn is die groot hand by die Bedryfseconomie.

Mev. Julia Arndt, dr. Suzette du Plessis, mev. Elaine Coetzee, mejj. S. Hattingh, Elbé Naudé, mevv. Lettie Kok, Leonie Opperman, Lizelle Theron, Philma Uys, Anna van der Watt en Mia van Rooy: Ons het nou die Biologiesdepartement met manne aangevul, Gerhardus Bosch en Christian Fourie, bygestaan deur Ilse Wessels en dit gaan goed! Niemand kla oor die menere nie en die Biologiekamp is 'n hoogtepunt.

Mev. Hirosjima – of liewer mev. Tsangarakis – hier is nog Frans-aanhangers. Sanet Vermeulen en Adéle Dempers het ook Frans gegee.

As ek aan die Aardrykskunde dink, dan val dit weg van die akademie: Mev. Martie Rowe, die "katte" se netbal blink uit! Mev. Zandra Neuhooff, die VS-hokkietrofee is by Oranje! Mev. Tania Smith, daar is nou 4 netbalbane en die dassies eet steeds die plante. Mevv. Strauss en Marieta Botha, Oranje se atletiekspan het weer die Cloverskild huis toe gebring. Mev. Therese Moore sou hierdie brokkie wou hoor! (Geskiedenis). Mev. Charlene Hertzog se eie netbal in die SA span het haar die pos by die skool laat ontruim. Mev. Marlene Cloete gee nou Aardrykskunde en haar liefde is swem en hokkie.

Waar is die dae toe Oranje vyf permanente musiekonderwysers voltyds by die skool gehad het! Hulle kon die koor en die orkes afrig en het wonderlike individuele onderrig gegee. Van dié formidabele span mis ons mev. Hettie Gouws en die orkes, mej. Hester Ballot, mevv. Marie Conradie, Ria Coffee, Corrie Geldenhuys, Marcha Geyer, Lynette Liebenberg en Esther van

Schalkwyk, wat ook nog ma was vir 200 dogters in Joostehuis. Mevv. Margie Herbst en Brigitte Botha loop nou hier voor.

Mev. Elize Snyman, die gr. 9 D's is nou in matriek en hulle is nog 'n oulike klas! Die ander mev. Louise Snyman – Latyn en Tennis – het baie liefde gestuur. Sy woon in Stilbaai en haar gesondheid en ouderdom laat haar nie meer toe om te reis nie.

Mev. Barnard, die Skeinatlaboratorium is nou tegnologieë voor in die Vrystaat. Christian Fourie en Hester Nel sal vir ons kan les gee. Ons het steeds baie pret. Hierdie keer is Elsa Joubert die grappmaker... ons mis jou grappe.

Mevv. Vicky Botha, Minnie Ras, Izette Schutte, Rhona Swanepoel, Ina van Tonder en Carmien van der Merwe – ons mis julle by die Huishoudkunde. Mej. Mia Wessels bak en brou nou in 'n splinternuwe klas onder 'n splinternuwe naam: Verbruikerstudie!

Die kunsklas het deur die jare dieselfde gebly, altyd verfblytse, altyd kunskinders wat laat is of iets vergeet het. Mev. Roberts, ek wonder of dit in u tyd ook so was? Dit het beslis so gelyk saam met mev. Marianne Barnard, mej. Hester Herholdt en mev. Corrie van Rensburg. Mej. Adanje Schoeman werk hard aan die netheid, maar dit bly 'n kleurryke stryd.

Wiskunde was nog altyd iets sinistres as die juffrouens selfs donker vanne het: Anita Swart en Ellen Anne Swart saam met mejj. Yvonne Potgieter, Amanda van Rensburg, Rauchelle de Waal en mev. Annalize van Biljon. Judy van Biljon het toe agtergekom dat letters net so maklik as syfers in gelid staan – sy het al 'n kortverhaal gepubliseer. Doris de Waal staan so eenbeentjie in die klaskamer totdat die nuwe aanstellings gemaak is. Mev. Mimi Diedericks het al 'n paar keer afgelos. Mev. Carien James word nou ondersteun deur mej. Ilse Brink, mevv. Elna de Jager en Hester Nel.

Duits het nog altyd die vreemde bekoring. Seker omdat die aanbieders so vol energie is. Mevv. Tharina Strauss, Helena Samuel, Alice Theron, Marianne Matthee en mej. Jeanne Barnardo, julle liefingsvak leef voort!! Vanjaar het mev. Brigitte Botha en haar leerlinge Duitsland en Frankryk gaan verken.

Naas Latyn, Duits en Frans is Suid-Sotho ook aangebied. Dit het floreer onder die hande van mev. Nicolette Fourie, mej. Celeste Erasmus, mnr. Carel van Aswegen en totdat die vak uitgefaseer is, het mev. Erika Heymans onderrig gegee.

Mev. Welma Mentz, Moederkunde en Bybelkunde het verval, maar jou lag, tugtiginge, broodjies en praatjies na skool word onthou! Mev. Marianne Pretorius het die taak oorgeneem om na die leerlinge om te sien, maar ook dié voorligtingspos is afgeskaf.

Ons tik nie meer saam met mev. Marie Swart nie. Dis nou die rekenaars wat oorgeneem het onder die leiding van mev. Lenie Neethling en mej. Erika Steyn.

Mev. Marie van der Westhuizen, ons het nog nie geleer om minder te vier by die skool nie. Ons eet nog altyd lekker en verkeerd. Ons mis jou deeglikheid in die Biblioteek.

Juf. Spies se liefingsvak – Drama – het gefloreer onder haar eie leiding, asook onder die leiding van mevv. Reynette Brink en Sanet Nel. Nou is dit mev. Retha Pool wat die septeer swaai en die leerlinge na A+ en A dubbelpus voer!

Mej. Spies, ek het u nie hier as onderwyseres of hoof geken nie, maar wil graag u vóórloop eer in die woorde van mev. Adéle Steyn (Rekeningkunde): "Vir die laaste twintig jaar rus Oranje veilig in die mooi en bekwame hande van mej. ML Spies, wat so pligsgetrou en nougeset haar dagtaak verrig dat sy geneig is om teen die begin en einde van elke dag vas te kyk, en nie besef watter magtige invloed daar van haar deur die skool, soos 'n goue draad in die tapisserie van ons volkslewe inwerk nie en elke ander patroon daarop sinvol maak nie." (1980)



Dr. E. de Beer



Mev. C. Strydom



Mej. M. Matthee



Mev. A. Albertyn



Mev. R. Pool



Mev. C. Muller

13 April 2007
Oranje na die Vrouemonument

Dis nie voortrekkerrokke of wit rokke nie. Dis nie 7:00 op 'n bibbermôre nie en ons hoef nie te voet af te sit na die Vrouemonument nie. Sedert die onthulling op 16 Desember 1913 en na pres. Steyn se begrafnis in 1916 besoek Oranje die monument jaarliks.

Die eeufeesvieringe is soos 'n geskenk wat aan elke besoeker uitgedeel word. Die opwinding lê daarin om die pakkie oop te maak en die omgee en lief wees vir ons skool te herontdek. Dalk vind jy vreugde in die nostalgie van die verlede of dalk vind jy antwoorde op die nuuskierigheid van die hede in dié eeufeesgeskenkpakkie!.

*Oranje! Oranje! Oranjeskool!
Oranjeskool wat ons bemin, hoe
bly is ons vandag!
Jy het maar in die klein begin,
ook goed daarin geslaag.
'n Jaar het weer verbygegaan
en jy het ook nie stil gestaan,
en jy het ook nie stil gestaan,
maar steeds vooruit gegaan.
Vooruit! was altyd maar ons leus,
Laat kom wat wil of mag.
Vooruit! dit sal ons leus ook bly,
tot in die nageslag.*



Mev. Erna Oberholzer (Nuss) het in 1926 gematrikuleer en sy is hier vir die groot feesvieringe. Sy is die oudste oudleerling wat die feesnaweek bywoon.



Ethne Pretorius 1938; Sannie Pieterse 1937



Lettie Hough 1939



Christelike en Nasionale Meisieskool Oranje



1907-2007

Monumentfunksie
13 April 2007



Die agterkleindogter van pres. M.T. Steyn en die naamgenoot van mev. Rachel Isabella Steyn - Isabella Steyn (1970) – open die verjaardagvieringe met skriflesing en gebed. Oranje se verbintenis met ons stigter word weerspieël in die eerbewyse aan die Steynfamilie.



Marthinus en Colin Steyn ontvang die eerbewyse namens die pres. en mev. M.T. Steyn



Mev. Yvonne Steyn (Maartens 1942) ontvang haar man, appèlregter M.T. Steyn, se eerbewys – hulle is albei oudleerlinge.



Mev. Elsa Stofberg – kleindogter van pres. Steyn - ontvang haar ma, senator Tibbie Visser (née Steyn) se toekenning as eerste vrou wat die pos as senator beklee.



Mej. Willemien Steyn ontvang die eerbewys van haar tante, advokaat Gladys Steyn, 'n skoolhoof van Oranje: 1916 – 1919.

Oranje het nie net 'n ereverbintenis met die Steyns nie – die skool is ook trots op die verbintenis met die Koningshuis van die Nederlande: Die Huis van Oranje! Was dit dan nie koningin Wilhelmina wat haar oor die oorlogswesies ontferm het en geld, linneware en eetgerei na dié skooltjie in Suid-Afrika gestuur het nie?

Ongelukkig kon die Koningshuis van die Nederlande nie die eeufees bywoon nie. Die opdrag uit Nederland is dat mnr. C. Hacking, onderwysspesialis van die Nederlande en mev. Wolters, adjunkambassadeur, die verjaardag moet bywoon. Hulle wens die skool geluk met die besondere mylpaal en bevestig opnuut die verbintenis tussen die Huis van Oranje en die Meisieskool Oranje. Hulle ontvang die eerbewyse van mev. Ema Strydom vir Hul Majesteite die koningin Wilhelmina en Beatrix.



Konining Beatrix

Na 100 jaar is Gladys Steyn se hoofmeisierede vergete, wonder die besoekers nie oor die inhuldigingsrede van 1907 nie. In die geskenkpakkie soek hulle na die hartklop van vandag se Oranje. Wie anders as 2007 se hoofmeisie ken dit?

Op 11 April 1907, die oomblik toe Oranje gebore is, het iets buitengewoons gebeur. Iets wat tot dusver duisende meisies en vrouens se lewens beïnvloed het. 'n Skool se hart het in 'n Oranjeritme begin klop. Wanneer 'n mens se hartklop die eerste keer by hierdie Oranjeritme inval, gebeur daar iets wat jou vir altyd bybly. 'n Band word gevorm wat buitestaanders nie maklik verstaan nie.

“Vandag, 'n 100 jaar later, kyk ons terug na daardie dag met oorfloedige dankbaarheid. Ons kyk na die Vrouemonument en weet – 100 jaar se geskiedenis, tradisies en erfenis is saamgeveg in ONS. Elkeen wat ooit enige verbintenis met Oranje gehad het en altyd sal hê. Ons is dankbaar teenoor elke persoon wat ooit 'n bydrae gelewer het om Oranje te bring waar sy vandag is. Dankbaar teenoor elke dogter wat die skool se tradisies te alle tye laat voortleef.

“Victor Hugo het gesê: ‘Die toekoms het baie name; die banges noem dit die onbekende, die luiers noem dit die onmoontlike, maar die dapperes (die heldinne) noem dit MY UITDAGING.’ Ek glo dat Oranje kan uitsien na 'n blink toekoms. Uitsien na haar uitdaging om elke dag steeds vooruit te gaan, maar dat haar leerders steeds oor 100 jaar pouses onder die groot koeltebome sal sit. Steeds hulle pampoenrokke sal dra en tot in hulle tone trots sal voel. Steeds sal opkyk na die Vrouemonument en sal weet dat dit wat ons ontvang het, mooi is. Maar: dat hulle vandag met ope arms sal aangryp en voluit sal lewe.

Vandag met 'n polsende hart sal sê: Veels geluk, Oranje!!!”

Wilmarie Böning
Hoofmeisie 2007



*Here, Redder, groot en magtig, U oorskou ons lewenspad.
In u liefde en genade het, U ook ons hand kom vat.
Heer, u lyding bring bevryding - U het ook my hand kom vat.
U het self my hand kom vat.*

*U, my Redder, groot en magtig, U het my ook raakgesien.
Ek is feilbaar, swak, onseker, tog wil ek U dankbaar dien.
God, my Here – U is Here! Vas kan ek op U vertrou,
vas kan ek op U vertrou.*

*Lei my, Heer, na dié bestemming, In u Woord my opgedra.
Laat my leef en werk met vreugde, want dit sal volharding vra.
Heer, u lyding bring bevryding – al ons skuld het U gedra,
al ons skuld het U gedra (Attie van der Colf 1989)*



Mej. Matthee dra by tot die gemoedsrus van die feesgangers. As ons aan die voet van die Vrouemonument bymekaarkom - vir Oranje byna heilige grond – weet ons daar het so baie dieselfde gebly deur hierdie eeu:

- Die Vrystaatse koppie, die inheemse bome, die grassaad aan't wuiwe in die herfs hier rondom die monument het pres. en mev. Steyn ook aangegryp.

- Die stilte, die rus en vrede hier. Daar is die gekoer van die duiwe.Daar is die blou-blou lug aan die punt van die naald...

- Soos Oranje 'n inspirasie vir die dogters van die volk moes wees, so inspireer die Vrouemonument die volk om dapper die toekoms tegemoet te gaan.

- Pres. Steyn se ideaal vir die skool het dieselfde gebly: 'n Skool wat Nederlands en Engels moes aanbied, maar in die suiverste sin Afrikaans moes wees. 'n Skool waar die kinders nie afvallig mag word van hulle ouerhuis en die volk nie, maar hulle moes die sedes en gewoontes van die volk liefkry. Bo alles 'n skool waar die Bybel 'n ereplek sal inneem.

- Die dinamiek van die vrou, haar wil om te oorleef, haar ywer om suksesvol te wees, haar geloof in die goeie het bly voortleef.

Oranje huldig pres. M.T. Steyn vir sy versienheid.

Mej. Schoon skryf na 20 jaar op Oranje: "In 'n oomblik van besieling en toewyding het die skool tot stand gekom, dit was nie die besieling van gewone mense nie. Nege jaar lank het Oranje onder die persoonlike bestuur, beskerming en besieling van die groot staatsman self gestaan. Onderwysers en kinders het die pres. se grootheid self leer ken, hy het hulle beïnvloed, daarom sal die waardes dieselfde bly." Na sy dood neem Rachel Isabella hierdie rol oor tot met haar dood in 1955.

God het nie verander nie. Op hoë plekke laat Hy Oranje veilig loop!

WAT HET DAN VERANDER?

Die rolspelers verander...daar is altyd nuwe mense!
Die mode verander...

'n Matrikulant van 1926 is hier. Sy sit nie op die muurtjie nie. Sy is vandag 97, en haar hart brand vir Oranje. Die matrikulate van 1937, '38, '39 gaan nie so gemaklik van die muurtjie afspring om hulle kranse te lê nie.

Die bang gr. 1-dogtertjie van 1943 is vandag 'n ouma... Haar dogter was al in 1982 in matriek. Haar kleindogters was in 1998, 1999 en nog een sal in 2008 in matriek wees.

Geagte oudleerling: Jy wat dalk al klaar die sterre bereik het, jy wat nostalgies terugdink aan jou pampoenrok... Leef jy nog pres. Steyn se ideale? Of het jy verander?

Matrieks: julle sal volgende jaar nie meer die matriekdrag dra nie, maar met ingehoue trots erken dat jy in Oranje was. Jy moet die leier word waar jy jou mag bevind. Pres. Steyn het onwrikbaar geglo in die krag van die vrou.

Liewe Gr. 1's: Praat julle Afrikaans in die skool? Leer Juffrou jou van die Bybel? Het jy al geleer om Nkosi Sikelele te sing? Dan is julle reeds besig met pres. Steyn se ideaal!

Die onderwysers het ook gewissel, MAAR in wese bly hulle dieselfde:

- Dis hulle wat vir jou die ster ophang waarna jy kan uitreik.

- Dis hulle wat jou oor die klipperige pad lei.

- Dis hulle wat jou leer van somme, van woorde en van God.

- Dis hulle wat lank nadat jy weg is, nog oor jou wonder.

Oranje is...

- doen wat reg is.

- weet Hy maak my voete soos dié van 'n ribbok.

- glo die meetsnoere val in lieflike plekke!

- VOORUIT!

Oranje sê met 75 ruikers deur 75 oudleerders dankie vir elkeen wat voor ons hierdie Oranje-pad met trots en toewyding geloop het. Melissa Labuschagne (1989) en haar ma het hierdie skouspel moontlik gemaak.



Melissa Labuschagne, Cara van Jaarsveldt en Mary-Ann Bell

Melissa en Lienkie van den Heever

Melissa Labuschagne, Wilmarie Böning en Therése Delpont



eeufeesfees 13 april 2007



Elsa Lamb en Hettie de Jager





Marieta Lamprecht (née Van der Walt 1959) het die skool se argiewe deurgewerk
En 'n fotobeeld van Oranje se kleredrag deur die eeu saamgestel.

Wat ’n wonderlike voorreg om weer op hierdie verhoog te staan en uit te kyk oor die kleurvolle spoggerigheid.

In 1968 toe die bouers met dié gebou klaar was, maar dit nog leeg was, roep ek ’n klompie Joostehuis-kosgangers om na die saal te kom kyk. By daardie deur het hulle in hulle crimpeline Sondagrokke gestaan en stadig ingekom. Een het met die hand voor haar mond gefluister: FANTASTIES!



Dis hoe ek vandag voel: Julle lyk fantasties!

Vrydag die 13e was nog altyd vir my ’n gelukkige dag. Mej. Matthee het nie gesê hoe lank ek moet praat nie, met my reputasie maak julle dus reg vir ’n laaaang sit.

’n Bejaarde soos ek, het al hoër op teen die Berg van die Lewe geklim en sien dus hopelik meer as mense wat nog ver moet klim. Hier sit mense van verskeie ouderdomsgroepe. Ek sal probeer om elke groep te betrek. ’n Sekere skrywer deel mense in 4 ouderdomsgroepe in:

Ek gaan daarop uitbrei. Verskoon as ek dikwels van my notas aflees: onthou ’n 90-jarige se woorde gly soms uit die geheue. Elkeen van julle moet besluit waar jy pas en toets of jy reg optree vir jou groep.

Groep 1: Dié jong postmoderne generasie

Dis meesal leerders en studente. Hulle is die ERVARINGGEDREWENES. Die soekende groep met hulle wantroue in teorieë en ideologieë. Hulle word sterk beïnvloed deur die PORTUURDRUK. Iemand waarsku die leerders: Moenie die ’nerd’ in jou klas geringskat

nie, jy moet dalk eendag vir haar werk. Teen die portuurgroep is ouers en personeel dikwels magteloos.

Volwassenes moet liefies hierdie terrein met oneindige geduld, insig en veral liefde-wat-verstaan betree. Hierdie groep is polsend, interessant, raserig, want hulle moet hulleself handhaaf... gelukkig gaan dit na ’n paar jaar verby. Die TV-advertensie waarborg stilte met KFC se hoendergeregte!

Groep 2: Generasie: X (20 tot 40 jaar)

Ek weet nie waarom dié groep X genoem word nie. Ons sien hulle weksaande op 7e Laan; Sondagaande in hulle eiesoortige kerkdiens en koffiekroeë. Die “Youth Connection” wat selfs die eredienste energiek opkikker. (Weet julle hoe mor ons oumense oor die dominee-met-die-kitaar, die klawerbord en vreemde liedere!) Maar ons hou by!

Hierdie groep (studente, beginner-werkers) wonder oor die X-naam. Ek het HAT (2005) en Collins Dictionary (1983) geraadpleeg en 6 verduidelikings gekry. Ek noem net 3:

• Die X-teken by rolprente beteken: Nie vir onder 18’s nie, dus net volwassenes. Hulle kan dus nie meer wegkruip agter ouers, skool of moeilike jeugjare nie.

• Die X op ’n brief bv. ’n soen. Hierdie groep eien hulself dus die reg toe om in die openbaar al soenende...julle sien dit op die TV en selfs toe ek nou die dag in ’n tou in die Poskantoor wag... toemaar, dit duur net 10+ jaar.

• Hierdie verduideliking is vir my die beste: Met ’n verkiesing kry elkeen ’n stembrief en maak ’n x langs die naam van die persoon wat jy dink die beste kandidaat is. Dus ’n keuse wat jy uitoefen en dan dra jy die verantwoordelikheid van jou keuse.

Dis in hierdie fase van jou lewe dat jy uitvind hoe belangrik keuses is...hoe belangrik die res van jou lewe ná jou keuse is...is dit waarom daar so baie selfmoorde in hierdie jare plaasvind? So baie misdadigers in dié ouderdomsgroep val? Jy proe dan eintlik vir die eerste keer VRYHEID en weet nie mooi wat om daarmee te doen nie.

GROEP 3: Die Generasie: Baby Boomers (40-60 jaar)

Die woord “Boomer” afgelei van die Engelse woord “Boom” is óf ’n GROOT OORHEERSENDE kangaroo. Óf om vinnig en kragtig vooruit te gaan.

Dis die periode van WERK, TYD IS GELD, (vergeet van die bewering: Liefde is tyd)

Julle is dus die “probeer-om-te-wees”: superrykes, (hulle praat nie meer in duisende nie, miljoene is in) supersuksesvolles, die supergekledes en vinnige motors. Dis die engele met die groot dollarnootvlerke, wat oor die Suid-Afrikaanse ekonomie sweef en dit só gesond en stewig maak dat ander Afrikalande na ons opsien. Julle praat van die huis kos 2 en bedoel 2 miljoen.

Pa en Ma werk albei hard en heeldag. GELD is die gonswoord. Die TV en rekenaar is die kind se oppasser en met ’n handvol geld moet die kind bedags sy eie toebroodjies en ete koop. Die kinders word die beste klante in die winkels wat klere na die jeugdiges se smaak aanhou, die duurste elektroniese artikels moet gekoop word en selfs dwelms is geredelik buite die skoolhekke beskikbaar....só vertel drie gr. 9-seuns my nou die aand. .

Waarom werk almal hulle só katswink?

Sodat hulle ryk kan aftree, want DAN gaan hulle die lewe geniet en rus. Foeitog. Die rus is elders. Jy werk jou lewe verby.

GROEP 4: Die Afgetredenes (gewoonlik na 60 of selfs 55)

Ons is die oues van dae, die “mensies”. (Moet ASB. nooit vir ’n bejaarde die vernederende term “Mensies” gebruik nie, al is hy/sy hóé afgetakel, binne-in bly ons almal MENS). Dis die snelgroeiendste groep in ons samelewing.

Ná 60 begin die lewe WERKLIK eers. Maar dit sal nie help om dit te verduidelik nie, julle sal my mos nie glo nie.

“What we have done for ourselves dies with us. What we have done for others and the world is immortal.” - George Eliot

Ek sluit af met die woorde van mev. Chabaka (Speaker van die Vrystaatse Wetgewer) “Ek wil graag die mens wees wat God bedoel het ek moet wees.” EN “moenie ’n kind leer om te lei nie, leer haar om ons land te dien”. En ek voeg by: Ons lewe net behoorlik as ons ander mense help (daarom is ’n opregte ma só uiters belangrik). Julle weet wat Jesus gesê het: wie sy lewe vir homself wil behou, sal dit verloor. As jy nie dien nie, bestaan jy

maar net. Kyk maar na bejaardes wat net sit en ontvang. Is hulle gelukkig?

Jy gaan jou lewe aan iets gee of dalk doen jy dit reeds: ’n loopbaan, sport, ’n stokperdjie, roem, rykdom? Niks gaan lank belangrik bly nie. Diens is die pad na belangrikheid. (Herhaal).

Dis nie HOE lank jy gelewe het nie, maar HOE jy geleef het. Ons gee so dikwels nie graag nie, veral nie ons kosbare TYD nie.

Mag God jou gebruik om jou huis, jou omgewing, jou skool ’n beter plek te maak.

Oranje, mag God jou seën!”

W. L. Spies

Met ’n verkiesing kry elkeen ’n stembrief en maak ’n x langs die naam van die persoon wat jy dink die beste kandidaat is. Dus ’n keuse wat jy uitoefen en dan dra jy die verantwoordelikheid van jou keuse.

DATE	NAME	REMARKS
11/04/2007	Carin van Gabel (Gifberg)	Wiskunde idee
11/04/2007	Sally Jones	Rare spysaak
11/04/07	Dakota van der Merwe	Stroop
11/04/07	Anna Malan	Proeg!
11/04/07	Manette de Klerk	Rare donuts!
11/04/07	Steen Odendaal	Uitsaamers byles
11/04/07	Manita Louw	Rare Moon
11/04/07	Adriaan van der Merwe	Lees boek!
11/04/07	Michael Melrose	Heerlike om hier te wees. Heerlike
11/04/07	Gwen & Ema du Toit	Voorsag om dat te sien
11/04/07	Elan Schreiner	Wanderlike!
11/04/07	Theresa van der Merwe	Wanderlike!
11/04/07	Heidi de Jager + Lisa Hay	Maak styl. versagde. sw. altyd. Dankie
11/04/07	Christina du Plessis (Ruiters)	Proeg. gevaar. Verso. geluk!
11/04/07	Blida Claassen	Rare. Heerlike. om afmal. te sien
11/04/07	Elana Bant	Wit. n. byskomm.
11/04/07	Cornie Geldenhuys	n. wonderlike. geskied.
11/04/07	NINE BARNARD	TOULIESE HAND.
11/04/07	Wesley Bosch	Dit was n. wonderlike. om. Lief. 70. was.



Toe wag die fees van proe en kuier!



C. en N. MEISIESKOOLOORANJE
1907

Die Oranje Meisieskoolroos se oranje massa by die ingangshek blom uitbundig saam met die feesgangers.

12-04-2007	Cornie Geldenhuys
12-04-2007	Retha Kalk
12-04-2007	Philma Uy
12-04-2007	Mia van Rooy
12-04-07	Lucia Theron
12-04-07	Lenie Neethling
12-04-07	Linda van Rooyen
12-04-07	Derene Neethling
12-04-07	Ellen-Anne Swart
"	Elaine Coetzee
"	Doris de Waal
"	Susannie Odendaal
12-04-07	Julia Almdt
12-04-07	Transie Henning
12-04-07	Marié Roubé
2007-04-12	Rosa Delpert
2007-04-12	Melanie Ras
2007-04-12	Marié Swart
2007-04-12	Ellen van Jaarsveld

Dit vir my heerlike om saam met almal te deel.
Lekkerste plek op aarde om skool te hou!
n. Pragtige geleentheid!
in Pragtige gesellige aand! Met eer aan al die oues
n. Heerlike kuierand met ou bekende!!
Dit was n. wonderlike idee! Fantasties!
Wonderlik om dat hiervan te wees!
Wat n. voorreg!
Dankbaar om deel van Oranje te wees - veel steeds deel
n. Voorreg soos altyd in die verlede!
Heerlik om almal weer te sien!!
Mag die volgende jaar so veel saam uitgaan sonder die 10 roos
Dit was sommers weer tuis!
Heerlik om weer hier te wees en alle bekende te sien!
ORANJE bly ons eerste liefde!
Wat n. wonderlike reünie!
n. Voorreg om deel te mag wees!
Om deel van Oranje te wees, is n. GROOT voorreg!
Dit herinneringe n. jare hier opskied n. Voorreg!

Sportontbyt

14 April 2007

Oranje Reünie
vereer enkele
sportsterre:



Hilda Nienaber 1945
Hokkie



Aryna Lombard 1971
Hokkie



Pietie Coetzee 1996
Hokkie



Anli Kotzé 1997
Hokkie



Ané Serfontein 1981
Duik



Olivia Kapp 1960
Swem



Lynette Baird 1954
Netbal



Rita Oosthuizen 1954
Netbal



Anchen du Plessis 2006
Netbal

Feesdinee

14 April 2007

WAAROM WORD 'n SKOOL 100?

Omgee...omgee...omgee!
President Steyn en sy vrou gee om vir die verslane kampkinders.
Koos Groenewald, Kaapse Rebel, skenk geld vir die Groenewaldsaal.
Hennie Otto van die Volksblad stig 'n Oranjefonds en die hele land dra halfkrone
by om die oorlogswesies te red en op te voed.
Juf. Jooste pleit en sorg vir goeie verblyf vir die kosgangers.
Fanie Naudé bewillig geld in vir juf. Spies se droomsaal.
Onderwysers gee om...gee toe...gee rigting!
Die dogters neem deel en bou gees.
Die Bybel het altyd 'n ereplek!



Tanya Fourie en Twanette Koekemoer
versier die tafels met room en wit
rose, sagte sy en blink pêrelspelde



Selfs die servet weerspieël die
Oranje-gees!



Elke gas is spesiaal, daarom
'n CD van liedjies wat deur
Oranje gesing word en
die deftige servet.



Mev. Reynette Brink, oud-
onderwyser en adjunkhoof,
is die seremoniemeester.



Prof. G.F. du Toit, voorsitter
van die beheerliggaam,
verwelkom die gaste



Mej. M.L. Spies (1942-1982)
open op 90-jarige ouderdom
met skriflesing en gebed!



Mej. M. Matthee, mev. E. Hefer, mej. M.L. Spies, mev. A. Albertyn, C. Muller



Die hoofborg van die jaar se feesvieringe is: ABSA! W. Carstens, mev. A. Heymans, mej. M. Matthee, dr. E Mokotoko, mev. S. Oberholzer, mev. A. Albertyn, T. de Villiers



Prof.S.D. Snyman, oudvoorsitter van die beheerliggaam, en mev. Reynette Brink drink 'n heildronk op 100 jaar!



Die heildronk op Oranje....
Geanker in tradisie – dinamies Vooruit!
Prof. S.D. (Fanie) Snyman
(Oudvoorsitter van die beheerliggaam – namens die ouerskorps)
"n Viering van 'n honderdjarige verjaardag is 'n geleentheid van terugkyk en tegelykertyd ook vorentoe kyk. As ek terugkyk op die geskiedenis van Oranje sien ek twee lyne loop wat Oranje vir die afgelope eeu rig. Geanker in tradisie – dinamies vooruit.

"Dit is nie elke skool wat 'n honderd jaar ver kan terugkyk op 'n besondere ontstaangeskiedenis nie. Wat is besonders aan Oranje se ontstaan? Die meeste skole word gestig omdat woonbuurte dit vra. Met Oranje was dit anders. Nie elke skool kan haar ontstaan terugvoer na die visie van 'n staatsman van die kaliber van 'n pres. M.T. Steyn nie.

"Wat was die stigter van die skool, pres. M.T. Steyn, se visie vir Oranje?

• Vir pres. Steyn was goeie en deeglike opvoeding belangrik. Op 2 Augustus 1907 vra hy in 'n toespraak by die amptelike opening van Oranje: "Wat is ons doel met deze school?" Dan antwoord hy: "een school die in de breedste zin aan die moderne eisen van een goede en degelijke opvoeding zal voldoen..."

• Pres. Steyn wil met Oranje 'n skool vestig waar " waar onze kinderen hun moedertaal(Afrikaans) zullen leren spreken en liefhebben".



• Pres. Steyn voorsien 'n skool "waarin de Bijbel een ereplaats zal innemen als eeuwige gids des levens".

"Geanker in tradisie...Watter ander skool het 'n skoollied wat nog steeds in Nederlands gesing word? Dink aan die jaarlikse seremonie en ritueel rondom die voortrekkernooientjie...Het julle byvoorbeeld geweet dat die bekende pampoenrok sover terug strek as 1949? Dat die tradisie om jaarliks 'n besoek te bring aan Onze Rust, die familieplaas van die Steyn-familie, sover teruggaan as 1912? Het julle geweet dat die tradisie om nuwelinge te verwelkom saam met Grey alreeds vanaf 1974 kom, 33 jaar lank al? (Jammer vir die dames wat voor 1974 in graad 8 was!)

"n Skool wat so geanker is in tradisie het 'n merkwaardige leuse: Vooruit. Dit is 'n dinamiese leuse, dit sê iets van 'n waagmoedige onbevreesdheid vir die toekoms. Soos julle weet, word hierdie leuse simbolies en visueel uitgebeeld met die drie eendjies op die skoolwapen, want almal weet 'n eend kan mos nie agteruit loop nie.

"Met hierdie visie moet ons vooruit. Oranje kan, want om vooruit te kyk en vooruit te leef, sit in die gene van die skool. Dit is ingeverf in die pleister teen die mure. Dit is deel van die gees en die atmosfeer van die skool sedert die eerste jare van sy ontstaan.

• In 1916 moet die vierde hoof van Oranje aangestel word. Die keuse val op 'n oudleerling en dogter van die stigter van die skool, ene mej. Gladys Steyn. Wat maak haar aanstelling tipies



van 'n vooruit denke en atmosfeer? Die feit dat sy 25 jaar oud was. Om in 1916 'n vrou van 25 jaar oud aan te stel as hoof van Oranje, 'n skool wat toe alreeds 'n reputasie van voortreflikheid het, is uitsonderlik – dit is vooruit.

• In 1919 was ene juf. Chrissie Steyn 'n personeellid by die skool. Sy het geskiedenis gegee. Wat maak die geskiedenisjuffrou tipies van 'n vooit denke en atmosfeer? Sy was die eerste vrou in Bloemfontein wat 'n vliegtuig besit het en naweke in die lug met haar vliegtuig rondgerits het. Om in 1917 'n geskiedenisonderwyseres te wees met 'n vliegtuig waarin jy naweke rondvlieg, is uitsonderlik – dit is vooruit.

• In 1967, lank voor kruis kulturele kontak belangrik was, was dit Oranje wat 'n Sothokonsert aanpak en opvoer – volledig in Sotho. Dit is vooruit.

• In 1968 was daar naby die koshuis 'n padteken met die woorde "Ry versigtig". Dit is 'n padteken wat om verstaanbare redes daar staan gemaak is. Kinders loop daar rond en motoriste moet versigtig ry. Een vindingryke en kreatiewe inwoner van die koshuis het in 'n oomblik van vooruit denke die letter "V" voor die

die "R" van "ry" met "Shu-shine" gaan inverf. En die "Ry versigtig" word "Vry versigtig".


"Vooruit denke is iets wat Oranje nie mag verloor nie. Voortdurend kom daar nuwe uitdagings, daar is nuwe behoeftes. Nuwe uitdagings en nuwe behoeftes het nuwe planne nodig wat kreatiewe denke verg. Die waagmoed om nuut te dink en nuut te doen. In plaas van reaktief moet ons eerder proaktief wees. Ons vooruit denke moet vooruitgang spel. Ons moet met vooruit denke vooruit kom, voor die ander skole uit, sodat Oranje vooruit kan loop en die pas kan aangee.

"Hierdie verbintenis tussen die tradisie en die vooruit denke van vandag en môre verwoord Reza de Wet, Hertzogpryswenner en 'n matrikulant van 1969, aangryp. Sy sê van Oranje: "Jy het aan my drome vorm gegee, aan my hoop gestalte. Die lente van my lewe het ek aan jou gegee en jy skenk aan my die somer met haar vrugbare rypheid".

"Oranje Meisieskool – 'n honderd jaar – opgesom in vyf woorde: Geanker in tradisie – dinamies vooruit!"



Oranje Reünie vereer oud-Oranjes tydens die feesdinee!



Prof. Gert Lamprecht en sy vrou, Marieta, het die beeldmateriaal van Oranje saamgevat in 'n DVD nadat al die argiefmateriaal deurgewerk en gefotografeer is. Vir 15 maande lank het hulle elke skoolfunksie bygewoon en deur die lens van die kamera die gees van Oranje vasgelê. Elke stukkie van Oranje se geskiedenis is bevestig, die hartklop van Oranje is soos in 'n goue halssnoer kunstig ingeryg.



eeufeesdankdiens 15 April 2007

Oranje glo die Here het aan pres. M.T. Steyn die visie gegee om die skool te stig. Die skool moes aan die beginjare die godsdienstvryheid van die dogters bevestig, aangesien die Engelse bewindhebbers Godsdiensoonderrig uit die skole verban het. Dit het nie net 'n visie gebly nie, want Oranje is vir 100 jaar deur dieselfde Here beskerm en geseën.

Uit dankbaarheid vir dié groot genade sluit ons die Reünienaweek se verrigtinge met 'n dankdiens in die Klipkerk af. Prof. Piet Strauss, koshuisvader van Joostehuis, oudvoorsitter van die beheerliggaam en ouer van die skool, is die prediker. Hy beklemtoon Oranje se seëninge:

"Here, U is my lewe, U sorg vir my.
Wat ek ontvang het, kom alles van U af.
'n Pragtige deel is vir my afgemeet,
ja, wat ek ontvang het, is vir my mooi.
Ek sal die Here loof wat my
tot die regte insig gebring het;
U leer my hoe om te lewe.
By U is daar oorvloedige blydskap.
Uit u hand kom net wat mooi is." Psalm 16

In aanloop tot die eeufees is 100 Bybels in elke amptelike taal aangekoop - dis deur leerders en oudleerders betaal. Daar is ook Braille-Bybels en die Bybel op band aangekoop. Na afloop van die dankdiens word die Bybels aan lesers in elke taal uitgedeel.

Deur hierdie skenking eer Oranje die almagtige God en Kindervriend

- wat dogters oor 100 jaar vasgehou en gelei het.
- wat onderwysers die krag gee om voor te loop.
- wat Oranje op hoë plekke veilig laat loop!





Oranje voel uniek en spesiaal om 'n eeu oud te wees. Twee ander skole voel ook so en daarom besoek ons Gimnasium en Viljoenskroon:

Die reuse verjaardagkoek word deur die Potchefstroom Gimnasium en Oranje gedeel.

Mej. M. Matthee, Charl Nel, Joanie Liversage, Wilmarie Böning, Anmari Reynders en mnr. Jopie Breed (skoolhoof)

’n Blitzbesoek aan die Hoërskool Salomon Senekal op Viljoenskroon

Ons verras die leiers met ’n Oranje-roos, snoepgoed en ’n hele gros Champion Wilsonstoffsies aan die hoof!



Oranje se koor vier die eeu groot toe hulle Nataniël vir die jaarkonsert nooi. Hy tree op met ’n handvol sketse, nuwe musiek en ’n hele versameling uitrustings. Charl du Plessis is die begeleier wat drie liedere vir die geleentheid verwerk. Charl se twee susters, Elmarie (Hoofmeisie 1983) en Lana (1985) matrikuleer aan Oranje. Die verwerkings sing Nataniël saam met die skoolkoor. Tonia Selly (Stem en perkussie) deel die verhoog.



Mariehetta Matthee, Charl du Plessis, Tonia Selly, Nataniël, Christa Strydom



Gr. 9 koorlede saam met Nataniël

“Dit voel asof ons nou al vir ’n honderd jaar lank fees vier... Ons ken ALLES i.v.m. die woord EEUFES. Ja, dit was spesiaal en wanneer ons uit die skool is, is dit verseker iets wat ons saam met ons sal dra. Tannie Mossie se verhale en die 1c-stuk. Die 100-formasie op die hokkieveld. Die eendjiekoekies en die DUISENDE opgewonde en giggelende oud-Oranjes. Die trots om deel te wees van Oranje en om nie net te hoor van 100 jaar terug se geskiedenis nie, maar om deel te wees van die geskiedenis wat oor ’n honderd jaar vertel sal word.”

Suzette Brynard – Vooruitredaktrise, 2007



Die wentas van die 9B's en die span wat die werk gedoen het!



Carna v Wyk, Emme-Lancia Faro, Lizaan Mulder, Fianca Barnard, Lize Bosman, Elbé du Toit

Adéle Dempers (Greyling 1983) beleef die Eeufees as oudleerling, maar ook deur die oë van haar kinders:

“Jana, wat vanjaar in gr. 1 is, het reeds vroeg in die eerste kwartaal huis toe gekom met die vraag: ‘Mamma, wat beteken eeufees? Ons oefen vir die eeufees. Ek is in die groot nul en ‘n helikopter gaan ons kom afneem.’ Dit was die eerste van baie kere wat ek van die groot nul en die helikopter sou hoor. Sy was gefassineer. Later het sy begin wys hoe mens’daai lied skree en so op en af buk’ – dis nou die kreet. Christi, 5 jaar oud en in Oranje Preprimêr, was maar bek-af oor sy net van die pret gehoor het. Maar snaaks, op die dag van die groot nul, was die kanonskote so indrukwekkend en die ballonne vir Jana so mooi, dat sy van die helikopter vergeet het.

“Jana het ook dikwels grootoog kom vertel van die tannie wat kom vertel het van die outyd en die ossewa, Later het ek afgelei dis seker juf. Abié toe sy die dag met die mossiegeldjie huis toe kom. Dankie, juf. Abié, dit het iets in my kind wakker gemaak.

“Die Vrydag het ek die eerste keer deel van die fees geword by die Vrouemonument. Wat ‘n atmosfeer van opwindning en geluk het nie geheers nie. En die kranse – so mooi. Ek was beïndruk toe juf Matthee in haar toespraak vir die gr. 1’s vra in watter taal hulle leer, of hulle Bybel lees en bid en of hulle Nkosi Sikele’iAfrika ken en sê dan kry hulle mos Bybelgegronde volkseie onderrig. Dit het my hoop vir die toekoms gegee en mag dit die grondslag wees vir die Oranje van die volgende eeu.

“Toe ek die middag by die Preprimêr kom, storm Christi opgewonde op my af: ‘Mamma, ek het buite gespeel toe sien ek klomp nartjies wat in die lug dryf, maar dis toe die ballonne van Jana-hulle wat oor ons waai. En ek het ‘n mooi boksie gekry. Daar’s ‘n sappie en eendjie-koekies en ‘n presentjie van Absa in!’ So, Absa, dankie vir die ruim borgskap. My 5-jarige ken jul logo goed genoeg om dit op die interessante opvouglasie te herken.

“By ons klasreünie die Vrydagaand het ons gegiggel oor foto’s van ons pampoerokke, Joosteboot en die sierwaens wat deel was van Oranje se 75ste verjaardag waarvan ons ook deel was. Baie dankie, Johannie, vir al jou moeite om die 1983-matriekklas bymekaar te kry.

“Vir my was die hoogtepunt die Saterdagmiddag se dinee. So stylvol het die Fanie Naudésaal nog nooit gelyk nie. En so ‘n klomp mooi vroue bymekaar. Die mooiste was toe die ballonne losgelaat word en die volwasse vroue weer giggelende meisies word. Só moes hulle gelyk het toe hulle Oranjeniete was – 20, 30, selfs 60 jaar gelede.

“Dankie aan almal wat betrokke was by elke klein detail waaraan baie aandag gegee is. Oor die hele naweek was keurig, elegant en met sorg beplan in hoofletters geskryf. Dit moes baie van almal betrokke by die reëlins geverg het. Dit was regtig vir my, Jana en Christi heerlik en ‘n voorreg om deel van die eeufeesviering te wees.

“Mag Oranje van krag tot krag gaan in haar nuwe eeu!”



Adéle, Jana en Christi



15 September Toneelfees Reza de Wet

As deel van die Eeufees inisieer mev. Retha Pool, dramaonderwyseres, die Reza de Wet Toneelfees. Reza matrikuleer in 1969. Sy debuteer as dramaturg en haar Vrystaat- trilogie verower die Hertzogprys.

Die eerste fees word in die Sterrewagteater gehou. Verskeie skole oor die land heen is genooi om aan die fees te kom deelneem. Oranje se produksie (h)art word opgevoer, asook ‘n woordkunsprogram van ‘n matriekgroep. Vir die laaste aand skryf Saartjie Botha ‘n stuk – Weer - vir drie oud-Oranjes – Hillétje Möller, Lulu Botha en Martelize Kolver. Sy skryf ‘n skets vir Heléne Lombard. Die eenbedryf: Rokke wat sy vir Oranje geskryf het, word ook opgevoer. Die aand word afgesluit met Heidi Edeling se sang.

Saartjie Botha skryf vir die drie ‘n stuk genaamd: Weer

Lulu Botha
Carwatch

Martelize Kolver
Omroeper en akteur

Hillétje Möller
Skerpsin



Rokke - vir die fees geskryf deur Saartjie Botha
Figurante: Esté Nell, Bernadine Rust
Akteurs: Stephané Pretorius, Alri van Schalkwyk



(h)art



Na afloop van die Reza de Wettoneelfees word die eeufeesjaar afgesluit in die Rachel Steynsaal. Daar is tien tafels met tien kerse elk wat die tien dekades van Oranje simboliseer. Christa Strydom en Mariehetta Matthee kan ‘n glasie klink op ‘n jaar van werk en speel en oud-Oranjes saamsnoer! Bettas Brümmer glimlag breed, want ons kon die swaarkry met lekkerkry klaarkry.



Ons sluit die jaar af met die kerse wat simbolies vir letterlik elke jaar van die afgelope eeu brand. Tyd se afbakening word nie aangekondig nie – dis ons menslike bedrywighede wat die verskillende tydperke bepaal. Daarom is dit met die terugkyk dat ons sien hoe opgestapelde jare sekere periodes afbaken. Jy kyk na die stapeltjies in Oranje se eeu en jy is dankbaar vir die rigtinggewende invloed wat elkeen gehad het. Ons blus hierdie kerse uit dankbaarheid vir die wonderlike geleenthede en suksesse van elke rolspeleer in die afgelope eeu.



Retha Pool - Onderwysers



Lizelle Pieterse - Beheerliggame



Heidi Edeling - Musiek en sang



Saartjie Botha - Woordkuns



Marié Swart - Ouerkorps



Heleen Lombard - Preprimêre Skool



“Die Here het my krag gegee en my betroubaar geag om in sy diens te staan.” 1 Timoteus 1:12. So kan Mariehetta en Christa die jaar se werksaamhede rondom die eeufees afsluit.



Hillétje Moller, Lulu Botha, Martelize Kolwer. Mag oudleerders op elke vlak presteer en vooruitgang beleef!



Adrie Albertyn - Primêre Skool



Wilmarie Böning - Sekondêre Skool

Oranje is te groot dat ek’n merk op haar kan laat, daarom laat ek toe dat sy haar merk op my afdruk *Anneri Ebersohn*



Ons skep die geleentheid vir die nuwe geslag Oranjeniete om hoër te reik en verder te presteer, want hier staan elke nuweling op die skouers van reuse!



Mev. Adèle Dampers
(née Greyling)
Leerling: Oranje 1979 - 1983
Onderwyseres 1991 – 1993
Talversorging



Mej. Abie Abrahams
Onderwyseres Oranje 1965 - 1980
Gesiedenis



Dr. WF Buys
Lid/Voorsitter: Beheerliggaam Preprimêre
Skool 2006 –
Gesiedenis



Gerhardus Bosch
Onderwyser Oranje 2006 -
Fotograaf



JHJ Greyvenstein
Voorsitter: Beheerliggaam
Primêre Skool 2006 – 2009
Oorsigtelik



Mej. Lucia Theron
Leerling: Oranje 1971 - 1982
Onderwyseres by Oranje 1987
Adjunkhoof 2009
Taalversorging



Mev. Marina van Wyk
(née Van der Merwe)
Leerling: Oranje 1951 – 1962
Oranje Reünie 1984 –
Gesiedenis



Mev. Christa Strydom
(née Human)
Leerling: Oranje 1960 - 1964
Voorsitter: Oranje Reünie 1995 –
Gesiedenis



Mej. Mariehette Matthee
Onderwyser: 1986 – 1992
Skoolhoof: 1993 -
Samesteller

“Die Here het my krag gegee
en my betroubaar geag om in
sy diens te staan.” 1 Tim 1:2
Om Oranje só te dien! Ek is
bankbaar vir die voorreg.

Ontwerp en Bladuitleg - Melissa Lingenfelder
Xposure Advertising Agency - 051 448 9231

Medewerkers aan die
MEETSNOERE

BRONNE

ONGEPUBLISEERDE BRONNE

Plakboeke : Die onderskeie skole
: Oranje Reünie

Notuleboeke

Notule van die Sinode van die N.G. Kerk in die O.V.S.

- Handeling: Sinode OVS 1916 bl. 38
- Handeling: Sinode OVS 1919 bl. 135
- Handeling: Sinode OVS 1934 bl. 154
- Handeling: Sinode OVS 1952 bl. 51

Ongepubliseerde D Litt-verhandeling, Unisa Junie 1994

- Truter, E.J.J., Tibbie.....
- Van Schoor, M.C.E., Marthinus Theunis Steyn – regsman,
Staatsman en volksman (Pretoria 2009)

Notule Skoolkommissie en Beheerliggaamvergaderings
Personeelvergaderings

Skoolhoofde: Jaarverslae

LETTERKUNDIGE BRONNE

- Brink, A.P., Groot Verseboek, (Kaapstad 2000)
- Haasbroek, H., Stem en Legende (Pretoria 2005)
- Truter, E.J.J., Tibbie (Kaapstad 1997)
- Matthee, D., Kringe in 'n Bos (Kaapstad 1984)

LITERATUUR

Gepubliseerde werke en ongepubliseerde verhandelinge en
proefskrifte

- Badenhorst, Lala, Dienskneg, (Silverton 1981)
- “Het Volksblad”-Drukkerij, President M.T. Steyn
(Bloemfontein)
- Kruger, Nellie, Rachel Isabella Steyn Presidentsvrou
(Kaapstad 1949)
- Oberholster, J.J. en van Schoor, M.C.E., Pres. Steyn aan die
woord (Bloemfontein 1953)
- Rossouw, A.E. en Spies, M.L., Ons onthou 74 jaar 1907-
1981 (Bloemfontein 1981)
- Smit, Kobus, Laura Rautenbach (Maitland 1986)
- Truter, E.J.J., Rachel Isabella Steyn 1905-1955

TYDSKRIFTE EN ARTIKELS

- Anon. St. Andrews School, Die Vriend des Volks, Augustus 1907
- Anon. Oranje Meisieskool se Jaarblaaie 1920-2007,
Bloemfontein 1920 – 2007
- Finesse, September 2000 bl. 26
- Huisgenoot 2000:10:26 bl. 183
- The Friend 1982:04:30
- The Graaff-Reinet Advertiser, 28 Mei 1992:6
- Marais, A.H., Die kroon van die volkshoof, Handhaaf,
Jaargang 13, nr. 7 Johannesburg: FAK Maart 1976
- Navorsing van die Nasionale Museum, Bloemfontein,
Volume 8, Deel 5 – J. Haasbroek
- Rooi Rose 4 Febr. 1987:28-29
- Rooi Rose 8 Mei 1991:18-20
- Suid-Afrikaanse Panorama, Maart 1968 bl.30-33
- Sunday Times: Metro 7 Julie 1991:13
- Vroue insig Junie 1991:7-9
- Voorligter, Swart, M.,

Jaarblaaie 1918 - 2007

HISTORIESE MANUSKRIPTE

A ONGEPUBLISEERD briewe

- Deed of Trust, no. 15, 656, Augustus 1906

B DAGBOEKE

- C.M. Jooste
- A.E. Rossouw
- M.L. Spies
- H.A. van Ryneveld
- C. Muller

C PLAKBOEKE

- Hoërskool
- Laerskool
- Preprimêreskool

Foto's
Volksblad
Skool se argief
Gerhardus Bosch



Psalm 16:6

*Die meetsnoere het vir
my in lieflike plekke geval,
ja, my erfenis is vir my mooi.*

1907-2007

